

Joan Hambidge se idiolek oor die grense van genres: 'n korpuslinguistiese ondersoek

M Nel
20728395

Verhandeling voorgelê ter nakoming vir die graad *Magister
Artium* in Afrikaans en Nederlands aan die
Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Dr JAK Olivier

Medestudieleier: Prof PL van Schalkwyk

Mei 2014

Bedankings

Dankie aan my studieleier, Dr. J.A.K. Olivier, wat altyd sonder skroom bereid was om my te help en leiding te gee. Sonder hom sou hierdie verhandeling nie moontlik gewees het nie.

Prof. Phil van Schalkwyk, by wie ek nooit gedurende die hele studie 'n enkele afspraak geskeduleer het nie, maar net altyd by sy kantoor ingeval het wanneer die letterkunde bietjie duister geword het! Dankie Prof.

Elske de Wet, Salmon Becker, Anneri van Zyl en Eileen Matthews wat koffies, bederfies en veral motivering aangedra het. Dankie julle. 'n Spesiale woord van dank aan Caro van Aardt, wat met my moes saamleef, "dankie maat!"

Joan Hambidge, wat toestemming daartoe verleen het dat ek haar as ondersoeksubjek gebruik, en wie ook die elektroniese tekste verskaf het wat in die korpus gebruik is.

Dankie aan die teksredakteur, Cecile van Zyl, vir die teksredigering.

Dankie aan Tom MacLachlan (Taalkommissie) wat toestemming verleen het dat ek van hulle korpus gebruik maak.

Aan my ouers vir die motivering en bystand gedurende die verloop van my studies, dankie, ek waardeer dit ongelooflik baie.

Spesiale groot dankie aan Vonette Smit, saam met wie daar eindelose ure om ge-akademie is (totdat ons so effe akademie-dronk gevoel het, en daar gepraat is oor hoe die letters van die alfabet moontlik sou smaak). Wat my met "tweebuffelsmeteenskootfontein" gedreig het elke keer as ek nie meer lus was om te werk nie. Maar veral vir die feit dat sy 'n vriendin was wanneer ek moeilik en moeg was, en altyd bereid is om te help, al is dit om 'n artikel te gaan soek. Dankie Von!

Laastens, dankie aan God die Vader, wat my die vermoë gegee het om die studie te voltooi.

Opsomming

'n Idiolek verwys na die unieke taalgebruik van 'n individu. Dus kan 'n outeur van 'n teks deur die ondersoek na taalgebruik geïdentifiseer word. Dié studie fokus op die ondersoek na die herkenbare idiolek van Joan Hambidge oor die grense van genres. Die verwagting is dat Hambidge oor 'n unieke en herkenbare idiolek sal beskik, ongeag die genre waarin sy skryf. Deur die gebruik van forensiese linguistiese beginsels, metodes en toepassings is dit duidelik dat dit wel moontlik is om die idiolek van 'n individu te bepaal. Alhoewel die forensiese beginsels meer daarop fokus om 'n outeur te identifiseer, kan die metodologie verbonde aan die navorsingsveld toegepas word om deur 'n korpuslinguistiese ondersoek te bepaal hoe duidelik 'n individu se idiolek oor die grense van genres figureer.

Deur ondersoek in te stel na die ondersoeksubjek, haar oeuvre uiteen te sit, 'n letterkundige agtergrond te skep, sowel as om die letterkundige benaderings wat Hambidge in haar onderskeie genres gebruik, en waaroor sy self ook skryf, is die nodige letterkundige agtergrond geskep, wat bydra tot die geheelbeeld van Hambidge, en wat haar beïnvloed. Deur die agtergrond te skep is dit moontlik om te bepaal welke eksterne faktore 'n invloed op Hambidge se idiolek kan hê.

Taalkundig is ondersoek ingestel na die oorsprong en agtergrond rakende sosiolinguistiek en faktore wat 'n invloed op die idiolek van 'n individu kan uitoefen. Die agtergrond rakende forensiese linguistiek is weergegee, sowel as die verskillende korpuslinguistiese metodes wat in so 'n studie gebruik kan word.

Nadat die agtergrond geskep is, is die empiriese analise uitgevoer, waar daar deur middel van inter- en intrakorpuslinguistiese ondersoeke beide stilistiese en stilometriese analyses uitgevoer word waardeur die idiolek van Hambidge geïdentifiseer word.

Ten einde die idiolek van Hambidge te kan identifiseer, word gebruik gemaak van die Taalkommissiekorpus, wat as verwysingskorpus dien, om te bepaal of idiosinkratiese kenmerke wat vanuit die Hambidge-korpus verkry word, wel uniek aan haar idiolek is, en of dit ook in die Taalkommissiekorpus voorkom.

Die toepassing en uitvoering van die metodes maak dit moontlik om te bepaal tot welke mate, indien enigsins, Hambidge oor 'n unieke idiolek beskik, en hoe hierdie idiolek oor die grense van genres figureer. Vanuit die navorsing is bepaal dat Joan Hambidge oor 'n unieke idiolek beskik, en dat die idiolek veral sigbaar is wanneer na haar korpus as 'n geheel ondersoek ingestel word. Wanneer Hambidge se afsonderlike genres egter met mekaar vergelyk word, is dit duidelik dat genre 'n invloed op die idiolek het, maar ook dat Hambidge nie die voorgestelde genre konvensies volg nie. Alhoewel die twee romans wat vergelyk is nie soos verwag met mekaar ooreengestem het nie, stem van die ander, verskillende genres met mekaar ooreen. Verskeie kategorieë is geïdentifiseer, waaruit dit duidelik blyk dat kenmerkende eienskappe in Hambidge se korpus teenwoordig is. Daar kan dus sonder twyfel gestel word dat Hambidge oor 'n sterk idiolek, oor die grense van genres, beskik.

Abstract

Idiolect refers to an individual's unique use of language. Therefore, the author of a text can be identified by his/her use of language. This study is focused on Joan Hambidge's recognisable idiolect across the boundaries of genres. It is expected that Hambidge will have a unique and recognisable idiolect, regardless of the genre she writes in. By making use of forensic linguistic principles, methods and applications, it has been shown that it is possible to determine an individual's idiolect. Even though forensic principles are specifically focused on identifying an author, the methodology used in the research field can be applied to a corpus linguistic study to determine how clearly an individual's idiolect features across the boundaries of genres.

By researching the research subject, explaining her oeuvre, creating a literary background, as well as discussing the literary approaches that Hambidge uses in her respective genres, and what she writes about, the necessary literary background was created, which contributes to the complete image of Hambidge and her influences. By creating this background, it is possible to determine which external factors have an influence on Hambidge's idiolect.

Linguistic research was done to determine the origin and background of sociolinguistics; as well as factors that can influence an individual's idiolect. The background of forensic linguistics was provided, as well as the various corpus linguistic methods that can be used in a study such as this one.

After the background was provided, the empirical analysis was executed, in which both stylistic and stylometric analyses were performed by making use of inter- and intra-corpus linguistic research, according to which Hambidge's idiolect was identified.

To identify Hambidge's idiolect, the Taalkommissie corpus was used as a reference corpus to determine whether the idiosyncratic characteristics that were found in the Hambidge corpus truly are a unique feature or whether they can also be found in the Taalkommissie corpus.

The application and execution of the methods made it possible to determine to which extent, if at all, Hambidge has a unique idiolect, and how this idiolect features across the boundaries of genres. The research has determined that Joan Hambidge has a

unique idiolect and that the idiolect is especially clear when research is done about her corpus in its entirety. When Hambidge's separate genres were compared to each other, it was clear that genre influences idiolect, but also that Hambidge did not follow the prescribed genre conventions. Even though the two novels that were compared, did not match as was expected, the other, various genres did agree. Various categories were identified, from which it is clear that distinguishing characteristics can be found in Hambidge's corpus. It can therefore be said without a doubt that Hambidge has a unique idiolect across the boundaries of genres.

Sleutelwoorde

Idiolek, individuele taal, korpuslinguistiek, outeurskapidentifikasie, taaluniekheid, taalidentiteit, dialektologie, taalregister, Joan Hambidge

Keywords

Idiolect, individual language, corpus linguistics, authorship identification, language uniqueness, language identity, dialectology, register, Joan Hambidge

Translation of title

Joan Hambidge's idiolect across the borders of genres: a corpus linguistic study

Inhoudsopgawe

Bedankings	i
Opsomming	ii
Abstract	iv
Sleutelwoorde	vi
Keywords	vi
Translation of title	vi

Hoofstuk 1: Inleiding en kontekstualisering

1.1 Kontekstualisering en probleemstelling	1
1.2 Navorsingsvraag	2
1.3 Navorsingdoelstellings	2
1.4 Navorsingsmetode	3
1.5 Navorsingshipotese	4

Hoofstuk 2: Joan Hambidge as ondersoeksubjek

2.1 Inleiding	5
2.2 Biografiese inligting oor Joan Hambidge	6
2.3 Oeuvre	8
2.4 Publikasies en toekennings	19
2.5 Hambidge as ondersoeksubjek	21
2.6 Literêre benaderings tot idiolekte	24
2.6.1 Letterkundige agtergrond en konteks	24
2.7 Hambidge en letterkunde	28

2.7.1 Postmodernisme.....	29
2.7.2 Psigoanalise	32
2.7.3 Feminisme	34
2.7.3.1 Agtergrond.....	34
2.7.3.2 Die drie fases van feminisme.....	35
2.7.3.3 Feminisme in Suid-Afrika.....	37
2.7.3.4 Feminisme en taal	39
2.7.4 Queer-teorie	42
2.7.5 Poëtika.....	45
2.8 Hoofstuksamevatting	47
 Hoofstuk 3: Agtergrond en kontekstualisering	
3.1 Inleiding.....	48
3.2 Konseptualisering	48
3.3 Linguistiese raamwerk.....	52
3.3.1 Ferdinand de Saussure	54
3.3.2 Noam Chomsky	58
3.3.3 William Labov	57
3.3.4 MAK Halliday	56
3.3.5 Ronald Langacker	58
3.3.6 Leonard Bloomfield.....	55
3.4 Taalvariasie.....	59
3.4.1 Variasietaalkunde	60

3.4.3 Sosiolinguietiek	62
3.4.3.1 Sosiale veranderlikes.....	64
3.4.3.2 Gender as veranderlike	64
3.4.3.3 Homoseksualiteit	65
3.4.3.4 Ouderdom as veranderlike	66
3.4.3.5 Etniese veranderlikes	66
3.4.4 Sosiolinguietiek en kommunikasie	67
3.4.5 Dialektologie	70
3.5 Genre en identiteit	71
3.5.1 Genre.....	72
3.5.2 Identiteit	76
3.6 Idiolek	78
3.7 Hoofstuksamevatting	81
Hoofstuk 4: Bepaling van 'n idiolek: outeurskapidentifikasie en korpuslinguietiek	
4.1 Inleiding.....	83
4.2 Outeurskapidentifikasie	83
4.2.1. Forensiese linguistiek	84
4.2.2 Teoretiese begroning van outeurskapidentifikasie.....	86
4.3 Korpuslinguietiek	92
4.3.1 Korpuslinguietiek en taal.....	93
4.3.2 Korpuslinguietiek en sosiolinguietiek.....	95

4.3.3 Metodologie van korpuslinguistiek.....	97
4.3.4 Statistiese konsepte.....	110
4.4 Hoofstuksamevatting.....	115

Hoofstuk 5: Empiriese ondersoek

5.1 Inleiding.....	117
5.2 Dataversameling en uiteensetting van korpora.....	117
5.3 Interkorpusondersoek.....	125
5.3.1 Dataverwerking.....	125
5.3.2 Eksterne vergelykings.....	127
5.3.2.1 Voornaamwoorde.....	129
5.3.2.3 Konjunksiemerkers.....	138
5.3.2.4 Interkorpusondersoek: Voorlopige bevindinge.....	142
5.3.2.5. Interkorpusondersoek: samevatting.....	143
5.4 Flesch-Kincaid-leesbaarheidstoetse.....	146
5.4.1 Leesbaarheidstoetsing van die gespesialiseerde en verwysingskorpus.....	146
5.4.2 Samevatting: <i>Flesch-Kincaid leesbaarheidstoets</i>	150
5.5 Interne stilometriese vergelykings.....	151
5.5.1 Toepassing.....	152
5.5.1.1 Ratio.....	152
5.5.1.2 Gepaarde t-toetse.....	161
5.5.1.3 Samevatting: Interne stilometriese vergelykings.....	163
5.6 Intrakorpusondersoek.....	163

5.6.1 Dataverwerking.....	163
5.6.2 Sleutelwaardebepalings.....	164
5.6.3 Lemma-ondersoek.....	166
5.7 Stilistiese ondersoek.....	172
5.7.1 Agtergrond.....	173
5.7.2 Ontleding	173
5.7.2.1 Eponieme	173
5.7.2.2 Kodewisseling.....	178
5.7.2.3 Parentese	188
5.7.2.4 Punktuasie	190
5.7.2.5 Samestellings	192
5.7.2.6 Verheffing	193
5.7.2.7 Weglatings.....	193
5.7.2.8 Wisselvorme	194
5.7.2.9 Samevatting: stilistiese ondersoek	195
5.8 Idiolektiese kenmerke vanuit die letterkundige benadering.....	196
5.9 Hoofstuksamevatting	202
 Hoofstuk 6: Samevatting en slot	
6.1 Inleiding.....	205
6.2 Samevatting	205
6.3 Gevolgtrekking	207
6.4 Aanbevelings en moontlike verdere navorsing	213

6.5 Slot	214
Addendum A: Voornaamwoorden	235
Addendum B: Konjunctiemerkers	236
Addendum C: Voorzetsels	237
Addendum D: Lemma-ontleding	238

Lys van tabelle

Tabel 2.1 Publikasies deur Joan Hambidge (soos saamgestel vanaf LitNet, Versindaba en Perspektief en Profiel)	19
Tabel 4.1 Forensiese linguistiek en taalkundige benaderings Geneem vanuit Chaski (2010:187)	91
Tabel 5.2 Voorstelling van die onderskeie korpus uiteensetting	120
Tabel 5.3 Voorstelling van die vergelykbare korpora	121
Tabel 5.4 Voornaamwoorde (saamgestel vanuit AWS, 2009; Carstens, 2006; Carstens & Van De Poel, 2011; Taljaard, 2002; Taljaard & Smit, 1982; Van Schoor).....	122
Tabel 5.5 Voorsetsels (saamgestel uit AWS, 2009; Carstens, 2006; Carstens & Van De Poel, 2011; Taljaard, 2002; Taljaard & Smit, 1982; Van Schoor)....	123
Tabel 5.6 Konjunksiemerkers (geneem vanuit Carstens & Van de Poel, 2010)	124
Tabel 5.7 Voornaamwoorde: voorstelling van voornaamwoorde waar daar nie 'n praktiese beduidende verskil voorkom nie	130
Tabel 5.8 Eksterne voornaamwoord ondersoek	131
Tabel 5.9 Gepaarde t-toetse: voornaamwoorde	133
Tabel 5.10 Voornaamwoorde: voorstelling van voorsetsels waar daar nie 'n praktiese beduidende verskil voorkom nie	135
Tabel 5.11 Eksterne voorsetsels ondersoek.....	136
Tabel 5.12 Gepaarde t-toetse: voorsetsels.....	138
Tabel 5.13 Voornaamwoorde: Voorstelling van konjunksiemerkers waar daar nie 'n praktiese beduidende verskil voorkom nie	139
Tabel 5.14 Eksterne konjunksiemerkers ondersoek	140
Tabel 5.15 Gepaarde t-toetse: konjunksiemerkers	142

Tabel 5.16 Voornaamwoorde prakties beduidendheid persentasies	144
Tabel 5.17 Voorsetsels prakties beduidendheid	145
Tabel 5.18 konjunksiemerkers, prakties beduidende persentasies	145
Tabel 5.19 Leesbaarheidstoetse vergelyking	147
Tabel 5.20 Eie voorstelling van die verskil in leesbaarheid tussen TK- en Hambidge-korpus	147
Tabel 5.21 Eie voorstelling van die verskil in gemiddelde graadvlak tussen TK- en Hambidge-korpus	148
Tabel 5.22 Eie voorstelling van die verskil in karakters per woord tussen TK- en Hambidge-korpus	148
Tabel 5.23 Eie voorstelling van die verskil in sillabes per sin tussen TK- en Hambidge-korpus	149
Tabel 5.24 Eie voorstelling van die verskil in woorde per sin tussen TK- en Hambidge-korpus	149
Tabel 5.25 Interne voornaamwoord ondersoek	153
Tabel 5.26 Interne voorsetsels ondersoek.....	155
Tabel 5.27 Gepaarde t-toetse: voornaamwoorde	161
Tabel 5.28 Gepaarde t-toetse: voorsetsels.....	161
Tabel 5.29 Gepaarde t-toetse: konjunksiemerkers	162
Tabel 5.30 Voorstelling van sleutelwaarde in genres	163
Tabel 5.31 Mees frekwente woorde in elke genre	165
Tabel 5.32 Voorstelling van ooreenstemmende woorde in die genres	165
Tabel 5.33 Frekwente woorde in Hambidge se korpus.....	169

Lys van figure

Figuur 1: Eie voorstelling van die verdeling van die psige se sub sisteme deur Freud (teks geneem uit Van der Merwe et al. 1998:173).....	32
Figuur 2 Vertakking van variasietaalkunde Geneem vanuit Du Plessis (1995:19).....	60
Figuur 3 Jakobson se kommunikasiemodel (Smuts, 1998:11)	68
Figuur 4 Voorstelling van Antconc se frekwensievoorkoms.....	106
Figuur 5 Voorstelling van Antconc se konkordansie	106
Figuur 6 Voorstelling van Signature se woordelysfrekwensietoetse	115
Figuur 7 Voorstelling van die woordelyste van die grammatikale woorde	126
Figuur 8 Voorstelling van die berekening in 'n Excel-lêer om die ratio te bepaal.....	127
Figuur 9 Voorstelling van frekwensie bepaling vir TK1 – al	128
Figuur 10 Voorstelling van frekwensie bepaling vir J1 – al	128
Figuur 11 Voorstelling van ratio bepalings van J1 en TK1 – al.....	128
Figuur 13 Voorstelling van punktuasiegebruik in Hambidge se korpus (soos bepaal deur Signature)	171
Figuur 14 Voorstelling van die twee mees frekwente woorde in Hambidge se korpus (soos voorgestel deur Signature)	171

Hoofstuk 1: Inleiding en kontekstualisering

1.1 Kontekstualisering en probleemstelling

'n Idiolek verwys na die eie, unieke taalgebruik waaroor elke individu beskik (vgl. Coulthard & Johnson, 2010:509; Du Preez, 2008:18; Kraljic, Brennan & Samuel, 2007; Kuhl, 2003:4; Lancashire, 1999:727; Wu, Lee & Liang, 2009:127-128). Verder word 'n idiolek ook geassosieer met die individu se gemerkte taalgebruik en die wyse waarop die persoon sy spreektaal doelbewus gebruik. Hierdie taalgebruik is uniek aan die gebruiker en kan as 'n linguistiese taalafdruk van 'n individu beskou word (vgl. Eckert, 2008:456; Irizarry, 1992:104; Johnstone, 2000:417; Johnstone, 2011:660; Kuhl, 2003:4; Louwerse, 2004:2; Mollin, 2009:368-372; Newman, 2010:1; Olsson, 2008:29). Vir die doel van hierdie studie word die term idiolek gedefinieer as taalgebruik wat eie aan 'n bepaalde individu is. In hierdie studie word aanvaar dat binne die letterkunde die idiolek van skrywers ook in terme van poëtika ondersoek word (Van Coller & Odendaal, 2003). Vir die doel van hierdie studie sal literatuur oor die poëtika ook ondersoek word, maar dit sal nie die fokus van die studie vorm nie.

Outeurskapidentifikasie (vgl. Kotzé, 2010:185) verwys na die beginsel waarvolgens die outeur van 'n bepaalde teks geïdentifiseer kan word. Hierdie wyse van ondersoek word onder andere toegepas by teologie, letterkunde, opvoedingswetenskappe, inligtingsdienste sowel as by die forensiese linguistiek (vgl. Coulthard, 2004; Coulthard & Johnson, 2010; Lancashire, 1999; Louwerse, 2004; Olsson, 2008).

Juola (2008:6) noem ook dat outeurskapidentifikasie na enige poging om die karaktereienskappe van die skepper van 'n teks (ongegag die genre) te identifiseer, verwys. Olsson (2008:26) stel dat die unieke taalgebruik van die individu nie 'n doelbewuste handeling is nie, en dat dit 'n wetenskap is om die individu se taal te ontleed. Tog is Coulthard en Johnson (2004:431-432) van mening dat elke taalspreker oor 'n unieke, aktiewe taalprofiel met 'n woordeskat beskik wat van ander sprekers verskil. Die taalprofiel van 'n geïdentifiseerde persoon gaan in hierdie studie vanuit 'n sosiolinguistiese en korpuslinguistiese benadering ondersoek word.

Die primêre fokus van hierdie studie is om te bepaal of daar 'n herkenbare idiolek is wat geïdentifiseer kan word, soos moontlik teenwoordig in die verskillende genres van Joan

Hambidge. Deur Hambidge se eiesoortige taalgebruik te ondersoek kan daar bepaal word hoe haar idiolek oor die grense van genres figureer. Hambidge is volgens Hugo (2012) 'n gereelde boekresensent, skrywer van rubrieke oor letterkunde en films. Sy bied ook 'n MA-kursus in kreatiewe skryfwerk by die Universiteit van Kaapstad aan, het twee doktorsgrade behaal, is 'n bekende romanskrywer en digter sowel as teoretiese essay-skrywer. Hambidge is as ondersoeksubjek gekies aangesien sy in verskeie genres publiseer. Verder is dit duidelik uit resensies dat Hambidge 'n omstrede en unieke skrywer in die Afrikaanse letterkunde is (Bezuidenhout, 2006:188; Marais, 2005:149, 153) en dat daar by die skrywer 'n "idealisering van die skryfproses as manier om 'tot klaarheid [te] kom'" teenwoordig is (Van Schalkwyk, 2009:189). Juis dié uniekheid wat reeds deur letterkundiges geïdentifiseer is, sal in hierdie studie korpuslinguisties ondersoek word.

Dit is belangrik om 'n ondersoeksubjek te gebruik wat in verskeie genres publiseer, aangesien ondersoek ingestel word na die voorkoms van 'n idiolek ongeag die genre waarin daar gewerk word. Ten einde hierdie probleem wetenskaplik te ondersoek, word teorieë rondom die eienskappe van idiolek, sosiolinguistiek en taaluniekheid ondersoek. Daar sal ook na die proses van outeurskapidentifikasie (Coulthard, 2004) gekyk word, soos ook reeds al in ander letterkundige ondersoeke gebruik (Lancashire, 1999) is, om sodoende parameters vir die idiolek van Joan Hambidge te bepaal en die verskille oor genres heen te identifiseer.

1.2 Navorsingsvraag

- Wat is kenmerkend van die idiolek van Joan Hambidge en is dit sigbaar oor die grense van die genres waarin sy publiseer?

1.3 Navorsingdoelstellings

Na aanleiding van bogenoemde navorsingsvraag kan die volgende doelstelling geformuleer word:

- om deur 'n korpusondersoek te bepaal wat die onderskeie kenmerkende eienskappe van Joan Hambidge se idiolek is en om vas te stel of dit oor die grense van die genres sigbaar is.

1.4 Navorsingsmetode

Ten einde die idiolek van Joan Hambidge soos oor die grense van genres te bepaal, is dit belangrik om die verskillende standpunte rakende die sosiolinguistiek, idiolek en outeurskapidentifikasie te ondersoek. Daar sal ook gekyk word na studies wat reeds oor outeurskapidentifikasie en idiolekte gedoen is, om sodoende te bepaal op watter wyse hierdie studies (oor outeurskapidentifikasie en idiolekte) tot die suksesvolle ondersoek na die idiolek van Joan Hambidge kan bydra.

'n Ondersoek sal geloods word van die taal soos dit in die individu (ondersoeksubjek) se onderskeie genres gebruik word. Die eerste fase van die empiriese ondersoek het ten doel om te bepaal of die taalgebruik van die individu as 'n duidelike idiolek geïdentifiseer kan word en om deur middel van korpuslinguistiese metodes en instrumente te bepaal of daar enige noemenswaardige verskille tussen die taalgebruik van die individu en aanvaarde Afrikaans bestaan. Ter wille van vergelyking sal die Taalkommissiekorpus as verwysingskorpus gebruik word. Die verskillende Hambidge tekste wat deur middel van 'n korpuslinguistiese ondersoek geanaliseer word, sluit in 'n Proefskrif¹, twee romans, akademiese artikels, resensies en koerantartikels².

Aangesien die korpus uit tekste behorende tot verskillende genres bestaan, gaan die eerste stap wees om alle aanhalings (wat nie deur Hambidge self geskryf is nie) uit die tekste te verwyder, sodat die tekste as Hambidge se eie taal beskou kan word. In die proefskrif is daar byvoorbeeld verskeie gedigte wat aangehaal word, en dit kan die bevindinge beïnvloed, dus is die gedigte verwyder.

Na afloop van die voorafgaande kan die korpuslinguistiese analise aanvang neem.

Korpusanalise verwys na 'n wyse waarop data ingesamel word, en dan deur middel van korpuslinguistieksagteware, soos *AntConc* en *Wordsmith*, geanaliseer en geïnterpreteer word (vgl. Baker, 2010:5-9). Die data wat vanuit die ondersoek verkry word, word dan

¹ Hierna verwys as PhD

² Verwys na 5.2 (dataversameling en uiteensetting van korpora)

statisties verwerk sodat bevindinge daaruit gemaak kan word. Die korpus is volgens die gerieflikheidsteekproefneming ingesamel. Die metode berus daarop dat die data wat die maklikste bekombaar is in die navorsing gebruik word (vgl. Maree, 2011:177).

Soos reeds genoem, sal 'n PhD-proefskrif, twee romans, resensies en 'n reisjoernaal³ vir die korpus gebruik word. Om te bepaal of Hambidge se taalgebruik enige afwykings toon (soos aangetoon deur die standaard wat daar gestel is deur die Taalkommissiekorpus), sal die Hambidge-korpus met die Taalkommissiekorpus vergelyk word.

Dit is ook belangrik om in ag te neem dat die persoonlike styl, sowel as die styl van die taalgemeenskap en ook die teksgenre 'n invloed op die bepaalde teks se styl sal hê. Olsson (2008:45-60) maak gebruik van die taalkundige teorie van gemerktheid (op 'n morfologie, sintaktis en ook 'n leksikonvlak) om die korpuslinguistiese ondersoek te benader. Olsson (2008:45-60) gaan voort deur te stel dat daar nie van 'n algemeen geldende identifiseringsraamwerk gebruik gemaak moet word nie, maar dat taalgebruik op 'n intra- sowel as interpersoonlike wyse vergelyk moet word. Dit is tog moontlik dat die individu inhoudswoorde kan manipuleer, daarom gaan daar eerder na die grammatikale woorde (lidwoorde, hulpwerkwoorde en voornaamwoorde) gekyk word om die idiolek te bepaal.

Die data wat deur die korpusondersoek bestudeer word, sal statisties deur middel van die Chi-kwadraattoets (Jenset, 2008:5) en beskrywende statistiek met behulp van SPSS-sagteware ontleed word.

1.5 Navorsingshipotese

Vanuit die bogenoemde oorsig kan die hipotese gestel word dat daar wel 'n herkenbare idiolek by die navorsingssubjek (Joan Hambidge), oor die grense van die genres, waargeneem sal word. Hierdie idiolek sal eie aan die ondersoeksubjek wees en sal sigbaar wees, ongeag die genre waarin daar gewerk word.

³ Die reisjoernaal word in die plek van koerantartikels gebruik, aangesien die meeste koerantartikels die vorm van resensies inneem, en dus reeds by die korpus ingesluit is.

Hoofstuk 2: Joan Hambidge as ondersoeksubjek

“En ek gaan geen kompromieë aan nie.
Nie oor my resensies nie en nie oor wie ek is nie.
Ek sê nie goed om ander tevrede te stel nie.
Ek sê dinge wat ek dink reg en eerlik is.
Natuurlik is ek kwesbaar wat my werk betref.
As mens kritikus is en nog skryf ook,
stel jy jou bloot aan mense wat dink”

Hambidge (soos in Anon, 2008a)

2.1 Inleiding

In die ondersoek na die idiolek van Joan Hambidge, oor die grense van genres, is dit belangrik om die ondersoeksubjek na te vors, en genoegsame agtergrond inligting rakende die individu te bestudeer. Om 'n bepaalde idiolek te kan identifiseer, is dit nodig om genoegsame agtergrondkennis rakende die ondersoeksubjek op te bou, om sodoende te verseker dat soveel as moontlik van invloede op haar idiolek ondersoek word.

Om te begryp waarom Joan Hambidge so 'n gepaste ondersoeksubjek is, is dit belangrik om haar biografiese inligting te ondersoek en dit, tesame met haar onderskeie publikasies, binne konteks te plaas. Hierna gaan daar na haar, Hambidge, se agtergrond, oeuvre, publikasies en toekennings, sowel as die rede waarom Hambidge spesifiek as ondersoeksubjek (in die studie van die voorkoms van idiolek oor die grense van genres) gekies is, gekyk word. Verder sal daar ook na die Afrikaanse letterkundegesiedenis, sowel as literêre benaderings en teorieë ondersoek ingestel word, om sodoende Hambidge verder binne konteks te plaas en te begryp hoe en waarom sy op 'n bepaalde wyse skryf. Hierdeur sal die idiolek oor die grense van genres ten slotte makliker en meer volledig bepaal kan word.

Hierdie hoofstuk dien as 'n vertrekpunt waarin die bogenoemde aspekte kortliks bespreek gaan word. Om die studie te voltooi, is dit egter nie nodig om alle aspekte van

haar (Hambidge) se oeuvre, biografie of die benaderings wat sy (Hambidge) in haar kreatiewe werke volg, in diepte te bespreek nie.

2.2 Biografiese inligting oor Joan Hambidge

Om inligting rakende Joan Helene Hambidge (gebore 11 September 1956), die omstrede digter, kritikus, teoretikus en romanskrywer, uit te soek, is helaas nie 'n maklike taak nie. Vir die doel van hierdie studie is koerantartikels oor en deur Hambidge, resensies, akademiese artikels, artikels op *LitNet*, *Literator* en *Stilet* en ook die *Perspektief & Profiel* geraadpleeg. Hambidge praat gemaklik in onderhoude oor wat haar bekoor en ontstem, of wie en wat haar irriteer, maar wesenlik bly sy 'n baie private mens. Al die bronne (artikels oor haar geskryf en onderhoude met haar gevoer) stem egter saam oor een faset, naamlik dat Hambidge 'n komplekse ondersoeksubjek is. Dit is nie ongewoon dat sy in een onderhoud die name Clarissa Pinkola Estes, TT Cloete, Leroux en Konsalik noem nie. Sy is welbelese en gebruik die kennis om haar standpunt sonder skroom te stel.

In artikels geskryf deur Truter (1995), Van Zyl (2001), Greeff (1995), Hugo (2012), De Lange (2007) en nog vele meer blyk dit duidelik dat Hambidge oor gebeure wat in haar wêreld plaasvind, skryf. Sy kry 'n impuls, dink daaroor en dan word dit 'n vers. Sy probeer ook bewustelik en onbewustelik die grense tussen genres afbreek. Hambidge sien haar tekste as die vergestaltung van haar soektogte, haar ontwikkeling as mens en die alomteenwoordige skryfproses. TT Cloete beweer (1987) dat sy (Hambidge) 'n "ryp, boeiende visie" het (vgl. Greeff, 1995:74) en later sluit De Lange (2007) hierby aan wanneer hy ook vir TT Cloete aanhaal wat sê dat Hambidge haar gedigte ver gaan haal (hier word dan verwys na die gereelde reise wat sy onderneem, en wat meestal tot 'n nuwe digbundel lei).

Hambidge het as kind baie as gevolg van haar pa se werk rondgetrek. Vandag reis sy graag, en is die reistema deurlopend aanwesig in haar tekste. De Lange (2007) beskryf Hambidge as 'n rustelose, ongeduldige siel. Kan die voorliefde vir reis afkomstig wees van die rondtrekkery as kind? Hambidge vertel in die artikel "n Nostalgieuse reis na stories op Weile", hoe sy as kind *Saartjie*, *Trompie* en *Maasdorp* gelees het, maar ook Leroux, Van den Heever en Konsalik en hoe lees die suiwerste en belangrikste manier van reis is. Ongeag die rede is reis, en die soeke en ontdekking wat daarmee saamgaan, 'n belangrike tema in haar tekste.

Oor haar kinderdae sê Hambidge nie veel nie. Sy word op skool as 'n stil introvert gesien, maar in standerd 8 begin sy presteer en in matriek ontvang sy die *Beheerraadsmedalje* vir die beste matriekuitslae (GoodReads, 2012; Anon, 2008a; Hambidge, 2003). Sy het in 'n onderhoud in 'n artikel op die webblad van NB-Uitgewers (2012b) gesê dat sy glad nie goeie herinneringe aan haar jeug het nie. Hambidge voer verder in die onderhoud aan dat sy glad nie lus was om na haar skoolreünie te gaan nie, en dat die uitnodiging aanleiding gegee het tot die skryf van die bundel *Lot se vrou*.

Oor haar gesinsdinamika is daar nie veel beskikbaar nie, hoewel die digbundel, *Dad*, oor die dood van haar pa en die gesinsdinamika handel. Voordat hierdie digbundel gepubliseer is, het Hambidge eers die bundel aan haar drie susters gewys, en hul toestemming gevra om dit te publiseer (De Villiers, 2007). Hierdie gebaar wys baie van haar karakter, veral as mens in ag neem dat sy na haarself verwys as 'n "in your face lesbian" (Van Zyl, 2001:15) wat kort duskant haar doeke geweet het sy is gay (vgl. Truter, 1995:32).

Hambidge gaan na die Stellenbosch Universiteit en sy verwerf in 1979 haar honneursgraad daar, asook haar MA-graad (*Die ek-verteller in die Belydenisroman*), onder leiding van prof. Elize Botha. Sy voltooi haar PhD (*Die metaroman – 'n Dekonstruktiewe ondersoek*) in 1985, onder leiding van prof. André P Brink aan die Rhodes-Universiteit.

Hambidge het 'n reputasie opgebou (vgl. Anon. 2008a) as een van die mees omstrede literêre figure in Suid-Afrika: "Sy kan nie minder omgee nie, sê haar sê, en skroom nie om in die bokskryt vir letterkunde te klim, of haar letterkundige oortuiginge te verdedig nie." Volgens Viljoen (2008) is dit gesond vir die letterkunde om so 'n uitgesproke persoon met so 'n sterk, strydende ingesteldheid te hê: "Dit keer dat die mense selfgenoegsaam word, en wys ook die letterkunde is nie 'n keurige, hoogheilige bedryf nie."

Hambidge (Anon, 1995:30) sê dan ook self dat daar te lank in die Afrikaanse letterkunde 'n tradisie was dat die Afrikaanse letterkundiges soos hoëpriesters kon uitsprake maak en almal moes buig daarvoor. "Dit bestaan nie meer nie. Mense kan nie meer 'n stelling maak en dink dis heilige woorde omdat professor So-en-so dit gesê het nie. Aanvegbare standpunte moet bevraagteken kan word" (vgl. Anon, 1995:30).

Greeff (1995:74) voer aan, na 'n onderhoud met Hambidge, dat daar 'n stadium was dat dit 'n nasionale sport was om haar (Hambidge) te treiter, en ook dat sy “nie stir ter wille van stir nie, maar dat die Afrikaanse letterkunde een groot *dysfunctional family* is en iewers gaan iemand altyd seerkry. Op enige gegewe tydstip, sou mens kon sê, is goed die helfte van die literêre wêreld vir haar kwaad” (vgl. Anon, 1995:30).

Fanie Olivier (1990:15) is van mening dat 'n mens van haar mag hou of haar verpes – maar oor Joan Hambidge kan niemand wat maar hoegenaamd met die Afrikaanse verskuns omgaan, nié iets voel nie. Verder gaan die oewre van Joan Hambidge bespreek word om verdere agtergrond te skep vir die studie rakende die idiolek van Hambidge.

2.3 Oewre

“Woorde is haar nering...”, so sê Snyman (2011:503). Daar is verskeie denkrigtings⁴ wat neerslag in Hambidge se werke vind. “Hambidge is in beheer van die woord in sy analitiese en magiese kwaliteite”, gaan Snyman (2011:503) voort. Juis wanneer bogenoemde aspekte in ag geneem word, kan die waarde van navorsing rakende Hambidge se idiolek oor die grense van genres besef word.

Marais (2005:149) beskryf die oewre van Hambidge soos volg:

Joan Hambidge is in die Afrikaanse literatuur as digter, roman-skrywer, letterkundige, akademikus en polemikus bekend, en het die wêreld van die akademie en skeppende skryfwerk bevrugtend op mekaar laat inwerk. Met haar eerste bydraes in die boekeblaaie van koerante en in tydskrifte, en veral die publikasie van haar debuut-digbundel *Hartskrif* (1985), het sy die grondslag vir 'n omvangryke en geskakeerde oewre gelê. Sy ontlok uiteenlopende en skerp menings.

Hierdie aanhaling deur Marais kan as beskrywend van die oewre van Hambidge gesien word. Vanaf die eerste digbundel in 1985 het daar reeds nog 30 kreatiewe publikasies verskyn, wat Hambidge dus 'n baie produktiewe skrywer maak. Buiten die kreatiewe werke is daar ook resensies, koerantrubrieke en akademiese artikels wat van haar 'n baie omvattende ondersoeksubjek maak.

⁴ Sien 2.7 (Hambidge en die letterkunde)

Volgende gaan die oeuvre van Hambidge bespreek word, om sodoende, ten slotte, die idiolek eie aan hierdie individu as 'n geheel te kan sien en bepaal. Haar oeuvre word tematies bespreek, maar daar verskyn 'n chronologiese lys van haar publikasies op bladsy 19 (tabel 2.1). Alhoewel daar bepaal is dat Hambidge se gedigte nie deel van die ondersoek uitmaak nie, word dit by die bespreking van haar oeuvre ingesluit, aangesien Hambidge se poëtiese taalgebruik ook neerslag vind in haar prosawerke, resensies en reisjoernale.

Hambidge kies verskeie versvorme vir haar gedigte (vgl. Marais, 2005:152). Dit wissel hoofsaaklik van die vrye vers waarin sy bykans deurlopend gewone punktuasie en hoofletters gebruik tot tradisionele versvorme soos die haikoe⁵, kwatryn⁶, tanka⁷, ballade⁸ en sonnet⁹. Volgens Cloete (2010:147) kom daar 'n tendens by Hambidge voor waarna daar verwys kan word as die gedig-oor-die-gedig. Aspekte wat veral met hierdie tendens saamgaan, is die relativering, parodiëring of ontluistering van die gedig en van allerlei poëtiese konvensies, veral wat die gedigvorm betref (Cloete, 2010:147).

Vanaf 1985 tot 1995 volg Hambidge se eerste dertien digbundels snel op mekaar, maar tog vorm die bundels ook 'n eenheid, en ontwikkel dit tot 'n epos (van die psige) in eie reg. Snyman (2011:504) stel dat die epos in sy oorspronklike vorm die sogenaamde "primitiewe" letterkunde verteenwoordig, 'n letterkunde wat skakel met "eerste dinge" oftewel die primordiale gees.

In die moderne era word die epos gesien as 'n weerspieëling van die verhaal van die mens met die klem op sy lotgevalle (vgl. Snyman, 2011:504). In Hambidge se geval kry sy dit egter reg om die ouer en die moderne konsepte van die epos te kombineer. Snyman (2011:504) stel dat Hambidge se poësie die verhaal van die menslike lotgevalle en verlies vertel, maar dat dit dan ook die ervaringswêreld tot die basiese,

⁵ Verwys na 'n Japannese gedig wat uit 17 sillabes bestaan, en ingedeel word in reëls van vyf, sewe en vyf sillabes. En dui op die digter se emosionele of spirituele reaksie op 'n natuurlike voorwerp, omgewing of seisoen (Abrams & Harpham, 2009:140).

⁶ Gedig wat uit vier versreëls bestaan (Littlewood, 2006:251).

⁷ Tanka verwys na 'n Japannese gedig wat uit vyf reëls en 31 sillabes bestaan, en 'n volledige beeld van 'n gebeurtenis of 'n geestestoestand gee (HAT, 2009).

⁸ 'n Ballade kan kortliks volgens Abrams en Harpham (2009:21) gedefinieer word as 'n lied, wat mondelings oorgedra word, en 'n storie vertel. Dit kan as die narratief van 'n volksliedjie beskou word.

⁹ 'n Sonnet is 'n liriese gedig wat uit 'n oktaaf (8 reëls) en 'n sestet (6 reëls) bestaan. Die rymskema is *abbaabba* en *cdecde*. Die oktaaf is gewoonlik hoopvol, terwyl die sestet 'n meer treurige toon aanneem (Abrams & Harpham, 2009:336).

feitelike oerelement van die menslike gees herlei. Enersyds tipeer sy die gevangenskap binne menslike verhoudings, maar tog bevry sy die digter van die self. Benewens talle motto's, opdragte en direkte verwysings na bekende persone, is daar ook die indirekte, moeiliker aantoonbare aansluitings of "gesprekke" wat as kenmerkend van Hambidge se poësie gesien kan word, en wat ook 'n sterk postmodernistiese karakter daaraan verleen (Marais, 2005:150). Snyman (2011:504) gaan voort deur te postuleer dat die poësie so sterk persoonlik deurkom, dat dit die intieme wêreld van die gees binnedring. Marais (2005:150) beweer dat hy as mededigter Hambidge van die begin af as 'n digter met 'n nuwe stem gesien het, en dat veral die gay-tematiek as normdeurbrekend beskou kan word.

Die titels van Hambidge se bundels dui ook op die onderliggende epos. *Hartskrif*, *Bitterlemoene* en *Die anatomie van melancholie* ontwikkel tot so 'n mate dat die felheid en teerheid van die menslike emosies aan die leser voorgestel word. Snyman (2011:504) voer aan dat Hambidge reeds met *Hartskrif* die scenario vir haar oeuvre skep. In Hambidge se volgende bundel, *Bitterlemoene*, word meer fasette van die lewe aan die leser bekendgestel. Verlies tree nou die gedigte binne. Die epiese struktuur van Hambidge se oeuvre word deur die deurlopende enkelspreker aangespoor. Nog 'n kenmerkende eienskap van Hambidge se poësie is volgens Snyman (2011:504) die aanwesigheid van die eie psigiese analitikus en die poëtiese psigiater.

Na *Bitterlemoene* (1986) verskuif die klem van haar werk al hoe meer na verlies. Alhoewel die tema reeds in *Bitterlemoene* aan die lig kom, word daar hernude klem in die volgende digbundels daarop geplaas. Eerstens is dit 'n vergestaltung van liefdesverlies, maar tog word die metafoor ook die projeksie van die self en die alter-ego. Die bundel *Die anatomie van melancholie* se titel alleen verwys na die emosionele (melancholie), maar tog ook die koue, kliniese (anatomiese) progressie van Hambidge se werke. Snyman (2011:504) voer aan dat vervreemding van die self plaasvind, en dat dié vervreemding in die gedigte uitgebeeld word.

In elke bundel kan daar dus gesien word hoe die digter ontwikkel, en hoe die oeuvre groei. Daar is die doelbewuste voorplasing van die gedig bo die mens. *Palinodes* is 'n voorbeeld van so 'n bundel. Hier probeer Hambidge ander gedigte ongedaan maak (vgl. Snyman, 2011:505). *Geslote baan* dui op die gevangenskap in eie emosies, en die onvermoë om uit die eie sirkel van psigiese wins en verlies te ontsnap. Snyman

(2011:505) is van mening dat Hambidge se verwysingsraamwerk van meet af baie wyd was, al hoe meer groei namate haar oeuve uitbrei; dit word meer intens. Daar is ook 'n toenemende ironiese ondertoon in die poësie aanwesig.

So is elke bundel 'n uitbreiding op die styl wat Hambidge reeds met die eerste bundel neergepen het. Die verwysingswêreld word al hoe groter, daar is met tye 'n gejaagdheid, wat dan weer deur 'n rustigheid gevolg word. Die ommekeer kom volgens Snyman (2011:510) met die bundel *Interne verhuising* (1995). Hier word nou met 'n groter afstand ten opsigte van die self gedig.

In die digbundel, *Lot se vrou*, kan daar weereens 'n mate van selfondersoek bespeur word. Neem as voorbeeld die eerste gedig in die bundel, *Reünie*.

*Reünie*¹⁰

'n Onverwagse oproep
vir 'n samekoms: "ons matriekklas
se reünie... " vra hoeveel onse in u pond?
Ek stof kiekies in my geheue af,
vind geen kleurfoto, net die donker grein
van onwillige, onbegrip, ongenooïd...
die Skeinat-onnie met sy ongebreidelde snor
bliksem 'n matriekseun met 'n bordpasser tot in trane,
die Biologie-juffrou bloos oor die geslagsontwikkeling
van die den (en pouse is dit *Nuwe verse* en Eybers
in die donker biblioteek met 'n Dewey-sisteen),
wyl die Afrikaanse Onderwyser humor wurg
uit *Die Burgemeester van Slaplaagte* van Van Wyk Louw
one-two-cha-cha op die politiek van die dag gooi
soos wors en tjops op 'n helse braaivleisvuur.
Maandag open Die Skoolhoof met skriflesing en verwyrt
oor twee prefekte se geveryery op die rugbyveld
(ja die maan het lósgekom), wyl 'n vriendin tjank
in die Duitse klas oor dít wat nie staan
in die skooluitgawe van *Raka*.
Gemuurblom kyk ek toe: die two-step op "Pretty Belinda"
met die hoofseun (nie met my), maar met háár wat later
wegskuif toe ons Waterloo dek tot in die iteratief-duratief
van hierdie morsige gedig.

¹⁰ Dit is die gedig waarna Hambidge verwys in die artikel "Joan Hambidge kyk terug sonder om versteen te staan by die bekendstelling van *Lot se vrou*". Die gedig handel oor haar skooldae, en vind aansluiting by die tema van die bundel (vgl. nb Uitgewers. 2012b).

Op *Kelly's Heroes* voetstamp ons in die saal.
Quid est? Krap ek voor in die TOD se Latyn-handboek.
'n Klasparty van 'n ryk boer se dogter
nooi almal wat vermoeid is en kan ontlaas
-- behalwe die Onderdorpers en Buitebaners -
en die matriekafskied eerder in die vergeetboek geberg.
Daar blou die swembad, groen die gras immer en altoos.
Die atletiekveld laat steeds sy skote knal:
in die geheue se rekordboek bly alles opgeteken.
My goue matriekmedalje vir Beste Leerling geskaai.
Liebe Dein Sympton wie Dich Selbst!
En vermy reünies soos die pes.

Geneem Uit:

Lot se vrou: (Hambidge, 2012b:13)

Nie net is die eerste gedig (in die bundel) 'n terugblik op haar skooldae nie, maar die bundel verwys oorkoepelend na die feit dat 'n mens nie moet terugkyk of vasklou aan 'n pynlike verlede nie. Die titel van die bundel kan as 'n Bybelse verwysing gesien word, na die vrou van Lot wat in 'n soutpilaar verander het toe sy teruggekyk terwyl hulle uit Sodom en Gomorra gevlug het, en daardeur word die aksie van terugkyk geaktiveer (NB-Uitgewers, 2012b). Hambidge self postuleer (soos aangehaal deur NB-Uitgewers, 2012b): "Lacan maak dit ook duidelik dat 'n mens hierdie dinge moet verwerk en aanbeweeg. Jy moet dit agter jou plaas en daarvan wegdraai".

Hierdie gedig begin dus 'n anderse tema as wat haar ouer gedigte weergee. Waar sy geskryf het oor liefdes en reise, ondervindings, is dit amper asof sy in hierdie gedig die teenoorgestelde wil weergee, die gevoel skep van afstand kry van dit wat jou seermaak, jou rug draai op herinneringe en aanbeweeg. In 2007 het Hambidge aan De Lange gesê dat daar gestel word dat haar gedigte 'n bepaalde teoretiese probleem probeer oplos. Sy beweer dat hierdie verskynsel die gevolg kan wees van die soeke na die alles-oorrompelende gedig. Hambidge gaan ook voort deur te stel dat "elke bundel delete as't ware die vorige een, of is 'n herskrywing, herbesinning" (De Lange, 2007).

Hambidge se poësie kan as die volkome samehang tussen berekende intellektualiteit en rou emosie gesien word. Sy skep ook 'n sosiokulturele sfeer deur haar poësie (Marais, 2005:150). Hierdie sosiokulturele sfeer het volgens Marais (2005:150) in wese 'n wêreldkarakter of idiolek waarby die digter se talle buitelandse reise aansluit, ten

spyte van die gereelde gesprekke (deur haar poësie) met onder andere TT Cloete, Johann de Lange, NP van Wyk Louw, DJ Opperman en AG Visser.

Die digbundel *Dad* (2006) is volgens De Villiers (2007) 'n aangrypende werk. In die onderhoud wat De Villiers (2007) met Hambidge voer, word daar beklemtoon dat haar susters se opinie rakende die bundel eers gevra is voor publikasie. In die bundel tree die dood sterk op die voorgrond, maar Hambidge (De Villiers, 2007) beweer dat sy nie verlief is op die dood nie, maar dat die lewe en die dood 'n jin/jang is: "ons leef en ons gaan dood. So is die so. Ek is verlief op die lewe. Ek is 'n energieke, bruisende mens. Maar die dood is 'n harde werklikheid wanneer jy geliefdes en 'n vader aan die dood afstaan. Maar ons gaan dood op aarde. Die einde van 'n fase, liefdesverhouding, tydperk – dit is dood".

Liebenberg (2007:6) is van mening dat *Dad* (Hambidge, 2006) 'n aangrypende digbundel is wat die leser "deurentyd bewus laat voel". Die emosie word deur 58 bladsye se beleving van die digter se (verbygegane) gesinskonteks opgeroep. Liebenberg (2007:6) gaan voort deur te stel dat die gedigte die leser herhaaldelik terugroep na die digter se werklike beleving rondom haar pa oor die jare heen, sowel as die invloed van haar ouers op haar lewe. Anders as in Hambidge se ander gedigte is die gedigte in *Dad* (2006) van intertekstualiteit gestroop. Dit is egter juis funksioneel aangesien dit die gestrooptheid van die gedigte, die rou emosie, beklemtoon (Liebenberg, 2007:6). Die temas van verlies, en die verlies van liefde wat ophou, sluit aan by die res van Hambidge se oeuvre. Prins (2011:3) sluit by die tematiek in die digbundel aan deur aan te voer dat Hambidge in die digbundel nie net oor 'n kind se rebellie teen en dan latere aanvaarding van 'n vader gaan nie, maar dat *Dad* ook handel oor die vaderskap van die gedigte, die gedigte wat dan in gesprek tree met die vadersgedigte in Afrikaans.

Snyman (2011:510) is van mening dat Hambidge se digkuns uit 'n ruim verwysingsveld bestaan, wat die literêre teorie, filosofie en die literatuur – wêreldletterkunde en Afrikaanse letterkunde – op 'n dig verweefde wyse aktiveer. Die verwysingswêreld gaan egter verder as die intellektuele en betrek alledaagse gebeurtenisse, rampe, filmpersoonlikhede en veel meer om die gewone "hartskrif" ook te verteenwoordig (vgl. Snyman, 2011:510).

Marais (2005:150) sluit by die bostaande aan deur dit duidelik te stel dat die verwysings na skrywers, skilders, vermaaklikheidskunstenaars en ander openbare figure, of die gebruik van hierdie skrywers se motto's in Hambidge se werk, veral in die middel van die tagtigerjare, baie opvallend was. Hierdie verwysings kan by die postmodernistiese fase van die Afrikaanse letterkunde aansluit. Hambidge het self ook 'n boek, *Postmodernisme* (1995), wat inleidende agtergrond tot die postmodernisme bied, geskryf¹¹ (vgl. 2.7.1).

In die eerste vyf jaar sedert Hambidge se debuut het elf bundels verskyn. Dit maak van haar 'n baie besige skrywer. Volgens De Wet (1990:4) kan mens nie Hambidge se ongepubliseerde M- en D-studies, die studie oor psigoanalise (*Psigoanalise en lees*, 1989), postmodernisme (*Postmodernisme*, 1995) en die versameling kritiese opstelle buite rekening laat nie¹².

Volgens Odendaal (2005:6) is een van die kenmerke van Hambidge se digkuns die intertekstuele spel daarin; dit verteenwoordig juis 'n soort literêre heraktualiseringsdrang, en die weerbaarheid ten opsigte van digterlike kreatiwiteit. "Deur middel van aanhalings uit of toespelings, reaksies, parodieë en dergelike op die werk van ander skrywers, word talle momente uit die (onder meer Afrikaanse) literêre tradisie geaktiveer" (Odendaal, 2005:6).

Temas wat sterk na vore kom in Hambidge se digkuns sluit in: reis, die liefde, eensaamheid, familie, gedigte oor die skryfproses, interaksie tussen die ek-spreker, die geliefde en die poësie, die beskrywing van die liefde en die kuns as 'n onskeibare paar, die geliefde as inspirasie (muse), parodie en die sosiale deernismotief (Cochrane, 2009:7; Crous, 1990; Lourens, 1997:1-3; Odendaal, 2005:6). Wanneer Hambidge se prosawerke ondersoek word, kan die samehang van haar oeuvre ook hier gesien word. Van Schalkwyk (2009:189) veronderstel dat Hambidge se oeuvre, met spesifieke verwysing na die roman, *Kladboek*, die literêre en genderteorie, die psigoanalise, dieptepsigologie, tarot, en die Boeddhisme insluit.

Van Schalkwyk (2009:189) stel dat die tekstuele aanbod van *Kladboek* hibried is. Daar is die storie, en dan die storie oor die storie. Van Schalkwyk (2009:189) voer verder aan

¹¹ Verwys na 2.7.1 (Postmodernisme).

¹² Sien 2.7 (Daar word in dié afdeling na Hambidge se siening rakende die literêre benaderings verwys.)

dat Hambidge as Victoriaans beskryf sou kon word met terugverwysings na die digbundel *Hartskrif*. Volgens Van Schalkwyk (2009:190) dui die Victoriaanse tydperk oor die algemeen na middelklaswaardes, *respectability* en (seksuele) engheid, maar word dit terselfdertyd gekenmerk deur enorme en gevarieerde produktiwiteit, selfkritiek en selfrefleksiwiteit in die kunste en denke. In Hambidge se werk kan die bogenoemde van toepassing gemaak word wanneer die Victoriaanse konsep aan die hand van Opperman (1975:155) se essay, “Kuns in boos”, beskou word. Opperman bespreek die konflik tussen kunstenaarwees en gewone menswees. Volgens Van Schalkwyk (2009:190) stel Opperman dat die kunstenaar dikwels dit wat privaat en pynlik is tot kuns omskep, en soms selfs doelbewus nuwe ervarings najaag en selfs liefdesverhoudings gebruik, alles ter wille van die kuns. In die roman self word die vraag dan ook uitdruklik gestel “Of het sy dalk ter wille van kreatiwiteit verlief geraak?” (Hambidge, 2008:80).

Hambidge skryf uit haar hart, sy verwoord haar eie ondervindinge. Dit kan in meeste van haar digbundels, asook romans, gesien word. Daar word gereeld klem gelê op die feit dat Hambidge in haar vroeëre werke dikwels oor die verhouding tussen die liefde en die kuns geskryf het, en dat die kuns as die digter se toevlug gesien is wanneer die liefde faal, sowel as die feit dat die (verlore) geliefde by herhaling as muse en inspirasiebron vir die poësie beskryf word (Lourens, 1997). Tog is die teendeel ook waar wanneer daar na die digbundel, *Lot se vrou*, gekyk word, soos reeds bespreek.

Volgens Loots (2012) stel Hambidge dit duidelik dat sy nie doelbewus aan ’n oeuvre bou nie, maar dat temas soos reis, familie, geliefdes, gesprekke met die self en ander kunstenaars telkens in haar werk terugkeer. Hambidge (2003:18) sluit by die tema van reis aan wanneer sy sê: “Lees is die suiwerste en belangrikste manier van reis.”

Hambidge se eerste roman verskyn in 1996 (*Swart Koring*); dit word in 1998 opgevolg met *Die swart sluier* en dan in 2001 met *Sewe Sonjas en wat hulle gedoen het*. Volgens Cochrane (2004:127) vorm dié drie romans nie net ’n trilogie nie, maar tesame met *Die Judaskus* (1998) lewer Hambidge hiermee ’n belangrike bydrae tot die postmoderne roman in die resente Afrikaanse prosa. Hambidge aksentueer postmoderne tendense en strategieë. Volgens Cochrane (2004:127) is een van hierdie strategieë die parodiëring van populêre kultuur, wat populêre letterkunde, media en ikone ondervang.

Hambidge se roman, *Sewe Sonjas en wat hulle gedoen het*, is as dialoog geskryf in antwoord op Jan Lion Cachet se *Sewe Duiwels*. Die boek, *Sewe Sonjas en wat hulle gedoen het*, is ook een van die eerste literêre e-boeke om in Afrikaans te verskyn (NB Uitgewers, 2012a).

Soos in Hambidge se poësie is daar ook in die prosa 'n sterk sprekerstendens (vgl. Snyman, 2011:504) teenwoordig, wat die werk besonder merkwaardig maak. Cloete (2010:146) is van mening dat een van die mees opvallende tendense, wat ook gereeld by ander digters voorkom (hy sluit Loftus Marais, Danie Marais, Johann de Lange en Antjie Krog ook hierby in), die gedig oor die gedig self is. Cloete (2010:146) stel dat mens na hierdie gedigte as selfbewuste gedigte kan verwys; 'n gedig wat van homself of haarself praat as "hierdie gedig". Daar word na die bogenoemde verwys as *ars poëtika*¹³ (Bateman, 2008:10; Bialostosky, 2006:397; De Wet, 1990:8; Hambidge, 1991a:148; Van der Merwe & Viljoen, 1998:69).

Van Schalkwyk (2009:190) stel dat die aanvang, groei en afloop van romantiese verhoudings en verre reise die boustof vir baie van Hambidge se skryfwerk vorm. De Wet (1990:6) sluit hierby aan deur te argumenteer dat die ontroue/verlore geliefde waarna daar dikwels in Hambidge se werke verwys word, ook as die muse gesien kan word. De Wet (1990:7) gaan voort deur te sê dat hierdie soeke na die muse/geliefde in werklikheid as 'n soeke na die anima¹⁴, 'n poging om die self heel te maak, gesien kan word.

Die funksionering van parodie en pastiche as postmoderne strategieë in die prosa kan as 'n voortsetting van haar poësie-oeuvre gesien word (Cochrane, 2004:127). Parodie is egter 'n verskynsel wat lank reeds in die Afrikaanse letterkunde aangetref word, onder andere in die werke van AG Visser, NP van Wyk Louw, DJ Opperman, Peter Blum, MM Walters en Etienne Leroux (vgl. Du Plooy, 1989). Hambidge plaas egter, volgens Cochrane (2004:127), die werking van die parodie in 'n postmoderne raamwerk en ondersteun sodoende ander belangrike konsepte soos metafunksionaliteit en die versmelting van literêre grense.

¹³ Sien 3.3.2.5 (Ars Poetika) en ook 3.3.1 (literatuur) en 3.3.4.5 (Poëtika)

¹⁴ Sien 3.3.2.3 (psigoanalise).

Nog 'n faktor wat nie buite rekening gelaat kan word nie, is Hambidge se baanbrekerswerk in die gay-letterkunde. De Wet (1990:5) stel dat Hambidge se plek in die voorste linies van die kontemporêre Afrikaanse literêre wêreld nie net te danke is aan haar vermoëns en aktiwiteite as digter, akademikus en kritikus nie, maar dat dit ook toegeskryf kan word aan haar posisie as baanbreker in die Afrikaanse gay-emansipasie. Sy (vroulik) word saam met Johann de Lange (manlik) as die wegbereiders en voorlopers van hierdie subgenre beskou. Reeds in Hambidge se debuutbundel is daar 'n suggestie dat die gedigte om 'n lesbiese gegewe gaan. In Hambidge se tweede bundel waag sy dit om meer vrylik, openlike lesbiese verse te skryf (De Wet, 1990:6).

Nie net in haar literêre tekste kan Hambidge as 'n baanbreker vir die gay-emansipasie gesien word nie. Sy lewer op 14 Maart 1990 'n lesing aan die UPE (nou NMMU): “Die Afrikaanse literatuur en die gay emansipasie (sic)” (vgl. De Wet, 1990:7). Hambidge skryf gereeld rubrieke soos “Kopstukke” in die *Beeld*, en ook “'n Literêre sofa”, 'n rubriek waarin sy met haar vlymskerp kommentaar gesorg het vir vele polemieke en briewe aan die pers (vgl. Anon, 2008a; Greeff, 1995:73). Gedurende 2012 lewer Hambidge die NP van Wyk Louw-gedenklesing, getiteld “... en alles dans en reik na naamlose dinge uit”: NP van Wyk Louw en die *kanon* (Anon, 2012).

Cochrane (2009:7) som Hambidge se oeuvre op en stel dat Hambidge eerstens as een van die belangrikste verteenwoordigers van die lesbiese stem in die Afrikaanse poësie gereken kan word. Tweedens is sy een van die eerste digters om die nuwe publikasieroetes te verken (*Sewe Sonjas en wat hulle gedoen het*); derdens is sy een van die mees geslaagde beoefenaars van die parodie in die Afrikaanse letterkunde; en vierdens het sy as lid van die Tagtigerbeweging wat 'n aantal postmoderne tegnieke soos selfrefleksiwiteit, die ondermyning van klassieke digvorme en 'n verwerping van konvensionele genre-beperkings sinvol in haar werk ontgin.

Hambidge sê in die artikel “Blond, beeldskoon en straight (kê- kê- kê- kê)” dat sy altyd geweet het sy is anders. Sy sê aan Van Zyl (2001:16): “Dis iets wat ek van kleins af geweet het, maar ek het grootgeword in 'n tyd toe mense nog nie gendertoeriste was nie, toe genderkeuses afgeforseer is. Meisies het koekies gebak en die seuns het houtwerk gedoen. Voor die stoof in die huishoudkundeklas het ek gefantaseer oor

beitels, gesmag na skryfwerk, maar jy mog nie daarvoor praat nie. Toe word ek maar 'n skryfwerker van die woord..." En hoe werk Hambidge nie met woorde nie?

Hambidge se biografiese inligting is dus so ver moontlik weergegee, sowel as 'n opsommende bespreking van haar oeuvre. Vanuit die bogenoemde is bepaal dat Hambidge 'n baie private persoon is, wat egter nie skroom om haar stem vir Afrikaans dik te maak nie. Haar oeuvre is omvattend en uitgebrei. Sy skryf nie net kreatief nie, maar lewer ook 'n enorme bydrae tot die akademie. Hambidge publiseer gereeld¹⁵, en sy pas graag die akademiese diskoerse wat haar interesseer, en waaroor sy skryf, ook toe in haar kreatiewe tekste. Dus kan sy as 'n omvattende, omstrede ondersoeksubjek beskou word ten opsigte van die ondersoek na idiolek oor die grense van genres.

Daar gaan vlugtig na haar verskeie publikasies ondersoek ingestel word, voordat Hambidge, en die redes waarom juis sy as ondersoeksubjek gekies is, bespreek word. Daarna word daar ook na die Afrikaanse letterkunde verwys, om Hambidge se plek daarin aan te dui sowel as die verskillende benaderings wat Hambidge toepas, en wat 'n invloed op die individu se idiolek kan hê te bespreek.

¹⁵ Sien 2.4 (Publikasies en toekennings).

2.4 Publikasies en toekennings

Hambidge het 'n indrukwekkende publikasielys. Hier volg 'n opsomming wat net haar digbundels en prosa insluit:

Titel	Jaar	Uitgewer
Hartskrif (digbundel)	1985	Human & Rousseau
Bitterlemoene (digbundel)	1986	Human & Rousseau
Die anatomie van melancholie (digbundel)	1987	Human & Rousseau
Palinodes (digbundel)	1987	HAUM-Literêr
Geslote baan (digbundel)	1988	Tafelberg
Donker Labirint (digbundel)	1989	Tafelberg
Gesteelde appels (digbundel)	1989	HAUM-Literêr
Kryptonemie (digbundel)	1989	Human & Rousseau
Verdraaide raaisels (digbundel)	1990	Human & Rousseau
Die somber muse (digbundel)	1990	Jutalit
Tachycardia (digbundel)	1990	Jutalit
Die verlore simbool (digbundel)	1991	Tafelberg
Interne verhuising (digbundel)	1995	Perskor
Swart koring (prosa)	1996	Human & Rousseau
Ewebeeld (digbundel)	1997	Perskor
Die swart sluier (prosa)	1998	Tafelberg
Judaskus (prosa)	1998	Perskor
Lykdigte (digbundel)	2000	Tafelberg
Ruggespraak (digbundel)	2001	Protea Boekhuis
Titel (vervolg)	Jaar (vervolg)	Uitgewer (vervolg)
Sewe Sonjas en wat hulle gedoen het (e-boek)	2001	ContentLot.com
Skoppensboer (prosa)	2001	
Die buigsaamheid van verdriet (digbundel)	2005	Protea Boekhuis
En skielik is dit aand (digbundel)	2006	Protea Boekhuis
Dad (digbundel)	2006	Genugtig
Koesnaatjies vir die proe (digbundel)	2008	Genugtig
Palindroom (prosa)	2008	Genugtig
Kladboek (prosa)	2008	Protea Boekhuis
VuurWeil (digbundel)	2009	Human & Rousseau
Visums by verstek (digbundel)	2011	Tafelberg
Lot se vrou (digbundel)	2012	Queillierie

Tabel 2.1 Publikasies deur Joan Hambidge
(soos saamgestel vanaf LitNet, Versindaba en Perspektief en Profiel)

Hambidge is ook 'n gerekende akademikus. Sy kies om die akademiese paadjie te stap en voltooi vanaf 1979 tot 1985 haar honneursgraad, meestersgraad sowel as haar eerste PhD¹⁶. In 2001 ontvang Hambidge haar tweede PhD (*Gender-konstruksie in die Afrikaanse letterkunde: 'n Ondersoek in kultuurstudies, literêre teorie en kreatiewe skryfwerk*). Twee jaar later, in 2003, lewer sy haar professorale intreerede (*Whose inaugural is it anyway? Modern criticism in crisis*) aan die Universiteit van Kaapstad.

Hambidge is vanaf 1980 tot 1992 'n dosent aan die Universiteit van die Noorde in Algemene Literatuurwetenskap. Sy word dan ook in 1990 as hoogleraar aan dié Universiteit aangestel (Anon., 2008a). In Julie 1992 word sy as senior lektor in Afrikaanse Poësie aan die Universiteit van Kaapstad aangestel, en bied sy ook kursusse in gender en letterkunde aan. Sy was in 2007 die Direkteur van die Skool van Tale en Letterkundes aan dié Universiteit. Hambidge het ook navorsing aan die Universiteit van Yale (Verenigde State van Amerika) oor literêre teorie gedoen (Anon., 2008a). Tans is sy dosent in kreatiewe skryfwerk in poësie aan nagraadse studente, sowel as die adjunkdekaan van die Fakulteit Geesteswetenskappe by die Universiteit van Kaapstad (Who's Who of Southern Africa, 2012).

Sy publiseer ook akademiese boeke, by name *Psigoanalise en lees* (1989) en *Postmodernisme* (1995). Verder lewer sy bydraes tot *Literêre terme & teorieë* sowel as *Random Roy: studies opgedra aan Roy H Pheiffer*. Sy skryf ook resensies, rubrieke en lewer gereelde bydraes tot LitNet.

Sy ontvang verskeie toekennings, onder andere:

- Vertalings: *The Coroner's Wife* – Engelse vertaling
- 1986: Eugène Marais-prys vir *Bitterlemoene*
- Litera-prys vir poësie
- Poetry Institute of Africa Prize vir poësie
- Die Litera-prys vir die gedig oor Eugène Marais in *Lykdigte*

Die boek, *Sewe Sonjas en wat hulle gedoen het*, is een van die eerste literêre e-boeke om in Afrikaans te verskyn (NB Uitgewers, 2012a). Verder is haar roman *Skoppensboer*

¹⁶ Sien 2.2 (Biografiese inligting).

(2001) op die kortlys geplaas vir die Sanlam/Insig Groot Roman-kompetisie. Haar digbundel *Ewebeeld* (1997) is ook deur die *La Rosa Spaanse Dans Teater* in 2003 vir die produksie, *Elementos*, gebruik. Die eerste gedeelte van die stuk, *Imagenes*, is op Hambidge se digbundel baseer. Die gedigte is deur Nicole Holm gesing of voorgedra, terwyl sy op die kitaar begelei is, en terselfdertyd is die gedigte deur flamenkodansers geïnterpreteer (NB Uitgewers, 2012a).

Nog 'n eerste in Afrikaans was die sogenaamde dubbelboek van Hambidge. *Palindroom* ('n post-postmoderne novelle) is as een boek saam met *Koesnaatjies vir die proe* uitgegee (Fourie, 2009:62).

Kritici stel dat hierdie ongeëwenaarde produktiwiteit daartoe kan lei dat Hambidge kwaliteit vir kwantiteit opoffer (vgl. De Wet, 1990:5). Hambidge sê egter, “solank die bundels verantwoord is, maak dit nie saak hoeveel jy publiseer nie... Elke digter skryf volgens sy eie temperament en myne is met gedigte dat ek dit al gister wou gedoen het. Die hele ding van te veel skryf is eintlik maar 'n Calvinistiese *hang-up*.” (soos aangehaal deur De Wet, 1990:5).

Vanuit die bostaande blyk dit duidelik dat Hambidge ongelooflik baie publiseer en dat sy oor 'n baie omvattende oeuvre beskik. Daar sal 'n rasionaal gegee word van waarom Hambidge juis as ondersoeksubjek in die studie van idiolek oor die grense van genres gekies is.

2.5 Hambidge as ondersoeksubjek

Aangesien die studie oor idiolek, en die voorkoms van die idiolek oor die grense van genres handel, is die ondersoeksubjek sentraal tot die probleemstelling. Om die navorsing suksesvol uit te voer, is dit uiters belangrik dat 'n geskikte ondersoeksubjek gekies word.

Alvorens die ondersoeksubjek, sowel as waarom die bepaalde individu as ondersoeksubjek gekies is, bespreek word, gaan daar oorsigtelik definisies van tersaaklike konsepte en terme gegee word (verwys na die benaming ondersoeksubjek, sowel as die wyse waarop die ondersoeksubjek gekies is). Daar gaan ook na Hambidge en die letterkunde gekyk word, wat sal dien as 'n kontekstualisering van die literêre

benaderings wat 'n invloed op haar werk, sowel as die ondersoek na haar idiolek kan hê.

Die ondersoeksubjek word gebruik as 'n term wat na die individu verwys (aangesien die studie op die idiolek fokus) wat voldoen het aan vereistes vir die ondersoek na skrywersidiolek, om by te dra tot die sukses van die navorsing. Daar is dus na 'n inligtingryke respondent gesoek.

Die metode waarvolgens die ondersoeksubjek gekies is, kan as teikensteekproef gedefinieer word (De Vos *et al.*, 2009:203). Hierdie metode van dataversameling berus daarop dat dit 'n strategie is waardeur sistematiese inligting ingesamel kan word, wanneer lukrake dataversameling nie moontlik is nie.

Die lukrake dataversameling verwys, volgens Du Plooy (2009:118), na 'n tipe dataversameling waar elke navorsingseenheid binne die teikengroep 'n gelyke kans het om vir die steekproef gekies te word. Hierdie tipe dataversameling dui op 'n strategie waar die navorsingseenheid binne die teikengroep nie sistematies benader word nie, en waar die respondente op grond van beskikbaarheid en lukraakheid, sowel as die mate waarin die respondente as verteenwoordigend van 'n groter geheel gesien kan word, gekies word.

De Vos *et al.* (2009:203) gaan voort deur te stel dat die wyse van dataversameling (teikensteekproef) beskou kan word as 'n doelgerigte, sistematiese metode waarvolgens verskeie respondente ondersoek word, alvorens daar op die bes moontlike kandidate vir die navorsing besluit word.

Alvorens die finale keuse ten opsigte van die ondersoeksubjek gemaak is, is daar ondersoek ingestel na ander skrywers soos, Hans du Plessis, AP Brink, Ingrid Winterbach, Etienne Leroux, Jeanne Goosen, Eben Venter en Marlene van Niekerk. Hierdie skrywers is oorweeg aangesien hulle ook oor 'n breedvoerige oeuvre beskik, en ook baie kenmerkend skryf. Daar is na die onderskeie skrywers se oeuvres ondersoek ingestel, en gevind dat 'n idiolektiese ondersoek wel moontlik kan wees. Wat Hambidge wel van die res onderskei, is nie net die omstredenheid van haar tekste nie, maar ook die hoeveelheid uiteenlopende data wat beskikbaar is.

Hambidge is dus as ondersoeksubjek gekies aangesien sy nie net in verskeie genres skryf nie, maar ook aangesien sy so 'n omstrede skrywer is. Deur ondersoek na haar

tekste in te stel, sal bepaal kan word of daar wel 'n verskil in die idiolek soos dit in die onderskeie genres voorkom, is. In 'n berig in *Die Burger* (Hambidge, 2012a) skryf sy oor hoe sy Sunnyside herbesoek terwyl sy 'n kongres daar bywoon. Die informele verteltrant van die artikel is eie aan Hambidge, en dra juis by tot die feit dat juis sy as die ondersoeksubjek gekies is.

Verder is Hambidge ook daarvoor bekend dat sy baie vinnig 'n omvattende oeuvre opgebou het (Fourie, 2009:60). Dit is nog 'n faktor wat tot die keuse van Hambidge as ondersoeksubjek bygedra het. Marais (2005:149) postuleer: "Joan Hambidge is in die Afrikaanse literatuur as digter, romanskrywer, letterkundige, akademikus en polemikus bekend, en het die wêreld van die akademie en skeppende skryfwerk bevrugterend op mekaar laat inwerk." Marias (2005:149) gaan voort "Sy ontlok uiteenlopende en skerp menings" kan as 'n samevatting gesien word waarom Hambidge juis as ondersoeksubjek gekies is.

Snyman (2011:503) se aanhaling van Anne Sexton (wat Hambidge self in *Die verlore simbool*, 1991, gebruik) plaas Hambidge se werk binne konteks, en verder, veral in die lig van hierdie studie, verduidelik dit waarom Hambidge so 'n gepaste ondersoeksubjek is: "My business is words. Words are like labels, or coins, or better, like swarming bees".

Wanneer na 'n idiolek, oor die grense van genres, gekyk word, is Hambidge 'n ondersoeksubjek met baie potensiaal. Juis aangesien sy sonder skroom haar mening lug en skryf soos sy wil, hetsy letterkundig of akademies, kan haar tekste as data beskou word wat verwerk kan word om te bepaal of 'n idiolek wel sigbaar is ten spyte van die grense van genres.

Om Hambidge se skryfwyse binne konteks te plaas, is dit egter ook belangrik om na verskillende letterkundige benaderings ondersoek in te stel om sodoende te bepaal hoe sy skryf, en wat nog moontlike invloede op haar idiolek kan hê. Volgens Mudzanani (1990:120) begin Hambidge se werk by, en bevraagteken dit, die tradisionele teksopvatting se bevestiging van een sentrale betekenis wat in die formele strukture van die teks herwin moet word. Vir Hambidge is die literêre teks 'n artefak wat eers bestaansreg kry wanneer die leser deur die leesaksie dit verander tot 'n estetiese objek (vgl. Mudzanani, 1990:120). Mudzanani (1990:123) beweer ook dan dat Hambidge die bondige verhouding tussen teorie en die kritiese praktyk daarvan bepleit en dat die teks

as 'n komplekse gebeurtenis voorgestel moet word. Vir Hambidge is lees, net soos skryf, allermens 'n onskuldige handeling (vgl. Viljoen, 1995).

Daar word kortliks na die literêre benadering tot idiolekte ondersoek ingestel, om eerstens 'n agtergrond te skep en tweedens literêre benaderings en teorie waarmee Hambidge werk, te beskryf.

2.6 Literêre benaderings tot idiolekte

Aangesien Hambidge oor so 'n omvattende oeuvre¹⁷ beskik, is dit van belang om ook na die letterkundige benaderings ondersoek in te stel om sodoende te verstaan vanuit watter agtergrond dié skrywer werk. Die wyse waarop 'n skrywer tekste benader, dra by tot die boodskap en die wyse waarop die boodskap oorgedra word en het dus 'n invloed op die individu se idiolek. 'n Oorsigtelike beskrywing sal nou gegee word van die herkoms van Afrikaanse letterkunde alvorens daar spesifiek gefokus sal word op benaderings en literêre strominge wat nie net in die werke van Hambidge sigbaar is nie, maar waaroor sy ook self skryf.

2.6.1 Letterkundige agtergrond en konteks

Volgens Cloete *et al.* (1985:10) is dit onmoontlik om 'n enkele definisie aan die term *literatuur* te gee, aangesien die konsep voortdurend verander. Tekste wat eers nie as literatuur gesien is nie, word later wel as sodanig erken. Literêre vorme en norme ontwikkel voortdurend, en skrywers poog om by die lesers se verwagtingshorison aan te pas, uit te daag en te verbreed. Literatuur is dus (Cloete *et al.*, 1985:10) hoofsaaklik 'n stel literêre konvensies wat in 'n bepaalde tyd deur 'n bepaalde kulturele groepering herken en aanvaar word. Cloete *et al.* (1985:10) beweer dat, volgens die funksionele uitgangspunt, daar veralgemenend gestel kan word dat literatuur gewoonlik tekste is wat binne 'n bepaalde kultuur 'n estetiese funksie vervul. Verder is literatuur voortdurend in wisselwerking met ander sisteme, i.e. sosiaal, polities en religieus.

Die ontstaan van die Afrikaanse letterkunde kan (Nienaber *et al.* 1941:26) na Nederlands teruggevoer word. Volgens Nienaber *et al.* (1941:26) word die gedig, "*Lied ter Ere van de Swellendamsche en Diverse Andere Helden bij de bloedige Actie aan*

¹⁷ Sien 2.3 (Oeuvre)

Muisenberg in dato 7 Aug. 1795” (*Hollandsch Zuid-Afrika 15 Aug. 1920*), gesien as ’n verafrikaanste vorm van Nederlands. Nienaber *et al.* (1941:17) beweer ook dat name soos Boniface, De Lima en Changuion nie buite rekening gelaat kan word wanneer daar ondersoek na die ontstaan van Afrikaanse letterkunde gedoen word nie. Ander sien Jan van Riebeeck se dagboek, *Die Dagregister van Jan van Riebeeck* (Outobiografie¹⁸), as die begin van ’n verafrikaanste dialek van Nederlands, en dus ook as Afrikaanse letterkunde (Nienaber *et al.*, 1941:17).

In 1750, ongeveer ’n eeu na Van Riebeeck se aankoms in die Kaap, het Afrikaans sodanig ontwikkel dat dit as ’n aparte taal gesien kon word. Dit was egter eers in 1861 dat die eerste Afrikaanse digbundel verskyn het. Publikasies wat daardie datum voorafgaan, was aanvanklik nie geskep met die oog op publikasie nie. Met die ontstaan van die Genootskap van Regte Afrikaners (1875) het die besef van die belang van “’n eie orgaan” tot die taalbewustes deurgedring.

Wanneer die ontstaan van Afrikaans ondersoek word, kan die invloed van swart en bruin individue nie buite rekening gelaat word nie. Van Riebeeck het slawe ingevoer om die tekort aan arbeid te verlig (Stell, 2007:91). Slawe (veral vanaf Madagaskar en Batavia) sowel as die inheemse groepe soos die Khoi-San moes ’n wyse vind om met die Nederlanders te kommunikeer, en so het ’n *lingua franca* ontstaan (Gilliomée, 2003:4). Gilliomée (2003:4) gaan voort deur te postuleer dat die Maleis-Portugese invloed ook ondersoek moet word. So kan die woord *baie* as ’n leenwoord van die woord *bajna* beskou word. Gilliomée (2003:5) stel dat die afstammeling van hierdie slawe die eerstes was om Afrikaans as ’n gedrukte medium aan te wend. In 1840 is die eerste Afrikaanse boek (in Arabiese skrif) gedruk en is dit in Moslemse skole in die Kaap gebruik. Gilliomée (2003:5) sluit af deur by die bostaande aan te sluit dat Afrikaans teen die 1850’s as die voertaal vir godsdienstige onderrig in Moslemskole aan die Kaap gebruik is. Gedurende die volgende paar eeue het Afrikaans as ’n taal gegroei en het die letterkunde dan ook as sodanig gegroei en ontwikkel. Die ontwikkeling en erkenning van Afrikaans was nie ’n maklike proses nie, en ’n faktor wat nie buite rekening gelaat kan word nie, is die wyse waarop Afrikaners graag van mekaar verskil. Vanuit die bronne geraadpleeg met die skryf van hierdie afdeling, het dit dan ook

¹⁸ ’n Outobiografie verwys na ’n lewensbeskrywing van ’n mens deur homself. Dit word nie altyd as ’n betroubare bron gesien nie en behoort tot die betekenis- of belydenisliteratuur. Die dagboek word as ’n subgenre van die outobiografie beskou. In hierdie subgenre val die klem op die persoon se persoonlike indrukke (Bisschoff, 1992:361).

duidelik geblyk dat daar verskillende opinies rakende die ontstaan en ontwikkeling van die Afrikaanse letterkunde, sowel as die voorstelling daarvan, bestaan.

Van Coller (2004:4) gaan van die veronderstelling uit dat kanons direk deur politieke gebeure geraak word, en selfs 'n politieke instrument kan wees. Verder voer hy ook aan dat hekwagters (soos resensente, literêre essayiste en kritici) 'n sentrale rol in die kanoniseringsproses sowel as die roem van 'n meesterwerk speel. 'n Bestendige kanon beteken vir uitgewers die voortdurende herdruk van boeke (selfs die moontlikheid om "klassieke reekse" die lig te laat sien). Literatuurhistorici is berug daarvoor dat hulle die oordele van vorige kritici en literatuurhistorici bestendig en selfs bykans woordeliks oorneem (Van Coller, 2004:5). Dit wys dus daarop dat die boeke wat deur die kritici aanbeveel word, nie noodwendig die enigste belangrike boeke is nie, maar dat dit die aanbevole boeke is (soos deur die belangrike kritici van die tyd geïdentifiseer).

G Dekker, PJ Nienaber, JC Kannemeyer, Ampie Coetzee en HP van Coller (om net 'n paar te noem) hou elk op hul eie unieke manier die geskiedenis van die Afrikaanse letterkunde voor. Van Coller beweer dat baie Afrikaanse letterkundiges dikwels uit eie belang optree. Daardeur beweer hy dat die letterkundiges dit wat hulle as belangrik beskou, probeer bevorder en nie altyd objektief optree nie. Hugo (in 'n artikel deur Hambidge, 2007) sluit by die bogenoemde aan deur te argumenteer dat Kannemeyer se oorsig oor die hedendaagse digkuns te min literatuurgeskiedskrywing en te veel persoonlike opinie bevat. Kannemeyer het volgens Hugo gevorder van 'n verantwoordelike geskiedskrywer tot amorfie kritikus. Om die geskiedenis van die Afrikaanse letterkunde in perspektief te beskou, moet 'n oorkoepelende letterkundebeskouing in ag geneem word. Verskuiwings in literêre oordeel moet ondersoek word, en nie net soos aangetoon deur een outeur nie, maar as geheel. Die opinie van verskeie kritici (dus nie 'n monologiese opinie nie) is bruikbaar, juis omdat verskillende literatuursienings hul onderlê en verskeie literatore se sienings deur so 'n tipe ondersoek weerspieël word.

Van Coller en Odendal (2003a:17) sluit by die bostaande aan wanneer daar aangevoer word dat daar nie een korrekte omskrywing van literatuur kan wees nie, en "dat 'n literaturoorsig bloot 'n voorkeur uitspreek vir die siening wat hom of haar die meeste aanspreek". Van Coller en Odendal (2003a:17) wys ook daarop dat enige literatuergeïnteresseerde persoon rekening sal moet hou met die evolusie van

literatuursienings en met die heersende literatuurwetenskaplike paradigma; ook die kanon en die literatuursienings waarop dit gebaseer is.

Dit sou dus moontlik wees om 'n uitgebreide verduideliking te probeer verskaf van die Afrikaanse literatuurgeskiedenis (sowel as van die belangrike tekste en skrywers wat 'n bydrae tot die ontwikkeling van Afrikaans gelewer het), maar dit blyk duidelik dat so 'n voorstelling eenvoudig nie objektief sou wees nie. Daar is soveel verskillende tekste wat 'n bepalende invloed op 'n groep skrywers, of selfs net op 'n individu, kan hê. Wat wel duidelik blyk, is dat daar verskeie tydperke in die Afrikaanse literatuurgeskiedenis is wat as keerpunte gesien kan word. Die Dertigers, Veertigers en die Sestigters was almal groepe skrywers wat polemiese standpunte ingeneem het, en as groepe op herkenbare wyses geskryf het.

Ongeag die bogenoemde word 1956 as die waterskeidingsjaar in Afrikaanse letterkunde beskou. Gedurende hierdie tyd het die modernistiese fase 'n aanvang in Afrikaans geneem. Skrywers het in nuwe rigtings begin eksperimenteer, en as 'n groep polemiese standpunt ingeneem teenoor persone en toestande in die literêre wêreld sowel as in die samelewing (Kannemeyer, 1983:239). Kannemeyer (1983:245) gaan voort deur te stel dat die Sestigters wegbeweeg van die tradisionele Afrikaanse motiewe en eksperimenteer met internasionalisme, sowel as nuwe strukturele-, temporele-, tipografiese- en verstegniese moontlikhede. Betrokke literatuur neem ook veral gedurende hierdie tydperk aanvang.

Dit is moontlik om op enige gegewe tydstip in die geskiedenis van Afrikaanse letterkunde 'n skrywer, of 'n groep skrywers, te identifiseer wat wegbeweeg van die norm van die tyd en wat hul tyd "vooruit" is in die wyse waarop hulle skryf, sowel as die onderwerpe wat hulle aanspreek.

Vandag gaan die stryd in die letterkunde nie soseer om die aanvaarding (hetsy polities, sosiaal, etnies of ekonomies) van 'n nasie of 'n groep nie, maar veel eerder om die aanvaarding van verskillende leefwyses en wêreldbeskouinge, sowel as die wyse waarop taal (Afrikaans) as 'n medium gebruik word om 'n bepaalde boodskap oor te dra. Soos reeds genoem,¹⁹ kan Hambidge as 'n baanbreker in die gay-letterkunde gesien word. De Wet (1990:5) stel dat Hambidge se plek in die voorste linies van die

¹⁹ Sien 2.3 (Oeuvre)

kontemporêre Afrikaanse literêre wêreld nie net te danke is aan haar vermoëns en aktiwiteite as digter, akademikus en kritikus nie, maar dat dit ook te danke is aan haar posisie as baanbreker in die Afrikaanse gay-emansipasie. Sy (vroulik) word saam met Johann de Lange (manlik), soos reeds vroeër genoem, as die wegbereiders en voorlopers van hierdie genre beskou.

Die bogenoemde afdelings het kortliks 'n oorsig van die Afrikaanse letterkunde gegee. Daar is ook bepaal hoe die moderne letterkunde verskil van die vorige eeu se werk, en hoe Hambidge in die geheelbeeld inpas. Die teoretiese benaderings tot die letterkunde word nou verder ondersoek. Die doel hiervan is om meer lig op Hambidge se werk, en die wyse waarop sy skryf, te werp. Deur die benaderings tot letterkunde te beskou, sal daar later (Hoofstuk 5) beter onderskeid tussen die verskillende genres, sowel as die idiolek van Hambidge, getref kan word. Ten slotte sal daar dan 'n ondersoek na die idiolek van Joan Hambidge oor die grense van genres voltooi kan word.

In die ontwikkeling van die Afrikaanse letterkunde is daar verskeie benaderings en teorieë wat van belang is. Skrywers gebruik kenmerkende benaderings in hul werke, en so kan sekere teorieë ook aan 'n sekere genre verbind word. So is daar vaste patrone waarvolgens gedigte of romans geskryf word. Hambidge maak egter van verskillende benaderings en teorieë in haar tekste (ongeach die genre) gebruik, en daarom sal daar dan na Hambidge en die letterkunde verwys word.

2.7 Hambidge en letterkunde

In die afdeling rakende die geskiedenis van Afrikaanse letterkunde is dit duidelik dat daar verskeie menings is rakende die belangrikste literêre tekste in die geskiedenis van Afrikaans. Daar is ongetwyfeld verskillende benaderings en teorieë wat in skrywers se tekste neerslag vind. Met die ontwikkeling van taal is dit ook dan vanselfsprekend dat daar nuwe invloede en nuwe wyses sal wees om 'n teks aan te bied.

Hambidge lewer 'n enorme bydrae tot verskillende genres. Sy is as ondersoeksubjek gekies aangesien sy nie net verskeie genres beoefen nie, maar ook aangesien sy so 'n omstrede skrywer is. Deur ondersoek na haar tekste in te stel, sal bepaal kan word of daar wel 'n verskil in die idiolek is soos dit in die onderskeie genres voorkom.

Joan Hambidge is daarvoor bekend dat sy baie vinnig 'n omvattende oeuvre opgebou het (Fourie, 2009:60). Nie net skryf Hambidge self oor die volgende benaderings tot die letterkunde en literêre teorie nie, maar dit kan ook in haar tekste waargeneem word. Aangesien hierdie teorie en benaderings so duidelik in haar tekste figureer, is dit belangrik om ondersoek na postmodernisme, psigoanalise, feminisme, queer-teorie en poëtika in te stel.

Die bogenoemde (postmodernisme, psigoanalise, feminisme, queer-teorie en poëtika) is gekies omrede dit nie net as onderwerpe vir haar akademiese skrywes dien nie, maar aangesien dit ook soos 'n web deur haar kreatiewe tekste, resensies en artikels vervleg word.

2.7.1 Postmodernisme

Hambidge publiseer in 1995 'n boek getiteld *Postmodernisme*. Hierdeur beklemtoon sy haar belangstelling in die postmodernisme, sowel as die postmodernistiese ondertoon in haar tekste. Dit is dus belangrik om die benaderings en teorieë wat neerslag vind in Hambidge se tekste te verstaan. Om sodoende ten slotte die idiolek eie aan hierdie individu te identifiseer, is 'n samevattende beskrywing van postmodernisme noodsaaklik.

Hambidge (1995:9) is van mening dat postmodernisme 'n modewoord van ons tyd is. Volgens Müller (1991:397) het die term postmodernisme na die Tweede Wêreldoorlog ontstaan en kan dit as 'n nuwe rigting in die kunste en letterkunde beskryf word. Müller (1991:397) gaan voort deur te stel dat postmodernisme nie 'n absolute wegbeweeg van modernisme is nie. Müller (1991:398) beskryf drie temas van postmodernisme:

1. **Wantroue teenoor meestervertellings:** Die postmodernis is skepties teenoor die oplegging van enige orde op die wêreld, en gee voorkeur aan kontradiksie, onsamehangendheid, toeval, permutasie, enumerasie en 'n heterogeniteit van style wat uit verskillende genres en periodes geneem word.
2. **Fiksionalisering van die realiteit:** In hierdie opsig verskil postmodernisme aansienlik van realisme. Postmodernisme is skepties teenoor die bestaan van 'n realiteit, en daarom word eie wêrelde geskep. Die skeidslyn tussen werklikheid en illusie, droom en fantasie vervaag.

3. **Die omarming van massakultuur:** Hier poog die postmoderniste om die massakultuur in te sluit; dus word 'n skeppende verhouding tussen die populêre genres en kultuur en die skryfstyl gevind.

Hambidge onderskei tussen ses sentrale konsepte in postmodernisme (vgl. Hambidge, 1995:10-31), naamlik:

1. **Analities-referensiële diskoers:** Ontken enige vorm van objektiwiteit.
2. **Selfrepresentasie:** Bring die vraagstuk rakende die realiteit en die droom na die voorgrond.
3. **Dekonstruksie²⁰:** Die verbintenis tussen dekonstruksie en postmodernisme kan toegeskryf word aan die feit dat postmodernisme die bekende hiërargieë bevraagteken. Verder moet daar klem gelê word op die feit dat dekonstruksie op die aanpaksels in taal, sowel as die feit dat die mens se begrip van die wêreld talig is, fokus. Dus redeneer Hambidge (1995:12) dat, as die instrument tot begrip (taal) reeds deur woorde se geskiedenisverskuiwing óf misverstande aangetas is, dit vanself spreek dat 'n enkelvoudige, enkellynige begrip van die werklikheid/wêreld 'n saak van onmoontlikheid is. Postmodernisme veronderstel 'n dialektiese verhouding tussen die teks en werklikheid – die leser kan alleen die gebrokenheid van 'n teks begryp omdat die werklikheid gebroke is. Is die werklikheid gebroke omdat ervarings van betekenis onvoltooid is, of is die literêre teks nie finaal nie, omdat die werklikheid so gebroke is?
4. **Enunsiasie/diskursiewe situasie:** Die postmodernistiese teks bevraagteken die outoriteit van die skrywer, en Hambidge (1995:13) skryf dat die teks slegs

²⁰ Dekonstruksie kan volgens Hambidge (1991b: 67-69) nie as 'n metode of 'n "skool" gedefinieer word nie, en omdat daar soveel uiteenlopende denkers (onder andere; Derrida, Nietzsche, Freud, Heidegger, Barthes, Young, De Man, Hillis Miller, Bloom, Hartman en Johnson) onder die term saamgesnoer word, kan daar slegs 'n afleiding gemaak word, dat al wat hulle in gemeen het die skeptisisme teenoor verburgerliking van idees, 'n kritiek op die aannames en toepassings van die strukturalisme en semiotiek is. Deur hierdie benadering te volg, word elke konsep/begrip teen homself gedraai. Dekonstruksie herdefinieer en bevraagteken die manier van dink. Die teks word nie as 'n entiteit wat met die waarheid of betekenis bekleed is gesien nie. Betekenis is arbitrêr. Tekste is nie logies, kronologies of ooit afgehandel nie (vgl. Hambidge, 1995:12). Dus word die leser gekonfronteer deur 'n teks waar die betekenis kan verander soos die leser se verwysingsraamwerk groei/verander. Hierdie benadering gee groter vryheid aan die leser wat 'n medeskrywer van die teks word, en basies die aanwesigheid van die skrywer ontken (vgl. Hambidge, 1991b: 69).

betekenis kry wanneer die leser betekenis daaraan heg. Dus word die konsep dat die kunstenaar (skrywer) as die oorspronklike of die enigste plek van oorspronklike, finale óf outoritêre betekenis beskou kan word, nie meer aanvaar nie. Die lesers kan dus die teks interpreteer soos hulle wil.

5. **Outentisiteit:** Hier staan die fiktiewe teenoor die outentisiteit. Deur die werklikheid, of die geskiedenis, te verliteratuur, word daar vrae gevra oor die werklikheid en die geskiedenis. Postmodernistiese literatuur konfronteer die leser derhalwe met probleme rakende outentisiteit en referensialiteit. Die teks is nie die werklikheid nie, dit verwys nie enkellynig na die werklikheid nie, maar veel eerder na ander tekstualiteite. Dus word die outentisiteit vernietig deur die selfreflektiewe, selfbewuste aard van die postmodernistiese teks, maar terselfdertyd ondermyn die samehang en binding van dié teks ook die outentisiteit.
6. **Parodie:** Dit word as seker die belangrikste uitvloeisel van postmodernisme gesien, en kan kortliks opgesom word deur te sê dat die belangrikheid van 'n oorspronklike/bestaande werk juis beklemtoon word wanneer die spot daarmee gedryf word. Verder sluit parodie al die bogenoemde konsepte van postmodernisme in, aangesien dit die romantiese estetika van oorspronklikheid en individualiteit dekonstrueer.

Die postmodernisme werp alle leesverwagtinge omver, en gee sodoende op 'n fiksionele wyse vergestaltung aan dit wat begryp word. Die lesers vra hulself af, wat beteken die wêreld, watter wêreld word bedoel, en watter deel van myself moet betekenis aan die teks of die wêreld gee. Die teenstrydigheid van die tekste, tesame met die parodie, maak dat die werklikheid bevraagteken word, en die leser moet self besluit oor hoe die teks geïnterpreteer word. Vanweë laasgenoemde feit, is kennis van die self, en wat vir die leser as individu belangrik is om as mens te funksioneer en wat die individu se wêreldbeskouing pas, nodig.

Die bogenoemde stelling sluit dus tot 'n mate by Hambridge se eie beskouinge aan: die soeke na en ontdekking van die self, om te weet wie jy as individu is, en om daarvolgens op te tree. In talle van haar tekste word geskryf oor die skryfproses, sowel


as die rol van die leser in die verstaanproses. Die leser en die leser se interpretasie van die teks is faktore wat in Hambidge se romans figureer.

Die voorafgaande stelling lei my na die volgende benadering tot letterkunde wat in die studie rakende Joan Hambidge se idiolek oor die grense van genres van belang is, naamlik psigoanalise.

2.7.2 Psigoanalise

Sigmund Freud het die term Psigoanalise vir die eerste keer in 1896 gebruik om 'n nuwe soort terapie te beskryf, waar dit wat na die onderbewuste uitgestoot is, openbaar gemaak word, en dit wat bewus verwerp is, onder woorde gebring moes word (vgl. Gräbe, 1995:135). Gräbe (1995:135) is verder van mening dat, deur die verband tussen die psigiater (Freud) se bevindinge en die letterkunde duidelik te stel, psigoanalise die sleutel tot 'n ingeligte interpretasie van literêre tekste kan verskaf. Ook in die tekste van Hambidge speel psigoanalise 'n belangrike rol. Nie net is daar konstante verwysings na Freud en Lacan nie, maar Hambidge skryf self ook oor die psigoanalise.

Freud se bekendste model van die psige is die voorstelling dat die psige 'n ruimte is wat in verskillende subsysteme verdeel is (Van der Merwe en Viljoen, 1998:172).



Figuur 1: Eie voorstelling van die verdeling van die psige se subsysteme deur Freud (teks geneem uit Van der Merwe et al. 1998:173).

Die id en die superego is die twee uiterstes; die een die instinktiewe biologiese drange (id), die ander die beliggaming van die waardes waarbinne die individu opgevoed word (superego). Soos sigbaar vanuit Figuur 1, is die ego tussen die twee uiterstes, wat die instinktiewe, onderbewuste drange van die id met die waardes waarvolgens die individu grootgemaak is probeer versoen, en wat deur die superego vergestalt word (vgl. Van der Merwe & Viljoen, 1998:173). Die verbode drange van die id wil vry kom, maar as gevolg van die dwang van die superego kan dit net in drome gebeur.

Alhoewel Freud as die vader van die benadering beskou word, kan die werk van Lacan en Jung nie buite rekening gelaat word nie. Die Ander verteenwoordig die onbewuste, dus soortgelyk aan die id. Die Ander is die mense met wie die individu (subjek) in aanraking kom en wat 'n invloed op die persoon se denkwyse en morele waardes het. Volgens Van der Merwe en Viljoen (1998:175) verwys die anima na die onderdrukte vroulike deel van die manlike psige, terwyl die animus na die onderdrukte manlike deel van die vroulike psige verwys. Verder word daar ook aangevoer (vgl. Van der Merwe & Viljoen, 1998:175) dat die man op soek is na 'n anima op wie hy sy onderdrukte vroulikheid kan projekteer, en met wie hy hom kan vereenselwig, tot heelwording van die psige. Die vrou is dus dan op soek na die animus.

Lacan (Hambidge, 1989:9) se bydrae is van belang as gevolg van die gebruik van strukturalisme²¹, tesame met die toepassing van die linguistiek en antropologie. Hambidge (1989:9) verwys veral na die beklemtoning van taal as een van die belangrikste aspekte van psigoanalise. De Saussure²² onderskei volgens Venter (1991a:510) tussen die konvensies wat die taalgebruik beheer (*taalsisteem*) en die individuele uiting van die taalgebruiker (*spraak*). Die posisie op 'n gegewe oomblik vorm die sinchroniese samehang van die elemente in die sisteem, en die opeenvolgende posisies vorm die diakroniese samehang. Die bogenoemde gee aanleiding tot die ontstaan van die individuele taalsisteem (idialek).

Taal kan tot 'n mate as die onbewuste medium gesien word, eie aan die individu (idialek) waardeur die superego se drange en behoeftes kan figureer. Daar word dus deur die onbewuste konstruksie van taal uiting gegee aan die superego. Jung

²¹ Hierdie denkwyse het ontstaan vanuit 'n model soos voorgestel deur Ferdinand de Saussure. Taal is volgens Venter (1991a:510) vir De Saussure 'n tekensisteem waarin die dele onderling met mekaar en met die dele van die geheel saamhang.

²² Sien ook 3.4.1: De Saussure en taalkunde.

(Hambidge, 1989:98) argumenteer dat elke individu uniek en ook die enigste realiteit is. Hambidge (1989:100) stel dit ook duidelik dat Jung van mening was dat die simbool altyd meer verteenwoordig as waarvoor dit staan, terwyl die teken altyd minder is as wat dit verteenwoordig.

Die afleiding wat vanuit die psigoanalitiese benadering gemaak kan word, is dat elke individu oor 'n onderdrukte psige beskik. Hierdie onderbewussyn kan tot uiting kom in drome, optredes, of deur die onbewuste gebruik van 'n taalsisteem. Wat egter belangrik is om in gedagte te hou, is dat hierdie onderbewussyn ook kan figureer in die wyse waarop 'n gegewe tekensisteem geïnterpreteer word.

2.7.3 Feminisme

“One is not born a woman, one becomes a woman.”

Simone de Beauvoir (1949)

Word vroue deur die persepsie van hul onmiddellike omgewing vervorm tot iets wat sosiaal aanvaarbaar is? Hierdie siening kon moontlik jare gelede 'n invloed op die wyse waarop vroue in die samelewing beoordeel is, gehad het, en tot 'n sekere mate is daar vandag steeds sienswyses waar die vrou as die mindere geag word. Tog is daar 'n lang geskiedenis verbonde aan die “opstand” en gelykstelling van die vrou. Alhoewel daar nog definitiewe rolle aan geslagte gekoppel word, is die vrou (Westerse) vry om te wees wie en wat sy wil. Daar is kulture waarin die vrou 'n duidelik uiteengesette rol het wat sy moet vervul, en reëls wat sy moet nakom. Hierdie is egter nie 'n studie waar die vrou se rol in verskillende kulture ondersoek word nie; feminisme word ondersoek om die idiolek van Joan Hambidge oor die grense van genres te bepaal.

2.7.3.1 Agtergrond

Die geskiedenis van feminisme neem 'n aanvang met die feministiese beweging, waardeur vroulike denkers hul stem laat hoor het. Daar is verskeie doelwitte en redes vir hierdie bewegings, maar die kruks van die beweging was om die vrou 'n regmatige plek in die wêreld te gee. McCann en Kim (2010:1) definieer *feminisme* as 'n term wat in die eenvoudigste vorm beskryf kan word as 'n vorm van politieke aktivisme deur vroue om die belang van die vrou te beskerm. De Jong (1991:123) sluit hierby aan deur feminisme as 'n praktyk en teorie te definieer wat gesentreer is in en gemik is op die

erkenning van die onderdrukte posisie van die vrou en die herstel van haar regte op alle ekonomiese, politiese en kulturele terreine.

Feminisme het in Frankryk en Nederland rondom die 1870's, in Brittanje in 1890's en in VSA gedurende die 1910's begin. Die *UK Daily News* het in 1895 'n berig oor hierdie nuwe beweging gepubliseer en het dit as gevaarlik beskou (vgl. Eisenberg en Rutthsdotter, 1998). Tog was die kern van hierdie beweging gesetel in die gelykstelling van geslagte.

Gedurende die negentiende eeu was die Victoriaanse beeld van die vrou as die norm aanvaar, maar skrywers soos Jane Austen, Charlotte Brontë, Anne Brontë, Elizabeth Gaskell en George Elliot het die vrou se onderdrukking deur letterkunde uitgebeeld. Rampton (2008) voeg hierby dat Fanny Fern, 'n Amerikaanse joernalis, in die outobiografiese roman, *Ruth Hall* (1854), haar stryd om oorlewing in 'n manlik-gesentreerde wêreld na haar man se vroeë dood uitgebeeld het. Daar was ook manlike skrywers wat die vrou se ondergeskikte en onderdrukkende rol in die samelewing raakgesien het, en daaroor geskryf het. George Meredith, George Gissing en Thomas Hardy het romans geskryf waarin die onreg wat teenoor vroue gepleeg is, uitgebeeld word. Gedurende die negentiende eeu was die hoofdoel van die beweging egter net om die wêreld van die situasie bewus te maak. Marion Reid het in 1843 'n boek, *A plea for woman*, gepubliseer wat daartoe gelei het dat die bewustheid rakende vroueregte wêreldwyd gegroei het (Rampton, 2008).

2.7.3.2 Die drie fases van feminisme

Feminisme kan in drie fases verdeel word; die eerste fase van feminisme het in die negentiende eeu begin. Tog kan die beginsel van die voorkoms van feminisme reeds baie vroeër in die geskiedenis van die wêreld gesien word. In die sesde eeu vC was daar 'n aantal vroulike skrywers in Griekeland wat meisieskole begin het (vgl. Nair, 2006).

Gedurende die sewentiende eeu het die skryfwerk van vroue 'n groot rol in die slawerebellie in Wes-Indië gespeel. In die agtiende eeu het vroue ook 'n bydrae tot die Franse Revolusie gelewer. Gedurende hierdie tyd het vroue hulself laat uitstaan deur propaganda te versprei dat alle vroue vry gebore word en dat hulle dieselfde regte as mans moet hê. Gedurende die laat agtiende eeu is alle regte vir vroue egter geboikot,

en is die man as die heerser herstel. Die vrou is weereens na huishoudelike aktiwiteite teruggedwing (vgl. Nair, 2006).

2.7.3.2.1 Liberale fase

Die eerste feministiese (liberale fase) beweging vind gedurende die laat negentiende en vroeë twintigste eeu plaas (Rampton, 2008). Hierdie beweging het daarop gefokus om vroue die reg tot opvoeding, beter werksomstandighede en die afstelling van dubbelstandaarde as gevolg van geslag, te gee. Na die Eerste Wêreldoorlog was daar 'n aanvraag na werkers gewees, en vroue het hierdie kans gebruik om hul nut buite die huis te toon. Gedurende die tydperk tussen die twee oorloë het Virginia Woolf en Rebecca West die media en letterkunde gebruik om die soeke na demokrasie vir vroue verder aan te vuur.

Gedurende die Tweede Wêreldoorlog moes vroue nie net na die huis omsien nie, maar het baie van dié vroue ook 'n werk in die oorlogsindustrie gehad. Deur dié proses is die nut van die vrou buite die huis bevorder, en verskeie geleenthede vir die vrou geskep (Rampton, 2008).

2.7.3.2.2 Radikale fase

Die tweede feministiese fase (radikale fase) het in die 1960's begin en gestrek tot die laat 1980's. Gedurende hierdie fase is die ongeregtighede op 'n kulturele en politiese vlak ondersoek. Hierdie beweging het in Amerika 'n aanvang geneem, en soos 'n veldbrand deur die wêreld versprei. Kulturele en sosiale afhanklikheid was baie belangrik, en daar is op kwessies soos vroueregte, kindersorg, gesondheid, welsyn, opvoeding, werksregte en veral die kwelpunte van aborsie gefokus.

Die tweede fase van feminisme het die stereotiperende opvattinge dat 'n vrou net 'n huisvrou kan wees, teëgegaan. Dit het ook gepoog om gelykheid tussen geslagte, veral in die werksplek, te inkorporeer (Goodman, 2003:7).

2.7.3.2.3 Postmoderne feminisme

Die derde fase van feminisme (postmoderne feminisme) het in die laat 1990's 'n aanvang geneem. Hierdie fase fokus op dit wat sommige meen die tekortkominge van die tweede fase van feminisme was. Gedurende hierdie fase word die klem gelê op

veral ras, geslag en feminisme. Veral sosiale en kulturele opvattinge word in hierdie fase aangespreek (vgl. Nair, 2006).

2.7.3.3 Feminisme in Suid-Afrika

Die opgeskrewe geskiedenis van feminisme in Suid-Afrika kan na 1652 teruggevoer word. Volgens Giliomee (2010) het Afrikaanse vroue tydens die burgeropstand in 1706 tot 1707 teen Willem Adriaan van der Stel hulself as net so gevaarlik as die mans bewys, en verder het die Suid-Afrikaanse vroue hulle glad nie aan die norme van die samelewing gesteur dat 'n vrou nie in die politiek betrokke mag wees nie. Giliomee (2010) gaan voort deur te sê dat die Kaapse vroue nie as dissipels van Mary Wollstonecraft²³ gesien kan word nie, maar eerder as die model vir Wollstonecraft se denkwysse.

Susanna Smit stel die onafhanklikheid en die bevrydende denkwysse van die Suid-Afrikaanse vrou goed ten toon in haar bekende uitlating om nie aan die Britse gesag onderwerp te word nie, “om kaalvoet oor die Drakensberge te loop om in Vryheid te sterf, aangesien dood kosbaarder as die verlies van Vryheid is.” (vgl. Giliomee, 2010).

In 1890 het Olive Schreiner (skrywer van *The story of an African farm* en 'n gerekende feminis) gesê dat die Suid-Afrikaanse, plattelandse boervrou, reeds bereik het waarna die vrouebeweging in Engeland streef, om gelyk met haar man te staan (vgl. Giliomee, 2010).

Schreiner is in 1855 in Suid-Afrika gebore, en het beroemdheid verwerf met die boek *The story of an African farm* (1883), die eerste Suid-Afrikaanse roman, sowel as *Woman and labour* (1911). Sy was egter ook 'n uitgesproke feminis, sosialis en 'n kritikus van die Europese Imperialisme. Schreiner is die negende van twaalf kinders, en was self-opgevoed. Vroeë invloede op haar denkwysse was Herbert Spencer, Stuart Mill en Charles Darwin (Boddy-Evans, 2012). Op die ouderdom van vyftien het Schreiner haar familie se geloof verwerp. Sy het ook nie die stereotipiese geslagsrolle wat aan mans en vroue toegeken is, aanvaar nie. Schreiner se invloed op die feministiese beweging kan nie buite rekening gelaat word nie. Met die publikasie van *The story of an African farm* (1883) het sy 'n radikale standpunt as feminis ingeneem, en was sy as

²³ 'n Feministiese skrywer en kampvegter vir die regte van vroue in die 1800's en ook die outeur van *A Vindication of the Rights of Woman* (Anon, 2011).

invloedryk vir die radikale vrouedenkers van die tyd gesien. Wanneer daar na Schreiner se lewe en werke as geheel gekyk word, blyk dit duidelik dat sy haar tyd vooruit was, en dat haar denkwysse 'n sterk feministiese inslag getoon het (vgl. Burdett, 2001).

Gedurende die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) het die boervrou die wêreld verbaas deur saam met die mans as bittereinders in die stryd vir vryheid te volhard, ten spyte van haglike omstandighede, swaarkry en lyding in Britse konsentrasiekampe. Vroue soos Johanna Brandt het 'n groot bydrae tot die oorlog en die ontwikkeling van die vrou se intellektuele denkwysse gelewer. Johanna Brandt word beskryf as 'n eksentriese karakter wat as 'n verpleegster en 'n spioen tydens die Anglo-Boereoorlog gedien het, en na die oorlog as skrywer van oorlogstories en ervarings roem verwerf het (Grobler, 2007). Grobler (2007) gaan voort deur te beweer dat Brandt later in haar lewe veral op holistiese genesing, die mistieke en feminisme gefokus het. Brandt het dus, soos Schreiner, die vrou as intellektuele individu bevestig.

Die Romeins-Hollandse reg het ook 'n groot invloed op die denkwysse van Suid-Afrikaanse vroue gehad. Waar ander lande vroue verbied het om enige grond te besit, en waar dogters nie in die testament erken is nie, kon die Suid-Afrikaanse vrou na haar man se dood die eienaar van sy nalatenskap word. Vroue het die reg gehad om grond en slawe te besit sowel as om 'n onderneming te bestuur (vgl. Giliomee, 2010). De Jong (1991:127) sê dan ook dat die opkoms van die feministiese bewussyn in Suid-Afrika duidelik sigbaar is in die verwerping van seksisme en die erkenning van vroueregte in die ANC se konsephandves van menseregte van 1990. Alhoewel die vrou steeds as die mindere in sommige kontekste geag word, is die vrou net so sterk en onafhanklik soos die man. Alhoewel die stryd om gelykheid van regte nie meer so 'n probleem is nie, moet vroue vandag steeds harder werk om nie op grond van hul geslag geoordeel te word nie.

Ook gedurende die stryd teen apartheid het vroue 'n baie belangrike rol gespeel. Volgens die webblad van die ANC (Reddy, 1987) het vroue nie net gehelp om die onregte van apartheid teen te werk nie, maar hulle het ook vir die regte van vroue opgestaan. So is baie vroue in die veldtog (1952) teen onregverdigde wette (Campaign of Defiance Against Unjust Laws) in hegtenis geneem. In 1954 is die FSAW (Federation of South African Women) gevorm. Die doel van hierdie organisasie was om demokrasie te verseker, apartheid te beëindig en ook om 'n meerrassige vroueorganisasie te vestig

wat die regte van alle vroue beskerm. Dit blyk dus duidelik dat vroue 'n kardinale rol gespeel het in die bevrydingsbeweging en dat hulle na politiese en geslagsgelykheid gestreef het.

2.7.3.4 Feminisme en taal

De Jong (1991:126) beweer dat letterkunde as 'n androgene entiteit beskou moet word, maar dat juis hierdie siening as antifeministies oorweeg kan word. In feministiese linguïstiek word seksistiese taalgebruik ontleed (vgl. De Jong, 1991:127). In hierdie benadering word daar vanuit 'n anti-chauvinistiese, ideologies-kritiese feministiese hoek na die grammatikale en sosiale regverdigbaarheid van die konvensies in taal gekyk. Hierdeur word daar beweer dat taal diskriminerend voorkeur gee aan die manlike voornaamwoord, die manlike verwysing na die Opperwese en die wyse waarop 'n vrou benoem word ten opsigte van haar verhouding tot die man (mevrou dominee en digteres byvoorbeeld).

Hierdie grammatikale gendersisteem kan dus tot stereotipering lei, waar die manlike as beter as die vroulike beskou word, want dit is wat die taal en die gemeenskap 'n jong spreker leer. Speer (2005:27) stel dit onomwonde dat taal die perke in ons wêreld stel, en ons realiteite beïnvloed, en taalreëls “man-gemaak” is .

Die taal wat 'n individu praat, vorm dus die wyse waarop die wêreld deur die betrokke individu gesien en ervaar word, waarna daar opgelet word en wat as belangrik beskou kan word. Dit is natuurlik om 'n verskil in die taal wat mans gebruik en die taal wat vroue gebruik, te verwag. Daar kan onderskei word tussen manlike en vroulike taal, oftewel gender en taal²⁴.

Poyton (1990:4) stel dat *gender* gesien kan word as óf manlike óf vroulike taalgebruik. Gender verwys egter nie noodwendig na die geslagte nie, maar eerder na die bestaan van 'n manlike (*masculine*) en vroulike (*feminine*) taalgebruik. Daar word volgens geslag sekere eienskappe aan onderskeidelik mans en vroue in bepaalde sosiale kontekste toegeken. Jule (2008:91) verduidelik dat hierdie geslagsrolle as vooropgestelde waardes en norme in 'n gemeenskap of sosiale sisteem aangetref word. Spesifieke rolle word aan die onderskeie geslagte toegeken.

²⁴ Sien Gender in taal (3.5.3.2)

Gedurende die tydperk waar die feministiese beweging baie prominent was, het die sosiolinguistiese studies en die belangstelling in die geslagsfunderende taalverskille nou saamgeval met die Vrouebevrydingsbeweging (vgl. Slabbert, 1993).

Die psigoanalitiese inslag tot feminisme kan nie onaangeraak bly nie (Brennam, 2002). Soos reeds genoem, kan die wyse waarop 'n individu die wêreld beskou, waargeneem word deur na die spesifieke taalgebruik op te let. Hierdeur kan die psigoanalise weereens betrek word. De Beauvoir (1949:65) is dan van mening dat die psige, soos deur Freud in die psigoanalitiese benadering uiteengesit, soos volg beskou moet word: "Woman is a female to the extent that she feels herself as such. It is not nature that defines woman; it is she who defines herself by dealing with nature on her own account in her emotional life."

Mitchell (1974:306) voer aan dat die vrou as die ander teenoor die man gesien kan word. Die bogenoemde stelling hou dan verband met die werk van Lacan²⁵, sowel as die eksistensiële vraagstuk en die gevolgtrekking dat die individu slegs waarde heg aan 'n bestaansrede wanneer aksies wat uitgevoer word 'n bepaalde effek op die individu se lewe het.

Armstrong (2006:101) is van mening dat vroueskrywers hul intellek gebruik om deur middel van nuwe, vindingryke wyses (romans en dies meer) uiting te gee aan die onreg van die posisie waarin hul geslag hulle geplaas het. Weil (2006:155) sluit ook hierby aan en verwys na die werk van De Beauvoir. De Beauvoir het gesê dat die benaming, sowel as die optrede van 'n vrou as 'n moeder die vrou juis te meer as die "ander" teenoor die man beklemtoon. Die vrou is die teenpool, dit wat die man nie kan wees nie, en word deur onderdrukking tot die "ander" omvorm, en sodoende word die vrou beroof van haar eie vermoëns. Dus is die man die "ek" en die vrou die "ander"; nie net 'n konsep wat deur die psigoanalise bestudeer kan word nie, maar ook 'n postkoloniale benadering.²⁶

²⁵ Verwys na 3.3.4.2 (Identiteit)

²⁶ Postkolonialisme verwys, volgens Van der Merwe *et al.* (1998:166), na die benaming vir kulture wat deur Westerse koloniserings beïnvloed is. Postkolonialisme is die teorie van, en kritiek op die imperiale sentrum vanuit gewese kolonies, maar veral kritiek op die kulturele hegemonie van die (gewese) imperiale moondhede, die imperiale kanon en op wat deur die imperium as kennis beskou word, die vanselfsprekende aanvaarding van die Westerse siening van wat betroubare en relevante kennis is (vgl. Van der Merwe *et al.*, 1998:168). Die postkolonialisme bevraagteken die verset, die mag aan bewind, en die invloed wat hierdie moondhede op alle lede van die samelewing het.

McCann en Kim (2010:322) sluit hierby aan deur aan te voer dat meisies van jongs af sekere rolle aanleer wat deur die samelewing as aanvaarbaar gesien word, en dat seuns moet strewen na 'n bepaalde vlak van manlikheid, soos voorgestel deur 'n abstrakte, kulturele stereotipe. Dus word seuns en meisies as die teenpole van mekaar grootgemaak, waar die manlike meer gestel is op die rasionele en die vroulike meer op die emosionele (Goodman, 2003:35).

McCann en Kim (2010:322) gaan voort deur te verduidelik dat vroue en mans grootword en persoonlikhede aanneem, soos beïnvloed deur die norme van die samelewing waarin die individue grootword en dat perke, soos deur die samelewing gestel, soms 'n invloed op die individue het, maar dat sommige wel die grense van die norme oorskry, en buite die aanvaarde "boksie" dink en leef. Woodward en Woodward (2009:115) sluit hierby aan deur die uiterlike verwagtings wat aan 'n vrou gestel word, uit te lig. 'n Vrou moet op 'n bepaalde wyse aantrek, en voldoen aan die vereistes soos deur die samelewing daargestel.

Rose (2011:336) voer aan dat die onderbewuste gereeld die leemtes of tekortkomings in 'n individu se persoonlikheid uitwys. Deur die individu se lewe word die tekortkomings telkens weer uitgewys. Dit gee aanleiding daartoe dat hierdie proses van herhaling (wat ook as 'n proses gesien kan word waardeur die individu aanpas by die omgewing en die waardes aanneem) sigbaar word in drome, ondeurdagte uitsprake en seksuele plesier (Rose, 2011:336).

Weil (2006:155-169) stel voor dat daar nie 'n absolute subjek kan bestaan nie, ook nie 'n teoretiese subjek (hetsy man of vrou) nie. Elke individu moet die meester van sy/haar eie taal en identiteit wees. Hierdie stelling sluit aan by die *écriture féminine*, waarin die vroulikheid (femininity) in die individue se skryfwerk tot stand moet word, en waardeur daar gepoog moet word om vroue aan te moedig om deel te neem aan 'n proses waardeur hul eie lewens en werke heroorweeg en van nuuts af voorgestel word (Weil, 2006:167). Die klem moet op die inhoud en die oordrag van die bedoelde boodskap val.

Die norm wat dus volgens die samelewing aanvaarbaar is, word nie meer noodwendig as die aanvaarde norm deur die individu gesien nie. Dit kan sonder omhaal verwerp word vir 'n waardesisteem waarmee die individu self meer gemaklik is. Daar kan dus na aanleiding van die bogenoemde definitief vanuit 'n feministiese oogpunt geskryf word.

So ook is dit duidelik dat 'n feministiese benadering 'n definitiewe invloed op die idiolek van 'n individu kan hê.

Na aanleiding van die postmodernistiese benadering tot letterkunde, die effek van psigoanalise, sowel as die feministiese benaderings is dit dus duidelik dat daar verskeie faktore is wat 'n effek op die taalgebruik van 'n individu kan hê. Vervolgens gaan daar ondersoek na die konsep queer-teorie ingestel word, om te bepaal of hierdie teorie, tesame met postmodernisme, psigoanalise en feminisme 'n effek op die idiolek van Joan Hambidge (soos sigbaar oor die grense van genres) kan hê.

2.7.4 Queer-teorie

Sosiolinguistiek het die afgelope jare sterk op die been gekom en die tradisionele grense van taal- en letterkunde al hoe meer beproef. Die bogenoemde stelling het veral betrekking op die mate waartoe die sosiale konteks, die invloed van mag (gesaghebbende party) beskou word, sowel as die invloed wat dit op taalgebruik het (vgl. Kock, 2008). Die aanname kan dus gemaak word dat taal deur verskeie faktore (sosiaal) beïnvloed word, en sodoende ook die idiolek²⁷. Die queer-teorie is veral in die geval van Hambidge belangrik, en 'n teorie wat beslis 'n invloed op haar taalgebruik sal hê, aangesien Hambidge self erken het dat sy die lesbiese tong in die verswêreld losgemaak het (vgl. De Lange, 2007).

Volgens Kock (2008) is dit belangrik om eers oor 'n grondige kennis van die feministiese benadering te beskik voordat daar ondersoek na die queer-teorie ingestel word, aangesien beide hierdie benaderings die uitgangspunt volg dat die samelewing 'n hiërargie van mag volg, en dat die heteroseksuele man tradisioneel as die hoof gesien word. Keating (2002) voer aan dat daar gemengde gevoelens is rakende die feit dat 'n grondige kennis van feminisme eers nodig is, voordat die queer-teorie ondersoek kan word. Gayle Rubin en Eve Kosofsky Sedgwick is volgens Keating (2002) die voorlopers in die voorbehoud teen die opvatting dat feminisme en die queer-teorie met mekaar verband hou. Feminisme is die teorie van geslagsonderdrukking, en het niks met die onderdrukking van seksuele minderheidsgroepe of homoseksuele individue te doen nie. In teenstelling met die bogenoemde hou Barbara Smit en Bonnie Zimmerman vol dat

²⁷ Sien 3.3.4.2 (Feminisme) sowel as, 3.5.3.2 (Gender as veranderlike), 3.5.3.2.1 (Homoseksualiteit) en 3.6.2 (Identiteit).

feminisme en die queer-teorie wel met mekaar verband hou en dat die gedagte aan die onderdrukking van 'n minderheidsgroep die werklike kwessie is (vgl. Keating, 2002).

Daar bestaan verskeie definisies vir die term queer-teorie. Butler, Rich en Doty is van mening dat die queer-teorie (selfs meer as queer-letterkunde) (Anon., 2010) die wyse waarop gender, letterkunde sowel as estetika beskou en verstaan word sedert die 1980's, verander het.

Schoene (2006:296) stel dat, volgens die queer-teorie, alle tradisionele vorme van identiteit as 'n afdwingbare opdrag beskou kan word en ongeag die individu se persoonlike siening is identiteit 'n kulturele imperialisme wat almal onderdanig stel aan onmiskenbare kulturele begrypikheid. Dus is daar vasgestelde norme en waardes in elke kulturele samelewing waaraan die betrokke individue moet voldoen om by die samelewing in te pas en aanvaar te word. Die queer-teorie stel dit onomwonde dat aangesien geen twee individue dieselfde is nie, die tradisionele beskouing van identiteit meestal die verskille tussen individue verdraai in plaas daarvan om dit uit te lig en te ondersteun (Schoene, 2006:296). Schoene (2006:296) argumenteer dat die queer-teorie die enigste epistemologiese benadering is waar die "verskille" in identiteit aanvaar word, sonder dat daar teen iemand gediskrimineer word. Die probleem wat deur hierdie teorie aangespreek word, is dus nie net die taal soos dit deur vroue gebruik word nie, maar ook alle individue wat om die een of ander rede nie oor die tradisionele manlike mag beskik nie.

Bredbeck (2002) definieer die queer-teorie as 'n benadering waarvolgens die funksionering van homoërotiek en heteroërotiek beskou word, terwyl dit terselfdertyd die verskillende wyses waarop individue hulself kan uitdruk binne die perke soos daargestel deur die verskillende kulture en identiteite, ondersoek.

Bredbeck (2002) verwys ook soos Keating (2002) na Eve Kosofsky Sedgwick as een van die belangrike rolspelers in die vorming van die teorie. Sedgwick (in Bredbeck, 2002) beklemtoon die belang van die bewustheid dat begeertes en identiteit nie een as grensend aan, of ooreenstemmend met, mekaar gesien kan word nie. Queer-teorie kan op die eenvoudigste as 'n veelvoudige samestelling van 'n verspreide stel handelwyse gesien word, en nie as 'n eenvormige teorie nie.

Butler (2010a) sluit by die bogenoemde aan wanneer sy in haar boek *Gender trouble*, aanvanklik begin deur die kontemporêre teoretici, soos Lacan, Foucault, Witting,

Kristeva en Irigiray se werk te benoem. Daardeur bevestig sy (Butler, 2010a) hoe gender as beide 'n verbindingsmiddel en onopsetlike destabiliserende veronderstelling in hul genoemde denkers se teorieë funksioneer. Butler (2010a) se eie teorie stel dan dat “a number of subversive ‘performative’ strategies, including parody and drag, can be used to ‘overplay’ the codes of gender and thereby foreground identity in its most subversive and denaturalized forms”.

Ongeag biologiese geslag, begin elke individu hul lewe as 'n aggremaat van moontlikhede, 'n persoonlikheid wat óf die manlike óf die vroulike kwaliteite gaandeweg verwerp. Wanneer die manlike eienskappe verwerp word, word die individu meer vroulik, en as die vroulike eienskappe verwerp word, word die individu meer manlik. Dus lei die verwerping van sekere eienskappe tot die vorming van 'n eie identiteit en gender (vgl. Armstrong, 2006:106).

Butler (2010a) definieer die term queer as 'n denkwys wat nie van jou verwag om 'n identiteitsdokument voor te hou wanneer jy by 'n vergadering instap nie. Intendeel, heteroseksuele individue kan deel van die beweging wees, biseksuele individue kan deel wees. Queer beteken nie om lesbies of gay te wees nie, dit is veel eerder 'n argument teen die wanopvatting dat 'n individu se seksualiteit beteken dat daar sekere vereiste drange en bepaalde, voorgeskrewe standaarde bestaan waarvolgens 'n individu moet optree. 'n Argument teen die norm wat daargestel is aan die identiteite van individue, en die wyses waarop die identiteite uitgeleef word. Bredbeck (2002) voer ook aan dat skrywers, deur die toepassing van die queer-teorie, veral van parodieë gebruik maak om die sosiale konteks waarin hulle hulself bevind, te bevraagteken en uit te daag.

Vanuit die bogenoemde blyk dit dus duidelik dat daar voorkeur gegee word aan die identiteite en die taal wat saam met die identiteite van die sosiaal aanvaarde magsbesitters gaan. Die queer-teorie poog om hierdie wanopvatting, soos deur die betrokke kulture daargestel, tot niet te maak, en sodoende identiteit as 'n unieke entiteit te vestig, eerder as 'n norm van die samelewing. Ook is daar 'n verband tussen postmodernisme en queer-teorie, aangesien daar by beide van parodieë gebruik gemaak word om die sosiale konteks te bevraagteken en uit te daag.

Hierdie teorie is dus ook van toepassing op die studie rakende die idiolek van Hambidge oor die grense van genres, aangesien die bepaalde beskouing van identiteit en die individu se plek in die samelewing se hiërargie 'n definitiewe invloed op die idiolek sal uitoefen.

2.7.5 Poëtika

Poëtika kan volgens Venter (1991b:388) gedefinieer word as opvattinge en teorieë oor die literatuur as kunsvorm, hoe dit funksioneer, watter middele dit gebruik en wat die doel daarvan is. Volgens Van Coller en Odendaal (2003:17) geld die term “poëtik” ook as 'n ekwivalent vir die term “literatuurteorie” en in afgeleide betekenis kan daar ook van die poëtika (literatuuropvattinge) van individuele skrywers gepraat word.

Volgens Van der Merwe en Viljoen (1998:69) was Aristoteles se vertrekpunt dat daar tussen mimetiese²⁸ en nie-mimetiese kuns onderskei kan word. Die outeur boots dus handeling of handelingsreeks na om sodoende 'n gebeurtenis uit te beeld. Aristoteles het deduktief (sistematies sowel as teoreties) te werk gegaan; dit wil sê dat hy 'n teorie oor die soorte kuns ontwikkel het, waaruit hy genres onderskei het. Aristoteles se *Poëtika* vorm deel van 'n sisteem wat eintlik alle terreine van ons kennis dek (vgl. Van der Merwe & Viljoen 1998:69).

Aristoteles se *Poëtika* het reeds die vraagstuk rakende retoriek²⁹ aangeraak. Bialostosky (2006:397) stel dat die afleiding gemaak kan word dat die hoofdoelwit in 'n teks is om die regte toon te gebruik om die gekose/verlangde emosie oor te dra. Bialostosky (2006:401) stel ook dat die taalgebruik, eerder as die onderwerp, ondersoek moet word, aangesien die taal die bepalende faktor is. Verder is die leser/gehoor ook sentraal, aangesien hulle 'n invloed op die tipe taal wat gebruik word het. Die doelbewuste keuse van woorde (intonasie) is ook van belang.

Poëtika kan dus gesien word as die beskrywing wat daar deur middel van die taalwetenskap³⁰ aan die literatuurwetenskap gegee word (Cloete *et al.*, 1985:41). Cloete *et al.* (1985:41) gaan voort deur te stel dat hierdie model (die taalwetenskap wat deur

²⁸ Mimeties is in dié geval afkomstig van die Griekse woord *Mimesis*, en verwys na 'n uitbeelding of nabootsing.

²⁹ Verwys na die interaksie tussen sender en ontvanger, of die effek van uitspraak op die gehoor (Frow, 2006:152). Sien ook Hoofstuk 3

³⁰ Verwys na 3.4.1 (Ferdinand de Saussure)

die literatuurwetenskap as beskrywingsmiddel gebruik word) in dieselfde verhouding tot literatuur staan as taalwetenskap tot taal.

Venter (1991b:388) hou voor dat daar tussen twee hoofsoorte poëtika onderskei kan word, naamlik outeurspoëतिक en genre-poëतिक.³¹

By outeurspoëtika kan daar tussen eksterne en interne outeurspoëतिक onderskei word. Eksterne outeurspoëतिक word beskryf as die outeur se opinie oor wat letterkunde is en behoort te wees, sowel as eie kommentaar oor tekste deur die bepaalde outeur self geskryf, literêre credo's, essays en manifeste (Venter, 1991b:388). Marais (2004:101-102) omskryf die tekseksterne poëtika as die uitsprake van die outeur self, in sy persoonlike hoedanigheid as outeur. Hierdie eksterne outeurspoëतिकale geskrifte dien as 'n platform waar outeurs hul werke verduidelik en regverdig. Soms kan daar egter oor so 'n sterk opinie beskik word dat dit 'n literêre periode of kunsopvatting karakteriseer (vgl. Venter, 1991b:388).

Die interne outeurspoëतिक kan volgens Venter (1991b:388) gedefinieer word as 'n literêre werk waarin daar in die teks self oor die literatuur besin word. Verder kan daar by hierdie interne outeurspoëतिक ook gekyk word na die stylmiddele wat die skrywer gebruik om 'n bepaalde beeld in die tekste te vorm. So kan die romankarakter 'n uitspraak lewer oor die romankuns. Hierdie uitspraak kan dien om die karakter te karakteriseer, of om 'n gemeenskap waarin die tipe beelde moontlik is/was, te teken (Venter, 1991b:388). Marais (2004:101) sluit by dié beskrywing aan wanneer hy argumenteer dat die teksinterne poëतिक afgelei word vanuit die outeur se skeppende werk (gedigte, romans, kortverhale of dramas) self. Marais (2004:102) voer aan dat dit belangrik is om outeurspoëतिक te bestudeer, aangesien dit nie net inligting oor die outeur se werk aan die lig bring nie, maar ook patrone en opvattinge binne die groter literêre en literêrhistoriese geheel.

Vanuit die bogenoemde kan die poëtika en Hambidge se literêre tekste ondersoek word, om sodoende 'n persepsie van haar tekste te vorm. Deur gebruik te maak van verskeie literêre middele (soos die voorkoms van parodie in 'n postmoderne raamwerk wat dan belangrike konsepte soos metafunksionaliteit en die versmelting van literêre grense ondersteun) skep Hambidge 'n goudmyn van inligting deur haar tekste. Nie net is

³¹ Hierdie afdeling van poëतिक sal verder as deel van genre en identiteit (3.6.1) bespreek word.

die tekste eie aan haar, en dan ook haar idiolek nie, maar verskuif sy die normatiewe grense.

2.8 Hoofstuksamevatting

Hierdie hoofstuk rakende Hambidge en die letterkunde dien as 'n basis om van sommige benaderings tot letterkunde (waarmee die ondersoeksubjek self gewerk het, sowel as dié wat in haar tekste figureer) kennis te neem. In hierdie hoofstuk blyk dit duidelik dat daar nie net verskillende wyses is waarop letterkundige tekste benader en ontvang kan word nie, maar dat die skrywer self 'n spesifieke benadering kan volg, en dus sodoende 'n ruimer betekenis aan 'n spesifieke teks kan koppel.

Aangesien die studie 'n sosiolinguistiese ondersoek is waarin daar spesifiek na die idiolek van die literêre skrywer Joan Hambidge gekyk word, is 'n letterkundige agtergrond nie net van belang nie, maar noodsaaklik. Deur hierdie kennis, is dit moontlik om Hambidge in die groter konteks van haar werke te beskou, en is dit ook moontlik om alle faktore wat 'n invloed op haar idiolek kan uitoefen te ondersoek. Soos reeds genoem, is Hambidge 'n veelsydige skrywer wat in vele genres publiseer. Deur egter ondersoek na die verskillende letterkundige benaderings en literêre teorieë in te stel, word die nodige agtergrond geskep wat nuttig te pas sal kom in die ondersoek na Hambidge se idiolek.

Die gevolgtrekking kan dus, na aanleiding van dié hoofstuk, gemaak word dat die Afrikaanse letterkunde ontwikkel het en dat daar verskeie faktore (sosiaal, polities en ekonomies) is wat die ontwikkeling daarvan beïnvloed het. Die postmodernisme, psigoanalise, feminisme en queer-teorie dien as duidelike aanduidings dat die skryfproses nie net spontaan en bewustelik gebeur nie, maar dat dit eintlik onbewustelik gebeur, en dat daar 'n magdom faktore is wat 'n invloed op 'n teks kan hê. Tog blyk dit ook duidelik dat 'n teks aaneenskakel met die identiteit van die skrywer (weereens hetsy doelbewus of onbewustelik), en daarom kan die idiolek (taalgebruik eie aan die individu en die individu se identiteit) bepaal word wanneer al die bogenoemde faktore in berekening gebring word.

Hoofstuk 3: Teoretiese agtergrond en kontekstualisering

“If you seek a monument, gaze around.”

Davies (1999:1)

3.1 Inleiding

Die bostaande kan gevind word in die St. Paul-katedraal in Londen. In hierdie katedraal is daar nie 'n monument opgerig om die argitek, Christopher Wren, te vereer nie; is egter eerder 'n byskrif opgerig waarop daar die bogenoemde staan. Wat deur die boodskap oorgedra word, is dat die katedraal self die monument van die argitek se prestasies is, en dat daar net na die voltooide produk van sy werk gekyk moet word. Die stelling kan gesien word as 'n voorbeeld van hoe toegepaste taalkunde werk, en hoe die ondersoeksubjek se werk in geheel ondersoek moet word indien die idiolek bepaal wil word (vgl. Davies, 1999:1).

Taalkunde is tot 'n groot mate ook so. 'n Wyse waarop taalkunde gedefinieer kan word, is deur toepassing en demonstrasie. Dit wil sê dat voorbeelde van die werk gegee moet word om dit te kan verstaan.

In die hieropvolgende hoofstuk gaan die teoretiese agtergrond van taalkunde bespreek word, soos wat nodig is vir die korpuslinguistiese ondersoek (Hoofstuk 4) in die empiriese studie (Hoofstuk 5), waarin die idiolek van Joan Hambidge ondersoek sal word.

Daar word ondersoek ingestel na begrippe soos die linguistiese raamwerk van die konsep taal, sosiolinguistiek, idiolek, outeurskapidentifikasie, identiteit en genre, en korpuslinguistiek.

3.2 Konseptualisering

In hierdie afdeling gaan die onderskeie sleutel terme wat vir hierdie studie van belang is, gedefinieer word.

Dialek: Volgens Botha (in Botha *et al.*, 1989:148) is die standaardvorm van 'n taal die statusvorm, dus die vorm met die meeste aansien. Hierdie vorm van die taal word dan geassosieer met kenmerke soos gekultiveerdheid, deftigheid, verfyndheid en geleerdheid. Dit word beskou as die eenheidstaal, skryftaal en kultuurtaal van die

primêre taalgemeenskap. Du Plessis (1995:57) voer aan dat daar as beswaar teen dialektologie (die studie van dialekte) gestel kan word dat geografiese gegewens daargestel kan word as 'n enkele faktor wat taalvariasie voed. Du Plessis (1995:57) gaan voort deur ook te argumenteer dat deur die bestudering van dialektologie dit duidelik gemaak word dat taalgemeenskappe essensieel heterogeen is. Halliday (1985:74) stel verder dat variasie na die verskillende vorme van taal in 'n spraakgemeenskap verwys, oftewel die tale of subtale, dialekte of verskillende dialektiese variante.

Wanneer 'n variëteit met 'n spesifieke groep mense geïdentifiseer word, word dit 'n dialek genoem (Botha *et al.* 1989:429). Du Plessis (1995:59) lê klem daarop, na aanleiding van De Saussure se stelling, dat geografiese verskeidenheid die eerste ding was wat vasgestel was in die taalkunde, dat geografiese tesame met sosiale of gespreksfaktore en verskillende nielinguistiese faktore die verskillende variëteite (en dus ook dialekte) voed. Dialekte kan etnies (etnolekte), sosiaal (sosiolekte) of geografies (geolekte) van aard wees (Du Plessis, 1995:59).

Genre: Verwys na 'n tipe letterkunde en kan ook as 'n formalistiese klassifikasie van tekstipes gesien word. Hambidge (1991a:148) beskryf genre as die tipologie of klas waartoe 'n literêre werk behoort. Volgens Crystal (2008:210) kan genre, in sosiolinguistiek, diskoersanalise en stylleer, gesien word as 'n vereenvoudiging van 'n term wat algemeen in die letterkunde voorkom. Crystal (2008:482) gaan voort deur te verduidelik dat tekste as taaleenhede met duidelik definieerbare kommunikatiewe funksies beskou moet word, en gekenmerk word deur beginsels soos kohesie, koherensie en inligtingrykheid. Crystal (2008:482) voer verder aan dat 'n teks, aan die hand van die bogenoemde beginsels, as verskillende tekstipes, oftewel genres, geklassifiseer kan word.

Identiteit: Volgens die HAT (2009) is "identiteit die eenheid van wese; volkome ooreenstemming, persoonsgelykheid, persoonlikheid", bewys dat jy is wie jy voorgee om te wees. Crystal (2008:235) verwys na idiolek as 'n term wat deur taalkundiges gebruik word om na die taalsisteem van 'n individu te verwys, oftewel die individu se eie dialek. Die skrywer se identiteit kan gesien word as 'n doelbewuste stel karaktereienkappe van retoriese standpunte en taalstyle (Johnstone, 2000:406).

Idiolek³²: Crystal (2008:235) verwys na idiolek as 'n term wat deur taalkundiges gebruik word om na die taalsisteem van 'n individu te verwys, oftewel die individu se eie dialek. Volgens Wu *et al.* (2009:127) verwys 'n idiolek na 'n verskeidenheid unieke taalverskynsels wat eie aan 'n bepaalde individu is. 'n Idiolek is verder 'n verskynsel wat nie net eenmalig in 'n individu se taalgebruik voorkom nie. 'n Idiolek kan ook gedefinieer word as 'n voorstelling van 'n versameling van die individu se eie, persoonlike en unieke karaktereienskappe³³ op 'n gegewe tydstip. Hierdie karaktereienskappe verwys na 'n kombinasie van sosiolekte, genderinvloede en jargon (vgl. Panicheva *et al.*, 2010:1134). Idiolek kan dus gesien word as taalverskynsels wat eie aan 'n individu is.

Norme: Taalhulpmiddels word daargestel om 'n taal uit te bou. So is dit belangrik om onderskeid te tref tussen die foutiewe gebruik van 'n woord, en 'n woord wat in 'n bepaalde sosiale konteks aanvaarbaar gevind kan word (Carstens, 2006:11; Webb, 1985:82). Steyn (1985:18) postuleer dat hulle [taalnorme] beskou kan word as reëls vir korrekte optrede en behoorlike gedrag; hulle funksioneer soms as waardebevestiging en hulle kan as 'n basis vir kritiek dien. Carstens (2006:5) beklemtoon dat die taalgebruiker moet weet watter uitdrukking meer gepas in 'n spesifieke gespreksituasie is. Dus is die norm nie daargestel om die taalgebruikers te beperk nie, maar eerder om beginsels vas te lê, om standaarde te stel, wat kommunikasie vergemaklik, en ook om sprekers te lei tot die beste vorm van die taal. Die gebruik van norme hang nou saam met die sosiale konteks waarin dit voorkom. Dus verwys die term norm nie noodwendig na die aanvaarde Standaardafrikaans nie, maar eerder na die gepaste taalvorm binne die konteks om 100% kommunikasie te bewerkstellig (vgl. Carstens, 2006:4-7).

Outeurskapidentifikasie³⁴: Outeurskapidentifikasie word nouliks verbind met die vakrigting van forensiese linguistiek. Volgens Coyotl-Morales *et al.* (2006:844) verwys outeurskapidentifikasie na die identifisering van die outeur van 'n bepaalde teks. Outeurskapidentifikasie kan beskou word as 'n interdisiplinêre vakgebied waar verskeie toepassings gebruik word om die outeur van 'n teks te bepaal (vgl. Kotzé, 2010:185). Kotzé (2007) verwys verder na outeurskapidentifikasie as 'n wyse waarop plagiaat blootgelê kan word, maar ook as 'n wyse waarop onbekende betrokkenheid van individue by die skep van tekste, of die identifikasie van die ware outeur van 'n teks kan

³²Sien 3.7 (Idiolek). Aangesien hierdie term as sentraal tot die studie rakende die idiolek van Joan Hambidge oor die grense van genres gesien kan word, sal die term breedvoerig in 3.7 bespreek word.

³³ Idiolek word dus beskou word as die taalgebruik eie aan 'n bepaalde individu.

³⁴Sien 4.2.2 (Outeurskapidentifikasie)

plaasvind. Dit is dus moontlik om die skrywer van 'n teks, met behulp van forensiese linguistiese hulpmiddele, te bepaal, aangesien elke individu oor 'n idiolek ('n stel unieke taalvoorkeure, in gegewe situasies) beskik (Chaski, 2007; Coulthard, 2004; Juola, 2006; Kotze, 2007; Louwerse, 2004; Stamatatos, 2009).

Sosiolek: Verwys na die kombinasie van leksikografiese keuses, wat betrekking het op die sosiale veranderlikes en die konteks van die gesprek (Llamas, 2007:226).

Sosiolinguistiek: Kan gedefinieer word as die bestudering van taal waar daar spesifiek na die verskillende raakpunte tussen die taal en die gemeenskap ondersoek ingestel word. Daar word gekyk hoe taal in verskillende sosiale situasies gebruik word. Baker (2010:4) wys daarop dat 'n sosiolinguistiese perspektief ondersoek instel na die wyse waarop taal gebruik word om 'n sosiale konteks te skep, sowel as om te kommunikeer en betekenis oor te dra. Hy gaan voort deur te argumenteer dat die identifikasie van hoe óf 'n individu óf 'n groep se identiteit bydra tot die wyse waarop taal gebruik word, van belang is. Dus word daar na 'n spesifieke dialek³⁵ gekyk, deur die sosiale klas, ouderdom, geslag en soms selfs ook ras van die spreker te ondersoek.

Styl: Verwys volgens Webb (in Botha *et al*, 1989:430) na 'n funksie van die mate waarin sprekers let op die manier waarop hulle hul taal gebruik. Daar kan onderskei word tussen 'n formele en 'n informele styl, afhangende van die konteks waarin die spreker op daardie bepaalde tydstip is. Carstens (2006:335) meld dat die gebruiker se vermoë om sy/haar taal aan te pas by die situasie bekend staan as sy/haar stilistiese vermoë, en dat daar oorkoepelend daarna verwys word as styl. Carstens (2006:335) gaan voort deur te verduidelik dat styl moeilik omskryf word, aangesien elke skrywer 'n unieke vermoë het om hom/haar op die een of ander wyse uit te druk. Du Toit en Smith-Müller (2005:15) sluit by die bogenoemde aan deur voor te hou dat styl omskryf kan word as die keuse wat die skrywer (of spreker) uit moontlike formulerings maak, en dat dit betrekking kan hê op woorde, sinsbou, teksbou, onderwerp, doel, leserspubliek en genre. Styl het dus betrekking op die keuse wat die skrywer uitoefen om te verseker dat die teks geskik vir die doel is, en sal dan (volgens Carstens) as 'n idiolektiese merker gesien kan word.

³⁵Wanneer die taalgebruik van 'n individu ondersoek word, word daar na die idiolek van die spreker gekyk, en nie na die dialek nie.

Variasietaalkunde: Is die ingesteldheid op die studie van enige soort linguistiese variasie, taalverskeidenheid en dus 'n manier waarop die taal beoefen word (Du Plessis, 1995:1-13).

Die bostaande terme dien as 'n oorsig van die belangrike konsepte wat in die studie gebruik word. Dit word reeds hier, aan die begin van die hoofstuk, voorgehou, aangesien dit sodoende die lees van die teks sal vergemaklik, en konteks skep. Vervolgens gaan daar verwys word na die linguistiese raamwerk. Die doel hiervan is om as kontekstualisering te dien, waar die agtergrond geskep word om die konsep sosiolinguistiek en korpuslinguistiek te verstaan.

3.3 Linguistiese raamwerk

Taal kan volgens Davies (1999:2) gesien word as die studie van die dissipline waardeur die mens se taal ondersoek word. Du Plessis (1995:1) sluit by die bostaande aan deur te postuleer dat taal iets is wat mense gebruik. Halliday *et al.* (2004:97) vra, wat is taal? Is dit iets waarmee ons almal gebore word, en wat sodra dit verbaal in kontak met ander moedertaalsprekers kom geaktiveer word, en ons sodoende dan ook moedertaalsprekers maak? Of moet taal gesien word as iets tasbaar? Dit is die samevoeging van alle kommunikasiehandelinge wat in 'n bepaalde taalgemeenskap plaasvind, net soos wat 'n land se argitektuur as die somtotaal van alle argitektuur in die land gesien moet word. Halliday *et al.* (2004:97) beantwoord die bostaande vrae deur te postuleer dat taal 'n aspek is wat kinders natuurlik aanleer sonder dat hulle instruksies ontvang; taal is 'n stel reëls wat mens leer hoe om hierdie natuurlike taal reg te gebruik, om samehangende sinne te konstrueer.

Volgens Crystal (2008:265) verwys taal na die menslike proses van spraak, soos aangedui deur De Saussure. In die eenvoudigste vorm kan daar na taal verwys word as 'n die konkrete handeling van spraak, skryf of gebaretaal. Daar is verskillende opinies rakende die definisie van taal:

- “Language is a purely human and non-instinctive method of communicating ideas, emotions and desires by means of voluntarily produced symbols.”
(Sapir, 1921:8)

- “A language is a system of arbitrary vocal symbols by means of which a social group co-operates.” (Bloch & Trager, 1942:5)
- “Language is the institution whereby humans communicate and interact with each other by means of habitually used oral-auditory arbitrary symbols.” (Hall, 1968:158)
- “From now on I will consider a language to be a set (finite or infinite) of sentences, each finite in length and constructed out of a finite set of elements. Thus, a grammar of a language should be thought of as a device of some sort for producing the sentences of the language under analysis.” (Chomsky, 1957:13)
- Crystal (2008:265) gaan van die veronderstelling uit dat taal verder as net die blote sinne en samestellings afgebreek kan word en dat daar ook na taal verwys kan word as: “The linguistic system underlying an individual’s use of language in a given time and place is identified by the term idiolect – and this is often extended to the synchronic analysis of the whole of a person’s language.”

Vanuit die bogenoemde definisies is dit duidelik dat taal verskillend gedefinieer word, en dat daar verskillende wyses is waarop taal waargeneem en ondersoek kan word. Waar het die studie van taal egter ontstaan, en wie is die vaders hiervan? Kan die groot wysgeërs, Plato en Socrates, Aristoteles of Cratylus, as die vaders van die studie van taal beslou word? Meer in die moderne era kan William Jones (1764-1794), Franz Bopp (1791-1867), Jacob Grimm (1785-1863), August Schleicher (1821-1868) en Rasmus Rask (1787-1832) as die vaders van linguistiek as ’n wetenskaplike dissipline gesien word (vgl. Grzega, 2011:218). Jacob Grimm en sy broer, Wilhelm, het in 1838 begin met die samestelling van die eerste moderne geskiedkundige woordeboek van ’n nasionale taal tesame met die taal se streeksvariasies (vgl. Grzega, 2011:218).

Om die ondersoek na die idiolek van Joan Hambidge oor die grense van genres binne konteks te plaas, gaan daar eerstens na van die belangrike rolspelers in die ontwikkeling van sosiolinguistiek ondersoek ingestel word. Daarna sal sosiolinguistiek verder bespreek word.

3.3.1 Ferdinand de Saussure

Ferdinand de Saussure (1857-1913) word gesien as die vader van taalkunde en selfs strukturalisme. De Saussure was 'n Switserse linguïst wat die boustene vir baie van die belangrikste ontwikkelinge in die taalkunde van die 20ste eeu gelê het. De Saussure was ongelukkig met die stand van die teorieë rakende taalkunde (vgl. Culler, 1976:18); hy was van mening dat daar nooit regtig probeer is om die aard van die onderwerp wat bestudeer word, te ondersoek en verstaan nie.

De Saussure het volgens Venter (1991:510) tussen die konvensies wat die taalgebruik beheer (*taalsisteem*) en die individuele uiting van die taalgebruiker (*spraak*) onderskei. Die posisie op 'n gegewe oomblik vorm die sinchroniese samehang van die elemente in die sisteem, en die opeenvolgende posisies vorm die diachroniese samehang. De Saussure het die diachroniese benadering tot taal vermy; vir hom was die ontstaan en ontwikkeling van taal nie belangrik nie. Hy, De Saussure, het eerder gefokus op die sinchroniese benadering tot taal, waar die fokus op die taal op 'n gegewe oomblik van tyd val (vgl. McCabe, 2011:6).

Daar is soveel verskillende aspekte van taal wat by 'n enkele individu ondersoek kan word, dat die navorser die vraag sal moet vra: "Wat wil ek bereik?". Daar is verskeie perspektiewe waaruit die taal ondersoek kan word; daar is ook verskillende fenomene wat ondersoek kan word. De Saussure se antwoord op die bogenoemde vrae was dat taal die studie van 'n sisteem van tekens is (vgl. Culler, 1976:19). Kommunikasie kan nie sonder 'n erkende tekensisteem plaasvind nie.

Die Sapir-Whorf-hipotese kan aansluit by De Saussure se stelling dat taal die studie van tekens is, en dat dit deel van die kommunikasieproses is. Die Sapir-Whorf-hipotese lui volgens Chandler (1994) dat realiteit waargeneem word deur die gebruik van taal en dat taal die middel van kommunikasie en probleemoplossings is. Geen twee tale is so soortgelyk dat dieselfde sosiale werklikheid daardeur uitgebeeld kan word nie. Die wyse waarop 'n individu aspekte rondom hom-/haarself waarneem, is dan ook die direkte gevolg van die gewoontes (taal en sosiaal) van die gemeenskap waarin hy/sy hom-/haarself bevind.

Alle kommunikasie verg interpretasie, en daarvoor moet die boodskap in 'n kode gestuur word wat verstaanbaar is vir beide die sender en die ontvanger. Die sosiale

konteks waarin 'n spreker hom-/haarself bevind, sal dus sy/haar taalgebruik bepaal en beïnvloed. Die tekste, soos geskryf deur 'n spesifieke skrywer, is dus 'n uitbeelding van die individualistiese taalgebruik, soos beïnvloed deur die bepaalde taal. Die genre waarin daar geskryf word, kan die taalgebruik beïnvloed, maar daar moet telkens tekens van die individu se eie taalgebruik, idiolek, aanwesig wees. Die kommunikasieproses is van uiterse belang; die skrywer, ongeag die genre, moet die bedoelde boodskap aan die teikengehoor oordra. Chandler (1994) gaan egter verder deur te sê dat die betekenis van 'n teks nie in die teks self lê nie, maar wel in die interpretasie. Dus is die leser self verantwoordelik vir wat hy/sy vanuit 'n bepaalde teks verstaan.

De Saussure self het nie veel gepubliseer nie; dit was eers na sy dood in 1913 dat sy studente notas, wat hy gemaak het terwyl hy klas gegee het publiseer het. (vgl. McCabe, 2011:5). Binne die Saussureaanse Strukturalisme word daar gestel dat die taalsisteem verantwoordelik is vir die vorming van denke, en dus was daar twee opinies wat in die wetenskap van taal teen mekaar ingedruis het, naamlik:

- Denke ontwikkel onafhanklik van taal; en
- Denke word gevorm deur taal (Sapir-Whorf-hipotese).

Vanuit die bogenoemde blyk dit dus dat De Saussure die individu se taal sien as die uitbeelding van die bepaalde individu se denke, en dat dit (taal) betekenis kry wanneer beide die sender en die ontvanger die teken (die boodskap wat deur middel van taal oorgedra word) verstaan. Die taalgebruiker moet dus oor die nodige taalkennis beskik.

3.3.2 Leonard Bloomfield

Bloomfield (1887-1949) was van mening dat taal as 'n wetenskaplike dissipline beskou moet word, en dat ondersoek daarna deur middel van waarneming en analise moet geskied. Bloomfield (1933) sê dat die uitwerking van taal verstommend is, en dat dit die onderskeid tussen mens en dier insluit, maar taal het geen plek in die onderwysstelsel of die denkwyse van filosowe nie. Hy, Bloomfield, wou die wyse waarop taal benader word, verander vanaf 'n voorgeskrewe wyse na 'n meer beskrywende linguistiese wyse (die wyse waarop taal gebruik word).

Bloomfield wou wegbeweeg van die tradisionele wyse waar taal as 'n vasgestelde stel reëls beskou is, en eerder fokus op hoe taal in die werklikheid gebruik word. Die wyse

waarop die veranderinge in taal beskryf word, word dus al van die vroegste tye af beoefen. Volgens Llamas *et al.* (2007:5) het Pānini ondersoek ingestel na die grammatika van Sanskrit in ongeveer 350 nC. Hy, Pānini, het verskeie reëls geïnkorporeer wat die verskillende maniere van uitspraak regverdig het. Hierdie verskille in uitspraak word soos volg deur Sapir (soos aangehaal deur Llamas *et al.*, 2007:5) voorgehou, “everyone knows that language is variable”.

Vanuit die bogenoemde blyk dit duidelik dat menige wetenskaplikes verskillende sieninge rakende die aard van taal gehad het. Vervolgens gaan daar na die sosiolinguistiese aard van taal gekyk word, vanuit die vertrekpunt dat taal ’n veranderlike is, wat deur die spreker, die konteks, die gehoor sowel as die bedoelde boodskap beïnvloed word.

Bloomfield was dan ook een van die eerste taalkundiges om die voorkoms van idiolek³⁶ te ondersoek. Volgens Kuhl (2003:8) het Bloomfield na die individuele verskille in individuele taalgebruik as aksent, of idioom verwys. Bloomfield het geargumenteer dat geen twee persone, of eerder geen individu, presies dieselfde praat nie. Bloomfield het egter nie gefokus op die individuele taalgebruik nie, maar eerder op die konstante leerproses verbonde aan taal. Dit blyk dus duidelik dat die omgewing waarin ’n individu is, ’n invloed op die taalgebruik sal hê, en dus ook op die betrokke persoon se idiolek. Daar is uiteenlopende opinies rakende idiolek, maar dit is ook duidelik dat geen twee persone se taalsisteme ooreenstem nie, en dit is ’n feit dat elke individu tot ’n mate oor ’n unieke taalsisteem sal beskik, wat op een of ander wyse afwyk (nie noodwendig baie nie, maar tog) van die norm vir daardie spesifieke taal.

3.3.3 MAK Halliday

Halliday (1925-) het geïnteresseerd geraak in taal nadat hy self Sjinees geleer en dié taal later aan ander geleer het. Hy het toe daarop uitgegaan om ’n verduideliking van taal en hoe dit werk, daar te stel. Hierdie studie het aanleiding daartoe gegee dat hy, Halliday, die teorie van sistemiese funksionele taalkunde gevorm het (McCabe, 2011:10).

Halliday was veral geïnteresseerd in register en waarom ’n spreker kies om ’n bepaalde register binne ’n gegewe konteks te gebruik. Daar is verskeie faktore wat die register

³⁶ Verwys 3.7 (Idiolek).

kan beïnvloed. Die veranderlikes wat die register bepaal, is die veld (die onderwerp), die wyse (wat is die kommunikasiemedium), en die toon (dit verwys na die verhouding tussen die sprekers).

3.3.4 William Labov

William Labov (1927-) is een van die grootste aanhangers van die nuwe vertakking van taalkunde, naamlik sosiolinguistiek, wat in die 1960's ontstaan.

Daar kan nie na sosiolinguistiek verwys word sonder om die studie deur Labov in Martha's Vineyard in gedagte te hou nie. Labov het in 1963 met sy studie in Martha's Vineyard die korrelasie tussen taal- en sosiale faktore duidelik uitgebeeld.

Labov was die eerste navorser om sosiolinguistiese veranderlikes te gebruik (Llamas *et al.*, 2007:5). Labov het verwys na aanwysers (veranderlikes waarvan sprekers onbewus is), merkers (sprekers is bewus van hierdie veranderlikes en gebruik dit in bepaalde sosiale situasies) en stereotipes (die spreker, sowel as die wyer gemeenskap, is bewus van hierdie veranderlikes, maar die veranderlikes word dikwels waninterpreteer). Die veranderlike waarna Labov as *merkers*³⁷ verwys het, is die belangrikste vir sosiolinguiste.

Labov het die wyse waarop navorsing, rakende die sosiale aard van taal gedoen word, verander. Waar aanvanklik na die intra-persoonlike aard van taal gekyk is, het Labov die fokus na 'n gesprekstyl wat informeel, natuurlik en spontaan is, verskuif. Labov het egter besef dat dit moeilik is om die spontaniteit van 'n gesprek te behou as die gesprekdeelnemers weet dat hulle dopgehou word. Dit het gelei tot die ontstaan van die waarnemersparadoks. Gevolglik word daar gepoog om die spreker waar te neem op die minste opvallende wyse moontlik; daar is egter verskeie etiese faktore wat in gedagte gehou moet word wanneer individue se taalgebruik opgeneem word. Om die waarnemersparadoks te verminder, het Labov gebruik gemaak van die "doodsgevaar"-vraag. Hy, Labov, het geglo dat as 'n individu gevra word om 'n storie te vertel waar hul lewe in gevaar was, dan is die spreker minder bewus van die waarnemer en meer gefokus op die emosionele boodskap wat oorgedra moet word (Llamas *et al.*, 2007:16).

³⁷Die voorkoms van merkers word verder onder 3.4.3 (Sosiolinguistiek) bespreek.

3.3.5 Noam Chomsky

Noam Chomsky (1928-) was 'n toegewyde strukturalistiese taalkundige. Hy het in die laat 1950's wegbeweeg van die strukturalistiese opvatting van taal en meer begin fokus op generatiewe taalkunde. Volgens Chomsky is die strukturalistiese benadering tot taalkunde genoegsaam om foneme, morfeme en woordsoorte te beskryf. Volgens hom, Chomsky, is dit egter nie goed genoeg gewees om sintaksis te beskryf nie.

Strukturalisme het verder daarop gefokus om die spraakpatrone en die wyse waarop taal funksioneer, te ondersoek, en om dit te doen, moes groot korpora van die bepaalde taal/variëteit bymekaar gemaak word. Spraakpatrone is gesien as 'n deel van die gedrag, en die behavioristiese siening van die menslike gedrag het dit gestel dat sekere aspekte, soos taal, waargeneem en beskryf kan word (vgl. McCabe, 2011:8).

Chomsky het egter gevoel dat spraakpatrone net die begin van 'n ondersoek is; hy was van mening dat taalbevoegdheid die belangrikste aspek is. Dus het hy meer op die kognitiewe aard van die taal begin fokus. Hier val die fokus op die kognitiewe strukture van taal wat onderliggend aan linguistiese strukture is (vgl. McCabe. 2011:8).

3.3.6 Ronald Langacker

Langacker (1942-) se kognitiewe teorie van taal behels 'n analise van begrip op 'n konseptuele vlak (Martinovski, 1995). Volgens Martinovski (1995) kan Langacker se definisie van taal geïnterpreteer word as "meaning reduces to conceptualization (mental experiences) in the sense that perception is part of the process of conceptualization and if so then there are no clear boundaries between perception and interpretation". Martinovski (1995) gaan voort deur te argumenteer dat Langacker se teorie slegs fokus op die konseptualisering van hoe die individu die wêreld ervaar, en nie hoe die wêreld werklik is nie.


Langacker (1973:51) beskou idiolek as 'n term wat algemeen beskou kan word om die dialek van 'n bepaalde individu te beskryf. Geen twee individue beskik oor presies dieselfde woordeskat nie. Langacker (1973:54) argumenteer dat 'n kind sy woordeskat (idiolek) van meer as een persoon aanleer. Aangesien die taalsisteme van die individue nie ooreenstem nie, moet die kind op 'n stadium besluit watter taalsisteem gevolg gaan word. Hierdie keuse lei tot die vorming van 'n eie idiolek.

Die verhouding tussen taal, kultuur en persepsie van die realiteit is belangrik. Langacker (1973:54) argumenteer ook dat elke taalhandeling inherent 'n kreatiewe handeling is. Taal is 'n instrument van kommunikasie, maar vir kommunikasie om plaas te vind, moet die spreker die situasie ontleed en die gepaste taalsisteem waaroor die individu beskik gebruik om die idee in 'n boodskap om te skakel, wat die ontvanger kan ontsyfer en dan op reageer. Die spreker moet dus verseker dat die taal wat gebruik word by die situasie pas, en dat dit verstaanbaar is. Verder voer Langacker (1973:54) ook aan dat, ongeag die sielkundige dryfveer, taalgebruik telkens gebaseer word op die taalgebruik van die ontvangers van die boodskap. Wat jy as individu, as lid van 'n bepaalde kultuurgroep, dink en as reg ervaar, word in 'n groot mate deur die invloede van jou onmiddellike omgewing bepaal, en dus ook deur jou taalgebruik.

3.4 Taalvariasie

Om die konsep van sosiolinguistiek ten volle te begryp en te kan toepas in die ondersoek na die idiolek van Joan Hambidge oor die grense van genres, is dit belangrik om te verstaan hoe idiolek as 'n sosiolinguistiese begrip beskou word. Vervolgens gaan daar dus as agtergrond oorsigtelik na die variasietaalkunde, sosiolinguistiek, sosiale veranderlikes, dialektologie, genre en identiteit, en idiolek ondersoek ingestel word.

3.4.1 Variasietaalkunde



*Figuur 2 Vertakking van variasietaalkunde
Geneem vanuit Du Plessis (1995:19)*

Volgens Du Plessis (1995:1) is variasietaalkunde deels teoreties en deels empiries van aard. Variasietaalkunde is ingestel op die studie van enige soort linguistiese variasie, taalverskeidenheid en is dus 'n manier waarop die taal beoefen word. Variasietaalkunde kan dus gesien word as die studie van die verskillende taalvariasies binne een spesifieke taal.

'n Dialek, of variëteit, van die sogenaamde standaardtaal, is nie minderwaardig nie, en kan selfs aanvaarbaar wees, veral as sosiale aspekte in ag geneem word. Daar is in elke taal verskeie taalhulpmiddels wat daargestel word om die taal uit te bou, en om die voortbestaan van die taal te verseker, en so het Afrikaans dan ook norme.

Wanneer daar na die begrip norme vir Afrikaans verwys word, is die reaksie telkens dat daar nie regtig meer iets soos algemeen-beskaafde Afrikaans bestaan nie, dat elke streek (kontrei), provinsie, ouderdomsgroep en geslag hul eie manier het om Afrikaans te praat. Tog is die teendeel waar. Ja, daar bestaan verskeie variëteite van Afrikaans (wat deur middel van dialektologie vasgestel is), en ja, om te sê iets is nie algemeen-

beskaafde Afrikaans nie, is dalk bietjie verregaande, maar omdat taal dinamies van aard is (sosiolinguistiek invloed), pas dit aan, en verander dit, en so pas Afrikaans ook by die veranderinge aan.

Carstens (2006:286) stel dit dat die belangrikste waarde verbonde aan die onderskeiding van 'n standaardnorm die feit is dat dit bydra tot 'n soort gemeenskaplike taalbasis vir die gebruiker van die taal. Daarmee tesame dra dit ook by om algemene en effektiewe kommunikasie moontlik te maak.

Dus is die norm nie daargestel om die taalgebruikers te beperk nie, maar eerder om beginsels vas te lê, om standaarde te stel, wat kommunikasie vergemaklik, en ook om sprekers te lei tot die beste vorm van die taal. Die gebruik van norme hang nou saam met die sosiale konteks waarin dit voorkom. So sal 'n geskrewe gesprek of formele gesproke gesprek baie meer noukeurig op die toepassing van die taalnorme fokus, as byvoorbeeld wanneer daar 'n gesprek tussen twee jarelange vriende plaasvind (doelbewus gekose register). Dus verwys die term norm nie noodwendig na die aanvaarde Standaardafrikaans nie, maar eerder na die gepaste taalvorm binne die konteks om 100% kommunikasie te bewerkstellig.

Thomas (1991:11) verwys na Hall se opinie rakende purisme, en stel dit dan onomwonde dat purisme as 'n gebeurtenis gesien kan word waar een gedeelte van 'n taal, hetsy 'n dialek, taal van 'n spesifieke sosiale klasgroep of rasgroep, as meer aanvaarbaar en dus hoër geag as die ander variëteite gesien word.

Variasietaalkunde plaas die fokus op die moontlikhede dat daar meer as een gepaste woord binne 'n bepaalde situasie kan bestaan, soos bepaal deur die sosiale konteks, en die variant van die betrokke taal wat gebruik word. Hier moet daar dan ook tussen geskrewe en gesproketaal onderskei word. Geskrewe taal sal altyd meer formeel as gesproke taal wees, en sal dus meer kenmerke van die norm en beginsels van Afrikaans as gesproke taal bevat. Gesproke taal sal egter weer duidelike invloede van dialektologie (geografiese aanwysers) en sosiolinguistiek bevat.

Deur hierdie proses word verskillende, selfs nuwe taalmateriaal uitgeruil, en sodoende verbreed die inhoud van die standaardtaal.

Daar is verskeie aspekte wat in gedagte gehou moet word, soos die verskil tussen die meer formele geskrewe taal, waar baie meer van die Standaardafrikaans teenwoordig

sal wees teenoor die meer informeel gesproke vorm van Afrikaans, waar die sosiale aspekte, die konteks waarin die spreker hom/haarself bevind, na vore sal kom. Dit is ook moontlik dat een persoon tekens van verskillende dialekte kan toon, afhangende van sy/haar sosiale konteks. Daar is dus telkens status verbonde aan die uitspraak van 'n spesifieke woord, wanneer die spreker in 'n bepaalde omgewing is, maar net so sal die woord glad nie gebruik word as die spreker in 'n ander geselskap is nie.

Taalvariasie is dus 'n verskynsel wat algemeen voorkom. Soos vanuit die bogenoemde is dit duidelik watter faktore 'n effek op die variasie het. Voorts gaan daar na sosiolinguistiek ondersoek ingestel word, om sodoende die konsep idiolek te identifiseer en te definieer.

3.4.3 Sosiolinguistiek

Die mens is inherent 'n sosiale wese, en taal is die medium wat kommunikasie moontlik maak. Taal word dus daaglik in verskeie situasies gebruik. Navorsing rakende die sosiale aard van taal verduidelik telkens waarom daar op 'n bepaalde wyse binne 'n spesifieke konteks opgetree word. Sosiolinguistiek is die uitvloeisel van hierdie studies. Daar is verskeie aanhalings wat sosiolinguistiek, aan die hand van die tendense van die taalgebruikers en die norme van die tyd, probeer verduidelik.

Volgens Fishman (in Coupland, 1997:12) gebruik die mens konstant taal, hetsy as gesproke, geskrewe of selfs gedrukte medium. Hy gaan voort deur te argumenteer dat, "man is constantly linked to others via shared norms of behaviour. The sociology of language examines the interaction between these two aspects of human behaviour: the use of language and the social organization of behaviour." Vanuit die voorafgaande aanhaling blyk dit duidelik dat taalgebruik en die sosiale ordening van gedrag en die interaksie met die menslike gedrag bestudeer word, en dat daar 'n noue verband tussen die twee is.

Baker (2010:2) stel dat sosiolinguiste nie 'n definitiewe definisie vir die term sosiolinguistiek wou afbaken nie, aangesien taal altyd 'n sosiale verskynsel is. Baker (2010:2) gaan egter voort deur dit duidelik te stel dat die klem van 'n sosiolinguistiese studie wel op die sosiale konteks en gebruik van taal val, en dit dus moontlik is om dit as sodanig te definieer.

Tradisioneel het die sosiolinguiste 'n onderskeid getref tussen sogenaamde onderwerpgedrewe gesprekke en gewone, alledaagse gesprekke. Die kommunikasiekonteks waarin die individu hom-/haarself bevind het, gee aanleiding tot die tipe taal wat in die situasie gebruik gaan word. 'n Formele situasie sal 'n meer beheersde, formele register vereis, terwyl die teendeel waar is vir 'n informele gesprekskonteks.

Sosiolinguistiek kan gesien word as die bestudering van taal waar die verskillende raakpunte tussen die taal en die gemeenskap ondersoek word. Daar word gekyk hoe taal in verskillende sosiale situasies gebruik word. Dus word daar na 'n spesifieke dialek³⁸ gekyk, deur die sosiale klas, ouderdom, geslag en soms selfs ook ras van die spreker te ondersoek.

Die bogenoemde faktore wat aanleiding gee tot die verskillende dialekte word, volgens Llamas *et al.* (2007:51), op 'makrovlak' ondersoek. Dit wil sê hierdie veranderlikes verwys na die breër vlak waarvolgens mense se taalgebruik ondersoek kan word. Elke gemeenskap beskik oor sekere instansies of 'n persoon wat as die kenner van wat as die standaardtaal gesien kan word, erken word (vgl. Grzegala, 2011:170). Grzegala (2011:170) stel dit verder dat daar meer as een standaardvariëteit in 'n taal kan bestaan, en dat dit grootliks afhang van:

- die nasionaliteit
- geslag
- sosiale klasse
- geloof
- sosiale netwerke
- streek
- gender
- etnisiteit
- professie
- ouderdom

³⁸Wanneer die taalgebruik van 'n individu ondersoek word, word daar na die idiolek van die spreker gekyk, en nie na die dialek nie.

Die bogenoemde veranderlikes kan ook sosiolinguistiese parameters genoem word. Hierdie veranderlikes lewer almal 'n belangrike bydrae tot die individu se idiolek. Baie aandag is al gegee aan verskynsels soos nasionale variëteite, geolekte, etnolekte, jargon en sosiolekte.

3.4.3.1 Sosiale veranderlikes

Volgens Llamas *et al.* (2007:51) het die verskil in sosiale stande aanleiding gegee daartoe dat mense op 'n bepaalde wyse begin praat het om hulself van ander sosiale groepe te onderskei. Individue maak van verskillende dialekte en aksente gebruik om hulself van ander groepe te onderskei. Sosiolekte³⁹ is dus die gevolg van sosiale stande, waar daar 'n verskil is in die wyse waarop taal gebruik word.

3.4.3.2 Gender as veranderlike

Die taalgebruik van enige persoon hang af van waar dit gebruik word, wanneer, waarom, hoe en met wie daar gekommunikeer word. Dus sal 'n persoon se taalgebruik verander volgens die sosiale situasie waarin hy/sy hom-/haarself bevind (vgl. Du Plessis, 1995:21-24). Studies toon dat daar 'n verskil is in die taalgebruik van mans en vroue. Hierdie verskil staan as gender in taal bekend (vgl. Speer & Stokoe, 2011:2). Poyton (1990:4) stel dat *gender* gesien kan word as manlike of vroulike taalgebruik.

Die voorkoms van 'n grammatikale gendersisteam (geslagsisteam), waar selfstandige naamwoorde oor 'n bepaalde geslag beskik, in baie tale (soos Frans en Duits), kan dus 'n invloed hê op die wyse waarop die bepaalde woord gesien en geïnterpreteer word (vgl. Boroditsky, 2002). Daar is egter ook verskeie tale waar 'n neutrale grammatikale sisteam gehandhaaf word.

Die *masculinity*, oftewel die manlikheid, word as die norm vir mans gesien; daarvolgens moet hulle optree. So ook is daar 'n bepaalde taalgebruik wat aan mans gekoppel word. Net so verwys die beginsels van *femininity*, vroulikheid, na die optredes wat aan 'n vrou gekoppel word. In die Westerse kultuur sluit dit eienskappe soos geduld in (vgl. Jule, 2008).

³⁹Sosiolekte verwys na die kombinasie van leksikografiese keuses, wat betrekking het op die sosiale veranderlikes en die konteks van die gesprek (Llamas *et al.*, 2007:226).

Holmes en Meyerhoff (2003:37) stel dat geslag verwys na die biologies verskillende geslagte, manlik en vroulik. Gender verwys egter na die sosiale, kulturele en psigologiese verskille wat aan die geslagte toegeken word. Gender kan op 'n meertalige en kruiskulturele vlak gebruik word aangesien daar 'n definitiewe verband tussen die voorkoms van gender en geslagte is. Hierdie genderverskille verskil egter van een taal na 'n volgende, sowel as van een kultuur na 'n ander. So is dit moontlik dat daar verskeie genderverskille binne een taal kan voorkom, net as gevolg van die verskille in kultuur (vgl. Holmes en Meyerhoff, 2003).

Soos gesien in die vorige afdelings is daar verskeie faktore wat 'n invloed op taalgebruik kan hê. Tesame met die sosiale veranderlikes van taal en identiteit en genre sal al hierdie verskillende faktore bydra tot die vorming van 'n idiolek.

3.4.3.3 Homoseksualiteit

Nog 'n belangrike vraagstuk wanneer daar na gender en taal gekyk word, is die voorkoms van die sogenaamde homoseksuele taal.

Die taal wat 'n individu praat vorm dus die wyse waarop die wêreld gesien en ervaar word, waarna daar opgelet word na sowel as wat as belangrik beskou en weergegee kan word. Dit is dus dan natuurlik om 'n verskil in die taal wat mans gebruik en die taal wat vroue gebruik te verwag. Daar kan ook onderskei word tussen manlike en vroulike taal, oftewel gender en taal.

Llamas *et al.* (2007:67) verwys na die homoseksuele taal as *queer language*, en is van mening dat hierdie tipe taalgebruik vanuit twee oogpunte beskou moet word. Eerstens as 'n onderafdeling van gender, en tweedens as 'n uitvloeisel van seksualiteit. Llamas *et al.* (2007:67) gaan voort deur te beklemtoon hoe belangrik dit egter is om gender en seksualiteit van mekaar te skei. 'n Homoseksuele man kan nie as vroulik gestereotipeer word nie, en net so kan 'n homoseksuele vrou nie as macho gesien word nie.

Die bogenoemde is egter 'n moeilike doelwit, aangesien seksualiteit stereotipies is en die stabiliteit van die huidige heteroseksuele oriëntasies grootliks deur die veroordeling van homoseksualiteit bepaal word. Llamas *et al.* (2007:68) is ook verder van mening dat gender en seksualiteit verwant is aan mekaar, dat daar onbetwisbaar vele raakpunte tussen die bestudering van hierdie tipe taal en gender sal wees.

3.4.3.4 Ouderdom as veranderlike

Ouderdom en sosiolinguistiek word volgens Llamas *et al.* (2007:69) in dieselfde lig beskou as gender. Gender en etnisiteit, sowel as ouderdom en identiteit loop hand aan hand. Ouderdom speel veral 'n bepalende rol by taalverandering en taalvariasie. Kwantitatiewe navorsing, rakende taalverandering, het bewys (Llamas *et al.*, 2007:69) dat chronologiese ouderdom as 'n instrument gebruik kan word waardeur 'n groep sprekers se sosiolinguistiese veranderlikes bepaal kan word. Hierdie veranderlikes kan sowel aksent of dialek insluit.

Wanneer daar etnografies na ouderdom as 'n sosiolinguistiese veranderlike verwys word, word die parameter kwalitatief beskou, en het dit betrekking op die gedrag van die betrokke individu. Hier word daar dan meer gefokus op die taalveranderinge wat daar by een bepaalde individu gevind word, tydens die individu se lewe (Llamas *et al.*, 2007:68).

Vanaf geboorte is elke individu besig met 'n proses waardeur kennis van taal opgedoen en uitgebou word. Eckert (2008:456) stel dat die mens gedurende sy lewe daarna streef om die sosiale betekenis van taal aan te leer. Hierdie proses word aangehelp deur die feit dat nuanse van taalvariasie geïnterpreteer en analiseer word (Eckert, 2008:456).

Llamas *et al.* (2007:75) gaan voort deur uit te lig dat ouderdom nie staties is nie, en met die vooruitgang van tegnologie en ander uitvindinge is die ontwikkeling van sosiale faktore en daarom ook die verhouding tussen ouderdom en taal 'n belangrike faktor om in gedagte te hou wanneer daar na die sosiolinguistiek gekyk word.

Hierdie bogenoemde veranderlikes, wat die taal van die individu beïnvloed, veroorsaak 'n heterogeniteit binne die taalgemeenskap. Die heterogeniteit word veroorsaak as gevolg van die feit dat geen twee mense dieselfde vorm van 'n taal gebruik nie. Sosiolinguistiek het dus betrekking op beide sosiale en kulturele aspekte wat linguistiek beïnvloed.

3.4.3.5 Etniese veranderlikes

Wanneer daar na die woord etnies verwys word, word daar onmiddellik aan historiese agtergrond, geskiedenis en ander sosiokulturele faktore gedink. Llamas *et al.* (2007:77) sê dan ook dat die bogenoemde faktore nie buite rekening gelaat kan word nie, maar

dat daar in die moderne samelewing ook na die verskillende kruis-kulturele etniese individue gekyk moet word.

Die verhouding tussen etnisiteit en sosiolinguistiek word duidelik wanneer taalvariasie ondersoek word. Etniese groepe kan aanvanklik van 'n ander moedertaal afkomstig gewees het, en dus kan daar 'n moontlikheid van taalverspreiding of taalvermenging wees. Llamas *et al.* (2007:80) stel dit duidelik dat hierdie taal wat geskep word anders as gewone tweetaligheid sal wees, aangesien die oorspronklike moedertaal as 'n tipe substraat saam met die nuwe taal sal bestaan.

Die etniese veranderlikes is van belang as 'n sosiolinguistiese parameter aangesien dit nie net bydra tot die groep se identiteit nie, maar ook 'n beduidende rol speel in die bepaalde sosiale groep se rol in die samelewing.


Dit blyk dus duidelik dat daar verskeie veranderlikes is wat 'n invloed op taal het. Buiten die sosiolinguistiese veranderlikes, is dit belangrik om in ag te neem dat taal sentraal in die kommunikasieproses staan, dat die sosiale aard van taal tot gesprekvoering aanleiding gee.

3.4.4 Sosiolinguistiek en kommunikasie

Taal is een van die vele tekensisteme wat deur die mens gebruik word om te kommunikeer, en aangesien dit 'n sisteem van tekens is, kan daar sistematiese vrae rakende die aard van taal gevra word (vgl. Deckert & Vickers, 2011:2). Deckert en Vickers (2011:2) stel dat die vrae die keuses wat individue maak wanneer hulle die taal gebruik, insluit.

Wanneer taal as 'n tekensisteem gesien word, wat in die kommunikasieproses gebruik word, ontstaan vrae soos, wie is die teikengehoor, en hoe moet die taal klink sodat die teikengehoor die boodskap sal verstaan. So ook gaan taal gereeld moet verander om aan te pas by die diverse spraakgemeenskap. Die bostande verwys na die diskoersanalise, waar die spreker 'n bepaalde manier van praat aanneem, om sodoende deur 'n groep aanvaar te word.

Jakobson (Smuts, 1998:11) het dan ook 'n bekende kommunikasiemodel voorgestel, wat die werking tussen die sender en die ontvanger, oftewel die deelnemers, duidelik maak.



*Figuur 3 Jakobson se kommunikasiemodel
(Smuts, 1998:11)*

Die bostaande kommunikasiemodel dui aan hoe kommunikasie tussen 'n sender en 'n ontvanger plaasvind, wanneer 'n boodskap deur 'n bepaalde kanaal gestuur word. Hierdie kommunikasie kan in een-, twee-, of selfs meer rigtings plaasvind.

Soos genoem is taal 'n tekensisteem wat gebruik word om mee te kommunikeer. Dus is dit moontlik om te sê dat kommunikasie nie sonder 'n taalhandeling moontlik sal wees nie. Taal is die medium waardeur die boodskap gestuur word. Kommunikasie vind plaas wanneer daar 'n behoefte tussen twee of meer individue ontstaan om 'n boodskap in 'n bepaalde konteks uit te ruil.

“My view of language and linguistics in general and of sociolinguistics in particular, is that it must be segmented to be thoroughly understood: reductionism, if you will” (Fasold, 1990). Volgens hom, Fasold, is taalverskynsels die gevolg van die interaksie tussen twee taalgebruikers wat die behoefte het om met mekaar en met ander te kommunikeer.

Die vraag wat ontstaan, is, wat kan gesien word as 'n standaardvariëteit van 'n bepaalde taal? Is dit die taal wat deur die rykes gepraat word, die taal soos in 'n amptelike konteks, formele konteks, is dit die taal soos dit in formele geskryfte gebruik word, of is dit die taal soos dit in woordeboeke en taalhandboeke beskryf word? Word 'n taal deur die media omskryf, en volg ons, as die taalgebruiker, hulle slaafs na?

Claassen en Van Rensburg (1983:12) beskryf taal as sosiale gedrag, en stel dat die verhouding tussen taal en die verskeie sosiale lae veral in natuurlike omstandighede na vore kom. 'n Sosiale benaderingswyse tot die studie van taal lei tot vrae soos, wat is die

verbintenis tussen die persone in gesprek met mekaar, wat is die bepaalde konteks, wat is hul geslag, hul ouderdom en wat is die doelwit van die gesprek?

Taal kan dus direk met die spreker se identiteit verbind word. 'n Enkele woordgebruik kan 'n individu tot 'n bepaalde taalgroep verbind. Persoonlike identiteit⁴⁰ is 'n proses wat deur 'n individu se hele lewe opgebou word; faktore soos sosiale invloede, geskiedenis, ekonomie sowel as botsinge (sosiaal en polities) beïnvloed die identiteit se ontwikkelingsproses van die betrokke individue.

Die variasies binne 'n taal kan op fonologiese, morfologiese en sintaktiese vlak onderskei word. Honey (1999:94) onderskei tussen gemerkte (gemarkeerde) en ongemerkte (ongemarkeerde) vorme. Die ongemerkte vorm hou verband met die taalgebruik soos gebruik deur die meerderheid van die taalgebruikers, soos die onderwysers en die middelklas, terwyl die gemerkte vorm verwys na die algemeen aanvaarde taalgebruik wat deur die hoër klasse gebruik word. Hierdie twee uitspraakvorme kan ook met aksent verbind word.

Deur sosiolinguistiek te bestudeer sal daar dus na die konteks waarin die taal voorkom, die basiese beginsels wat in hierdie konteks geld en die gespreksvoorwaardes gekyk word. Die vraag wat dus nou ontstaan is: "Wat veroorsaak verandering binne 'n taal?" Vanuit die bogenoemde blyk dit duidelik dat 'n taal nie homogeen funksioneer nie, maar dat daar verskeie faktore is wat 'n invloed op die bepaalde taalkeuses wat uitgeoefen word, het.

Dus fokus sosiolinguistiek op die voorkoms en gebruik van woorde en uitdrukkings binne bepaalde sosiale kontekste. Hier val die fokus op die kleiner groepies wat in elke gemeenskap onderskei kan word. Daar kan egter ook na 'n ouderdomsgroep, of geslag in die geheel gekyk word, om te bepaal of daar kenmerkende merkers vir hierdie groep voorkom. Deur aandag te gee aan die veranderlikes kan die dialek, sosiolek en ook die idiolek van die taalgebruiker bepaal word, en dus die idiolek van Joan Hambidge soos sigbaar oor die grense van genres.

⁴⁰Identiteit verwys in dié geval na die individu se taal, groei en ontwikkeling en word dus verbind met dialek, en daarom ook die idiolek van 'n individu.

3.4.5 Dialektologie

Deur sosiolinguistiek te bestudeer, sal daar dus na die konteks waarin die taal voorkom, die basiese beginsels wat in hierdie konteks geld en die gespreksvoorwaardes gekyk word.

'n Taal word gekenmerk aan die strukturele verskille wat die variasie op 'n grammatikale vlak aandui. Hierdie verskille is die maklikste hoorbaar op 'n fonologiese vlak. Variasies word deur die geografiese merkers van die sprekers gekenmerk, maar ook deur die verskille op sosiale vlak. Hierdie sosiale verskille/variëteite word die sosiolekte van 'n taal genoem (Du Plessis, 1995:74-79).

Dit is belangrik dat waar niestandaardvariëteite vroeër as verkeerde of minderwaardige vorme beskou is, daar vandag aanvaar word dat variëteite van 'n taal gelykwaardige onderdele van dié taal is. In die lig hiervan is die standaardvorm van 'n taal (byvoorbeeld Standaardafrikaans) bloot dié variëteit van 'n taal wat vir die sogenaamde hoë funksies (formele gesprekke of skryftaal) gebruik word. Die term standaardtaal impliseer dus nie dat dit 'n beter (of meer korrekte vorm) van die taal is nie.

Dialektologie kan volgens Trudgill (1983:33) gesien word as die ondersoek en uitbeelding van kontinuïteit en historiese ontwikkeling van 'n taal. Prinsloo (2009:137) noem dialektologie die Afrikaans van sprekers van 'n bepaalde kontrei. Hierdie kontreitaal wyk af van wat as Standaardafrikaans beskou word, en dikwels word woorde eie aan die dialek, wat dan vir buitelanders onverstaanbaar is, aangetref. Prinsloo (2009:137) voer verder aan dat die grootste voorkoms van hierdie kontreitaal voor 1930 gevind is, toe die media nog nie 'n standaardiserende invloed gehad het nie.

Dialektologie kyk na hoe die geografiese verspreiding van 'n groep taalgebruikers verskillende dialekte van 'n taal laat ontwikkel het. Hierdie verskillende dialekte kan gewoonlik op 'n kaart aangedui word. Daar is verskillende sosiale faktore wat aanleiding kan gee tot die migrasiepatrone van vroeë setlaars, maar die bestaan van verskillende variasies van Afrikaans, as gevolg van die streke waarin mense hulself bevind, en dus die vroeër taalontwikkeling en taalkontak, dien as bewys vir dialektologiese ontledings.

Dialektologie verskaf data wat die historiese ontwikkeling van die taal uitbeeld (Trudgill, 1983:32). Die eerste studie wat gefokus het op dialektologie is in 1876 deur George

Wenker onderneem. Hy het lyste met sinne in standaard Duits na skoolhoofde in verskillende streke gestuur, en gevra dat hulle dit herskryf in die omgewing se aanvaarde dialek. Wenker het toe 'n taalAtlas saamgestel (Chambers en Trudgill, 2002:14).

Louw (1941:30) voer aan dat elke taalverskynsel en dus elke klankverskynsel 'n eie grens het. Dialekgrense verwys na spesifieke sones, waar 'n bepaalde klank anders as die norm uitgespreek word. So sal 'n verskynsel wat net 'n klein area beïnvloed nie so 'n groot invloed op die indeling van dialekte hê, as byvoorbeeld 'n verskynsel wat die taallandskap in twee deel nie.

Dialektologie is dus die ondersoek waar data op 'n kaart aangeteken kan word en wat die taallandskap in verskillende streke indeel op grond van uitspraak en woordgebruik.

Vanuit die bogenoemde blyk dit dat daar verskeie aspekte is wat in gedagte gehou moet word, soos die verskil tussen die meer formele geskrewe taal, waar baie meer van die Standaardafrikaans teenwoordig sal wees, die meer informele gesproke vorm van Afrikaans, waar die sosiale aspekte, die konteks waarin die spreker hom-/haarself bevind, na vore sal kom. Dit is ook moontlik dat een persoon tekens van verskillende dialekte kan toon, afhangende van sy/haar sosiale konteks. So is daar telkens status verbonde aan die uitspraak van 'n spesifieke woord, wanneer die spreker in 'n bepaalde omgewing is, maar net so sal die woord glad nie gebruik word as die spreker hom-/haarself in 'n ander geselskap bevind nie. Die keuse van woorde en/of uitsprake kan toegeken word aan 'n individu se identiteit, en die sosiale konteks waarin die individue bevind word.

3.5 Genre en identiteit

Genre en identiteit speel 'n belangrike rol wanneer daar bepaalde tekste ondersoek word. Die genre waarin daar geskryf word, beïnvloed die wyse waarop daar geskryf/gepraat word. So ook is die teikengehoor 'n bepalende faktor wat die outeur in gedagte moet hou wanneer daar aan 'n teks gewerk word. Tog is identiteit nog 'n faktor wat nie buite rekening gelaat kan word nie. Alvorens die konsepte genre en identiteit as 'n geheel beskou word, sal daar eers ondersoek na die afsonderlike betekenis van die konsepte ingestel word.

3.5.1 Genre

Soos reeds genoem kan *genre* beskou word as die tipologie of klas waartoe 'n literêre werk behoort (vgl. 3.2). Crystal (2008:210) veronderstel dat genre, in sosiolinguistiek, diskoersanalise en stylleer, gesien kan word as 'n vereenvoudiging van 'n term wat algemeen in die letterkunde voorkom. Die gebruik van die term verwys na die voorheen onderskeibare variasie wat gelei het tot 'n mate van herkenbaarheid, hetsy in gesprekvoering of geskrewe tekste. Genre skryf verskeie herkenbare karaktereienskappe van taalgebruik voor, wat betrekking het op die onderwerp, doel en tekstuele struktuur, sowel as die vlak van formaliteit van die teks. Daar kan ook onderskeid getref word tussen verskillende subgenres (soos tipes romans of koerantberigte).

Crystal (2008) gaan voort deur *teks* te definieer as 'n term wat in linguistiek en fonetiek gebruik word om te verwys na 'n spesifieke deel van taalgebruik wat ten doel het om iets te analiseer, verduidelik of beskryf. Teks kan verbaal (gesproke) of nie-verbaal (geskrewe) van aard wees (Crystal, 2008:482). Teks word gesien as taaleenhede met 'n definieerbare kommunikatiewe funksie, en word gekarakteriseer deur aspekte soos kohesie, koherensie en inligtingsrykheid. Die laasgenoemde aspekte dra by tot 'n formele definisie van die tekstipe, wat weer tot die definisie van genre tipe lei. Wybenga (1988:60) sluit by die bostaande aan wanneer hy argumenteer dat die keuse van genre nie soseer gebonde is aan die situasie (deelnemers, tyd en ruimte) nie, maar veel eerder aan die onderwerp van bespreking.

Daar word deur sommige taalkundiges beweer (Crystal, 2008:282) dat die benadering (tekstipe en genrebenaderings) soortgelyk is aan diskoersanalise, en dat teks as 'n dinamiese proses of 'n fisiese produk van uitdrukking en interpretasie beskou kan word. Crystal (2008:482) gaan voort deur te stel dat die bogenoemde stelling se funksie beskou kan word as 'n wyse van optrede en dat dit ondersoek kan word deur gebruik te maak van psigolinguistiek⁴¹ sowel as sosiolinguistiek.

Gegewe die aard van die ondersoek kan die belang van die bogenoemde definisies van beide genre en idiolek as baie relevant beskou word. Daar word gestel dat genre gesien kan word as die verskeie herkenbare karaktereienskappe van taalgebruik, wat

⁴¹ Psigolinguistiek verwys volgens Crystal (2008:396) na 'n vertakking van taalkunde wat ondersoek instel na die verband tussen taalgebruik en die psigologiese prosesse wat taalgebruik beïnvloed.

betrekking het op die onderwerp, doel en tekstuele struktuur, sowel as die vlak van formaliteit van die teks. Hierdie dui daarop dat, deur die doelstelling van die teks, die skrywer sekere spesifieke riglyne in gedagte moet hou. In teenstelling daarmee verwys Crystal se definisie van teks na 'n wyse van optrede en dat dit ondersoek kan word deur gebruik te maak van psigolinguistiek sowel as sosiolinguistiek. Aangesien taal die medium is waardeur die boodskap oorgedra word, is die psigologiese faktore wat aanleiding gee tot spesifieke woordkeuses en sinskonstruksies belangrik, en sal hierdie bepaalde keuses tot 'n individu se idiolek aanleiding gee.

Genre is volgens Devitt (2000:697) 'n belangrike konsep vir beide literatuur- en retoriekstudies. Aristoteles het genre in die poëtika, sowel as die retoriek gedefinieer. Na Aristoteles se klassifikasie het die meer tradisionele begrip ontstaan, wat genre as 'n formalistiese klassifikasie van tekstipes gedefinieer het. In *Ars Poëtika* onderskei Aristoteles tussen slegs twee genretipes, naamlik die verhalende en die dramatiese (Hambidge, 1991a:148). Cloete *et al.* (1985:23-27) hou voor dat tekste op grond van tema, styl en effek verdeel kan word. Daar word egter veral ook gelet op die uiterlike, materiële vorm van die taalsituasie. Daar word in die letterkunde tussen drie hoofgenres onderskei, volgens Cloete *et al.* (1985:23-27), naamlik:

- Prosa (verhalende tekste)
- Poësie
- Drama

Van der Merwe en Viljoen (1998:67-72) gebruik 'n definisie van Peck en Cole (1984) om genre te definieer:

Genre means a type or class of literature. The main generic divisions today is into poetry, drama and the novel but in earlier times the major genres were recognised as epic, tragedy, lyric, comedy and satire. The logic behind these divisions is straightforward: all works of a certain kind have a great deal in common and are therefore grouped together under these broad headings. The advantage of knowing about these divisions is that they tell us what sort of text we are dealing with.

Mey (2009:287) is van mening dat die term genre deur taalkundiges aangepas is, in 'n verkennende ondersoek waar nie-literêre (gesproke en geskrewe) diskoers ontleed

word. Hierdie studies het op die konvensionele verwagtinge van die gebruik van teks struktuur, leksis en sintaksis gefokus. In die taalkunde kan genre gebruik word as 'n wyse waarop taal in die sosiale konteks ondersoek kan word.

Die kategorieë waarin genre verdeel word, word volgens Biber (1988:170) bepaal deur eksterne kriteria wat deur die spreker se doel en onderwerp beïnvloed word. Biber (1988:170) gaan voort deur dit daar te stel dat die groeperings van sekere tekste ook deur linguistiese vorm bepaal kan word. Daar word dan ook 'n onderskeid getref tussen die konsepte genre⁴² en tekstipes⁴³.

So gaan Biber (1988:170) voort deur te verduidelik dat hoewel 'n akademiese skryfstuk oor Asiatiese geskiedenis in terme van genre as 'n formele akademiese teks geklassifiseer word (die outeur se doel), dit volgens die linguistiese styl wat die teks aanneem as narratiewe teks gesien kan word.

Die sistemiese funksionele taalkunde ondersoek die verhouding tussen taal en die taal se funksie binne 'n sosiale konteks. Volgens Hyon (1996:696) word die vorm van taal verskerp deur sekere sleutelemente van die omliggende sosiale konteks. Die bogenoemde word volgens Halliday (in Hyon, 1996:696) geklassifiseer as veld (die aktiwiteit wat plaasvind), toon (die verhouding tussen die deelnemers) en wyse (die kanaal van kommunikasie). Dié drie elemente vorm saam die register van die taal. Hierdie veranderlikes (Mey, 2009:287) het egter nie betrekking op die vraag waarom die teks geskep is nie, maar fokus eerder op die kommunikatiewe doel van die teks, sowel as die teikengehoor.

Vanaf die 1980's het daar verskeie nuwe definisies vir die konsep *genre* ontstaan, veral binne die veld van retoriese etos. Hierdie definisies het volgens Devitt (2000:697) ontstaan vanuit die werk van MAK Halliday (sistemiese funksionele linguistiek), Bakhtin (dialogism) en Giddens (struktuur en Russiese aktiwiteitsstelsel). Devitt (2000:697) gaan voort deur dit te stel dat die studies onder andere insluit:

- Studies rakende die wyse waarop kinders narratiewe aanleer
- Ideologieë onderliggend aan wetenskaplike tekste
- Die sosiale en retoriese basis van genre

⁴²Genre verwys na die groepering van tekste, soos bepaal deur die eksterne kriteria.

⁴³Tekstipes verwys na die groepering van tekste met behulp van linguistiese style.

Hieruit kan die afleiding gemaak word dat genre nou gekenmerk kan word as 'n sosiale aksie eerder as die konvensionele formules. Genre bestaan as 'n retoriese gebruik van simbole wat herhaaldelik binne konteks teëgekrom word, wat toegepas word om beide die outeur (sender) en die leser (ontvanger) se doelwit te bereik.

Retoriese etos⁴⁴ kan volgens Johnstone (2000:406) ook beskou word as die ooredende aanbieding van 'n retor se morele karakter, wat duidelik gemaak word deur die goed deurdagte taktieke wat poog om die aandag op die beste eienskappe van die betrokke individu (karakter) te vestig. Johnstone (2000:406) gaan voort deur dit duidelik te stel dat 'n literêre karakter of die geïmpliseerde outeur beskou kan word as die resultaat van die doelbewuste aanpassing van 'n selektief gekose stel karaktereienskappe rakende retoriek en linguistiese styl.

Aristoteles se poëtië het reeds die vraagstuk rakende retoriek⁴⁵ aangeraak. Bialostosky (2006:397) stel dat die afleiding gemaak kan word dat die hoofdoelwit in 'n teks is om die regte toon te gebruik om die gekose/verlangde emosie oor te dra. Bialostosky (2006:401) stel dit ook dat die taalgebruik, eerder as die onderwerp, ondersoek moet word, aangesien die taal die bepalende faktor is. Verder is die leser/gehoor ook sentraal, aangesien hulle 'n bepalende faktor vir die tipe taal is wat gebruik word. Die doelbewuste keuse van woorde (intonasie) is dus ook van belang.

Dit is nie wenslik om genres as klasse met 'n aantal onderskeidende kenmerke te beskou nie. Daar moet veel eerder na genres gekyk word as prosesse, paradigmas waarbinne gelees en geskryf kan word, en ook nuwe moontlikhede vir dié bepaalde genre ontdek. Genres is nie staties nie, dit verander voortdurend (Van der Merwe & Viljoen, 1998:68). Bateman (2008:10) sluit hierby aan deur te sê dat genres veranderlik is, nie staties nie, en 'n hibriede versmelting van verskeie "genretipes" kan wees.

Soos reeds genoem, is die probleem met genre dat dit dikwels verander, en dat die vereistes vir 'n teks om tot 'n sekere genre te behoort voortdurend verander. Hambidge (1991a:148) gaan voort deur te stel dat genrevoorskrifte of -konvensies buigbaar is. As die skrywer die voorskrifte van die genre getrou navolg, word daarna verwys as 'n estetika van identiteit; wanneer dit egter doelbewus negeer word, is dit 'n voorbeeld van

⁴⁴Sien 3.3.4.5 (Poëtika).

⁴⁵Verwys na die interaksie tussen sender en ontvanger, of die effek van uitspraak op die gehoor (Frow, 2006:152).

estetika van opposisie. Hambidge (1991a:148) gaan voort deur dit duidelik te stel dat 'n absolutiese verdeling tussen genres nie kan standhou hou nie.

Frow (2006: 137) beweer dat genres ontstaan en voortbestaan aangesien 'n gegewe teks 'n bepaalde leemte vul, en dat daar 'n aanvraag daarvoor is. Dus is daar lesers wat die bepaalde tekstipe wil lees. Genre help dus volgens Bawarshi (1999:1) nie net om verskillende tipes tekste te ontleed en te groepeer nie, maar ook om sekere sosiale aksies wat deur die retoriese etos moontlik gemaak word, te identifiseer, sowel as die identiteite van die individue wat deur hierdie tekste en genres uitgebeeld word, te identifiseer.

Die skrywer besluit, na aanleiding van die gehoor wat bereik moet word, hoe taal aangewend gaan word om honderd persent kommunikasie te verseker. Dus is Jakobson se kommunikasiemodel, sowel as retoriek van belang. Die identiteit van die skrywer is egter ook 'n belangrike faktor wat 'n invloed op die wyse waarop daar geskryf word, het.

3.5.2 Identiteit

Elke individu kies hoe en wat hy/sy sê en ook waarom hy/sy dit sê. Die spreker se "stem" (die spesifieke woorde wat deur die individu gekies word) word dus strategies aangepas om te verseker dat die verlangde resultate met die gesprek behaal word (Johnstone, 2000:405). Johnstone (2000:406) gaan voort deur te stel dat vroeë soos, hoe projekteer die sprekers hulself, konsepte soos die self, selfbewussyn, subjektiwiteit, individualiteit, sowel as welke individuele identiteit faktore ondersoek moet word. Verder moet daar ook ondersoek ingestel word na die verhouding tussen die spreker, diskoers en taal (Johnstone, 2000:406). Dus kan die skrywer se identiteit gesien word as 'n doelbewuste stel karaktereienkappe van retoriese standpunte en taalstyle, en die beginsel van retoriese etos. Dus is dit reeds vanuit die bogenoemde duidelik dat 'n individu se identiteit gesien kan word as 'n doelbewuste keuse om 'n bepaalde gehoor te bereik, of om 'n doelbewuste boodskap uit te dra. In die geval van hierdie studie word daar egter na die individu se unieke taalgebruik gekyk. Dit is belangrik om te onthou dat ook die taalgebruik 'n doelbewuste keuse is, alhoewel sekere eienskappe (ook taaleienskappe) in die onderbewussyn van die individu geskied, en dus nie noodwendig net deur eksterne faktore beïnvloed word nie.

Volgens Nelson (2001:76) kan die identiteit van 'n individu, veral met betrekking tot letterkunde, gesien word as 'n web van narratiewe, waar sommige stories die individu se subjektiewe definieer. Die feit dat identiteit gesien kan word as 'n inmeekaargeweefde web van narratiewe dra ook by tot die feit dat intertekstualiteit nie buite rekening gelaat kan word nie (Allen, 2003:79).

Tekste verwys na die ander, en realiteit word daardeur uitgebeeld, dus skep die skrywer 'n identiteit en 'n realiteit deur verwysings en taalgebruik. Die leser (ontvanger) kan óf hiervan verskil, óf daarmee identifiseer. Die belangrikste faktor om in gedagte te hou, is dat die skrywer doelbewuste keuses in terme van taalgebruik en verwysings maak, om hierdeur 'n definitiewe beeld en identiteit te skep.

Daar bestaan egter verskeie teorieë rakende identiteit. Salih (2004:8) stel dat identiteit slegs erken word deur die herkenning van die self as die ander, en eers wanneer hierdie herkenning bereik is, kan die self iets word. Hall (1996:5) is van mening dat identiteit slegs gevorm word wanneer daar tot 'n besef gekom word, van dit wat nie is nie. Dus is dit die identiteit se doel om te bepaal wat nie daar is nie, wat onnodig is en wat onvanpas is. Hierdie stelling van Hall kan dus ook by die psigoanalitiese benadering aansluit. Hall (1996:3-4) gaan voort deur te stel dat identiteite in die moderne era nie 'n konstante gegewe is nie, en dat dit kan verander. Hy gaan voort deur te stel dat identiteit as 'n gefragmenteerde konsep beskou moet word, en dat dit vermeerder na aanleiding van die magdom verskillende, soms antagonistiese diskoerse en posisies. Dit gebeur egter ook dat 'n kulturele identiteit gevorm word, waarbinne 'n groep met soortgelyke beginsels en leefstyle saam sal groepeer (Hall, 1996:4-6). Hierdie groepe kan dan van 'n unieke taalkode gebruik maak om te kommunikeer, of om hulself van ander te onderskei.

De Saussure⁴⁶ (1966:8) verduidelik dat taal bestaan deur die doeltreffendheid van 'n tipe van 'n kontrak tussen lede van 'n groep, waardeur kommunikasie plaasvind. De Saussure (1996:14) is ook van mening dat taal eers in elke individue bestaan, maar algemeen aan almal is. Dié studie fokus egter op die individuele sy van die diskoers (idiolek).

⁴⁶Verwys 3.3.1 (Ferdinand de Saussure)

Taal, dialek en variëteite moet volgens Johnstone (2000:408) nie as abstrakte voorwerpe benader word nie, maar eerder as ware voorwerpe. Daarom moet die taal van 'n individu gesien word as 'n stel keuses wat die individu maak, om sodoende betekenis te vorm en suksesvol te kommunikeer. Johnstone (2000:408) gaan voort deur te verduidelik dat die individue hul identiteit op verskeie maniere deur taal uitdruk, aangesien sekere taalreëls herhaaldelik toegepas kan word, om sodoende 'n unieke idiolek te vorm.

Sapir (1949:595) sluit aan by Johnstone, Hall en De Saussure wanneer die stelling gemaak word dat elke individu se kultuur anders en uniek is. Aangesien geen twee individue se sosiale raamwerk en invloede presies met mekaar ooreenstem nie, kan die invloede nie dieselfde wees nie, en daarom sal die taalgebruik ook dus verskil. Nog 'n belangrike faktor waarna daar ondersoek ingestel moet word, is die voorkoms van die outeursfunksie⁴⁷ in tekste. Die skrywer van die teks is die eienaar van hierdie bepaalde korpus, en word ook as sodanig deur die lesers gesien. Aangesien die skrywer vir 'n bepaalde gehoor skryf, word daar 'n definitiewe identiteit van die skrywer gevorm deur die tekste wat versprei word. Dus dra hierdie faktor ook by tot die identiteit van die individu.

Vanuit die bogenoemde is dit dus duidelik dat 'n individu se identiteit in taal op verskeie maniere waargeneem kan word. Dit is ook duidelik dat die identiteit help vorm aan die persoon se idiolek. Net so is dit duidelik dat die genre waarin 'n skrywer werk veronderstel is om 'n invloed op die skryfstyl en taalgebruik te hê. Daar is dus verskeie faktore wat bydra tot die vorming van die idiolek van 'n individu. Vervolgens gaan daar na die konsep van idiolek ondersoek ingestel word, alvorens daar in Hoofstuk 5 bepaal word wat kenmerklik aan Joan Hambidge se idiolek is.

3.6 Idiolek

Uit die voorafgaande blyk dit duidelik dat identiteit 'n invloed op die unieke skryfstyl het. Genre het tradisioneel ook 'n invloed op die taalgebruik in die bepaalde teks. Wat egter volgende bespreek word, is die voorkoms van 'n idiolek. Soos reeds bespreek, word dialek ook kontreitaal, oftewel die Afrikaans van sprekers van 'n bepaalde kontrei genoem (Hugo, 2009:137). Hierdie kontreitaal wyk af van wat as Standaardafrikaans

⁴⁷ Verwys na 4.2 (Outeurskapidentifikasie).

beskou word, en dikwels word woorde eie aan die dialek, wat dan vir buitelanders onverstaanbaar is, aangetref. Idiolek kan dus as nog 'n smaller vertakking daarvan gesien word, aangesien dit die individu se eie, unieke taalgebruik is.

Jakobson (1994:104) definieer die term *idiolek* deur te verduidelik dat idiolek 'n individu se spreekwyse is, op enige gegewe tydstip. Hy, Jakobson, argumenteer egter dat aandag gegee moet word aan die feit dat individue hul taalgebruik sal aanpas om by 'n bepaalde situasie in te pas. Dus sal 'n spreker gemene grond, in die vorm van woorde wat by alle sprekers teenwoordig is, soek. Dus kan daar geredeneer word dat daar nie iets soos "private eiendom" in taal is nie. Jakobson (1994:104) sluit af deur te stel dat idiolek 'n perverse realiteit is. Hieruit blyk dit dat daar wel opvattinge is wat beweer dat idiolek nie noodwendig 'n unieke voorkoms is nie.

Die bogenoemde stelling kan egter deur verskeie taalkundiges as verkeerd bewys word. Idiolek is juis daardie aspekte van 'n individu se taalgebruik wat herhaaldelik en onbewustelik gebruik word. Daar gaan eerstens verskeie definisies van idiolek voorgehou word, alvorens daar na die idiolek van Joan Hambidge ondersoek ingestel word.

Crystal (2008:235) verwys na idiolek as 'n term wat deur taalkundiges gebruik word om na die taalsisteem van 'n individu te verwys, oftewel die individu se eie dialek. Volgens Crystal is 'n dialek die samevoeging van verskeie idiolekte. Crystal (2008:235) gaan voort deur te argumenteer dat idiolektiese merkers veral in letterkundige tekste sigbaar is as stylbeginsels van outeurskap⁴⁸.

Idiolek kan gedefinieer word as 'n voorstelling van 'n versameling van die individu se eie, persoonlike en unieke karaktereienskappe⁴⁹ op 'n gegewe tydstip. Hierdie karaktereienskappe verwys na 'n kombinasie van sosiolekte, gender-invloede en jargon (vgl. Panicheva *et al.*, 2010:1134). Panicheva *et al.* (2010:1136) is verder van mening dat woordbetekenis en die gevoel en waarnemings wat deur middel van taal deur die individu oorgedra word, implisiet in die spraak manifesteer en dat dit die taalgebruik van die outeur tot so 'n mate beïnvloed dat 'n idiolek gevorm word.

⁴⁸Sien 4.2.2 (outeurskapidentifikasie)

⁴⁹ Idiolek sal beskou word as die taalgebruik eie aan 'n bepaalde individu.

Volgens Wu *et al.* (2009:127) verwys 'n idiolek na 'n verskeidenheid unieke taalverskynsels wat eie aan 'n bepaalde individu is. 'n Idiolek is verder 'n verskynsel wat nie net eenmalig in 'n individu se taalgebruik voorkom nie. Louwerse (2004:207) stel dat idiolekte gesien kan word as 'n spesifieke, eiesoortige taalgebruik wat net op 'n bepaalde individu van toepassing is, dit wil sê dat daar by een outeur meer ooreenkomste in tekste is, as wanneer die teks met dié van 'n ander outeurs vergelyk word.

Volgens Lancashire (1999:728) weerspieël idiolek die denke van 'n individu en moet dit vanuit 'n kognitiewe benadering benader word. Kwantitatiewe profiele van leksikale, grammatikale en sintaktiese kombinasies, byvoorbeeld die kombinasies van funksiewoorde, die voorkoms van vreemde (ongewone) woorde, sowel as die gebruik van voorsetsels, en affikse kan gebruik word om die idiolek te bepaal (Lancashire, 1999:728). Deur gebruik te maak van rekenaarprogramme (korpuslinguistieksagteware) kan bevindings dan geïnterpreteer en in die vorm van tabelle, grafieke en statistiek uitgebeeld word.

Lancashire (1999:729) gaan voort deur te sê dat daar onderskei kan word tussen drie taaltipes, naamlik geskrewe taal, gesproke taal en innerlike (intrapersoonlike) spraak. 'n Idiolek fokus op die tekstuele sowel as ouditiewe effekte van 'n individu se taalgebruik. 'n Idiolek is onafhanklik, dit wil sê dit is die individu se eie, persoonlike wyse van taalgebruik. Die individu se idiolek, wat in geskrewe vorm waargeneem word, is nou verbind met die denkwyse van die bepaalde individu, en dus kan die kognitiewe prosesse nie van die uitbeelding van die taal geskei word nie. So verwys Lancashire (1999:729) dan ook na idiolek as die uitbeelding van 'n bepaalde kognitiewe styl. Hy, Lancashire (1999:729), gaan ook voort deur te sê dat daar verskeie nie-linguistiese faktore is wat bydra tot 'n idiolek.

Irizarry (1992:104) is van mening dat geskrewe taal idiolekte baie duideliker uitbeeld as gesproke taal, aangesien die outeur van 'n teks meer tyd het om die teks se struktuur te vorm, en dus meer tyd om 'n eie idiolek (bewustelik, of onbewustelik) in die teks in te werk. Mollin (2009:369) sluit by die bogenoemde aan deur te argumenteer dat wanneer 'n navorser poog om afleidings rakende 'n individu se taalgebruik te maak (om te bepaal of daar unieke patrone bestaan), 'n verteenwoordigende korpus van die bepaalde

individuele taal nodig is. Hoe groter die korpus⁵⁰, hoe makliker sal dit ook wees om laer frekwensies te bepaal.

Irizarry (1992:102) hou dit voor dat dieselfde veranderlikes wat gebruik word om idiolek as 'n vorm van individuele styl te identifiseer, ook gebruik kan word om gender in taal te identifiseer. Aangesien idiolek uitsluitlik eie aan 'n bepaalde individu is, kan idiolek gebruik word om 'n outeur, van 'n bepaalde teks, te identifiseer. Daar word na hierdie beginsel as outeurskapidentifikasie (vgl. 4.2) verwys.

Irizarry (1992:102) gaan voort deur te verduidelik dat geskrewe tekste baie meer bewyse lewer van 'n idiolek as gesproke taal, aangesien die individu meer tyd het om te dink oor die geskrewe teks. Die skryfproses is ongeveer tien maal stadiger as 'n gesproke situasie, en daarom kan skrywers meer effektief hul idiolek in so 'n situasie uitbeeld. Irizarry (1992:103) stel dit ook duidelik dat dieselfde merkers en veranderlikes wat gebruik word om idiolek te ondersoek ook gebruik kan word om 'n genderlek na te vors, aangesien beide die terme eie aan 'n individu is. Wu *et al.* (2009:127) sluit hierby aan deur te verwys na die spraakstyl van die individu, die keuse van woordeskat, sowel as die fisiese merkers wat bydra tot 'n unieke styl van taalgebruik.

Kuhl (2003:4) stel dat 'n idiolek gedefinieer kan word as karaktereienskappe eie aan 'n individuele taalgebruik. Hierdie karaktereienskappe sluit in: taalgewoontes, -patrone en -maniere. Kuhl (2003:4) gaan voort deur voor te hou dat daar verskeie metodes van ondersoek is. Hierdie wyses sluit in: uitspraak, die aktiewe en passiewe leksikon en sintaksis. Die individuele idiolek word meestal ondersoek deur 'n vergelyking met dit wat as die taalkundige norm gesien word.

3.7 Hoofstukseamevatting

Die ontwikkeling van sosiolinguistiek as 'n vertakking van taalkunde kan dus duidelik vanuit die bogenoemde gesien word. Linguïste wat 'n invloed op die ontwikkeling van die sosiolinguïstiese vakgebied en dan ook die bestudering van idiolek gehad het, is bespreek. Deur die bespreking is daar nie net 'n agtergrond geskep waardeur die ontwikkeling van die vakgebied bespreek is nie, maar ook die verskillende opinies aangebied. Daar is ook aandag gegee aan die ontwikkeling van sosiolinguïstiek in Suid-Afrika.

⁵⁰Verwys na Hoofstuk 4 (4.3 Korpuslinguïstiek)

Deur taalvariasie te ondersoek, is daar veral gelet op variasietaalkunde, sociolinguistiek; sociolinguistiese veranderlikes (sosiale, gender, homoseksualiteit, ouderdom en etniese veranderlikes) sowel as sociolinguistiek en kommunikasie. Verder is dialektologie sowel as genre en identiteit bespreek ten einde by die hoofpunt van die bespreking uit te kom.

Die hoofpunt is dan natuurlik idiolek, wat noodsaaklik is vir die studie rakende die idiolek van Joan Hambidge oor die grense van genres. Vanuit die afdeling rakende idiolek blyk dit dat elke individu oor 'n unieke taalskatkies beskik. Die omgewing, genre en gehoor bepaal die spreker se woordkeuses.

Hierdie bogenoemde faktore dra by tot die kennis wat nodig is om 'n studie oor 'n individu se idiolek uit te voer. Deur die sosiale aard van taal, die faktore wat 'n invloed op 'n individu se taalgebruik kan uitoefen te verstaan, sowel as die norm van die standaard van die taal van die individu wat ondersoek word, kan daar 'n meer volledige analise van die idiolektiese verskynsels gemaak word. Soos gesien in die bespreking is daar verskeie faktore wat 'n invloed op die idiolek van 'n individu kan hê. Om die idiolek van die individu te bepaal, moet die genoemde faktore in ag geneem en ondersoek word.

Hoofstuk 4: Bepaling van 'n idiolek: Outeurskapidentifikasie en korpuslinguistiek

4.1 Inleiding

Vanuit die vorige hoofstukke blyk dit duidelik dat daar baie faktore is wat aanleiding gee tot die idiolek van 'n individu soos Joan Hambidge. Eerstens is daar na die ondersoeksubjek, Joan Hambidge, se biografiese gegewens ondersoek ingestel. Hambidge se oeuvre, en faktore wat 'n invloed op haar idiolek en identiteit het, sowel as haar akademiese werke en resensies is kortweg ondersoek. Daar is ook verwys na die agtergrond waarteen letterkundige tekste ondersoek kan word, sowel as die teoretiese agtergrond en kontekstualisering van linguistiek.

Die agtergrond wat dus tot dusver geskep is, gee aanleiding tot die volgende afdeling, naamlik die outeurskapidentifikasie en korpuslinguistiek. Die voorafgaande gaan bespreek word, aangesien outeurskapidentifikasie 'n belangrike faktor is om kennis van te dra, omrede die idiolek van die individu deur beginsels, wat ook in forensiese linguistiek gebruik word, ontleed kan word.

Die korpuslinguistiek en -analise gaan bespreek word. Dit (korpuslinguistiek) verwys na studies waar teks in terme van woordeskat, grammatika en hoe hierdie faktore met die kohesie en die struktuur van die teks skakel, ondersoek word. In hierdie studie, waar die idiolek van Joan Hambidge ondersoek word, gaan die korpus op grond van die korpuslinguistiese beginsel ontleed moet word ten einde die idiolek te bepaal.

4.2 Outeurskapidentifikasie

Die taalkundige benadering tot die vraag rondom outeurskapidentifikasie kan beantwoord word vanuit die teoretiese standpunt dat elke moedertaalspreker 'n onmiskenbare en individuele weergawe van die taal gebruik om te praat en skryf, dus hul eie idiolek (Coulthard, 2004:1). Volgens Juola (2006:5) kan outeurskapidentifikasie breedweg geïdentifiseer word as beide een van die oudste en een van die nuutste probleme in die inligtingherwinningsproses. Eeue lank is daar al dispute oor die eienaarskap van woorde.

Soos reeds in hoofstuk 3 bespreek, is daar verskeie linguïste wat by hierdie stelling aansluit, soos onder andere: De Saussure, Chomsky, Halliday en Langacker. Veral Langacker (1973:51) sluit by die outeurskapfunksie van idiolek aan wanneer hy argumenteer dat idiolek as die dialek van 'n individu beskou kan word en dat elke taalhandeling 'n kreatiewe handeling is, aangesien taal die instrument van kommunikasie is. Langacker voer egter ook aan dat sprekers die bepaalde taalsituasie moet ontleed, en die mees gepaste taalsisteem vir die situasie moet kies. Coulthard (2004:1) gaan voort deur te beweer dat die individu se idiolek sigbaar sal wees in taalgebruik deur bepaalde keuses wat die individu maak. Forensiese linguïstiek word bespreek, om eerstens 'n agtergrond te skep, en dan ook te bepaal hoe forensiese linguïstiese metodes gebruik kan word om outeurskapidentifikasie uit te voer.

4.2.1. Forensiese linguïstiek

McMenamin (2002:67) definieer forensiese linguïstiek as “the scientific study of language as applied to forensic purposes and context”. Dus kan forensiese linguïstiek volgens McMenamin gesien word as die wetenskaplike studie van taal, met betrekking op die forensiese doel en konteks.

Om die idiolek van 'n individu te bepaal, kan dié metodes toegepas word wat in outeurskapidentifikasie gebruik word. Outeurskapidentifikasie word nouliks verbind met die vakrigting van forensiese linguïstiek. Volgens Coyotl-Morales *et al.* (2006:844) verwys outeurskapidentifikasie na die identifisering van die outeur van 'n bepaalde teks. 'n Agtergrond rakende forensiese linguïstiek word voorgehou, om sodoende die nodige agtergrond te skep wat veral in Hoofstuk 5 nodig is.

Volgens Kotzé (2007) word daar in 1851 deur Augustus de Morgan oor die identifikasie van Bybelse outeurs deur die ondersoek na woordlengtes verwys. Die eerste werklike ondersoek na outeurskapidentifikasie kan gevind word in die sogenaamde *Federalist Paper*-kwessie (Juola, 2006:10; Kotzé, 2007). Dit handel oor politieke opstelle wat gedurende die jare 1787 tot 1788 geskryf is. Die opstelle is almal onderteken deur ene *Publius*, 'n skuilnaam, maar is in werklikheid deur drie verskillende outeurs, Madison, Hamilton en Jay geskryf. Madison en Jay het albei aanspraak gemaak op die outeurskap van twaalf van die opstelle. Tagtig jaar later het twee navorsers, Mosteller en Wallance tot die gevolgtrekking gekom dat Madison al twaalf die opstelle geskryf het. Hulle, Mosteller en Wallance, het deur middel van funksie- en inhoudswoorde die

verskeie outeurskapmerkers geïdentifiseer, en sodoende die werklike outeur geïdentifiseer. Funksiewoorde kan volgens Michell (2013:50) beskou word as woorde wat selfstandig baie min betekenis het, terwyl die grammatikale woorde woordsoortgroepe insluit.

Olsson (2008:17) en Tiersma (2008:8-12) noem ook dat die geskiedenis van forensiese linguistiek sowat 'n halfeeu gelede teruggevoer word. Daar is lank na die identifikasie van die Bybelouteurs gekyk. Olsson (2008:17) stel ook dat Witter in dié verband uitgewys het dat verskillende benaminge vir die goddelike wese in die Pentateug daarop kan dui dat verskeie outeurs by die skryfproses betrokke was. Olsson (2008:17) gaan voort en wys daarop dat daar later ook deur Astruc en Eichhorn oor die verband geskryf is, en dat die gevolgtrekking dieselfde was. Tog word die geboorte van forensiese linguistiek gekoppel aan die verskyning van die publikasies van Frederick A Philbrick (*Language and the Law; the semantics of forensic English: 1949*) en Jan Svartvik (*The Evans Statements: A case for Forensic Linguistics: 1953*) (vgl. Coulthard & Johnson, 2007:5; Kotzé, 2007; Olsson, 2008:17).

Coulthard (2004:2) verwys na die *Unabomber*-saak om die nut van forensiese linguistiek uit te wys. Tussen 1978 en 1995 het 'n individu, woonagtig in die VSA en wat na homself as FC verwys, bomme deur die pos gestuur (sowat een 'n jaar). Na 'n paar jaar het die *FBI* (*Amerikaanse Federale Speurdiens*) 'n patroon gesien, die bomme is aan individue gestuur wat by **universiteite** en **Lugrederye (airlines)** werk, daarvandaan die benaming *Unabomber*. Gedurende 1995 het ses nasionale uitgewerye elk 'n manuskrip (*Industrial Society and its Future*) van 35 000 woorde elk ontvang, waar FC sê dat as die manuskrip gepubliseer word, sal die bomme ophou.

Die *Washington Post* het die manuskrip in Augustus gepubliseer, en drie maande later het 'n man die *FBI* gekontak en gesê dat die dokument klink asof sy broer dit geskryf het. Veral frases soos "*cool-headed logician*" het eie aan sy broer se idiolek geklink. Die *FBI* het die broer in hegtenis geneem; in sy huis het hulle nog dokumente gekry, en nadat die dokumente linguisties ondersoek is, is daar ooreenkomste gevind wat bewys het dat die broer wel die outeur moet wees.

Die verdediging het geargumenteer dat enige individu die bepaalde woorde kan gebruik, maar nadat die *FBI* se taalkundige die soektog verfyn het, is daar bevind dat daar slegs 69 dokumente bestaan het, waarin al die betrokke woorde en frases

voorkom, en by nadere ondersoek is daar gevind dat elk van die 69 dokumente weergawes van die oorspronklike manuskrip was (Coulthard, 2004:3).

Voordat die term in sy moderne toepassingsbetekenis begin gebruik is, het dele van die vakrigting egter lankal reeds bestaan. Hierdie onderskeie velde van forensiese linguistiek is plagiaat en outeurskapidentifikasie (vgl. 4.2.2). Olsson (2008) gaan voort deur dit duidelik te stel dat plagiaat al sedert die vroegste tye 'n knelpunt is. Sedert die begin van skeppende werke is daar vrae oor die werklike outeurs en wie die werklike eienaars van die gedagte-inhoud van die tekste is. Hierdie vraagstuk het reeds by die antieke Griekse dramaturge aanvang geneem. So is daar dan ook 'n dispuut rakende Shakespeare se werke gewees (Love, 2002:15). Volgens Olsson (2008:18) het Wilmot in 1785 geskryf dat Bacon die ware outeur van Shakespeare se dramas was.

Olsson (2008:43) verduidelik dat dit egter nie maklik is om te bepaal of die gerugte omtrent Shakespeare se dramas waar is nie, aangesien tekstuele eienskappe wat uitstaan gewoonlik die doelbewuste taalkeuses van die outeur insluit, en dat hierdie eienskappe maklik nagedoen kan word. Dus moet daar meer op die onbewuste tekstuele eienskappe gefokus word as die outeur geïdentifiseer moet word.

Die kwessie rakende plagiaat is nie net iets wat van belang was in die letterkunde nie, maar ook om die skrywers van bepaalde tekste in ander kontekste te bepaal, sowel as om die individu se prestasies en integriteit te bepaal.

Kotzé (2007) verwys na outeurskapidentifikasie as 'n wyse waarop plagiaat blootgelê kan word, maar ook as 'n wyse waarop onbekende betrokkenheid van individue by die skep van tekste, of die identifikasie van die ware outeur van 'n teks kan plaasvind. Die doel van outeurskapidentifikasie is volgens Kotzé (2007) om sowel aansprake op outeurskap te toets as die identifikasie van anonieme outeurs. Dus is dit duidelik dat forensiese linguistiese beginsels ook gebruik kan word om outeurskapidentifikasie te bepaal.

4.2.2 Teoretiese begroning van outeurskapidentifikasie

Coulthard (2004:431) stel dit onomwonde dat die taalkundige die vraag oor outeurskapidentifikasie vanuit 'n teoretiese oogpunt moet benader en dat dit belangrik is om in gedagte te hou dat elke individu (spreker) oor 'n eie en bepalende variasie van die taal wat hulle praat, beskik. Hierdie persoonlike, unieke variasie word 'n idiolek (vgl.

3.6) genoem. Elke taalgebruiker beskik oor 'n groot, aktiewe woordeskat, wat oor 'n aantal jare opgebou is. Hierdie woordeskat verskil van ander individue s'n, aangesien daar verskillende invloede in elke individu se lewe is, en ook aangesien daar verskillende taalkeuses gemaak sal word. Love (2002:21) sluit by die vraagstuk rondom idiolek en outeurskapidentifikasie aan as daar gestel word dat "as each individual has his own appearance, his own voice, his own character and disposition, so each has his own style of writing. And the quality of mind is manifest in speech even more than the likeness of the body is reflected in a mirror". Coulthard (2004:1) argumenteer dat wanneer 'n spreker enige woord op enige gegewe tydstip gebruik, die betrokke individu doelbewuste taalkeuses aangaande verkose woorde maak.

Coulthard (2004:1) sluit af deur te verklaar dat die voorafgaande impliseer dat dit moontlik moet wees om 'n metode te bewerkstellig waardeur die linguistiese vingerafdruk, oftewel die linguistiese indruk van die individu te identifiseer. Die *Unabomber*-saak, soos reeds bespreek (vgl. 4.2.1), dien as 'n goeie voorbeeld van hoe outeurskapidentifikasie van nut kan wees.

Outeurskapidentifikasie, volgens Kotze (2010:185), omvat 'n wye veld van aktiwiteite en 'n interdisiplinêre spektrum van toepassings wat strek van teologie, letterkunde en opvoedkunde, nasionale en kommersiële intelligensie sowel as die regstelsel. Die forensiese toepassing was tot 'n paar dekades gelede beperk tot handskrifontleding en die opspoor van plagiaat. Die fokus van die vakgebied het egter ontwikkel en gegroei en vandag word die linguistiese inhoud van dokumente ondersoek om sodoende nie net die outeur van selfmoordbriewe, dreigbriewe, eisbriewe, testamente en biebriewe nie, maar ook idiolektiese merkers te identifiseer. Stamatatos (2009:3) sluit hierby aan deur te noem dat die vakgebied bydra tot outeurskapidentifikasie (om sodoende te bepaal wie die werklike outeur van 'n teks is), plagiaatopsparing, outeurkarakterisering (om die outeur van 'n teks se ouderdom, opvoeding, geslag en dies meer te bepaal) sowel as om stilistiese inkonsekwentheid te bepaal (veral wanneer meer as een outeur betrokke is by 'n gegewe teks).

Chaski (2010:184) sluit by die bogenoemde aan deur te beweer dat sy in die praktyk van forensiese linguistiek (vanaf 1992) met sake gewerk het wat die volgende behels:

- moorde,
- selfmoorde,
- ontvoerings,
- bomdreigemente wat gelei het tot dood en die vernietiging van eiendom,
- terreuraanvalle,
- seksuele aanrandings en die seksuele misbruik van minderjariges,
- haatmisdade,
- obstruksie van die gereg,
- diefstal,
- *habeas corpus*⁵¹,
- skending van kopiereg,
- patenteregskending,
- werknemersdispute,
- toesigsdispute,
- erflatingsdispute,
- plagiaat en
- diskriminasie,

Chaski (2010:185) gaan voort deur te argumenteer dat tekstipes soos bloginskrywings, korporatiewe e-posse, liefdesbriewe sowel as dagboeke ook as linguistieke bewysstukke gedien het. In sommige gevalle is betwyfelbare individue tot ondersoek verbind deur spesifieke rekenaarsleutelborde. In ander witboordjiesake is persone aangekeer aangesien hulle oor inligting beskik het waarvan slegs die betrokke skuldige partye kon kennis dra.

In 'n studie gedoen deur Louwerse (2004) word daar klem gelê op die navorsing wat deur Fokkema en Ibsch gedoen is. Hierdie (soos Fokkema en Ibsch) studie het daartoe gelei dat Louwerse (2004:4-5) vier hipoteses daargestel het. Dit lui soos volg:

⁵¹ Verwys volgens Sharpe (2009) na die regsaspek waardeur 'n individu wat onwettig tronk toe gestuur is, 'n petisie aan die hof kan rig wat onmiddellike vrylating aanvra.

1. **Idiolektiese hipotese:** Linguistiese verskynsels in tekste, geskryf deur een outeur, sal nie merkbaar van mekaar verskil nie, terwyl tekste deur verskillende outeurs oor duidelike linguistiese verskille sal beskik.
2. **Sosiolektiese-gender-hipotese:** Hierin word beweer dat tekste, geskryf deur mans, linguisties met mekaar sal ooreenstem. Terwyl daar minder ooreenkoms moet wees wanneer tekste, geskryf deur mans, vergelyk word met tekste geskryf deur vroue.
3. **Sosiolektiese-tyd-hipotese:** Tekste wat in dieselfde tydspanne geskryf word, moet grotendeels ooreenstem in terme van linguistiese merkers, en tekste vanuit verskillende tydspannes moet verskil.
4. **'n Modernistiese-kode-hipotese:** Modernistiese tekste moet nie net oor homogeniteit beskik nie, maar moet verskil van realistiese tekste, en die modernistiese tekste moet ook oor 'n hoër frekwensie van 'n sekere semantiese veld beskik.

Outeurskapidentifikasie is nie noodwendig net van belang vir statistiese analise deur akademici of letterkundige kenners nie, maar die gebruikersveld kan ook individue insluit soos: onderwysers wat tekens van plagiaat wil opspoor, joernaliste wat die geldigheid van 'n dokument wil bevestig, beamptes wat 'n oortreding ondersoek of prokureurs wat 'n testament betwis (Juola, 2006:18).

Hughes (1996:124) voer in dié verband aan dat geskrewe taal bloot die uitbeelding van die primêre vorm, gesproke taal, is. Sy (Hughes, 1996:74) beweer egter ook dat outeurs die “regte” woorde moet kies wanneer keuses rakend die dialek van karakters gemaak word. Hughes (1996:77) voer dus aan dat die voorkoms van 'n idiolek betwyfel moet word, en dat wanneer die diskoers informatief van aard is, dit eerder aspekte soos gender, ouderdom en diskoersdoelwitte is wat kenmerkend moet wees. Vir die doel van dié studie word die faktore, soos deur Hughes genoem, egter in gedagte gehou, en word dit ondersoek as aspekte⁵² wat 'n invloed op die individu se idiolek kan hê

⁵² Verwys na 2.7.4 (Queer-Teorie), 3.4.3.1 (Sosiale veranderlikes), 3.4.3.2 (Gender as veranderlike), 3.4.3.3 (Homoseksualiteit), 3.4.3.4 (Ouderdom as veranderlike), 3.4.3.5 (Etniese veranderlikes) en 3.4.4 (Sosiolingustiek en kommunikasie)

Juola (2006:14) werp lig op die aangeleenthede rakende genre, korpusgrootte sowel as die verteenwoordigingsgraad, en die voorstellingsmoontlikhede in 'n korpusondersoek. In letterkundestudies kan 'n korpusgrootte van etlike honderde duisende woorde verwag en ondersoek word, terwyl 'n forensiese ondersoek slegs uit 'n paar honderd woorde kan bestaan. In letterkunde is daar ook die genreverskille⁵³ wat in ag geneem moet word, en daarom (Juola, 2006:14) is dit baie moeiliker om outeurs oor die grense van genres te identifiseer.

Nog 'n belangrike aspek om in gedagte te hou, is die feit dat dit moeilik is om 'n "skoon" (suiwer) teks vir analise te bekom. Juola (2006:15) argumenteer dat teorie vereis dat slegs data waarvoor die outeur direk verantwoordelik is, gebruik moet word in 'n korpusondersoek. Prakties is hierdie vereiste nie noodwendig uitvoerbaar nie, aangesien die meeste gepubliseerde tekste gesien kan word as die eindproduk van vele individue, soos die outeur, teksredakteur, lettersetter en selfs die drukker (Juola, 2006:15). Wanneer 'n skoon teks beskikbaar is, kan daar na spelling en grammatikale foute ondersoek ingestel word, aangesien hierdie eienskappe ook eie aan die outeur sal wees (Koppel & Schler, 2003:2). Aangesien die redigeringsproses egter die bogenoemde tipe foute uitskakel, is dit in die moderne, tegnologiese era baie moeiliker om van hierdie beginsels gebruik te maak.

Juola (2006:15) is verder van mening dat wanneer daar van masjien-leesbare tekste (soos Google Scholar, JSTOR of die Gutenberg-projek) gebruik gemaak word, kan die skanderings- en digitaliseringsproses ook die teks beïnvloed. Selfs die sogenaamde suiwer tekste kan problematies wees. Probleme sluit in (vgl. Juola, 2006:16):

- opskrifte (titel, opskrifte en subopskrifte),
- nommers (beide die nommers van die bladsye en by die opskrifte) en
- aanhalings.

Dit is dus die navorser se taak om te verseker dat aspekte van die teks (soos die bogenoemde) wat 'n invloed op die resultate kan hê, voor die aanvang van die korpusanalise uit die teks verwyder word. Hierdie probleme sluit dus aanhaling, numering en opskrifte in, wat nie as eie aan die outeur beskou kan word nie. Juola

⁵³ Verwys na 3.4.1 (genre)

(2006:16) gaan voort deur te argumenteer dat deur data vanuit die teks te verwyder, word daar tog ook aan die oorspronklikheid van die teks geraak.

Chaski (2007) stel dat in die geval van 'n forensiese ondersoek moet die betrokke teks deur 'n onafhanklike party outentiek verklaar word. As dit nie gedoen kan word nie, skeep dit alreeds die vermoede dat die teks nie geloofwaardig is nie, en dat die verdagte en/of die prokureur nie die waarheid rakende die betrokke teks vertel nie.

Dit is dus duidelik dat 'n teks nie net eenvoudig gebruik kan word nie, intendeel, alvorens 'n teks as data gebruik kan word, is daar eers 'n proses wat gevolg moet word om te verseker dat die bevindinge wat vanuit die betrokke teks gemaak kan word die akkuraatste moontlik is. Die taal, genre en grootte van die beskikbare tekste vir korpuslinguistiese analise is dus ook van uiterse belang.

Chaski (2010:186) argumenteer dat forensiese linguistiek gebruik maak van toegepaste taalkundige teorieë en metodes. Beide die kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingsbenaderings moet gevolg word. Dus is dit voor die hand liggend dat daar van forensiese linguistiese metodes gebruik gemaak kan word wanneer daar korpuslinguisties te werk gegaan word om 'n hipotese te ondersoek.

Chaski (2010:187) hou die volgende tabel voor om te verduidelik hoe taalkunde (korpuslinguistiek) en forensiese linguistiek ooreenstem:

Forensiese linguistiek vra	Linguistieke ondersoek benodig
Wie is te woord in die boodskap of verklaring?	Fonetiek, fonologie, morfologie, dialektologie, sosiolinguistiek, rekenaarlinguistiek
Wie is die outeur van die boodskap of dokument?	Sintaksis, morfologie, dialektologie, korpuslinguistiek, psigolinguistiek.
Is die tydsraamwerk van die dokument wel korrek?	Leksikografie, taalverandering, dialektologie, sosiolinguistiek.
Is die verklaring of dokument lasterlik?	Leksikografie, psigolinguistiese eksperimente, sintaksis, semantiek en diskoersanalise

**Tabel 4.1 Forensiese linguistiek en taalkundige benaderings
Geneem vanuit Chaski (2010:187)**

Vanuit tabel 4.1 is dit dus duidelik dat die forensiese linguistiek spesifiek ondersoek instel na wie het die teks geskryf, wanneer is die betrokke tekste geskryf en is daar die moontlikheid van geregtelike ondersoeke in terme van die outeur en die inhoud van die teks. Die linguistieke ondersoek verwys na die taalkundige ondersoek, waar sintaksis, leksikografie, fonologie, morfologie en dies meer ondersoek word. Die resultate wat

deur middel van hierdie tipe ondersoeke gekry word sal egter ook die outeur, die tyd waarin die dokumente geskryf, sowel as die spreker in die dokumente kan aandui.

Juola (2006:21) beweer dat die taalgebruik van die mens 'n komplekse en moeilike sisteem is om te bestudeer, aangesien dit as 'n kombinasie van groot hoeveelhede variëteite in teenstelling met verrassende subtiele reëlmatighede is. Hubbard (1994:57) argumenteer dat daar sekere aspekte van taalgebruik is wat nie soseer afhanklik is van die bewuste nie. Hy, Hubbard (1994:57), postuleer dat hierdie onderbewuste gewoontes is, wat ontwikkel en van individu na individu verskil. Dit is op hierdie "onderbewuste" vlak van taalgebruik waar idiosinkrasieë gevorm word, wat aanleiding gee tot die idiolek.

Volgens Louwse (2004:1) is idiolekte persoon-afhanklike ooreenkomste in taalgebruik. Dit dui daarop dat 'n teks van een bepaalde outeur oor meer taalooreenkomste sal beskik as tekste van twee verskillende outeurs. Sosiolekte verwys na die groepsgebonde ooreenkomste in tekste. Dit verwys, volgens Louwse (2004:1), na die feit dat skrywers in 'n bepaalde era of genre se tekste ook ooreenkomste sal toon. Om hierdie ooreenkomste te identifiseer, is dit nodig om van korpuslinguistiese beginsels gebruik te maak. Die korpuslinguistiese beginsels en die metodes waarvolgens daar te werk gegaan kan word, word voorts ondersoek en kortliks bespreek.

Die vraag ontstaan dus, nadat die teoretiese agtergrond geskep is, wat is die beste metode waarmee die beste resultate gevind kan word met die verskeidenheid tegnieke wat bestaan om outeurskapidentifikasie te ondersoek. Vervolgens gaan daar na verskillende metodes verwys word wat gebruik kan word in die studie na die idiolek van Joan Hambidge, oor die grense van genres, alvorens daar in Hoofstuk 5 (Empiriese studie) 'n gedetailleerde oorsig van die gekose metode uiteengesit sal word.

4.3 Korpuslinguistiek

Korpuslinguistiek verwys na studies waar teks in terme van woordeskat en grammatika ontleed word, en hoe hierdie faktore skakel met die kohesie en die struktuur van die teks (Nesselhauf, 2005). Crystal (2008:117) verwys na 'n korpus as 'n versameling van linguistiese data, hetsy teks of 'n transkripsie van gesproke teks (opname), wat dan as 'n beginpunt van 'n linguistiese beskrywing of as 'n wyse waarop 'n hipotese rakende taal geverifieer kan word. Korpora (Crystal, 2008:117) skep 'n basis vir veral rekenaar

gebasseerde linguistiek. Deur so 'n ondersoek word die konteks van die taalgebruik ook uitgelig. Wanneer die invloed van sosiale faktore op die taalgebruik van 'n bepaalde persoon ondersoek word, is korpusanalise van groot nut, aangesien dit woorde uitlig wat gereeld gebruik word, sowel as die konteks waarin dit gebruik word. Volgens Nesselhauf (2005) verwys korpuslinguistiek na 'n metode waardeur linguistiese analise uitgevoer word. Dus kan korpuslinguistiek gedefinieer word as die analise van taal, wat natuurlik voorkom, op grond van gerekenariseerde korpora. So 'n studie word gewoonlik met behulp van gespesialiseerde rekenaarsagteware uitgevoer, en werk op die frekwensie waarop die verskynsel wat ondersoek word, voorkom (Nesselhauf, 2005).

Hanks (2007) definieer 'n *korpus* as: "a large collection of text in electronic form for tagging and analysis." 'n Korpus is dus 'n verteenwoordiging van taal, of meer spesifiek 'n groot versameling van taal, soos dit natuurlik voorkom, wat as elektroniese lêers gestoor word (Baker, 2010:7). McEnery en Wilson (2001:117) beweer dat 'n korpus as die standaardsteekproefvoorstelling van 'n variëteit van 'n taal gesien kan word, en is die korpus veral belangrik wanneer dit gebruik word om die basis van 'n vergelyking tussen 'n outeur, 'n teks of 'n bepaalde variëteit van 'n taal te vorm.

Nesselhauf (2005) definieer 'n *korpus* as 'n sistematiese versameling van natuurlike tekste (beide geskrewe en gesproke taal). Sistematies verwys na die beginsel dat die struktuur en die inhoud van die gekose korpora vaste ekstralinguistiese beginsels volg. Die ekstralinguistiese beginsels verwys na die wyse waarop die korpora ingesamel is, en of daar deurlopend van dieselfde beginsels gebruik gemaak is om die data te versamel. Nesselhauf (2005) gaan voort deur te argumenteer dat alhoewel korpora na enige sistematiese teksversameling kan verwys, word daar in die moderne era meer gereeld na korpora as sistematiese teksversamelings wat gerekenariseer is verwys.

4.3.1 Korpuslinguistiek en taal

Volgens Baker (2010:5) is die eenvoudigste definisie van korpuslinguistiek die mening dat dit die studie van taal is, wat gebaseer is op die taalgebruik van individue, of 'n groep soos wat dit in die werklikheid gebruik word. Teubert (2004:98) postuleer dat taal vanuit 'n korpuslinguistieke oogpunt as 'n sosiale fenomeen beskou kan word. McEnery en Wilson (2001:1) definieer korpuslinguistiek as die studie van taal wat gebaseer is op voorbeelde van hoe taal in die "regte lewe" gebruik word. Vanuit die bogenoemde blyk

dit dus duidelik dat dit belangrik is om oor 'n agtergrond van taalbeginsels te beskik, wat van toepassing op hierdie definisie is.

Wanneer daar dus van korpuslinguistiese werksywyses gebruik gemaak word om die idiolek van 'n bepaalde individu te bepaal, word die taalkeuses, soos uitgeoefen deur 'n individu, ondersoek en ontleed, om sodoende te bepaal of die individu oor 'n kenmerkende idiolek beskik.

Om die tekste te analiseer, sal daar meer op die interpersoonlike metafunksie gefokus word, dit wil sê die wyse waarop kommunikasie deur middel van tekste plaasvind. Daar is egter verskeie veranderlikes wat 'n impak op die data kan hê. Hierdie veranderlikes sluit geslag, ras, ouderdom, geletterdheid, moedertaal en kulturele agtergrond in. Teubert (2004:98) sluit hierby aan deur te argumenteer dat verskillende mense woorde of frases verskillend gebruik; daar is nie noodwendig 'n reg of verkeerd nie, en almal hoef nie saam te stem nie. Betekenis is dit wat verbaal gekommunikeer kan word. Eers wanneer elke moontlike betekenis van 'n woord ondersoek is, kan daar 'n definisie aan die woord gekoppel word (vgl. Teubert, 2004:98).

Louwerse (2004:209) verwys na 'n studie wat deur Fokkema en Ibsch onderneem is. Vanuit hierdie studie kan daar afgelei word dat daar tussen tekste onderskei kan word, aangesien tekste in 'n sekere tydskonteks geskep word. Dus is daar sekere tekstuele kenmerke op grond van 'n periodieke kode. Derdens deel 'n groep outeurs taalkenmerke wat die sosiolek genoem word. Louwerse (2004:209) argumenteer egter dat daar dan ook onderskeid op grond van gender (genderlek) getref kan word. Louwerse (2004:209) sluit af deur die argument duidelik te stel dat een outeur se tekste dus ook duidelike ooreenkomste moet toon. Daar word na die individuele taalooreenkomste verwys as 'n idiolek.

Kodewisseling vind soms in tekste plaas, aangesien teks daargestel is om 'n boodskap oor te dra. Janse Van Vuuren (2007) stel dat alhoewel hierdie tipe konstruksies (meer informele taalkonstruksies) algemeen in gesproke taalgebruik is, is die hoë frekwensie hiervan in geskrewe formaat opvallend. As sodanig dui dit op informele taalgebruik wat nader aan tipiese kodewisselingspatrone in gesproke taal lê, as aan tipiese kodewisselingspatrone in geskrewe taal, waar dit dikwels om die stilistiese effek gaan.

4.3.2 Korpuslinguistiek en sosiolinguistiek

Baker (2010:2) stel dat 'n sosiolinguistiese benadering tot korpusanalise ondersoek instel na die wyse waarop taal gebruik word om eerstens 'n sosiale konteks te skep, en terselfdertyd ondersoek in te stel na die wyse waarop die sosiale konteks die taalgebruik en die kommunikasiebetekenis beïnvloed. Hy, Baker (2010:2), gaan voort deur te stel dat sosiolinguiste dus geïnteresseerd is in die wyse waarop 'n individu of 'n groep se identiteit deur taalgebruik beïnvloed en uitgebeeld word. Coyotl-Morales *et al.* (2006:844) beweer dat die werklike probleem gevind kan word in die kenmerke van 'n teks wat in die identifiseringsproses gebruik moet word. McEnery en Wilson (2001:115) voeg hierby dat korpuslinguistiek, soos dialektologie en stilistiek, 'n empiriese benadering vereis, en dat navorsingspesifieke data ingesamel moet word.

Aangesien daar dus 'n sosiolinguistiese inslag tot die korpuslinguistiek is, is dit belangrik om die konsepte variasie en verandering deurgaans in gedagte te hou. Volgens Baker (2010:4-6) is daar verskillende tipes variasies wat ingedagte gehou moet word. Soos reeds bespreek (vgl. 3.4) is daar verskeie sosiale veranderlikes soos ouderdom, sosiale stand, geslag, etniese veranderlikes en dies meer. Daar is egter ook afhanklike en onafhanklike veranderlikes wat veral van belang is wanneer daar statistiese analises van 'n teks gedoen word, en waar die areas sosiolinguistiek en korpuslinguistiek oorkruis.

Die bogenoemde word ook na verwys as die variëteite van 'n taal, waar variëteit betrekking het op die verskil in taal, sonder om spesifiek te verwys na, hetsy, aksent, dialek of selfs 'n nuwe vorm van die bepaalde taal (Baker, 2010:5). Daar is dan ook die sosiolinguistiese variasie-aspek. Dit verwys na taalgebruikers wat taal op verskillende wyses gebruik (woordkeuses, uitspraak en idioome) soos bepaal deur die sosiale situasie waarin hulle hulself bevind. Du Plessis (1995:10) sluit hierby aan deur te beweer dat variasie voorbeelde van tale, dialekte en self registers insluit. Volgens Du Plessis (1995:13) bestaan daar dus 'n verskeidenheid linguistiese variasies binne 'n taal, en sou dit aan die hand van die feit dat taal geen homogene eenheid veronderstel nie, kon beskryf word, en dat dieselfde konsep in een taal op meer as een manier gestel kan word.

Biber *et al.* (1998:2) vra hoe kan die taal wat deur 'n bepaalde outeur gebruik word, vergelyk word met die taal wat deur die outeur se eweknieë gebruik word. Hulle, Biber

et al. (1998:2), gaan voort deur te argumenteer dat verskillende variëteite van 'n taal in verskillende gespreksituasies gebruik word. Daar word na dié variëteite as registervariëteite verwys. Dus kan die aanname gemaak word dat elke individu, buiten vir 'n idiolek, ook oor verskillende registers beskik, wat binne die idiolek sal voorkom.

Carstens (2006:147) sluit by bogenoemde aan deur te postuleer dat die Taalkommissie deur middel van hulpmiddele soos die AWS poog om die standaardvariëteit daar te stel, en leiding te gee in terme van konsekwente en eenvormige spelling en taalgebruik. Daar kom dus verskillende variëteite in 'n taal voor, maar juis daarom word 'n norm daar gestel. Wanneer daar egter stilistiese analyses onderneem word, gaan daar juis ondersoek ingestel word na afwykings van die norm.

Baker (2010:4) verwys na die sinchroniese en diachroniese variasie. Sinchroniese variasie verwys na taalgebruikers wat op dieselfde tyd bestaan, alhoewel hulle nie dieselfde identiteitveranderlikes het nie, en ook nie in dieselfde omgewing woon nie. Dit (sinchroniese variasies) verwys ook na die verskillende variëteite van 'n taal (dialekte).

Die diachroniese variasies kan volgens Baker (2010:4) gedefinieer word as 'n variasie wat oor 'n tydperk gebeur. Hierdie tipe variasie kan op 'n individuele vlak, of op 'n groepsvlak bestudeer word. Op individuele vlak word daar ondersoek ingestel na 'n individu se taalverandering, hoe die persoon se taalgebruik oor 'n tydperk, soos die individu ouer word, en met verskillende mense interaksie het, verander. Die veranderinge op groepsvlak verwys na hoe die taal van 'n sosiale groep verander.

Dit is belangrik om verder ondersoek in te stel na die effektiwiteit van 'n korpus- en sosiolinguistiese ondersoek. Baker (2010:9) stel dat daar vyf redes is wat bydra tot die waarde en effektiwiteit van 'n kombinasie van sosiolinguistiek en korpuslinguistiek:

- Korpuslinguistiek en sosiolinguistiek stem ooreen in terme van fundamentele beginsels. Beide die benaderings maak gebruik van 'n versameling en analise van 'n teks (korpus) waarin taal beskou kan word, soos dit natuurlik deur die gebruikers gebruik word. Verder word daar ook klem gelê op die voorkoms van hoe taal gebruik word en die sosiale konteks. Dus geld die beginsel dat die analise van taal binne 'n sosiale konteks met empiriese data ondersteun kan word.

- Beide korpus- en sosiolinguiste maak gebruik van kwantitatiewe metodologie om sodoende vergelykende studies uit te voer. In hierdie tipe studies word daar ondersoek ingestel na die verskille en ooreenkomste in tekste, en die taalgebruik wat daarin gevind word.
- Beide sosio- en korpuslinguistiese benaderings maak gebruik van steekproefnemings om sodoende 'n groter korpus saam te stel, wat die taalgebruik in die ondersoek meer getrou sal uitbeeld.
- Beide die benaderings stel ondersoek in na variasie en verandering in 'n taal, en daarvoor word daar na 'n verskeidenheid taalkundige faktore, soos fonetiek, morfologie, leksikon, grammatika, diskoers en pragmatiek, ondersoek ingestel.
- Laastens poog beide die sosio- as korpuslinguiste om die bevindinge van studies nie net te regverdig nie, maar ook te verduidelik aan die hand van die sosiale konteks waarin die studie plaasgevind het. Hoekom sekere veranderinge in 'n taal plaasvind word dus verduidelik.

Baker (2010:9) sluit dan af deur te stel dat sosio- en korpuslinguistiek oorvleuel in terme van epistemologie, fokus en skopus. Dus kan 'n korpuslinguistiese benadering aangewend word wanneer daar 'n sosiolinguistiese studie gedoen word, om sodoende groot hoeveelhede bestaande data of hulpmiddele oor hoe om 'n korpus, wat as 'n omvattende voorstelling van die taal van 'n individu of groep gesien kan word, saam te stel. Verder is dit ook belangrik om na die rekenaarhulpmiddels en -programme, sowel as die metodes, te kyk wat deur korpuslinguiste gebruik word om taalpatrone en die frekwensie van woordgebruike te ontleed.

4.3.3 Metodologie van korpuslinguistiek

Daar is reeds ondersoek ingestel na die verskillende definisies van korpuslinguistiek, en dit is belangrik in die korpuslinguistiese studie van die idiolek van Joan Hambidge oor die grense van genres, om spesifiek te fokus op metodes waarvolgens 'n korpuslinguistiese studie uitgevoer kan word. Teubert (2004:100) voer aan dat korpuslinguistiek taal bestuur op grond van diskoers, en dat dit onmoontlik is om alle tekste in berekening te bring, maar dat daar met 'n verteenwoordigende hoeveelheid teks gewerk moet word. Hierdie teks word die korpus genoem.

Daar word volgens Baker (2010:12) en Nesselhauf (2005) tussen verskillende tipes korpora onderskei. Die eerste tipe korpus is die *verwysingskorpus* (ook genoem die verwysingskorpus) genoem, en verwys na die prototipiese korpus, wat as 'n voorstelling van die norm van die bepaalde taal gesien kan word. Hierdie soort korpus is gewoonlik baie groot (meer as 'n miljoen woorde), en is afkomstig van verskeie bronne, aangesien dit die norm van 'n taal moet voorstel. Vir die doel van hierdie studie word die Taalkommissiekorpus as verwysingskorpus gebruik en kan die korpus dus as die *algemene gestratifiseerde korpus* beskou word.

Die tweede tipe korpus is 'n *gespesialiseerde* korpus. Hierdie korpus verwys na 'n doelbewus geselekteerde groep tekste wat ondersoek word om 'n bepaalde vraag te beantwoord. Hierdie korpus het volgens Baker (2010:14) en Nesselhauf (2005) spesifieke beperkings, byvoorbeeld watter tekstipes by die korpus ingesluit kan word.

Nesselhauf (2005) onderskei verder tussen die volgende tipes korpora (hierdie het nie betrekking op die studie nie, maar dit is wel belangrik om kennis daarvan te neem):

- Historiese korpora (in vergelyking met hedendaagse taal): verteenwoordig die taal van 'n vroeëre stadium van die bepaalde taal.
- Streekskorpora (in vergelyking met korpora bestaande uit meer as een variëteit): verteenwoordig die taal van 'n spesifieke variëteit van die taal.
- Tweedetaalsprekerkorpora (in vergelyking met moedertaalsprekerkorpora): verteenwoordig die taalproduk van 'n tweedetaalspreker in vergelyking met moedertaalsprekers.
- Meertalige korpora (in vergelyking met korpora wat slegs uit een taal bestaan): verteenwoordig verskeie, minstens twee, verskillende tale met dieselfde tekstipes.
- Gesproke korpora (in vergelyking met geskrewe en gemengde korpora): verteenwoordig die gesproke taal.

Daar is dus verskeie tipes korpora (Nesselhauf, 2005) wat gebruik kan word in korpuslinguistiese ondersoeke. Vir die doel van dié studie word daar egter (soos reeds gestel) gebruik gemaak van 'n *verwysingskorpus* (die Taalkommissiekorpus) en 'n *gespesialiseerde* korpus (die doelbewus geselekteerde groep tekste van Joan Hambidge).

Die grootte van 'n korpus is belangrik. Die korpus moet as verteenwoordigende data van die navorsingssubjek dien. Daarom is dit belangrik dat die korpus groot genoeg is dat genoegsame data versamel kan word om die taalfrekwensies en -patrone uit te beeld, en statistiese gegewens weer te gee. Hoe groter die korpus is, hoe makliker sal onnatuurlike taalverskynsels sigbaar wees. Indien die korpus wat gebruik word te klein is, is dit moontlik dat die afwykings nie noodwendig daarin sal verskyn nie (Baker, 2010:7).

Biber *et al.* (1998:4) hou vier karaktereienskappe van 'n korpusgebaseerde analise voor:

- Die studies behels 'n empiriese ondersoek, waar patrone in taalgebruik ondersoek word.
- Die ondersoek gebruik 'n groot hoeveelheid "natuurlike" tekste, naamlik 'n korpus, as basis vir die analise.
- Daar word gebruik gemaak van rekenaargebaseerde programmatuur vir die analyses, outomaties sowel as interaktiewe tegnieke.
- Is beide kwalitatief en kwantitatief van aard.

Kotzé (2007:390) argumenteer dat individuele taalgebruik geïdentifiseer kan word deur die ondersoek na 'n verskeidenheid kenmerke (klank van stem, uitspraak van woorde, voorkeur vir sekere uitdrukkings, afwykings van sekere norme). Al hierdie eienskappe kan as verteenwoordigend van die idiolek van 'n individu gesien word. Kotzé (2007:390) postuleer ook dat die idiolektiese kenmerke ook die onderbewuste seleksie van grammatikale woorde by die vorming van sinne insluit. Om die idiolektiese kenmerke van 'n bepaalde individu te identifiseer, moet daar 'n deeglike stilometriese en stilistiese ondersoek uitgevoer word.

Daar kan, volgens McEnery en Wilson (2001:117), vanuit die uitgangspunt gewerk word dat 'n individu se unieke styl (idiolek) geïdentifiseer word aan die hand van die graad waartoe die individu neig om sekere stylbeginsels toe te pas. Daar is verskeie faktore wat 'n verskil in die styl van 'n individu kan aantoon. McEnery en Wilson (2001:117) beklemtoon dat die konsep van styl gebaseer is op die aanname dat outeurs 'n keuse het tussen verskillende wyses waarop hulle hulself kan uitdruk. Die verskille (McEnery & Wilson, 2001:117) sluit die verskil in tussen:

- tegniese en nie-tegniese taalgebruik,
- lang en kort sinne, en
- koördinasie en subordinasie.

Die bogenoemde verskille kan as 'n riglyn vir 'n stilistiese analise dien, wanneer idiolek bepaal moet word.

Kotzé (2007:396) verwys in die artikel rakende die outeurskapidentifikasie in die *Vader Punch*-saak, na kenmerke van die primêre dokument wat as idiosinkratiese sjibbolette, en gevolglik outeurskapmerkers dien. Kotzé (2007:396) verwys na ses spesifieke kenmerke wat geïdentifiseer is, naamlik:

- Spelkonvensies wat nie tipies van die Engels van isiXhosasprekende skrywers is nie en waarskynlik 'n onderbewuste ortografiese vingerafdruk van 'n individuele outeur verteenwoordig.
- “Spelling van 'n gewoonlik adjektief soos *secret* deur die byvoeging van 'n 'e' aan die einde (soos in die werkwoord *secrete*) is 'n hoogs idiolektiese eienskap, hoewel dit moontlik by sommige ander gebruikers ook sou kon voorkom, en sou as afdoende getuienis van gedeelde outeurskap beskou kon word, in samehang met die stilometriese getuienis, as dit in verskillende dokumente voorkom”.
- Spelfoute wat kenmerkend aan die outeur is.
- Grammatikale kenmerke soos die verkeerdlike gebruik van 'n voltooide deelwoord as 'n infinitief.
- Voorkeur van die outeur vir alliterasie as literêre middel.
- Verwante kollokasies wat uitsluitlik tiperend is. Kotzé (2007:398) verduidelik hier dat 'n soektog van die British National Corpus (BNC) van die Engelse taal (100 miljoen woorde) laat blyk dat die gelyktydige voorkoms van al drie items baie selde in natuurlike tekste te vind is. 'n Kombinasie van die drie genoemde elemente sou dus as relatief buitengewoon beskou kon word (of as sg. 'skaars pare'), en dus kenmerkend van 'n bepaalde outeur.

Hierdie kenmerke is egter van toepassing op die *Vader-Punch*-saak, maar kan as riglyn dien in die stilistiese ontleding van Hambidge se tekste (Afrikaans). In aansluiting met die *Vader-Punch*-saak is daar ook na die metodologiese beginsels ondersoek ingestel wat deur Hubbard (1994:58-64) voorgehou is. In hierdie artikel word daar veral gesteun op die frekwensie waarteen woorde voorkom, die kollokasies, woordpare en die

statistiese beduidendheid. Die kombinasie van die metodes van ondersoek kan tot die identifikasie van 'n individu se idiolek lei.

Soos reeds genoem het Louwse (2004:4-5) ook navorsing gedoen rakende idiolek. Hierdie studie kan in aansluiting met Kotzé se werk met stilistiese analise beskou word. Hierdie studie het daartoe gelei dat Louwse (2004:4-5) vier hipoteses daargestel het. Dié hipoteses sluit in:

- idiolektiese hipotese
- sosiolektiese-gender-hipotese
- sosiolektiese-tyd-hipotese
- 'n modernistiese-kode-hipotese

Die vier hipoteses verwys dus na vier verskillende wyses waarop die idiolek van 'n individu geïdentifiseer kan word. Die sosiolektiese-gender-, sosiolektiese-tyd-, en die modernistiese-kode-hipoteses kan egter nie op hierdie stilistiese studie toegepas word nie. Die rede vir die bogenoemde stelling is, aangesien daar met net een herkenbare outeur gewerk word, dit moeilik sal wees om die effek van gender en tyd te bepaal. Die verwysingskorpus is saamgestel vanuit die TK-korpus. In die TK-korpus word daar nie onderskei wie die outeurs van die onderskeie tekste is nie. Daar gaan dus ondersoek ingestel word na die idiolektiese hipotese. Sodoende gaan daar bepaal word of die kenmerke wat geïdentifiseer word, in die korpus van Hambidge figureer, en of dit as idiosinkratiese merkers van Hambidge se idiolek beskou kan word.

Daar is ook verskeie metalinguistiese middele in skriftelike taalgebruik. Wybenga (1988:29) noem in dié verband leestekens (aandagstrepe, ellipse, punte, kommas en aksentstrepe), die agtergrond (die wit agtergrond en ritme by poësie) en lettertipes. Wybenga (1988:63) beweer ook dat die keuse van 'n spesifieke taalvorm uit die beskikbare paradigmas belangrik is.

Daar kan volgens Wybenga (1988:65-76) onderskei word tussen:

- Klankvlak: Word beperk deur die stylregister en dialek sowel as die boodskap wat oorgedra moet word en die diskoersvlak. Sekere woorde en klanke word ter wille van diskoers gekies, en nie net omdat die segmentopeenvolgingsreël in Afrikaans 'n spesifieke klankkombinasie vereis nie.
- Woordeskat: Die keuse uit die woordeskat word meestal deur die genre, kode, klankvlak en die sintaktiese vlak beperk, terwyl die diskoersvlak bepalend op woordkeuse kan werk.
- Sinsvlak: Op sinsvlak word keuses gemaak ter wille van die daarstel van sintaktiese verhoudings. Hier val die keuse op die daarstel van die verhoudings tussen elemente en nie die element self nie.

Taalgebruik is onderhewig, soos enige ander kultuurproduk, aan sosiale oordele en vooroordele (Wybenga, 1988:87). Taboewoorde (vreestaboe, onaangenaamheidtaboe, privaatheidtaboe en diskriminasietaboe), gelaaide woorde, propagandawoorde, kultuurgebonde taalgebruik (historiese vorme, name, omgewingswoorde, rasverwysings en kultuurgebonde gebruike), geslag en taalgebruik, stereotipering en veroordele en cliché (soos uiteengesit deur Wybenga, 1988:87-100) is aspekte van 'n individu se taalgebruik wat ondersoek kan word.

Verder is die bilaterale verhoudings tussen woorde van belang. Woorde kan as die omgekeerde van ander beskou word. Polisemie (een woord met meer as een betekenis) is nog 'n belangrike faktor om in gedagte te hou. Alle woorde is meerduidig (Wybenga, 1988:70). Ongeag die genre, kan daar verskeie betekenisne aan 'n teks gekoppel word.

Wybenga (1988:15) voer aan dat elke genre 'n besondere onderliggende struktuur het wat aan die deelnemers bekend is. Die deelnemers kan gesien word as die skrywer en die leser. Die resepsieteorie is gebaseer op die uitgangspunt dat die leser en sy gedrag, binne en buite die literêre teks, belangrik is (Van Heusden & Jongeneel, 1993:175). Die betekenis van 'n teks kan nie meer as 'n vaste gegewe in die teks beskou word nie, dit word eerder ontwikkel deur die leser te betrek (Van Heusden & Jongeneel, 1993:196). Dus kan die resepsieteorie beskou word as die leser se reaksie op die teks. Die leser ken die konteks waarteen die betrokke teks afspeel (of geskep is), en het sekere verwagtinge van die teks. So sal 'n Hambidge-leser bekend wees met die parodieë wat

in Hambidge se werke voorkom, sowel as die feministiese, postmodernistiese aanslag, waar daardie skrywer telkens poog om die volmaakte teks te skep. Elke individuele teks vorm 'n eie universum, met sy eie wette (Wybenga, 1988:80). Wanneer daar ondersoek ingestel word na Hambidge se idiolek, kan die lesersverwagting ook dus nie buite rekening gelaat word nie.

Wanneer daar korpuslinguisties gewerk word, is die volgende terme van belang:

- **Frekwensie** vorm volgens Baker (2010:19-21) die hoeksteen van korpuslinguistiek. Die eenvoudigste definisie van frekwensie is dat dit verwys na die hoeveelheid kere wat iets (woord, sinsnede of sin) in 'n korpus (of teks) voorkom. Wanneer die frekwensie van sinsnedes ondersoek word, word daar na dit verwys as 'n bondel (cluster) of multi-woord-opeenvolgings. Hierdie bondels is baie belangrik wanneer daar ondersoek ingestel word na vaste uitdrukkings, patrone, voornaamwoorde en idiome. Biber *et al.* (2004) stel dat sommige leksikale bondels algemeen voorkom, maar soms oorgesien word. Hierdie leksikale bondels is egter belangrik wanneer die idiolek van 'n individu ondersoek word. Biber *et al.* (2004) gaan voort deur te verduidelik dat hierdie leksikale bondels veral van nut is aangesien dit dikwels as 'n vooruitwysing dien vir die sin wat volg. Hierdie leksikale bondels kan eie aan 'n individu wees.

Die frekwensie van voorkoms van 'n woord is belangrik aangesien dit as vergelyking kan dien. Indien die gespesialiseerde korpus (die Hambidge-korpus) 'n frekwensie van 339 vir die bondel, soos *in*, *het*, en in die verwysingskorpus (die Taalkommissiekorpus) kom die bondel net 190 keer voor, is daar gronde vir 'n vergelyking.

Korpus	Totale grootte van korpus	Hoeveelheid kere wat soos in voorkom	Frekwensie per 10 000 woorde van soos in
Hambidge-korpus	13 235	39	29.47 ⁵⁴
Taalkommissiekorpus	15 000	19	12.67
Totaal	28 235	58	20.54

Tabel 4.2 Eie voorstelling van die frekwensieberekeninge⁵⁵

Tabel 4.2 dien dus as 'n voorstelling van die frekwensieberekeninge. Daar is onderskeidelik 13 235 (JH-korpus) en 15 000 (TK-korpus) woorde in die korpora. Die woord soos *in* is in beide die JH-, en die TK-korpus opgesoek. Daarna is die frekwensie per 10 000 woorde genormaliseer.

Die formule waarvolgens die frekwensie van woorde (of woordgroepe) genormaliseer word, lyk soos volg

$$\frac{\text{Totaal van voorkoms van leksikale item}}{\text{Totale woorde in korpus}} \times 10000 = \text{Frekwensie}$$

Dus word dit soos volg bereken:

$$\frac{19}{13235} \times 10000 = 29.47$$

Deur die bostaande formule te gebruik, kan die frekwensie van bepaalde woorde in 'n korpus bepaal word, sowel as hoe dit vergelyk met die korpus wat die taalnorm voorstel.

⁵⁴ Ter wille van konsekwenheid word die desimale punt teenoor die komma (AWS, 2009:35) gebruik, aangesien die afvoer van die sagteware wat vir hierdie studie gebruik is die desimale punt gebruik.

⁵⁵ Die getalle wat in hierdie tabel gebruik word is nie die regte syfers nie, die tabel dien slegs as 'n voorbeeld van hoe om die frekwensie te bereken.

Daardeur kan daar eindelijk bepaal word of die woorde gesien kan word as uniek aan die individu se idiolek.

Frekwensie word ook gebruik om die tipe-teken-ratio (*type-token ratio*) van 'n teks te bepaal (Stamatatos, 2009:1-15). Die formule lyk soos volg:


$$\frac{\text{tipe woorde in Korpus}}{\text{Totale aantal woorde in korpus}} \times 100 = \text{tipe teken ratio}$$

Die *type-token ratio* (*tipe-teken-ratio*) kan ook gedefinieer word as V/N. Waar V na die tipe woorde in die korpus verwys, en N na die totale aantal woorde in die korpus (Stamatatos, 2009:3).

Die totale aantal woorde in die korpus verwys na die hoeveelheid woorde in die teks, terwyl die tipe na die eintlike hoeveelheid woorde verwys. Aangesien woorde meer as een keer gebruik word, is die totale aantal woorde in die korpus nie noodwendig die hoeveelheid tipes woorde wat voorkom nie.


Volgens Baker (2010:21) kan frekwensie ook gebruik word om ander ratio's te bepaal. Daar kan ondersoek ingestel word na die leksikale inhoud van die korpus, dit wil sê daar word gekyk na die woordsoorte (voornaamwoorde, werkwoorde, byvoeglike naamwoorde, bywoorde, voorsetsels en dies meer). Hierdie tipe ontleding word veral in stilistiese of forensiese ondersoeke gebruik. Baker (2010:21) gaan voort deur te stel dat hierdie tipe ontleding bydra daartoe om 'n profiel van die outeur saam te stel.

Om die frekwensies van woorde te bepaal word daar gebruik gemaak van korpuslinguistieksagteware soos *AntConc* (AntConc Version 3.2.4. <http://www.antlab.sci.waseda.ac.jp/software.html>) of *Wordsmith* (). Volgens Baker (2010:20) word hierdie frekwensielyste óf alfabeties, óf volgens frekwensie rangskik. Volgens Baker (2010:20) fokus die meeste linguiste op die 20 tot 100 woorde wat die hoogste frekwensie in die korpus het.



Figuur 4 Voorstelling van Antconc se frekwensievoorkoms

- **Konkordansie:** Volgens Baker (2010:21) verwys konkordansie na 'n tabel waar al die linguistiese items in die korpus voorgestel word binne die konteks waarin dit in die oorspronklike teks voorkom.



Figuur 5 Voorstelling van Antconc se konkordansie

Konkordansie is belangrik aangesien dit daartoe bydra dat kwalitatiewe analises op die teks uitgevoer kan word. Verder help die konkordansie ook om te verseker dat die navorser kyk na die betekenis van die bepaalde woord, soos deur die skrywer in die teks gebruik (Baker, 2010:22). Nesselhauf (2005) voeg hiertoe by dat die konkordansie die belangrikste funksie vir linguistiese ondersoeke is.

- **Kollokasie:** Hierdie verwys na die eksklusiewe, of gereelde verhouding tussen woorde. As daar 'n kollokasie tussen twee woorde voorkom, beteken dit dat die woorde gereeld langs, of naby mekaar in die korpus gevind word (Baker, 2010:22). Die woorde kan as vaste uitdrukkings voorkom, of as wisselvorme. Daarom is dit ook belangrik om die konkordansie tussen die kollokasies te ondersoek (Baker, 2010:22).
- **Sleutelwoorde:** Sleutelwoorde verwys volgens Baker (2010:26) na 'n wyse waarop die relatiewe frekwensie tussen korpora bepaal kan word. 'n Woord soos *die* kom algemeen in alle tekste voor. Maar indien dit gebeur dat 'n korpus oor 'n hoër frekwensie van *die* in verhouding beskik as die verwysingskorpus, dan dui dit ook op 'n moontlike kenmerk van die idiolek. Sleutelwoorde word deur die Chi-kwadraattoets (Jenset, 2008:5) bepaal.
- **Stilometriese kenmerke:** Stylmerkers verwys volgens Stamatatos (2009:3-12) na:
 - a) **Leksikale kenmerke:** Die eenvoudigste wyse om 'n teks te ondersoek is om die teks as 'n opeenvolging van tekens te beskou. Outeurskapidentifikasie is eers deur middel van 'n ondersoek na die lengte van sinne en woorde uitgevoer. Die voordeel van so 'n studie is dat dit in enige taal, op enige korpus toegepas kan word. Woordeskatrykheid verwys na die diversiteit van die woordeskat in die gegewe teks. *Type-token ratio (V/N)* sal hiervoor gebruik word. Die mate waartoe die teks as ryk aan woordeskat gedefinieer kan word, sal egter van die grootte van die korpus afhang. Deur die gebruik van vektore van woordfrekwensie kan die beste resultate gevind word.

- b) **Karakterkenmerke:** Die teks word in dié geval as 'n opeenvolging van karakters beskou. Hier kan daar dan na onder andere 'n alfabetiese karaktertelling, digitale karaktertelling, hoof- en kleinletter gebruik, letter frekwensie en ook die leestekengebruik ondersoek ingestel word.
- c) **Sintaktiese kenmerke:** Die idee bestaan dat outeurs onbewustelik gebruik maak van ooreenstemmende sintaktiese patrone. Stamatatos (2009:7) argumenteer dat die sintaktiese partone baie meer uniek is as die leksikale inligting wat vanuit 'n teks gekry word. Funksiewoorde word meestal in bepaalde sintaktiese konstruksies gebruik, en daarom is hierdie kenmerk van groot belang. Koppel en Schler (2003:1) voer aan dat funksiewoorde onafhanklik van die konteks is, en dus sal die woorde nie noodwendig deur die onderwerp van die teks bepaal word nie.
- d) **Semantiese kenmerke:** Hier kan gebruik gemaak word van hulpmiddele soos woordsoortetikettering (*POS tagging*) om sodoende die betekenisleer te verstaan. Koppel en Schler (2003:1) argumenteer dat die ontwikkeling van nuwe programmatuur (veral woordsoortetikettering) daartoe bydra dat sintaktiese kenmerke, sowel as kwasi-sintaktiese kenmerke, soos *POS n-grams* gebruik kan word om outeurskapidentifikasie te vergemaklik.

Coyotl-Morales *et al.* (2006:844) verwys na verskeie metodes waarop korpuslinguistiek, en dus ook idiolek, ondersoek kan word. Die metodes sluit 'n ondersoek na stilistiese kenmerke soos woordeskat en die frekwensie van die gebruik van bepaalde funksiewoorde in. Coyotl-Morales *et al.* (2006:844) postuleer dan dat om 'n volledige identifikasie van 'n outeur uit te voer dit nodig is dat beide die stilistiese- en onderwerpskenmerke ondersoek word.

Daar word tussen drie hoofmetodes van outeurskapidentifikasie onderskei wanneer daar van korpuslinguistiek gebruik gemaak word. Dié drie metodes sluit in:

- **Stilistiese ondersoek:** Hierdie metode verwys na die inagneming van kenmerke soos die lengte van woorde en sinne, sowel as die omvattendheid van die woordeskat. Hierdie tipe benadering word ook die kompleksiteit-gebaseerde benadering genoem (Koppel & Schler, 2003:1). Die probleem met so 'n metode is

dat die bogenoemde kenmerke kan verskil na aanleiding van die genre waarin daar gewerk word.

- **Sintaktiese ondersoek:** Hier word daar na bepaalde stylmerkers gekyk, deur die struktuur van die taal te ondersoek en dus 'n in-diepte-ondersoek na die sintaktiese samestelling van die taal te doen. Frekwensie van bepaalde sintaktiese strukture kan as kenmerkend van 'n teks, en dus ook die outeur beskou word.
- **Woordgebaseerde dokumentkenmerke:** Volgens Coyotl-Morales *et al.* (2006:845) inkorporeer hierdie benadering minstens drie ander metodes se benaderings. Eerstens word daar na die funksiewoorde ondersoek ingestel; kontekswoorde word in dié geval heeltemal geïgnoreer aangesien dit met die onderwerp ooreenstem. Wanneer daar van die bogenoemde metode gebruik gemaak word, speel die grootte van die korpus 'n belangrike rol. Die frekwensie van woorde word beïnvloed deur die grootte van die korpus. Die tweede metode (stilisties) het betrekking op die inhoudswoorde. Hierdie metode is wel suksesvol wanneer daar 'n sterk ooreenkoms tussen die outeur en die onderwerp is. Laastens word daar (vgl. Coyotl-Morales *et al.*, 2006:846) na die *n*-gram se kenmerke ondersoek ingestel. Dit verwys na die kenmerke wat bestaan uit 'n reeks van *n* opeenvolgende woorde. Hierdie metode poog om die taalstruktuur van die teks uit te wys, deur eenvoudige woordreekse, in plaas van komplekse sintaktiese strukture, te ondersoek.

McEnery en Wilson (2001:117) stel dat 'n stilistiese ondersoek meer fokus op die individuele tekste, oeuvres en genre. Vir die doel van hierdie studie gaan die stilistiese ondersoek dan ook toegepas word op die intrakorpusvergeliking tussen Hambridge se eie tekste, om sodoende vas te stel wat kenmerkend van haar idiolek is.

Louwerse (2004:209-219) verwys na die Boolese model (*Boolean Model*) en die *Vektormodel* (latent semantic analysis – LSA). Die *Boolese model* verwys na 'n woordfrekwensie-analise wat gebruik maak van die algemeen aanvaarde korpuslinguistiese metode, waar woordfrekwensie as 'n wyse waarop semantiese onderskeidings ondersoek word, gebruik word. Die *Vektormodel* (LSA) verwys na 'n statistiese, korpusgebaseerde tegniek wat kwantitatiewe inligting rakende die herhaaldelike voorkoms van woorde in sinne en paragrawe omskakel na 'n *n*-dimensie.

Wanneer al die bogenoemde veranderlikes in gedagte gehou word, kan die idiolek van 'n individu deur middel van korpuslinguistiese beginsels ondersoek en voorgehou word. Dit is egter belangrik om te fokus op die idiosinkratiese kenmerke eie aan die bepaalde individu wanneer 'n idiolek bepaal word.

4.3.4 Statistiese konsepte

In die bostaande afdeling is daar na verskeie metodes verwys waarvolgens korpusanalises uitgevoer kan word. Wanneer daar van korpusanalitiese metodes gebruik gemaak word, word die bevindinge as syferwaardes uitgedruk. Volgens Griffin (2005) is dit relatief maklik om die doeltreffendheid van statistiese analises agterweë te laat, veral as daar met taal gewerk word. Hierdie tipe bevindinge is egter van groot waarde, aangesien daar telkemale nie aandag gegee word aan die statistiese waarde, en die effek wat dit op navorsing kan hê nie. Vervolgens gaan daar na die agtergrond van die verskillende statistiese konsepte ondersoek ingestel word.

Met die aanvang van die korpusanalise word daar verskeie woordelyste opgestel. Hierdie lysie kan óf alfabeties, óf volgens frekwensie gelys word (vgl. 4.3.3). Wanneer die woordelyste volgens frekwensie gelys word, verwys dit na die feit dat die woorde wat die meeste voorkom eerste gelys word. Die alfabetiese lys is presies dieselfde lys as die frekwensielys, buiten dat die woorde dan alfabeties gerangskik is (Anon, 2013).

Soos reeds genoem (4.3.3) verwys die *tipe-teken ratio* na die leksikale variasie van die woordeskat van die outeur. Indien die outeur dieselfde woorde (woordtipes) herhaaldelik gebruik, is die tipe-teken ratio laag, en dus is die teks nie leksikaal ryk nie (Anon, 2013). Wanneer die tipe-teken ratio bereken word, is dit belangrik om in ag te neem dat hoe groter die korpus is (totale hoeveelheid woorde) hoe makliker is dit dat woorde herhaal sal word. Ter wille van vergelyking is dit belangrik om die aanvanklike bevindinge te bereken na 'n getal uit 1 000 woorde.

Deur die ratio uit te werk waardeur woorde van verskillende tekste met mekaar vergelyk word, kan daar bepaal word watter teks leksikaal die rykste is. 'n Verskil van groter of kleiner as 20%, oftewel groter as 1.2 of kleiner as 0.8 dui 'n praktiese beduidenheid aan (vgl. Van Rooy & Terblanche, 2006). Volgens Steyn en Ellis (2006:173) kan bevindinge as prakties beduidend bestempel word wanneer die indeks groot genoeg is, en kan die term in verskillende kontekste gebruik word. Die nulhipotese (hierna H_0) verwys na die

hipotese wat as die beginpunt gesien word, en wat hopelik weerlê sal word (vgl. Woods *et al.*, 1989:120).

Oakes (1998:9) sluit hierby aan deur te verduidelik dat die H_0 stel dat daar geen verskil tussen die steekproefgrootte en die populasie waaruit dit geneem is, bestaan nie. Die navorsers probeer dus om die H_0 verkeerd te bewys, en sodoende te bevestig dat die data wat bestudeer word, verskil van die oorspronklike populasie. Die H_0 kan slegs verwerp (verkeerd bewys) word indien daar minder as vyf kanse uit 'n honderd is dat die resultate verkry kan word. Dit wil sê dat die moontlikheid om die resultate te verkry minder as 0.05 is (vgl. Oakes, 1989:9). Deur dié tipe toetsing word die statistiese beduidendheid van die studie aangetoon, en kan die geloofwaardigheid van die data verseker word. Deur die H_0 te verwerp, word die statistiese belang, en die waarde van die navorsing, bepaal.

Die gepaarde t-toets word gedefinieer as 'n tipe toets waar waardes wat ver genoeg aan die teenoorgestelde kante van die spektrum lê, gebruik word as bewyse vir H_1 (teenstelling van die nulhipotese) (vgl. Woods *et al.*, 1989:122). Woods *et al.* (1989:122) gaan voort deur voor te hou dat die gepaarde t-toets veral as die gepaste metode van ondersoek beskou kan word wanneer die alternatiewe hipotese nie voorspel na welke rigting die statistiese bevindinge gaan neig nie. Die gepaarde t-toets toon dus statistiese beduidendheid aan, maar Woods *et al.* (1989:127) voer ook aan dat dit nie as die enigste metode van ondersoek gebruik kan word nie, aangesien dit net 'n enkele wyse is om data te ontleed. Van Rooy en Terblanche (2006:169) het nie van die t-toetse gebruik gemaak nie, aangesien die metode waarvolgens die verskil in die gemiddeld bereken word, nie plek laat vir die berekening van standaardafwykings nie. Hierdie kritiek teenoor die gebruik van die t-toetse is 'n belangrike konsep om in gedagte te hou. Aangesien die t-toetse nie die enigste metode is wat gebruik word om die data te ontleed nie, beïnvloed dit nie die data-analise nie.

Steyn en Ellis (2006:172) voer aan dat empiriese navorsing veral fokus op die vergelyking van groepe (in die geval van hierdie studie die vergelyking van korpora: intra- en interkorpusvergelykings) van belang, of andersins die verbande tussen veranderlikes wat gemeet word. Die vraag word dan gevra: "Hoe betekenisvol is die verskil tussen die veranderlikes?" Volgens Steyn en Ellis (2006:172) kan die betekenisvolheid gemeet word aan die statistiese beduidendheid. Die statistiese

beduidendheid toon dus aan dat die waarskynlikheid klein is dat die H_0 (wat aantoon dat daar geen verskil in gemiddeldes op 'n voorafbepaalde betekenispeil is nie) verwerp kan word, oftewel dat die waarskynlikheid bestaan dat die p-waarde ≤ 0.05 (Steyn en Ellis, 2006:172).

Die *chi-kwadraat*-toets kan beskou word as 'n nie-parametriese statistiese prosedure wat die verhouding tussen frekwensies in 'n tabel toets (Oakes, 1998:24). Met 'n korpuslinguistiese ondersoek kan daar byvoorbeeld nie beweer word dat 'n selfstandige naamwoord meer of minder belangrik as 'n werkwoord is nie, maar deur van die *chi-kwadraat*-toets gebruik te maak, kan die verhouding tussen die frekwensie van die voorkoms van die woordsoorte bepaal word. Deur so 'n toets kan daar dan vasgestel word of 'n bepaalde outeur meer, of minder werkwoorde (byvoorbeeld) as die norm gebruik. Die grade van vryheid bepaal of die H_0 verwerp of aanvaar kan word.

Die *Flesch-Kincaid*⁵⁶-leesbaarheidstoets is nog 'n toets wat gebruik kan word in outeurskapidentifikasie. Die toets is deur Rudolf Flesch en Peter Kincaid ontwikkel. Hierdie toets bepaal die leesbaarheid van die teks (Olsson, 2008:105). Hierdie toets dui die karaktertelling, sillabetelling, hoeveelheid woorde, karakters per woord, sillabes per woord sowel as die hoeveelheid woorde per sin aan⁵⁷. Hierdie toets is spesifiek ontwikkel vir Engels, maar aangesien dieselfde toetse op die onderskeie tekste uitgevoer word, kan die bevindinge met mekaar vergelyk word. Die aanname kan dus gemaak word dat tekste (in soortgelyke kontekste) van een outeur se *Flesch-Kincaid*-toetspunte relatief ooreenstemmend sal wees. Die *Flesch-Kincaid* programatuur (beskikbaar op die webwerf, formula <http://www.readabilityformulas.com/flesch-grade-level-readability-formula.php>) meet die volgende eienskappe van 'n teks:

- Gemak van leesbaarheid: Die *Flesch-Kincaid*-leesbaarheid werk op 'n gyskaal. Hoe hoër die leesbaarheidspunt van die teks, hoe makliker is dit om die teks te lees en verstaan (Anon, 2009). Die leesbaarheid kan soos volg geïnterpreteer word.

⁵⁶ Die *Flesch-Kincaid*-toets word gemeet volgens standarde daargestel in die Amerikaanse opvoedingsvlakke.

⁵⁷ Die *Flesch-Kincaid*-toets se bevindinge sal in Hoofstuk 5 (Intrakorpusondersoek) bespreek en verduidelik word.

Flesch–Kincaid–leesbaarheidstelling		Leesbaarheidsvlak
0-29	→	Baie moeilik
30-49	→	Moeilik
50-59	→	Redelik moeilik
60-69	→	Standaard
70-79	→	Betreklik maklik
80-89	→	Maklik
90-100	→	Baie maklik


**Tabel 4.3 Leesbaarheidsgemak van die Flesch-Kincaid-toets
(geneem vanuit Anon, 2009)**

- Graadvlak: Verwys na die skoolvlak/-graad van die leerder wat veronderstel is om die dokument te verstaan. Hoe hoër die graad, hoe moeiliker is die teks (Anon, 2009).
- Gunning fog-telling: Verwys na die leesbaarheidsformule wat deur Robert Gunning ontwerp is, nadat hy opgelet het dat hoërskoolleerlinge sukkel om te lees (Anon, 2009).
- Gemiddelde graadvlak: Verwys net na die gemiddelde van al die toetse wat uitgevoer is.
- Coleman-Liau-indeks: Verwys na die verstaanbaarheid van 'n bepaalde teks. Die formule om die indekspunt te bepaal, bestaan uit die woordlengte in karakters en die sinslengte in woorde, om sodoende die telling te bepaal in terme van 'n graadvlak (Anon, 2009). Hoe hoër die punt, hoe moeiliker die teks.
- SMOG-indeks: Verwys na die voorgestelde leesvlak.
- Outomatiese leesbaarheidsindeks: Verwys ook na die graadvlak wat nodig is om die teks te kan lees (Anon, 2008).
- Karaktertelling
- Sillabetelling
- Woordtelling
- Sintelling
- Gemiddelde karakters per woord
- Gemiddelde Sillabes per woord
- Gemiddelde woorde per sin

Aantal woorde met drie of meer sillabes in 'n steekproef van 30 sinne	Beraamde leesbaarheidsgraadvlak
0-2	4
3-6	5
7-12	6
13-20	7
21-30	8
31-42	9
43-56	10
57-72	11
73-90	12
91-110	13
111-132	14
133-156	16
157-182	16

Tabel 4.4 Voorstelling van die SMOG indeks (geneem vanuit; Anon, 2009)

Daar kan ook van die program, *Signature* (Millican, 2003), gebruik gemaak word. Die program dui die frekwensie van woordlengte, sinslengte, paragraaflengte, letter en skryftekens in maklik leesbare grafieke aan. Die *chi-kwadraat*-toets word ook hier gebruik. Die program kan ook in die stilistiese toetse gebruik word, aangesien woordelyste opgestel kan word wat die voorkoms van woorde in Hambidge se tekste vergelyk.



Figuur 6 Voorstelling van Signature se woordelysfrekwensietoetse

4.4 Hoofstuksamevatting

Soos reeds genoem (4.3) word statistiese berekeninge gedoen om die verskille en ooreenkomste in tekste te bepaal. Vir die doel van hierdie studie gaan daar van statistiese gegewens gebruik gemaak word om die ooreenkomste binne die korpus van Joan Hambidge te bepaal, om sodoende vas te stel wat haar idiolek is.

Om hierdie suksesvol in die empiriese studie (Hoofstuk 5) te bepaal, gaan daar ook met 'n korpus gewerk word wat as vergelyking gaan dien. Deur Hambidge se korpus te vergelyk met 'n korpus wat as 'n voorstelling van 'n gestratifiseerde snit van Standaardafrikaans beskou kan word, sal daar bepaal kan word waar Hambidge se taalgebruik, indien wel, afwyk van die norm.

Outeurskapidentifikasie verwys na die aanname dat elke moedertaalspreker 'n onmiskenbare en individuele weergawe van die taal gebruik (idiolek). Outeurskapidentifikasie is veral bekend in die gebruik van forensiese linguistiek. Forensiese linguistiek het eers gefokus op die identifikasie van Bybelouteurs. Outeurskapidentifikasie word vanuit 'n teoretiese oogpunt benader, en daar word gefokus op die unieke taalgebruik van die individu. Ook in korpuslinguistiek word die

benaderings (soos gebruik vir forensiese linguistiek en outeurskapidentifikasie) toegepas.

Vir die doel van korpuslinguistiese ondersoek word daar tussen verskillende metodes en benaderings onderskei. Daar word veral van stilometriese en stilistiese analises gebruik gemaak. Die wyse waarop die ondersoek uitgevoer word, en wat nagevors word, verskil na aanleiding van die beoogde resultate.

Vanuit hierdie hoofstuk blyk dit dat daar verskillende metodes en benaderings is waarvolgens 'n korpuslinguistiese ondersoek uitgevoer kan word. Om die mees verteenwoordigende resultate te verseker is dit dus belangrik om 'n kombinasie van die verskillende metodes te gebruik.

Hoofstuk 5: Empiriese ondersoek

5.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk gaan die korpusontleding bespreek word ten einde te bepaal hoe die ondersoeksubjek, Joan Hambidge, se idiolek oor genres verskil en van 'n gestratifiseerde verteenwoordigende Afrikaanse korpus, die Taalkommissiekorpus, afwyk. In die voorafgaande hoofstukke is die konteks en die agtergrond geskep wat nodig is om die ondersoeke in die hoofstuk suksesvol uit te voer.

Vervolgens gaan daar 'n intrakorpusondersoek en 'n interkorpusondersoek onderneem word. Die intrakorpusondersoek verwys na die korpusondersoek wat tussen die tekste uit verskillende genres van Hambidge self plaasvind. Hierdie ondersoek behels beide stilometrie en stilistiese metodes van ondersoek. Die interkorpusondersoek verwys dus na die vergelyking tussen die korpora van Hambidge en die Taalkommissie. Vanuit die bostaande blyk dit duidelik dat daar eerstens die verskille/ooreenkomste in die ondersoeksubjek se korpus oor verskillende genres bestudeer sal word. Tweedens gaan daar na die verskille tussen die ondersoeksubjek se korpus en dié van die Taalkommissiekorpus (TK-korpus) ondersoek ingestel word.

5.2 Dataversameling en uiteensetting van korpora

Die studie handel oor die ondersoek na die idiolek van Joan Hambidge oor die grense van genres. Dus kan die afleiding gemaak word dat die korpus uit tekste vanuit verskillende genres moet bestaan. Om te verseker dat al die genres waarin die ondersoeksubjek skryf, in die korpus ingesluit word (gespesialiseerde korpus), is die ondersoeksubjek self gekontak. Sy het ingestem om elektroniese weergawes van haar PhD (*Gender-konstruksie in die Afrikaanse letterkunde: 'n Ondersoek in kultuurstudies, literêre teorie en kreatiewe skryfwerk*) asook twee romans (*Sewe Sonjas en wat hulle gedoen het*, sowel as *Palindroom*) vir die studie beskikbaar te stel. Om te verseker dat die korpus as omvattend beskou kan word, is elektroniese resensies en reisjoernale ook versamel. Die resensies en reisjoernale is vanaf die webwerf *Woorde wat weeg* (<http://joanhambidge.blogspot.com> – Hambidge, 2013) geneem, waar Joan Hambidge 'n blog het en waar resensies wat sy skryf, geplaas word. Aangesien daar nie 'n ekwivalente afdeling vir gedigte in die TK-korpus beskikbaar is nie, is daar besluit om Hambidge se gedigte nie by die korpus in te sluit nie.

Aangesien daar ook 'n verwysingskorpus moet wees waarmee die gespesialiseerde korpus vergelyk kan word, is daar besluit dat die Taalkommissiekorpus as die beste verwysingskorpus sal dien. Om die korpus te kan gebruik, is toestemming van die Taalkommissie egter nodig. Tesame met die studieleier is daar met die Taalkommissie in verbinding getree en toestemming is verkry om die korpus as verwysingskorpus in die studie rakende Joan Hambidge se idiolek oor die grense van genres te gebruik.

Die korpora wat in hierdie studie gebruik word, bestaan dus uit die korpus van die ondersoeksubjek, Joan Hambidge (gespesialiseerde korpus), en die Taalkommissiekorpus (verwysingskorpus). Joan Hambidge se korpus is saamgestel uit:

- J1 - Sewe Sonjas en wat hulle gedoen het (Joan Hambidge, Prosa – roman)
- J2 - Palindroom (Joan Hambidge, Prosa – roman)
- J3 - Gender-konstruksies in die Afrikaanse letterkunde: 'n Ondersoek in kultuurstudies, literêre teorie en kreatiewe skryfwerk (Joan Hambidge, PhD)
- J4 - Resensies (Joan Hambidge – resensies)
- J5 - Reisjoernaal (Joan Hambidge – reisjoernaal)

Die Taalkommissiekorpus (TK) is saamgestel uit 28 verskillende dokumente vanuit verskillende genres, naamlik:

- Fiksie Prosa Kortverhale
- Fiksie Prosa Romans
- Nie-fiksie Akademies Artikel Geesteswetenskappe IDS
- Nie-fiksie Akademies Artikel Geesteswetenskappe Koers
- Nie-fiksie Akademies Artikel Geesteswetenskappe Literator
- Nie-fiksie Akademies Artikel Geesteswetenskappe Woord en Daad
- Nie-fiksie Akademies Artikel Geesteswetenskappe Tydskrif vir Geesteswetenskappe
- Nie-fiksie Akademies Artikel Natuurwetenskappe Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie
- Nie-fiksie Akademies Proefskrifte en Verhandelings Geesteswetenskappe
- Nie-fiksie Akademies Studiegids Verskeie Wetenskappe 1

- Nie-fiksie Akademies Studiegids Verskeie Wetenskappe 2
- Nie-fiksie Akademies Studiegids Verskeie Wetenskappe3
- Nie-fiksie Akademies Studiegids Verskeie Wetenskappe4
- Nie-fiksie Nie-akademies Boeke Finansies
- Nie-fiksie Nie-akademies Boeke Algemeen
- Nie-fiksie Nie-akademies Boeke Ander
- Nie-fiksie Nie-akademies Boeke Godsdienstige Tekste Primêr Christelik
- Nie-fiksie Nie-akademies Boeke Kuns en Kultuur
- Nie-fiksie Nie-akademies Boeke Leefstyl
- Nie-fiksie Nie-akademies Boeke Sport en Ontspanning
- Nie-fiksie Nie-akademies Boeke Tegnologie
- Nie-fiksie Nie-akademies Boeke Vroue
- Nie-fiksie Nie-akademies Koerant Landwyd Rapport
- Nie-fiksie Nie-akademies Koerant Noord Beeld
- Nie-fiksie Nie-akademies Koerant Suid Burger
- Nie-fiksie Nie-akademies Notules Amptelik
- Nie-fiksie Nie-akademies Tydskrifte Algemeen
- Nie-fiksie Nie-akademies Tydskrifte Vrouetydskrif

Die TK-korpus sal soos volg voorgestel word

- TK 1: Fiksie: Prosa (Roman)
- TK 2: Fiksie: Prosa (Roman)
- TK3: Nie-fiksie (Nie-fiksie Akademies Proefskrifte en Verhandelings Geesteswetenskappe.)
- TK 4: Nie-fiksie (Nie-fiksie Nie-akademies Koerant Landwyd Rapport, Beeld, Burger)
- TK 5: Nie-fiksie (Nie-akademies Tydskrifte Algemeen)

Aangesien die TK-korpus 'n baie omvattende korpus is, gaan die dele wat die meeste met die Hambidge-korpus ooreenstem, gebruik moet word om te verseker dat die statistiese bevindinge so verteenwoordigend as moontlik is. Vervolgens gaan die TK-korpus volgens die indelings van die korpus self gebruik word. Daar sal voor elke

afdeling gespesifiseer word watter deel van die TK-korpus gebruik is. Daar word onderskei tussen nie-fiksie akademiese tekste, nie-fiksie nie-akademiese tekste (soos koerantartikels en boeke), en fiksie (romans, kortverhale) in die TK-korpus. Dus sal dele van die TK-korpus wat die meeste met Hambidge se korpus ooreenstem onderskeidelik gebruik word.

Die korpus kan dus soos volg uiteengesit word:

Korpus	Totale aantal woorde in korpus	Sinne
TK (Volledig)	48 398 784	2 458 135
TK1 (Fiksie: Prosa)	5 177 356	47 785
TK2 (Fiksie: Prosa)	5 177 356	47 785
TK3 (Nie-fiksie: Akademies)	2 4267 0	46715
TK4 (Nie-fiksie: Koerante)	16 639 473	23698
TK5 (Nie-fiksie: Tydskrif)	3 567 68	75020
J1	306 012	22,295
J2	18 741 4	34,620
J3	11 859 8	103,226
J4	7 063 7	12,133
J5	5 542 2	23,051

Tabel 5.2 Voorstelling van die onderskeie korpus uiteensetting

Die vergelyking tussen die onderafdeling van die korpora is soos volg gedoen:

- J1 (Sewe Sonjas en wat hulle gedoen het) met die Taalkommissiekorpus (TK 1: Fiksie: Prosa – Roman).
- J2 (Palindroom) met die Taalkommissiekorpus (TK 2: Fiksie: Prosa – Roman).

- J3 (Gender-konstruksies in die Afrikaanse letterkunde: 'n Onderzoek in kultuurstudies, literêre teorie en kreatiewe skryfwerk – Joan Hambidge. PhD) met die Taalkommissiekorpus (TK 3: Nie-fiksie. Akademies. Proefskrifte en Verhandelings. Geesteswetenskappe).
- J4 (Resensies) met die Taalkommissiekorpus (TK 4: Nie-fiksie. Nie-akademies. Koerant. Landwyd. Rapport, Beeld, Burger).
- J5 (Reisjoernaal) met die Taalkommissiekorpus (TK 5: Nie-akademies. Tydskrifte. Algemeen).

Die bogenoemde kan soos volg opgesom word:

Korpusgroottevergelykings					
Korpus	Totale woorde: Korpus	Totale woorde: Woordelys	Totale tipe woorde	Tipe/teken ratio	Gemiddelde woord- lengte
J1	30 6012	54 336	8 566	16.24	4.32
TK1	51 773 56	51 746 69	10 367 3	2.00	4.1
J2	18 741 4	33 696	5 900	18.30	4.31
TK2	51 773 56	51 7466 9	10 367 3	2.00	4.1
J3	11 858 9	20 640	4 057	10.76	4.67
TK3	24 267 0	23 615 7	14 596	6.18	5.03
J4	70 637	11 500	2 918	25.37	4.72
TK4	16 639 473	16 355 577	23 581 3	1.44	4.65
J5	55 422	22 197	4 661	21.00	4.38
TK5	3 567 68	3 520 54	2 752 1	7.82	4.48

Tabel 5.3 Voorstelling van die vergelykbare korpora

Vir die doel van hierdie ondersoek sal daar van beide stilistiese en stilometriese toetse gebruik gemaak word. Die stilometriese toetse behels die ondersoek na die frekwensies en ratio's van grammatikale woorde. Grammatikale woorde verwys na woorde wat nie deur die konteks (die inhoud van 'n teks) beïnvloed word nie. Vir die doel van hierdie studie verwys die grammatikale woorde na voornaamwoorde, voorsetsels en konjunksiemerkerke. Hierdie woorde is saamgestel deur verskeie bronne te raadpleeg ().

al	dit	hulle	mekaar	sy
alle	dus	hulle s'n	my	syne
alles	ek	hulself	myne	u
almal	genoeg	hy	myself	wat
baie	haarself	iemand	niemand	watse
daar	heelwat	iets	niks	watter
daarby	hier	jou	ons	wie
daardie	hierdie	joune	ons s'n	
daarmee	hiermee	jouself	onself	
daartoe	hoe	julle	party	
daarvoor	hoekom	julle s'n	so	
dan	hom	julself	sulke	
dat	homself	jy	sulks	

Tabel 5.4 Voornaamwoorde (saamgestel vanuit AWS, 2009; Carstens, 2006; Carstens & Van De Poel, 2011; Taljaard, 2002; Taljaard & Smit, 1982; Van Schoor)

Met die aanvanklike opstelling van die lys voornaamwoorde is woorde soos, *goed, die mens, haar, hare, baie* en ook *'n mens* by die voornaamwoordlys ingesluit. Met nabetrugting is daar egter besef dat hierdie woorde moontlik as ander woordgroepe in sinne kan figureer, en daarom is die woorde vanaf die lys verwyder. Dit is wel moontlik om die woorde deur middel van woordsoortetikettering te identifiseer, of selfs in *Wordsmith* deur middel van die konkordansiefunksie. Weens die aard van die stilometriese en stilistiese ontleding is daar teen die gebruik van woordsoortetikette besluit en word dit vir verdere uitbreiding van soortgelyke studies voorgestel.

Net soos in die geval van die voornaamwoorde is daar ook 'n lys met voorsetsels saamgestel.

Aan	bo-oor	Jeens	oor	teenoorgestelde
Aangaande	buite	Langs	ooreenkomstig	ten spyte van
Agter	buiten	Langsaan	oorkant	tot
Anderkant	by	Maar	op	totdat
As	daai	Met	per	tussen
Behalwe	daardie	Na	plus	uit
behalwe vir	danksy	Naby	rakende	van
Behoudens	deur	naby aan	rondom	vanweë
Benede	dit	Namens	sedert	ver van
Benewens	gedurende	neer	so ver as	via
Betreffende	hierbo	nieteenstaande	sonder	vir
Binne	hierdie	om	soos	volgende
binne-in	in	ondanks	sowel as	volgens
binnekant van	in plaas van	onder	te	voor
bo op	in teenstelling met	onderkant	teen	voordat
Bokant	ingevolge	ongeag	teenoor	weens

Tabel 5.5 Voorsetsels (saamgestel uit AWS, 2009; Carstens, 2006; Carstens & Van De Poel, 2011; Taljaard, 2002; Taljaard & Smit, 1982; Van Schoor)

Ook vir die konjunksiemerkers is daar 'n tabel saamgestel.

addisioneel	die hele tyd	in plaas van	om te hervat	tensy
afgesien hiervan	die volgende dag	in teenstelling met	Omdat	terwyl
al	die vorige keer	indien	Onderwyl	toe
alternatiewelik	dienooreenkomstig	intendeel	Ook	Tog
alvorens	dieselfde	intussen	op daardie oomblik	tussen-in
anders	dit wil se	laastens	op die ou end	Vandat
anders gestel	dus	later	op die voorwaarde dat	Verder
andersins	eerder	maar	Plus	vergeleke met
as	eerstens	meer	Sodat	Vervolgens
as gevolg van	egter	met ander woorde	Soos	Volgende
asof	en	met dien verstande	soos gesê	Voordat
behalwe	gevolglik	mits	Tans	Voorts
buitendien	hetsy	'n kort rukkie tevore	te wete	Waar
bygesê	hieropvolgend	'n volgende keer	ten laaste	Wanneer
byvoorbeeld	hoe dit ook al sy	naamlik	ten slotte	Want
daar	in elk geval	nogtans	ten spyte van	wat ook al
dan				

Tabel 5.6 Konjunksiemerkers (geneem vanuit Carstens & Van de Poel, 2010)

Die stilometriese ontleding van die tekste sal deur middel van Wordsmith se KeyWords-funksie vergelyk word. Daar sal verder van SPSS (SPSS Inc. 2011) gebruik gemaak word om deur middel van t-toetse 'n p-waarde te bereken. Deur van hierdie statistiese toetse gebruik te maak, sal daar tesame met die korpuslinguistiese ontleding bepaal kan word of die gespesialiseerde korpora tot so 'n mate van die algemene korpora verskil dat die bevinding gemaak kan word dat Hambidge wel oor 'n kenmerkende idiolek beskik. Verder sal Hambidge se werk tussen verskillende genres vergelyk word.

5.3 Interkorporusondersoek

In hierdie afdeling is die afsonderlike korpora van Hambidge vergelyk met die afsonderlike dele van die Taalkommissiekorpus. Soos reeds genoem, word die stilometriese toetse in terme van grammatikale woorde onderneem. Die grammatikale woordgroepe wat ondersoek is, is voornaamwoorde, voorsetsels en konjunksiemerkers.

5.3.1 Dataverwerking

Voordat die stilometriese ontleding (deur middel van *Wordsmith*) aanvang kon neem, moes die data eers verwerk en na die regte formaat omgeskakel word. Die eerste stap was om te verseker dat daar nie aanhalings deur ander outeurs in Hambidge se tekste, veral in dokumente soos die PhD, was nie. Soos reeds in Hoofstuk 4 genoem, is dit egter relatief moeilik om 'n "skoon" (suiwer) teks vir analise te bekom. Nadat aanhalings verwyder is, is die dokumente as ongeformateerde teksdokumente (*.txt) gestoor.

Vanuit hierdie formaat kon die afsonderlike lêers in *Wordsmith* ingevoer word. Daarna is woordelyste vir elke afsonderlike gedeelte van beide korpora geskep. Die woordelyste is in die woordelyslêers gestoor. Sodoende kon die lêers telkens gebruik word om die nodige woorde in die onderskeie grammatikale woordgroepe te soek⁵⁸.

In *Wordsmith* is die woordelyste oopgemaak, en alfabeties gerangskik. Daarna is die woord wat gesoek word eenvoudig in *Wordsmith* ingesleutel, en die frekwensie is aangetoon.

⁵⁸Verwys na Tabelle 5.3, 5.4 en 5.5

N	Word	Freq	%	Texts	% emmas Set
3,086	MUSEUM	1		1	100.00
3,087	MUSHROOMS	1		1	100.00
3,088	MUSIC	3		1	100.00
3,089	MUSIEK	2		1	100.00
3,090	MUSKIETBYT	1		1	100.00
3,091	MUSTER	2		1	100.00
3,092	MUTATED	1		1	100.00
3,093	MUTED	1		1	100.00
3,094	MUTUALLY	1		1	100.00
3,095	MUUR	3		1	100.00
3,096	MWEB	1		1	100.00
3,097	MY	179	0.53	1	100.00
3,098	MYLE	1		1	100.00
3,099	MYMER	1		1	100.00
3,100	MYNE	1		1	100.00
3,101	MYSELF	8	0.02	1	100.00
3,102	MYSTERY	1		1	100.00
3,103	MYTH	1		1	100.00
3,104	N	872	2.59	1	100.00
3,105	NA	176	0.52	1	100.00
3,106	NÁ	8	0.02	1	100.00
3,107	NAAK	2		1	100.00
3,108	NAAKTE	1		1	100.00
3,109	NAAKTHEID	1		1	100.00
3,110	NAAKTOELE	1		1	100.00
3,111	NAAM	7	0.02	1	100.00
3,112	NAAMLIK	3		1	100.00
3,113	NAAR	5	0.01	1	100.00
3,114	NAAS	1		1	100.00
3,115	NAASTE	1		1	100.00
3,116	NABETRAGTING	1		1	100.00
3,117	NABOKOF	31	0.09	1	100.00
3,118	NABOKOFIAANSE	1		1	100.00
3,119	NABOKOV	9	0.03	1	100.00
3,120	NABURIGE	1		1	100.00
3,121	NABY	5	0.01	1	100.00
3,122	NABYE	1		1	100.00
3,123	NADAT	3		1	100.00
3,124	NADENKEND	1		1	100.00
3,125	NADER	6	0.02	1	100.00
3,126	NADERKOM	1		1	100.00
3,127	NADINK	1		1	100.00
3,128	NADOODS	1		1	100.00
3,129	NAELSTRING	1		1	100.00
3,130	NAFL VVI T IIF	1		1	100.00

Figuur 7 Voorstelling van die woordelyste van die grammatikale woorde

Waar nodig is die konkordansie-opsie in WordSmith gekies en bestudeer om sodoende te verseker dat die gekose woorde wel akkuraat is. Van Rooy en Terblanche (2006:167) het ook van die konkordansie-opsie gebruik gemaak om woorde te verifieer. Die data is aanvanklik ter wille van die berekening van ratio's as *Microsoft Excel*-lêers gestoor.⁵⁹

Soos reeds uiteengesit⁶⁰ gaan die onderskeie tekste van die Hambidge-korpus met dié van die Taalkommissie vergelyk word (ekstern), alvorens Hambidge se tekste (intrakorpusondersoek) met mekaar vergelyk word.

⁵⁹Sien Addendum vir volledige tabelle van die ratio bepaling.

⁶⁰Sien Tabelle 5.1 tot 5.5

5.3.2 Eksterne vergelykings

Vir die doel van hierdie ondersoek gaan die afsonderlike tekste van Hambidge se korpus met dele van die Taalkommissiekorpus (soos reeds in Tabel 5.2 uiteengesit) vergelyk word. Die doel van hierdie vergelyking is om te bepaal tot welke mate, indien enigsins, Hambidge se idiolek verskil van dit wat as die norm voorgestel word deur die algemene (TK-korpus).

Voornaamwoorde							
Eksterne ratio vergelyking							
Korpus	TK1	TK1		J1	J1		Ratio (TK1 & J1)
Totaal	5177356	1000		20640	1000		
Woord							
al	16503	3.188		57	2.762		0.866
alle	873	0.169		7	0.339		2.011
alles	4990	0.964		27	1.308		1.357
almal	3782	0.730		21	1.017		1.393
baie	7478	1.444		5	0.242		0.168
daar	21491	4.151		86	4.167		1.004
daarby	261	0.050		0	0.000		0.000

Figuur 8 Voorstelling van die berekening in 'n Excel-lêer om die ratio te bepaal

Om die ratio te bepaal, is die volgende stappe gevolg. Vir die doel van hierdie voorbeeld word die syfers, soos sigbaar in Figuur 10, gebruik.

Nadat die woorde in *Wordsmith* gesoek is, is dit, soos reeds genoem, in 'n Excel-lêer gestoor. Vanuit die lêer is die frekwensie uit 'n duisend eers bepaal (sien derde kolom van links in Figuur 10).

Die frekwensie uit 1 000 woorde word soos volg bereken:

$$\frac{\text{Totaal van voorkoms van leksikale item}}{\text{Totale woorde in korpus}} \times 10000 = \text{Frekwensie}$$

16 503 (Totale voorkoms van leksikale item – al)			
<hr/>	x 1 000	=	3.188
5 177 356 (Totale woorde in korpus)			

Figuur 9 Voorstelling van frekwensie bepaling vir TK1 – al

57 (Totale voorkoms van leksikale item – al)			
<hr/>	x 1 000	=	2.762
20 640 (Totale woorde in korpus)			

Figuur 10 Voorstelling van frekwensie bepaling vir J1 – al

Nadat die frekwensie bepaal is, is die ratio uitgewerk. Om die ratio te bepaal, is die frekwensieresultaat van die Hambidge-korpus deur die van die Taalkommissiekorpus gedeel.

$2.762 / 3.188 = 0.866$

Figuur 11 Voorstelling van ratio bepalings van J1 en TK1 – al

Hierdie ratio-antwoord is gebruik om te bepaal of daar 'n praktiese beduidende verskil tussen die Hambidge-korpus en die Taalkommissiekorpus waargeneem kan word. Praktiese beduidendheid van grootter of kleiner as 20%, oftewel >1.2 of <0.8 dui 'n verskil aan (vgl. Van Rooy & Terblanche, 2006).

Om die geldigheid van die bevindinge te verifieer is daar ook van die statistiek-sagteware SPSS gebruik gemaak om deur middel van gepaarde t-toetse die p-waarde te bepaal. Wanneer die p-waarde kleiner as 0.05 is (<0.05), kan daar gestel word dat daar 'n statisties beduidende verskil bestaan.

Persentasies is ook by elk van die ondersoeke uitgewerk. Die persentasies dien as 'n aanduiding van die persentasie voornaamwoorde wat oor 'n praktiese beduidendheid, al dan nie, beskik. Die persentasies is soos volg uitgewerk. In elk van die ondersoekte

afdelings is 'n n aantal woorde (voornaamwoorde, voorsetsels en konjunksiemarkers) opgesoek. Aangesien elke korpus uit vyf genres bestaan, is die hoeveelheid woorde met vyf vermenigvuldig. Volgende is daar getel hoeveel woorde oor 'n praktiese beduidende verskil beskik. Die getal is afgetrek van die groot getal (totale woorde wat gesoek is). Ten einde is persentasies uitgewerk.

$$59 \text{ (voornaamwoorde gesoek)} \times 5 \text{ (hoeveelheid genres in elke korpus)} = 295 \\ 244 \text{ (woorde wat prakties beduidend verskil)} \div 295 \times 100 = 82.7\%$$

Die berekening is telkens gevolg om die persentasie van woorde met en sonder 'n prakties beduidende verskil te bereken.

Die bogenoemde formules en berekeninge is op al die woorde in die woordelyste (voornaamwoorde, voorsetsels en konjunksiemarkers) toegepas. Vervolgens gaan die onderskeie woordgroepe se ratio's sowel as die bevindinge van die gepaarde t-toets voorgehou word.

5.3.2.1 Voornaamwoorde

Daar is 59 voornaamwoorde⁶¹ in elk van die vyf onderafdelings van die korpora opgesoek. In elk van die onderafdelings (ratio en gepaarde t-toetse) se geval sal daar opsommend na die resultate verwys word, tesame met die voorlopige bevindinge.

5.3.2.1.1 Ratio

Nadat die ratio's van elk van hierdie voornaamwoorde vasgestel is (sien 5.3.2), is daar bepaal of daar 'n praktiese beduidende verskil tussen die ratio's van die gespesialiseerde en verwysingskorpus bestaan. Eerstens word die woorde wat in meer as een van die vergelykbare korpora voorkom in tabelvorm voorgestel, waarna die res van die woorde net gelys word.

⁶¹ Sien tabel 5.4 (Voornaamwoorde)

Woord	Korpus	Ratio	Hoeveelheid van die genres waarin die woorde nie 'n prakties beduidende verskil aantoon nie
al	TK1 & J1	0.866	3
	TK4 & J4	0.973	
	TK5 & J5	0.846	
daar	TK1 & J1	1.004	2
	TK 2 & J2	0.872	
dat	TK1 & J1	0.900	2
	TK 5 & J5	0.832	
Hoe	TK1 & J1	1.015	3
	TK2 & J2	0.921	
	TK5 & J5	1.130	
iemand	TK1 & J1	1.187	2
	TK4 & J4	0.881	
julle	TK 2 & J2	0.460	2
	TK 5 & J5	0.801	
so	TK 1 & J1	1.094	2
	TK4 & J4	1.011	
sy	TK2 & J2	1.022	2
	TK4 & J4	0.804	
wat	TK1 & J1	1.032	3
	TK2 & J2	0.918	
	TK5 & J5	1.032	
watter	TK1 & J1	1.160	3
	TK2 & J2	0.853	
	TK4 & J4	0.877	

Tabel 5.7 Voornaamwoorde: voorstelling van voornaamwoorde waar daar nie 'n praktiese beduidende verskil voorkom nie

Die bostaande tabel dui die voornaamwoorde aan wat in twee of meer van die genres nie 'n prakties beduidende verskil aantoon nie. Dit wil sê woorde wat ooreenstem in terme van die ratio-onderzoek (dus in beide die TK- en Hambidge-korpus voorkom). Vanuit die bogenoemde kan die afleiding gemaak word dat daar nie 'n enkele voornaamwoord is wat deurlopend in al vyf genres in beide die TK- en Hambidge-korpus voorkom nie. Die woorde kom hoogstens, terselfdetyd, in drie van die genres

voor. Die woorde wat wel oor 'n prakties beduidende verskil beskik, is ook aansienlik meer. Dus verskil Hambidge se voornaamwoordgebruik van die voornaamwoord gebruik in die TK-korpus.

Ander voornaamwoorde waarvan die gebruik ook nie 'n prakties beduidende verskil aantoon nie, sluit in: *alles* (TK2 & J2), *almal* (TK 5 & J5), *dan* (TK1 & J1), *daardie* (TK2 & J2), *dit* (TK4 & J4), *ek* (TK1 & J1), *haarself* (TK2 & J2), *hier* (TK1 & J1), *homself* (TK 5 & J5), *hulle* (TK 5 & J5), *hy* (TK 5 & J5), *iets* (TK 2 & J2), *jou* (TK 2 & J2), *mekaar* (TK1 & J1), *my* (TK 4 & J4), *niemand* (TK 4 & J4), *ons* (TK 2 & J2), *sulke* (TK1 & J1) en *wie* (TK2 & J2).

Totaal van voornaamwoorde ondersoek	295	100%
Voornaamwoord gebruik met prakties beduidende verskil	244	82.7%
Voornaamwoord gebruik met geen prakties beduidende verskil nie	51	17.3%

Tabel 5.8 Eksterne voornaamwoord ondersoek

Die woord *wat* is slegs prakties beduidend in TK4 & J4, dus kan die afleiding gemaak word dat hierdie woord eintlik nie eie aan Hambidge se idiolek is nie. Die woorde; *alles* (TK4 & J4), *haarself* (TK2 & J2), *hier* (TK1 & J1), *hoekom* (TK3 & J3), *homself* (TK5 & J5), *hulle* (TK5 & J5), *hy* (TK5 & J5), *jy* (TK3 & J3) en *mekaar* (TK1 & J1) is slegs in een van die vergelykings nie prakties beduidend nie, en dus is hierdie woorde meer kenmerkend aan Hambidge se idiolek as byvoorbeeld *wat*.

Vanuit die bostaande data kan die afleiding gemaak word dat daar baie meer voornaamwoorde is wat by vergelyking 'n prakties beduidende verskil toon (dus kenmerkend aan Hambidge se idiolek is), tussen die gespesialiseerde en verwysingskorpus (82.7%). Dit wil sê dat Hambidge se tekste tot 'n mate verskil van die Taalkommissiekorpus, in terme van die praktiese beduidendheidsbepalings vir voornaamwoorde volgens ratio.

Wanneer die ratio vergelykings egter apart ondersoek word, kan die volgende afleidings gemaak word:

- TK1 & J1 beskik oor 'n 78% prakties beduidende verskil, wat dus beteken dat Hambidge se idiolek kenmerkend is wanneer die voornaamwoordgebruik in die onderskeie romans ondersoek word.
- TK2 & J2 beskik oor 'n 78% prakties beduidende verskil, wat dus beteken dat Hambidge se idiolek kenmerkend is wanneer die voornaamwoordgebruik in die onderskeie romans ondersoek word.
- TK3 & J3 beskik oor 'n 79.7% prakties beduidende verskil, wat dus beteken dat Hambidge se idiolek kenmerkend is wanneer die voornaamwoordgebruik in die onderskeie proefskrifte ondersoek word.
- TK4 & J4 beskik oor 'n 86.4% prakties beduidende verskil, wat dus beteken dat Hambidge se idiolek kenmerkend is wanneer die voornaamwoordgebruik in die onderskeie koerantartikels en resensies ondersoek word.
- TK5 & J5 beskik oor 'n 81.4% prakties beduidende verskil, wat dus beteken dat Hambidge se idiolek kenmerkend is wanneer die voornaamwoordgebruik in die onderskeie tydskrifartikels en reisjoernale ondersoek word.

Die afleiding kan dus gemaak word dat Hambidge se idiolektiese gebruik van die voornaamwoorde verskil van dié van die Taalkommissiekorpus wanneer genre-spesifieke vergelykings tussen die gespesialiseerde en verwysingskorpus gedoen word.

Hierdie is egter nie die enigste wyse van ontleding wat gevolg word nie; daar gaan ekstern verder ook van statisties beduidende bepalings, sowel as interne vergelykings (beide met betrekking tot ratio's en stilometriese toetse).

5.3.2.1.2 Gepaarde t-toetse

Korpus	Grade van vryheid	Gemiddeld	P-waarde	Statisties beduidende verskil
TK1 & J1	58	0.350	0.369	Nee
TK2 & J2	58	0.659	0.018	Ja
TK3 & J3	58	-0.502	0.076	Nee
TK4 & J4	58	0.146	0.495	Nee
TK5 & J5	58	-0.286	0.307	Nee

Tabel 5.9 Gepaarde t-toetse: voornaamwoorde

Die bostaande tabel bied die resultate van die gepaarde t-toets. Die grade van vryheid, gemiddeld sowel as die p-waarde word weergegee. Indien die p-waarde kleiner as 0.05 is, word die verskil tussen die items as statisties beduidend beskou.⁶²

Vanuit hierdie tabel blyk dit dat daar slegs tussen TK2 en J2 'n statisties beduidende verskil voorkom. TK2 en J2 bestaan uit die verwysingskorpus roman (TK2) in vergelyking met *Palindroom* van Hambidge (gespesialiseerde korpus – J2). Vanuit hierdie data wil dit voorkom of daar statisties beduidend nie 'n onderskeid tussen die gespesialiseerde korpus en die verwysingskorpus getref kan word nie. Aangesien hierdie die interkorpusondersoek is, waar die tekste van Hambidge met tekste van die Taalkommissie vergelyk word, maar steeds binne die raamwerk van bepaalde genres, kan daar na aanleiding van hierdie bevinding voorgehou word dat daar (oorwegend) nie 'n verskil in die gebruik van voornaamwoorde voorkom tussen die gespesialiseerde korpus en die verwysingskorpus nie, veral nie wanneer die ondersoek in terme van definitiewe genres uitgevoer word nie, ten spyte van 'n verskil met betrekking tot praktiese beduidenheid.

5.3.2.2 Voorsetsels

Daar is 80 voorsetsels⁶³ in elk van die vyf onderafdelings van die korpora opgesoek. In elk van die onderafdelings (ratio en gepaarde t-toetse) sal daar opsommend na die resultate verwys word, tesame met die voorlopige bevindinge.

⁶² Sien Hoofstuk 4. (4.3.4 Statistiese konsepte).

5.3.2.2.1 Ratio

Daar is 79 voorsetsels vir die ondersoek gekies. Nadat die ratio's van elk van hierdie woorde vasgestel is (sien 5.3.2), is bepaal of daar 'n prakties beduidende verskil tussen die ratio's van die gespesialiseerde en verwysingskorpus bestaan.

Aangesien die bevindinge aangetoon het dat die meerderheid woorde wel prakties beduidend verskil, word die woorde waar daar dan nou wel nie 'n prakties beduidende verskil voorkom nie, voorgelê. Eerstens word die woorde wat in meer as een van die vergelykbare korpora voorkom in tabelformaat voorgelê, waarna die res van die woorde net gelys word.

Woord	Korpus	Ratio	Hoeveelheid van die genres waarin die woorde nie 'n prakties beduidende verskil aantoon nie
aan	TK1 & J1	0.827	3
	TK4 & J4	0.847	
	TK5 & J5	1.043	
agter	TK3 & J3	1.004	2
	TK5 & J5	0.867	
binne	TK1 & J1	0.924	3
	TK2 & J2	1.132	
	TK3 & J3	0.929	
deur	TK2 & J2	1.073	2
	TK4 & J4	1.075	
in	TK1 & J1	1.031	4
	TK3 & J3	0.876	
	TK4 & J4	0.824	
	TK5 & J5	1.140	
maar	TK2 & J2	0.499	3
	TK4 & J4	0.952	
	TK 5 & J5	0.826	
met	TK1 & J1	1.021	4
	TK2 & J2	0.870	
	TK3 & J3	0.962	

⁶³ Sien tabel 5.5 (voorsetsels)

	TK5 & J5	0.904	
na	TK1 & J1	0.822	2
	TK4 & J4	0.838	
neer	TK1 & J1	1.121	2
	TK3 & J3	1.067	
onder	TK4 & J4	1.193	2
	TK5 & J5	1.012	
oor	TK1 & J1	0.896	3
	TK4 & J4	1.080	
	TK5 & J5	0.803	
op	TK3 & J3	0.871	3
	TK4 & J4	0.865	
	TK5 & J5	1.120	
sonder	TK1 & J1	1.192	2
	TK5 & J5	0.996	
teenoor	TK4 & J4	0.855	2
	TK5 & J5	0.838	
tot	TK3 & J3	0.862	2
	TK4 & J4	0.994	
uit	TK1 & J1	0.896	2
	TK2 & J2	0.712	
vir	TK1 & J1	0.950	3
	TK3 & J3	1.094	
	TK5 & J5	0.851	

Tabel 5.10 Voorsetsels: voorstelling van voorsetsels waar daar nie 'n praktiese beduidende verskil voorkom nie

Hierdie tabel verwys na woorde wat ooreenstem in terme van die ratio-onderzoek (wat dus in beide die TK- en Hambidge-korpus voorkom). Vanuit die bogenoemde kan die afleiding gemaak word dat daar nie 'n enkele voorsetsel is wat in al die genres in beide die TK- en Hambidge-korpus voorkom nie. Die woorde, *met* en *in* kom in vier van die onderskeie genres voor. Die woorde wat wel oor 'n prakties beduidende verskil beskik in twee of meer van die genres, is aansienlik meer as woorde sonder 'n prakties beduidende verskil. Dus verskil Hambidge se voorsetselgebruik van die TK-korpus.

Ander voorsetsels waarvan die gebruik ook nie 'n prakties beduidende verskil aantoon nie, sluit in; *binne-in* (TK2 & J2), *binnekant van* (TK2 & J2), *behalwe* (TK4 & J4), *daai*

(TK2 & J2), *daardie* (TK3 & J3), *danksy* (TK2 & J2), *dit* (TK4 & J4), *langs* (TK4 & J4), *ongeag* (TK2 & J2), *per* (TK3 & J3), *so ver as* (TK3 & J3), *soos* (TK3 & J3), *teen* (TK1 & J1), *te* (TK3 & J3), *totdat* (TK5 & J5), *tussen* (TK5 & J5), *van* (TK5 & J5), *volgende* (TK1 & J1), *voor* (TK3 & J3), *voordat* (TK3 & J3), *volgens* (TK5 & J5).

Totaal van voorsetsels ondersoek	395	100%
Voorsetsels met prakties beduidende verskil	330	83.5%
Voorsetsels met geen prakties beduidende verskil nie	65	16.5%

Tabel 5.11 Eksterne voorsetsels ondersoek

Die gebruik van *aan* (TK2 & J2), *in* (TK2 & J2), *na* (TK3 & J3) en *oor* (TK3 & J3) is slegs prakties beduidend in een van die onderskeie ondersoekkorpora, dus kan die afleiding gemaak word dat hierdie woorde eintlik nie eie aan Hambidge se idiolek is nie. Die woorde; *agter* (TK3 & J3), *behalwe* (TK4 & J4), *binne-in* (TK2 & J2), *bo-op* (TK2 & J2), *so ver as* (TK2 & J2), *teen* (TK2 & J2), *totdat* (TK5 & J5), *tussen* (TK5 & J5), *voor* (TK3 & J3) en *voordat* (TK3 & J3) is slegs in een van die vergelykings nie prakties beduidend nie, en dus is hierdie woorde meer kenmerkend aan Hambidge se idiolek as byvoorbeeld *aan*, *in* *na* en *oor*.

Vanuit die bostaande data kan die afleiding gemaak word dat daar meer voorsetsels is wat prakties beduidend verskil (dus kenmerkend aan Hambidge se idiolek is) tussen die gespesialiseerde en verwysingskorpus (83.5%). Dit wil sê dat Hambidge se tekste tot 'n mate verskil van die Taalkommissiekorpus, soos bepaal deur die praktiese beduidendheidsbepalings vir voorsetsels volgens ratio.

Wanneer die ratio vergelykings egter apart ondersoek word, kan die volgende afleiding gemaak word:

- TK1 & J1 beskik oor 'n 84.8% prakties beduidende verskil, wat dus beteken dat Hambidge se idiolek kenmerkend is wanneer die voorsetselgebruik in die onderskeie romans ondersoek word.
- TK 2 & J2 beskik oor 'n 87.3% prakties beduidende verskil, wat dus beteken dat Hambidge se idiolek kenmerkend is wanneer die voorsetselgebruik in die onderskeie romans ondersoek word.
- TK3 & J3 beskik oor 'n 79.7% prakties beduidende verskil, wat dus beteken dat Hambidge se idiolek kenmerkend is wanneer die voorsetselgebruik in die onderskeie proefskrifte ondersoek word.
- TK4 & J4 beskik oor 'n 83.7% prakties beduidende verskil, wat dus beteken dat Hambidge se idiolek kenmerkend is wanneer die voorsetselgebruik in die onderskeie koerantartikels en resensies ondersoek word.
- TK 5 & J5 beskik oor 'n 82.2% prakties beduidende verskil, wat dus beteken dat Hambidge se idiolek kenmerkend is wanneer die voorsetselgebruik in die onderskeie tydskrifartikels en reisjoernale ondersoek word.

Vanuit die bostaande data kan die afleiding gemaak word dat daar, net soos met die voornaamwoorde, baie meer voorsetsels is wat prakties beduidend verskil (83.5%) tussen die gespesialiseerde- en verwysingskorpus. Dit wil sê dat Hambidge se tekste verskil van die Taalkommissiekorpus, soos bepaal deur die praktiese beduidendheidsbepalings volgens ratio. Die verskil dui aan dat Hambidge wel oor 'n kenmerkende idiolek beskik wanneer voorsetsels met behulp van ratio's vergelyk word.

Aangesien daar nog ander metodes van analise gevolg gaan word -soos die eksterne statistiese beduidende analises en ook die interne vergelykings- sal daar eers ten slotte bepaal kan word welke invloed die bogenoemde analise op die eindelike bepaling van Hambidge se idiolek het.

5.3.2.2.2 Gepaarde t-toetse

Korpus	Grade van vryheid	Gemiddeld	P-waarde	Statisties beduidende verskil
TK1 & J1	79	0.528	0.152	Nee
TK2 & J2	79	0.627	0.106	Nee
TK3 & J3	79	-0.198	0.235	Nee
TK4 & J4	79	0.161	0.378	Nee
TK5 & J5	79	-0.061	0.618	Nee

Tabel 5.12 Gepaarde t-toetse: voorsetsels

Die bostaande tabel bied die resultate van die gepaarde t-toets. Die grade van vryheid gemiddeld sowel as die p-waarde word weergegee. Indien die p-waarde kleiner as 0.05 is, word die verskil tussen die items as statisties beduidend beskou.⁶⁴

Vanuit hierdie tabel blyk dit dat daar geen statistiese beduidende verskil tussen die voorkoms in voorsetsels in die gespesialiseerde- en verwysingskorpus is nie. Die analise bewys dat daar statisties beduidend dus nie onderskeid getref kan word tussen die idiolek van 'n bepaalde outeur (soos voorgestel deur die gespesialiseerde korpus) en die TK-korpus (soos voorgestel deur die verwysingskorpus, wat uit die Taalkommissiekorpus bestaan) wat as norm voorgehou word, op grond van voorsetsels, in bepaalde genres nie.

5.3.2.3 Konjunksiemerkers

Daar is 80 konjunksiemerkers⁶⁵ in elk van die vyf onderafdelings van die korpora opgesoek. In elk van die onderafdelings (ratio en gepaarde t-toetse) se geval sal daar opsommend na die resultate verwys word, tesame met die voorlopige bevindinge.

5.3.2.3.1 Ratio

Daar is 80 konjunksiemerkers⁶⁶ vir die ondersoek gekies. Nadat die ratio's van elk van hierdie woorde vasgestel is (sien 5.3.2), is daar bepaal of daar 'n prakties beduidende verskil tussen die ratio's van die gespesialiseerde en verwysingskorpus bestaan.

⁶⁴ Sien Hoofstuk 4. (4.3.4 Statistiese konsepte).

⁶⁵ Sien Addendum B

⁶⁶ Sien tabel 5.6 (konjunksiemerkers)

Deur die praktiese beduidendheid van die ratio's te bepaal, kan vasgestel word dat daar voldoen is aan 'n arbitrêre limiet (beduidendheidsdrempel van 20%) waar daar dan 'n sigbare verskil (wanneer die verskil in ratio's <0.8 of >1.2 is, is daar 'n prakties beduidende verskil) tussen die betrokke korpora voorkom. Aangesien die bevindinge aangetoon het dat die meerderheid woorde wel prakties beduidend verskil, word die woorde waar daar dan nou wel nie 'n prakties beduidende verskil voorkom nie, voorgelê. Eerstens word die woorde wat in meer as een van die vergelykbare korpora voorkom in tabelformaat voorgelê, waarna die res van die woorde net gelys word.

Woord	Korpus	Ratio	Voorkoms van verskil
al	TK1 & J1	0.859	3
	TK4 & J4	0.972	
	TK5 & J5	0.861	
daar	TK1 & J1	0.992	3
	TK2 & J2	0.872	
	TK3 & J3	1.120	
eerder	TK4 & J4	1.162	2
	TK5 & J5	0.936	
en	TK3 & J3	0.826	3
	TK4 & J4	1.070	
	TK5 & J5	0.961	
later	TK2 & J2	1.150	2
	TK4 & J4	1.067	
verder	TK2 & J2	1.113	2
	TK 5 & J5	0.933	
wanneer	TK1 & J1	0.903	2
	TK3 & J3	1.138	
want	TK1 & J1	0.815	2
	TK5 & J5	0.826	

Tabel 5.13 Voornaamwoorde: Voorstelling van konjunksiemerkers waar daar nie 'n praktiese beduidende verskil voorkom nie

Vanuit die bogenoemde kan die afleiding gemaak word dat daar nie 'n enkele konjunksiemerker is wat in al die genres in beide die TK- en Hambidge-korpus voorkom nie. Die woorde wat wel oor 'n prakties beduidende verskil beskik in twee of meer van die genres, is aansienlik meer as woorde sonder 'n prakties beduidende verskil. Dus verskil Hambidge se konjunksiemerkergebruik van die TK-korpus.

Ander konjunksiemerker se gebruik wat ook nie 'n prakties beduidende verskil aantoon nie, sluit in: *asof* (TK5 & J5), *byvoorbeeld* (TK2 & J2), *behalwe* (TK4 & J4), *dan* (TK1 & J1), *die volgende dag* (TK3 & J3), *egter* (TK3 & J3), *maar* (TK4 & J4), *meer* (TK4 & J4), *ook* (TK5 & J5), *soos* (TK2 & J2), *ten spyte van* (TK1 & J1), *terwyl* (TK5 & J5), *volgende* (TK1 & J1), *waar* (TK1 & J1).

Totaal van konjunksiemerker ondersoek	400	100%
Konjunksiemerker gebruik met prakties beduidende verskil	357	89.2%
Konjunksiemerker gebruik met geen prakties beduidende verskil nie	43	10.8%

Tabel 5.14 Eksterne konjunksiemerker ondersoek

Die woorde *asof* (TK5 & J5), *behalwe* (TK4 & J4), *byvoorbeeld* (TK2 & J2), *dan* (TK1 & J1), *die volgende dag* (TK3 & J3), *egter* (TK3 & J3), *meer* (TK4 & J4), *omdat* (TK1 & J1), *sodat* (TK1 & J1), *te wete* (TK3 & J3), *ten spyte van* (TK1 & J1), *toe* (TK3 & J3), *volgende* (TK1 & J1), *voordat* (TK3 & J3) en *waar* (TK1 & J1) is slegs in een van die vergelykings nie prakties beduidend nie, en dus is hierdie woorde meer kenmerkend aan Hambidge se idiolek.

Vanuit die bostaande data kan die afleiding gemaak word dat daar, net soos met die voornaamwoorde en voorsetsels, meer konjunksiemerker is wat prakties beduidend verskil (89.2%) tussen die gespesialiseerde- en verwysingskorpus. Dit wil sê dat Hambidge se tekste tot 'n groot mate kan verskil van die Taalkommissiekorpus, soos bepaal deur die praktiese beduidendheidsbepalings volgens ratio. Dit dui aan dat Hambidge wel oor 'n kenmerkende idiolek beskik wanneer daar stilometries na die konjunksiemerker ondersoek ingestel word, aan die hand van praktiese beduidendheid.

Wanneer die ratio-vergelykings egter apart ondersoek word, kan die volgende afleidings gemaak word:

- TK1 & J1 beskik oor 'n 87.5% prakties beduidende verskil, wat dus beteken dat Hambidge se idiolek kenmerkend is wanneer die konjunksiemerkegebruik in die onderskeie romans ondersoek word.
- TK 2 & J2 beskik oor 'n 93.7% prakties beduidende verskil, wat dus beteken dat Hambidge se idiolek kenmerkend is wanneer die konjunksiemerkegebruik in die onderskeie romans ondersoek word.
- TK3 & J3 beskik oor 'n 85% prakties beduidende verskil, wat dus beteken dat Hambidge se idiolek kenmerkend is wanneer die konjunksiemerkegebruik in die onderskeie proefskrifte ondersoek word.
- TK4 & J4 beskik oor 'n 91.2% prakties beduidende verskil, wat dus beteken dat Hambidge se idiolek kenmerkend is wanneer die konjunksiemerkegebruik in die onderskeie koerantartikels en resensies ondersoek word.
- TK 5 & J5 beskik oor 'n 88.7% prakties beduidende verskil, wat dus beteken dat Hambidge se idiolek kenmerkend is wanneer die konjunksiemerkegebruik in die onderskeie tydskrifartikels en reisjoernale ondersoek word.

Vanuit die bostaande data kan die afleiding gemaak word dat daar, net soos met die voornaamwoorde en voorsetsels, meer konjunksiemerke is wat prakties beduidend verskil (89.2%) tussen die gespesialiseerde en verwysingskorpus. Dit wil sê dat Hambidge se tekste tot 'n groot mate kan verskil van die Taalkommissiekorpus, soos bepaal deur die praktiese beduidendheidsbepalings volgens ratio. Die analise dui aan dat Hambidge wel oor 'n kenmerkende idiolek beskik wanneer konjunksiemerke met behulp van ratio's vergelyk word.

Die data word egter nie alleenlik op hierdie wyse geanaliseer nie; daar gaan ekstern ook statisties beduidend bepaling gedoen word, asook met interne vergelykings (beide statisties en prakties).

5.3.2.3.2 Gepaarde t-toetse

Korpus	Grade van vryheid	Gemiddeld	P-waarde	Statisties beduidende verskil
TK1 & J1	80	0.116	0.382	Nee
TK2 & J2	80	0.218	0.056	Nee
TK3 & J3	80	0.046	0.577	Nee
TK4 & J4	80	-0.034	0.661	Nee
TK5 & J5	80	0.042	0.281	Nee

Tabel 5.15 Gepaarde t-toetse: konjunksiemerkers

Die bostaande tabel bied die resultate van die gepaarde t-toets vir konjunksiemerkers. Die grade van vryheid, gemiddeld sowel as die p-waarde word weergegee. Indien die p-waarde kleiner as 0.05 is, word die verskil tussen die items as statisties beduidend beskou⁶⁷.

Vanuit hierdie tabel blyk dit dat daar geen statisties beduidende verskil tussen die voorkoms in konjunksiemerkers in die gespesialiseerde- en verwysingskorpus is nie, alhoewel TK2 en J2 naby daaraan is. Dit bewys dat daar statisties beduidend dus nie onderskeid getref kan word tussen die idiolek van 'n bepaalde outeur (soos voorgestel deur die gespesialiseerde korpus) en die TK-korpus (soos voorgestel deur die verwysingskorpus) wat as norm voorgehou word, op grond van konjunksiemerkers, in bepaalde genres nie.

5.3.2.4 Interkorpusondersoek: Voorlopige bevindinge

Vanuit die voorafgaande data blyk dit dus duidelik dat daar teenstrydige bevindinge voorkom. Vanuit die t-toetse kan daar afgelei word dat daar geen statisties beduidende verskil tussen die gespesialiseerde en verwysingskorpus is nie, buiten by die voornaamwoorde (TK2 & J2). Dus wil dit voorkom of die idiolek van Joan Hambidge nie duidelik herkenbaar is wanneer voorsetsels, voornaamwoorde en konjunksiemerkers ondersoek word nie. Verder kan ook afgelei word dat die outeur se idiolek nie noodwendig sonder enige twyfel deur die gekose bepaal kan word nie. Hierdie resultaat kan egter toegeskryf word aan die feit dat die analyses tot dusver ekstern in die verband met die genres waarvolgens daar geskryf is, uitgevoer is. Kotze (2007:190) postuleer

⁶⁷ Sien Hoofstuk 4 (4.3.4 Statistiese konsepte).

dat die afwesigheid van statisties beduidende verskille nie noodwendig gemeenskaplike outeurskap, sonder verdere vergelykings impliseer nie, maar dat dit wel 'n sterk basis verteenwoordig om tot so 'n gevolgtrekking te kom.

Met die ratio's se praktiese beduidendheid is daar bepaal dat die meerderheid van die woorde wat gebruik is, wel prakties beduidend verskil. In die geval van die gebruik van voornaamwoorde is 82.7% prakties beduidend, voorsetsels is 83.5% prakties beduidend en konjunksiemerkers is 89.2% prakties beduidend. Dus is Hambidge se gebruik van voornaamwoorde, voorsetsels en konjunksiemerkers baie meer kenmerkend as dié van die verwysingskorpus (Taalkommissiekorpus).

Hierdie was egter slegs die eerste gedeelte van die stilometriese analise; vervolgens gaan daar ondersoek ingestel word na die gepaarde t-toetse, sowel as die ratio's wanneer Hambidge se eie tekste (dit wil sê verskillende genres) intern met mekaar vergelyk word.

5.3.2.5. Interkorpusondersoek: samevatting

Die interkorpusondersoek het uit 'n eksterne vergelyking bestaan. In die eksterne ondersoek is daar praktiese en statistiese beduidendheid ten opsigte van verskille bereken. Die praktiese beduidendheid is aan die hand van ratio's bepaal, terwyl die statisties beduidende analises deur middel van gepaarde t-toets plaasgevind het. Vervolgens gaan die eksterne, interkorpusondersoek se bevindinge bespreek word.

Die statisties beduidende resultate het daarop gewys dat daar geen statisties beduidende verskil tussen die gespesialiseerde en verwysingskorpus waargeneem kan word nie, buiten by die voornaamwoorde van *Palindroom* van Joan Hambidge en die fiksie-afdeling van die Taalkommissiekorpus (TK2 & J2). Dus wil dit voorkom of die idiolek van Joan Hambidge nie duidelik herkenbaar is wanneer voorsetsels, voornaamwoorde en konjunksiemerkers deur middel van gepaarde t-toetse ondersoek word nie

Die eksterne ratio-analise het bewys dat daar 'n prakties beduidende verskil by die voornaamwoorde (82.7%), voorsetsels (83.5%) sowel as die konjunksiemerkers (89.2%) aanwesig is. Dit dui dus op 'n kenmerkende idiolek by die ondersoeksubjek wanneer die tekste met soortgelyke tekste (genrespesifiek) van die Taalkommissie vergelyk word.

Die interne statisties beduidende resultate het daarop gewys dat daar nie 'n verskil in die gebruik van voornaamwoorde voorkom tussen die tekste van Hambidge nie, ongeag die genre waarin sy skryf. Die voorsetsels en konjunksiemerkerers toon wel statisties beduidende verskille aan, wat beteken dat die genre dan wel 'n invloed op Hambidge se idiolek het.

Die intrakorpusondersoek se ratio-analise het egter bewys dat Hambidge se idiolek nie ooreenstem wanneer die ondersoek oor die grense van genres plaasvind nie.

Die voornaamwoorde se bevindinge lyk dus opsommend soos volg⁶⁸:

Korpus (genre)	Persentasie
J1 word vergelyk met J2	79.6%
J1 word vergelyk met J3	88.1%
J1 word vergelyk met J4	94.9%
J1 word vergelyk met J5	81.4%
J2 word vergelyk met J3	83.1%
J2 word vergelyk met J4	81.4%
J2 word vergelyk met J5	84.7%
J3 word vergelyk met J4	84.7%
J3 word vergelyk met J5	84.7%
J4 word vergelyk met J5	81.4%

Tabel 5.16 Voornaamwoorde prakties beduidendheid persentasies

Vanuit Tabel 5.16 kan bepaal word dat J1 (*Sewe Sonjas en wat hulle gedoen het*) en J2 (*Palindroom*) die meeste ooreenstem, maar dat dit steeds 79.6% van mekaar verskil, en as daar in ag geneem word dat dit twee romans is wat met mekaar vergelyk word, bewys dit dat Hambidge se idiolek nie baie duidelik hier figureer nie. Die grootse verskil in die gebruik van voornaamwoorde kom voor tussen die roman (*Sewe Sonjas en wat hulle gedoen het*) en die resensies. Aangesien hierdie genres baie van mekaar verskil, is dit 'n bewys dat dié genre 'n groot rol in die taalgebruik speel.

⁶⁸ Sien 5.3.2 (eksterne vergelykings) vir die wyse waarop persentasies bereken is.

Korpus (genre)	Persentasie
J1 word vergelyk met J2	81.1%
J1 word vergelyk met J3	83.6%
J1 word vergelyk met J4	87.4%
J1 word vergelyk met J5	79.4%
J2 word vergelyk met J3	82.3%
J2 word vergelyk met J4	83.6%
J2 word vergelyk met J5	79.8%
J3 word vergelyk met J4	82.6%
J3 word vergelyk met J5	78.5%
J4 word vergelyk met J5	87.4%

Tabel 5.17 Voorsetsels prakties beduidendheid

Vanuit Tabel 5.16 kan afgelei word dat J3 en J5 die meeste ooreenstem in terme van voorsetselgebruik, terwyl J4 en J5 die meeste verskil. Die bevindinge toon egter aan dat die praktiese beduidende verskil in die genre vergelykings van voorsetsels van so aard is dat die idiolek van die ondersoeksubjek nie duidelik sigbaar oor die grense van genres is nie.

Korpus (genre)	Persentasie
J1 word vergelyk met J2	88.8%
J1 word vergelyk met J3	88.8%
J1 word vergelyk met J4	92.5%
J1 word vergelyk met J5	85.0%
J2 word vergelyk met J3	86.3%
J2 word vergelyk met J4	93.8%
J2 word vergelyk met J5	92.5%
J3 word vergelyk met J4	90.0%
J3 word vergelyk met J5	90.0%
J4 word vergelyk met J5	90.0%

Tabel 5.18 konjunksiemerkers, prakties beduidende persentasies

Vanuit Tabel 5.18 kan afgelei word dat J2 en J3 die meeste ooreenstem, en dat J1 en J4 die meeste verskil. Dus is die praktiese beduidendheid vir konjunksiemerkers, wat uitgevoer word aan die hand van ratio's, van so aard dat dit duidelik blyk dat ook hier 'n duidelike verskil tussen die taalgebruik van die verskillende genres bestaan.

Die bevinding, in terme van die stilometriese analises, is dus dat Hambidge statisties beduidend oor 'n kenmerkende idiolek beskik wanneer haar korpus met dié van die Taalkommissie vergelyk word. Die praktiese beduidendheid ondersteun hierdie bevinding. Die interne vergelyking bewys dat slegs voornaamwoorde nie statisties beduidend voorkom oor die grense van genres nie, maar dat daar ook statisties onderskeid getref kan word tussen die idiolek van Hambidge oor die grense van genres aan die hand van voorsetsels en konjunksiemerkers. Die praktiese beduidendheidsanalises ondersteun weereens die statistiese bevindinge dat Hambidge se idiolek verskil na aanleiding van die genre waarin sy skryf.

5.4 Flesch-Kincaid-leesbaarheidstoetse

Flesch-Kincaid-leesbaarheidstoetse verwys na 'n toets wat deur Rudolf Flesch en Peter Kincaid ontwikkel is. Hierdie toets dui die karaktertelling, sillabetelling, hoeveelheid woorde, karakters per woord, sillabes per woord sowel as die hoeveelheid woorde per sin aan. Daar kan vanuit die veronderstelling uitgegaan word dat 'n outeur se *Flesch-Kincaid-toetstellings*⁶⁹ met mekaar sal ooreenstem. Olsson (2008:105-106) verwys ook na die *Flesch-Kincaid-toetse* as 'n nuttige wyse waarop bepaal kan word of tekste tekens toon dat dit deur dieselfde outeur geskryf is.

5.4.1 Leesbaarheidstoetsing van die gespesialiseerde en verwysingskorpus

Nog 'n wyse waarop outeurskapidentifikasie kan plaasvind, en wat dus as 'n aanduiding van 'n outeur se idiolek kan dien is die uitvoering van *Flesch-Kincaid* se leesbaarheidstoetse. Die onderstaande tabel dui die tellings en grade aan, vir beide die gespesialiseerde- en verwysingskorpus, na aanleiding van *Flesch-Kincaid* se leesbaarheidstoetse.

⁶⁹ Verwys na 4.3.4 (Flesch-Kincaid-leesbaarheidstoets)

Flesch-Kincaid	J1	TK1	J2	TK2	J3	TK3	J4	TK4	J5	TK5
Gemak van leesbaarheid:	71.9	36.8	69.3	36.8	58.7	31.9	57.1	70.5	65.6	61.5
Flesch-Kincaid graadvlak	5.9	14.8	6.7	14.8	8.8	17.2	9.1	7.4	7.3	8.1
Gemiddelde graadvlak	6.6	14.7	7.3	14.7	9.5	16.6	9.8	7.5	7.8	9.0
Outomatiese leesbaarheidsindeks	4	15.1	4.7	15.1	7.8	18.8	8.1	5.8	5.4	6.9
Karakters per woord	4.3	4.9	4.2	4.9	4.6	5.0	4.7	4.1	4.3	4.6
Sillabes per sin	1.5	1.7	1.5	1.7	1.6	1.77	1.6	1.4	1.5	1.6
Woorde per sin	10.8	26.8	12.6	26.8	15	33.7	15.3	16.1	12.9	13.6

Tabel 5.19 Leesbaarheidstoetse vergelyking

Aangesien hierdie analise daargestel is om te bepaal of Hambidge se tekste meer as die norm ooreenstem of dan van mekaar verskil is die TK-korpus as verwysingsraamwerk gebruik. Aangesien die TK-korpus saamgestel is uit die tekste van verskillende outeurs, en na verwagting voldoen aan die verskillende genrekonvensies is die verwagte uitkoms van die *Flesch-Kincaid-toetse* dat die TK-korpus 'n groot mate van verskil sal aantoon. Veral wanneer die afsonderlike genres dan met mekaar vergelyk word, sal aangetoon kan word of Hambidge se genres ooreenstem, of verskil van die verwysingsraamwerk. Vanuit tabel 5.19 is dit ook belangrik om die aandag daarop te fokus dat J1 en J2 as ooreenstemmend beskou kan word, aangesien die tekste deur dieselfde outeur geskryf is, en ook in dieselfde genre val. Wanneer die gegewens vergelyk word met dié van die Taalkommissiekorpus kan die verskil duidelik waargeneem word.

Korpus	Gemak van leesbaarheid	Verskil
Hambidge (J1-J5)	57.1-71.9	14.8
Taalkommissie (TK1-TK5)	31.9-70.5	38.6

Tabel 5.20 Eie voorstelling van die verskil in leesbaarheid tussen TK- en Hambidge-korpus

In tabel 5.20 word die minimum en maksimum gemak van leesbaarheid, sowel as die verskil tussen die minimum en maksimum aangetoon vir die TK-korpus sowel as die

Hambidge korpus. In die geval van die gemak van leesbaarheid het Hambidge se resensies (J4) die moeilikste leesbaarheid vertoon, terwyl die Taalkommissiekorpus se akademiese tekste (TK3) oor die moeilikste leesbaarheidsvlak beskik. Dit is interessant dat daar 'n verskil is in die leesbaarheid tussen die genres van die gespesialiseerde- en verwysingskorpus. Hierdie dui egter daarop dat Hambidge se idiolek verskil van die idiolek wat deur die verwysingskorpus uitgebeeld word. Dit blyk ook duidelik dat die verskil tussen Hambidge se tekste oor die algemeen aansienlik kleiner (14.8) -volgens die gemak van leesbaarheid- is, as die Taalkommissie se syfers is (38.6).

Korpus	Gemiddelde graadvlak	Verskil
Hambidge (J1-J5)	9.8-6.6	3.2
Taalkommissie (TK1-TK5)	16.6-7.5	9.1

Tabel 5.21 Eie voorstelling van die verskil in gemiddelde graadvlak tussen TK- en Hambidge-korpus

In tabel 5.21 word die minimum en maksimum van die gemiddelde graadvlak sowel as die verskil tussen die minimum en maksimum aangetoon vir die TK-korpus sowel as die Hambidge korpus. Met betrekking tot die verskil in die gemiddelde graadvlak, in terme van die *Flesch-Kincaid*-toetse is dit weereens duidelik dat Hambidge se tekste (ongeveer die genre) meer ooreenstem as die Taalkommissiekorpus. Die verskil tussen Hambidge se tekste is 2.3, terwyl die Taalkommissiekorpus se tekste met 9.1 verskil. Hambidge se resensies (J4-9.8) is weereens die moeilikste na aanleiding van die gemiddelde graadvlak. In teenstelling hiermee is dit die akademiese teks (TK3-16.6) van die Taalkommissiekorpus wat as die moeilikste waargeneem kan word.

Korpus	Karakters per woord	Verskil
Hambidge (J1-J5)	4.7-4.2	0.5
Taalkommissie (TK1-TK5)	5.0-4.1	0.9

Tabel 5.22 Eie voorstelling van die verskil in karakters per woord tussen TK- en Hambidge-korpus

In tabel 5.22 word die minimum en maksimum karakters per woord, sowel as die verskil tussen die minimum en maksimum aangetoon vir die TK-korpus sowel as die Hambidge korpus. Hambidge gebruik 'n gemiddeld van 4.7-4.2 (verskil van 0.5) karakters per woord, wat weereens as ooreenkomstig aanvaar kan word. Dit wil sê dat Hambidge se woorde oor die algemeen dieselfde lengte is. In die romans, *Sewe Sonjas en wat hulle*

gedoen het en *Palindroom*, is die gemiddelde karakters per woord 4.2 en 4.3. Dus is die woorde per sin ooreenstemmend. In die Taalkommissiekorpus se geval is daar 'n 0.9-verskil. Dit is interessant om waar te neem dat die genre wat die meeste karakters per woord het, van onderskeidelik die gespesialiseerde- en verwysingskorpus verskil. Weereens is Hambidge se resensies (J4 – 4.7) die genre met die meeste karakters per woord. In die geval van die Taalkommissiekorpus beskik die akademiese tekste (TK3) oor die langste woorde. Dus kan daar nie 'n groot verskil tussen die gespesialiseerde- en verwysingskorpus se gemiddelde karakters per woord waargeneem word nie.

Korpus	Sillabes per sin	Verskil
Hambidge (J1-J5)	1.6-1.5	0.1
Taalkommissie (TK1-TK5)	1.77-1.4	0.37

Tabel 5.23 Eie voorstelling van die verskil in sillabes per sin tussen TK- en Hambidge-korpus

In tabel 5.23 word die minimum en maksimum sillabus per sin, sowel as die verskil tussen die minimum en maksimum aangetoon vir die TK-korpus sowel as die Hambidge korpus. Volgens die ondersoek rakende die sillabes per sin is daar slegs twee tellings vir Hambidge se tekste gekry (verskil van 0.1). Die romans, *Sewe Sonjas en wat hulle gedoen het* en *Palindroom*, sowel as die reisjoernaal (J1, J2 en J5 – 1.5) het dieselfde gemiddeldes. Hambidge se PhD en resensies (J3 en J4 – 1.6) stem ooreen. Die taalkommissie se sillabes per sin verskil bietjie meer (0.37). Soos ook in die geval van die karakters per woord, kan daar nie 'n groot verskil tussen die gespesialiseerde- en verwysingskorpus se gemiddelde karakters per woord waargeneem word nie.

Korpus	Woorde per sin	Verskil
Hambidge (J1-J5)	15.3-10.8	4.5
Taalkommissie (TK1-TK5)	33.7-13.6	20.1

Tabel 5.24 Eie voorstelling van die verskil in woorde per sin tussen TK- en Hambidge-korpus

Die grootste verskil wat sigbaar is na aanleiding van die Flesch-Kincaid-toetse is in terme van die hoeveelheid woorde per sin. Hambidge se woorde per sin wissel tussen 15.3 en 10.8 (verskil van 4.5). Die roman, *Sewe Sonjas en wat hulle gedoen het*, beskik oor die kortste sinne (J1 – 10.8), terwyl die resensies oor die langste sinne beskik (J4 – 15.3). Die Taalkommissiekorpus se sinslengte verskil met 20.1. Die akademiese tekste (TK3 – 33.7) het die langste sinne, terwyl die tydskrifartikels (TK5 – 13.6) die kortste

sinne bevat. Dus kan die verskil tussen die gespesialiseerde- en verwysingskorpus se sinslengte as 'n idiolektiese kenmerk van Hambidge beskou word.

5.4.2 Samevatting: *Flesch-Kincaid leesbaarheidstoets*

Vanuit die bostaande gegewens kan die volgende afleidings gemaak word. Hambidge se tekste wissel in terme van leesbaarheid, die tellings is onderskeidelik, 71.9, 69.3, 58.7, 57.1 en 65.6. In hierdie geval wil dit voorkom of Hambidge tot 'n mate by die verskillende genrekonvensies hou. Dus blyk dit duidelik dat Hambidge se tekste oor die algemeen oor 'n konstante leesbaarheidsvlak (57.1-71.9) beskik. Hoe hoër die leesbaarheidspunt, hoe meer verstaanbaar is die teks. Dus wil dit voorkom asof *Sewe Sonjas en wat hulle gedoen het* (J1 – 71.9) die teks is wat oor die maklikste lees- en verstaanbaarheid beskik. Hambidge se PhD (J3 – 58.7) is die teks wat oor die moeilikste lees- en verstaanbaarheid beskik, soos wat verwag was, aangesien hierdie 'n akademiese teks is. Die resensies (J4 – 57.1) is egter ook moeilik lees- en verstaanbaar. Die graadvlak van Hambidge se tekste kan as relatief ooreenstemmend beskou word, aangesien die laagste waarde 5.9, en die hoogste waarde 9.1 is.

Volgens die *Flesch-Kincaid*-toetse waar die teksstatistieke bereken word, is die sillabes per sin in Hambidge se tekste deurlopend konstant (1.5-1.6) en so ook die woorde per sin (10.8-15.3). Die teks wat oor die meeste woorde per sin beskik, is die resensies (J4 – 15.3) gevolg deur die PhD (J3 – 15). Die aanname kan dus hier gemaak word dat 'n meer akademiese teks langer sinne sal bevat. Ook Hambidge se gemiddelde gebruik van karakters per woord kan as relatief konstant beskou word. Vanuit die bogenoemde (sillabes per sin, woorde per sin sowel as karakters per woord) wil dit voorkom asof die tekste van een outeur, ongeag die genre, oor die algemeen meer met mekaar sal ooreenstem op grond van die onderskeie *Flesch-Kincaid*-toetse. Die groter verskil by die Taalkommissiekorpus kan toegeskryf word aan die feit dat die korpus saamgestel is uit verskillende outeurs se werke. Die algemene afleiding wat vanuit die *Flesch-Kincaid*-toetse gemaak kan word, is dat die akademiese tekste (TK3) oor die algemeen oor 'n hoër lees- en verstaanbaarheidsvlak beskik. Dit is wel interessant dat Hambidge se resensies oor 'n hoër/moeiliker leesbaarheidsvlak beskik as enige van haar ander tekste (PhD ingesluit). Dit toon aan dat Hambidge juis by hierdie genre kies om haar styl aan te pas.

Garger (2012) argumenteer dat die leesbaarheidstoetse 'n vinnige oplossing bied om tekste se leesbaarheid te bepaal, maar stel ook onomwonde dat die ideale skaal meer moet bied as slegs die berekening van woorde en sillabes. Die leksikongebruik van outeurs moet ook ondersoek word. Die *Flesch-Kincaid*-toetse word egter net as aanvulling gebruik tot die ondersoek na die idiolek van Joan Hambidge oor die grense van genres.

5.5 Interne stilometriese vergelykings

Om die idiolek van Joan Hambidge oor die grense van genres te bepaal, is daar tot dusver 'n stilometriese interkorpusondersoek onderneem sowel as *Flesch-Kincaid*-leesbaarheidstoetse. Tot dusver kan die bevindinge as teenstrydig beskryf word. Beide die analyses (ratiobepalings soos aangedui deur die praktiese beduidendheid en *Flesch-Kincaid*-leesbaarheidstoetse) het aangetoon dat daar 'n verskil waargeneem kan word tussen die gespesialiseerde en verwysingskorpus. Die stilometriese analise (ekstern deur middel van gepaarde t-toetse) het bewys dat daar nie 'n statisties beduidende verskil tussen die gespesialiseerde en verwysingskorpus waargeneem kan word nie, buiten by die voornaamwoorde. Dit wil dus voorkom asof die metodes van stilometriese ondersoek teenstrydige bevindinge weergee, maar dat die meerderheid bevindinge bewys dat Hambidge wel oor 'n kenmerkende idiolek beskik.

Om hierdie bevindinge te kontroleer, gaan 'n interne stilometriese analise onderneem word. Die interne stilometriese analise verwys na die interne analise en vergelyking van Hambidge se tekste. Die vergelykings sal die onderskeie genres met mekaar vergelyk om te bepaal wat Hambidge se idiolek is, en hoe dit in die verskillende genres figureer. McEnery en Wilson (2001:117) sluit hierby aan wanneer hulle dit duidelik stel dat 'n volkome prentjie van 'n individu se idiolek slegs gevorm word sodra verskeie vergelykings tussen die styl van die individu (intrakorpusondersoek) en ook vergelykings met ander individue (interkorpusondersoek) getref word.

Die metodes sluit die bepaling van die praktiese beduidendheid deur middel van ratiobepalings in, sowel as die bepaling van die statistiese beduidendheid deur middel van gepaarde t-toetse. Die analyses vind tussen die onderskeie genres van Hambidge self plaas.

5.5.1 Toepassing

Vir die doel van hierdie ondersoek gaan die afsonderlike korpora van Hambidge intern met mekaar vergelyk word. Die doel van hierdie vergelyking is om te bepaal tot welke mate, indien enigsins, Hambidge se idiolek ooreenstem wanneer die stilometriese analises intern oor die grense van genres uitgevoer word.

Die vergelykings gaan soos volg plaasvind:

J1 word vergelyk met J2

J1 word vergelyk met J3

J1 word vergelyk met J4

J1 word vergelyk met J5

J2 word vergelyk met J3

J2 word vergelyk met J4

J2 word vergelyk met J5

J3 word vergelyk met J4

J3 word vergelyk met J5

J4 word vergelyk met J5

Wanneer die vergelykings gedoen word soos hierbo uiteengesit, verseker dit dat al die genres met mekaar vergelyk word, en sodoende kan 'n gevolgtrekking met gemak gevorm word. Net soos met die eksterne vergelykings is daar ook van voornaamwoorde, voorsetsels en konjunksiemerkers⁷⁰ gebruik gemaak. Die data is op presies dieselfde wyse verwerk as uiteengesit in 5.3.1.

5.5.1.1 Ratio

Deur die praktiese beduidendheid van die ratio's te bepaal, kan vasgestel word dat voldoen is aan 'n arbitrêre limiet (beduidendheidsdrempel van 20%) waar daar dan 'n sigbare verskil (wanneer die verskil in ratio's <0.8 of >1.2 is, is daar 'n prakties beduidende verskil) tussen die betrokke korpora voorkom.

⁷⁰ Sien Addenda A, B en C

Totaal van voornaamwoorde ondersoek	590 (59x10) ⁷¹	100%
Voornaamwoordgroepe met prakties beduidende verskil	498	84.4%
Voornaamwoordgroepe met geen prakties beduidende verskil nie	92	15.6%

Tabel 5.25 Interne voornaamwoord ondersoek

Wanneer Hambidge se eie tekste, aan die hand van voornaamwoorde, met mekaar vergelyk word (dit wil sê verskillende genres met mekaar) blyk dit dat daar oorwegend 'n prakties beduidende verskil in die gebruik van voornaamwoorde (84.4% van die woorde is prakties beduidend) waargeneem kan word.

Die woorde *almal* (J3 & J5), *daarvoor* (J1 & J5), *dus* (J4 & J5), *genoeg* (J1 & J5), *haarself* (J2 & J3), *hier* (J1 & J3), *hierdie* (J1 & J2), *hom* (J1 & J2), *homself* (J1 & J2), *hy* (J2 & J4), *jou* (J3 & J4), *jouself* (J1 & J2), *julle* (J1 & J2), *jy* (J1 & J5), *my* (J1 & J5), *onself* (J2 & J3) en *watter* (J2 & J4) is slegs in een van die vergelykings nie prakties beduidend nie. Aangesien hierdie die ondersoek na die praktiese beduidendheid in terme van die interne ondersoek oor die grense van genres is, sou die idiolek meer uniek gewees het as daar minder gevalle van praktiese beduidendheid voorgekom het. Die voornaamwoord *hoe* (J1 & J3) is slegs een maal prakties beduidend, dus kan dit gesien word as die voornaamwoord wat mees kenmerkend is aan Hambidge se idiolek. Wanneer die ratiovergelykings apart ondersoek word, kan die volgende afleidings gemaak word;

- J1 & J2 beskik oor 'n 79.6% prakties beduidende verskil, wat dus beteken dat Hambidge se idiolek verskil wanneer die interne genrevergelykings uitgevoer word. Die voornaamwoorde wat nie prakties beduidend is nie, en dus ooreenstem tussen J1 & J2 is slegs 20.3% van die totale aantal voornaamwoorde.

⁷¹ Daar is 59 voornaamwoorde per groep (J1-5 & TK1-5) ondersoek, daar moet dus met 10 (hoeveelheid groepe) gemaak word, om sodoende 'n persentasie te bepaal. Aangesien daar in 10 verskillende groepe (J1-5 & TK1-5) elke keer na die 59 voornaamwoorde gesoek is, moet die getal voornaamwoorde gemaak word die persentasie te bereken. Die getal voornaamwoordgebruik met 'n prakties beduidende verskil is die somtotaal vanuit al die korpora, so ook met die voornaamwoordgroepe met geen praktiese beduidende verskil nie.

- J1 & J3 beskik oor 'n 88.1% prakties beduidende verskil, wat dus beteken dat Hambidge se idiolek verskil wanneer die interne genrevergelykings uitgevoer word. Die voornaamwoorde wat nie prakties beduidend is nie, en dus ooreenstem tussen J1 & J3 is slegs 11.9% van die totale aantal voornaamwoorde.
- J1 & J4 beskik oor 'n 94.9% prakties beduidende verskil, wat dus beteken dat Hambidge se idiolek verskil wanneer die interne genrevergelykings uitgevoer word. Die voornaamwoorde wat nie prakties beduidend is nie, en dus ooreenstem tussen J1 & J4 is slegs 5.1% van die totale aantal voornaamwoorde.
- J1 & J5 beskik oor 'n 81.4% prakties beduidende verskil, wat dus beteken dat Hambidge se idiolek verskil wanneer die interne genrevergelykings uitgevoer word. Die voornaamwoorde wat nie prakties beduidend is nie, en dus ooreenstem tussen J1 & J5 is slegs 18.6% van die totale aantal voornaamwoorde.
- J2 & J3 beskik oor 'n 83.1% prakties beduidende verskil, wat dus beteken dat Hambidge se idiolek verskil wanneer die interne genrevergelykings uitgevoer word. Die voornaamwoorde wat nie prakties beduidend is nie, en dus ooreenstem tussen J2 & J3 is slegs 16.9% van die totale aantal voornaamwoorde.
- J2 & J4 beskik oor 'n 81.4% prakties beduidende verskil, wat dus beteken dat Hambidge se idiolek verskil wanneer die interne genrevergelykings uitgevoer word. Die voornaamwoorde wat nie prakties beduidend is nie, en dus ooreenstem tussen J2 & J4 is slegs 18.6% van die totale aantal voornaamwoorde.
- J2 & J5 beskik oor 'n 84.7% prakties beduidende verskil, wat dus beteken dat Hambidge se idiolek verskil wanneer die interne genrevergelykings uitgevoer word. Die voornaamwoorde wat nie prakties beduidend is nie, en dus ooreenstem tussen J2 & J5 is slegs 15.3% van die totale aantal voornaamwoorde.
- J3 & J4 beskik oor 'n 84.7% prakties beduidende verskil, wat dus beteken dat Hambidge se idiolek verskil wanneer die interne genrevergelykings uitgevoer word. Die voornaamwoorde wat nie prakties beduidend is nie, en dus ooreenstem

tussen J3 & J4 is slegs 15.3% van die totale aantal voornaamwoorde.

- J3 & J5 beskik oor 'n 84.7% prakties beduidende verskil, wat dus beteken dat Hambidge se idiolek verskil wanneer die interne genrevergelings uitgevoer word. Die voornaamwoorde wat nie prakties beduidend is nie, en dus ooreenstem tussen J3 & J5 is slegs 15.3% van die totale aantal voornaamwoorde.
- J4 & J5 beskik oor 'n 81.4% prakties beduidende verskil, wat dus beteken dat Hambidge se idiolek verskil wanneer die interne genrevergelings uitgevoer word. Die voornaamwoorde wat nie prakties beduidend is nie, en dus ooreenstem tussen J4 & J5 is slegs 18.6% van die totale aantal voornaamwoorde.

Dit is dus duidelik dat Hambidge se idiolek in terme van die vergelyking van voornaamwoorde prakties beduidend verskil en dus is daar nie 'n kenmerkende idiolek oor die grense van genres nie. Volgende word na die interne vergelykings van die voorsetsels ondersoek ingestel.

Totaal van voorsetsels ondersoek	790 ⁷² (79x10)	100%
Voorsetselsgebruik met prakties beduidende verskil	663	83.9%
Voorsetselsgebruik met geen prakties beduidende verskil nie	137	17.1%

Tabel 5.26 Interne voorsetsels ondersoek

Wanneer Hambidge se eie tekste, aan die hand van voorsetsels, met mekaar vergelyk word (dit wil sê verskillende genres met mekaar), blyk dit dat daar oorwegend 'n prakties beduidende verskil in die gebruik van voorsetsels (82.9% van die woorde is prakties beduidend verskillend) waargeneem kan word.

Die woorde *agter* (J2 & J4), *behalwe* (J2 & J4), *langsaaan* (J2 & J3), *sedert* (J1 & J5), *sonder* (J3 & J5), *totdat* (J3 & J5), *vanweë* (J3 & J4), *vir* (J4 & J5) en *volgens* (J3 & J5) is slegs in een van die vergelykings nie prakties beduidend nie. Aangesien hierdie die

⁷² Daar is 79 voorsetsels per groep (J1-5 & TK1-5) ondersoek, daar moet dus met 10 (hoeveelheid groepe) gemaal word, om sodoende 'n persentasie te bepaal. Aangesien daar in 10 verskillende groepe (J1-5 & TK1-5) elke keer na die 79 voorsetsels gesoek is, moet die getal voorsetsels gemaal word die persentasie te bereken. Die getal voorsetselgebruik met 'n prakties beduidende verskil is die somtotaal vanuit al die korpora, so ook met die voorsetselgroepe met geen praktiese beduidende verskil nie.

ondersoek na die praktiese beduidendheid in terme van die interne ondersoek oor die grense van genres is, sou die idiolek meer kenmerkend gewees het as daar minder praktiese beduidendheid voorgekom het. Die voorsetsel *in* (J1 & J5) is slegs een maal prakties beduidend, dus kan dit gesien word as die voorsetsel wat mees kenmerkend aan Hambidge se idiolek is. Wanneer die ratiovergelykings apart ondersoek word, kan die volgende afleidings gemaak word:

- J1 & J2 beskik oor 'n 81.1% prakties beduidende verskil, wat dus beteken dat Hambidge se idiolek verskil wanneer die interne genrevergelykings uitgevoer word. Die voorsetsels wat nie prakties beduidend is nie, en dus ooreenstem tussen J1 & J2 is slegs 18.9% van die totale aantal voorsetsels.
- J1 & J3 beskik oor 'n 83.6% prakties beduidende verskil, wat dus beteken dat Hambidge se idiolek verskil wanneer die interne genrevergelykings uitgevoer word. Die voorsetsels wat nie prakties beduidend is nie, en dus ooreenstem tussen J1 & J3 is slegs 16.4% van die totale aantal voorsetsels.
- J1 & J4 beskik oor 'n 87.4% prakties beduidende verskil, wat dus beteken dat Hambidge se idiolek verskil wanneer die interne genrevergelykings uitgevoer word. Die voorsetsels wat nie prakties beduidend is nie, en dus ooreenstem tussen J1 & J4 is slegs 12.6% van die totale aantal voorsetsels.
- J1 & J5 beskik oor 'n 79.8% prakties beduidende verskil, wat dus beteken dat Hambidge se idiolek verskil wanneer die interne genrevergelykings uitgevoer word. Die voorsetsels wat nie prakties beduidend is nie, en dus ooreenstem tussen J1 & J5 is slegs 20.2% van die totale aantal voorsetsels.
- J2 & J3 beskik oor 'n 82.3% prakties beduidende verskil, wat dus beteken dat Hambidge se idiolek verskil wanneer die interne genrevergelykings uitgevoer word. Die voorsetsels wat nie prakties beduidend is nie, en dus ooreenstem tussen J2 & J3 is slegs 17.7% van die totale aantal voorsetsels.
- J2 & J4 beskik oor 'n 83.6% prakties beduidende verskil, wat dus beteken dat Hambidge se idiolek verskil wanneer die interne genrevergelykings uitgevoer

word. Die voorsetsels wat nie prakties beduidend is nie, en dus ooreenstem tussen J2 & J4 is slegs 16.4% van die totale aantal voorsetsels.

- J2 & J5 beskik oor 'n 79.8% prakties beduidende verskil, wat dus beteken dat Hambidge se idiolek verskil wanneer die interne genrevergelykings uitgevoer word. Die voorsetsels wat nie prakties beduidend is nie, en dus ooreenstem tussen J2 & J5 is slegs 20.2% van die totale aantal voorsetsels.
- J3 & J4 beskik oor 'n 82.6% prakties beduidende verskil, wat dus beteken dat Hambidge se idiolek verskil wanneer die interne genrevergelykings uitgevoer word. Die voorsetsels wat nie prakties beduidend is nie, en dus ooreenstem tussen J3 & J4 is slegs 16.4% van die totale aantal voorsetsels.
- J3 & J5 beskik oor 'n 78.5% prakties beduidende verskil, wat dus beteken dat Hambidge se idiolek verskil wanneer die interne genrevergelykings uitgevoer word. Die voorsetsels wat nie prakties beduidend is nie, en dus ooreenstem tussen J3 & J5 is slegs 21.5% van die totale aantal voorsetsels.
- J4 & J5 beskik oor 'n 87.4% prakties beduidende verskil, wat dus beteken dat Hambidge se idiolek verskil wanneer die interne genrevergelykings uitgevoer word. Die voorsetsels wat nie prakties beduidend is nie, en dus ooreenstem tussen J4 & J5 is slegs 12.6% van die totale aantal voorsetsels.

Dit is dus duidelik dat Hambidge se idiolek in terme van voorsetsels prakties beduidend verskil, en dus is 'n kenmerkende idiolek in hierdie verband nie duidelik nie. Volgende word na die interne vergelykings van die konjunksiemerkers gekyk.

Totaal van konjunksiemerker ondersoek	800 ⁷³	100%
Konjunksiemerker met prakties beduidende verskil	718	89.7%
Konjunksiemerker met geen prakties beduidende verskil nie	82	10.3%

Tabel 5.26 Interne konjunksiemerker ondersoek

Wanneer Hambidge se eie tekste, aan die hand van konjunksiemerker, met mekaar vergelyk word (dit wil sê verskillende genres met mekaar), blyk dit dat daar oorwegend 'n prakties beduidende verskil in die gebruik van konjunksiemerker (89.7% van die woorde is prakties beduidend) waargeneem kan word.

Die woorde *ander* (J1 & J4), *behalwe* (J2 & J4), *die volgende dag* (J2 & J3), *dus* (J4 & J5), *eerder* (J2 & J5), *in plaas van* (J2 & J3), *indien* (J1 & J5), *meer* (J1 & J4), *ook* (J1 & J5), *te wete* (J4 & J5), *ten slotte* (J1 & J2), *ten spyte van* (J1 & J3) en *want* (J1 & J5) is slegs in een van die vergelykings nie prakties beduidend nie. Aangesien hierdie die ondersoek na die praktiese beduidendheid in terme van die interne ondersoek oor die grense van genres is, sou die idiolek meer kenmerkend gewees het as daar minder praktiese beduidendheid voorgekom het. Wanneer die ratiovergelykings apart ondersoek word, kan die volgende afleidings gemaak word:

- J1 & J2 beskik oor 'n 88.8% prakties beduidende verskil, wat dus beteken dat Hambidge se idiolek verskil wanneer die interne genrevergelykings uitgevoer word. Die konjunksiemerker wat nie prakties beduidend is nie, en dus ooreenstem tussen J1 & J2 is slegs 11.2% van die totale aantal konjunksiemerker.
- J1 & J3 beskik oor 'n 88.8% prakties beduidende verskil, wat dus beteken dat Hambidge se idiolek verskil wanneer die interne genrevergelykings uitgevoer

⁷³ Daar is 80 konjunksiemerker per groep (J1-5 & TK1-5) ondersoek, daar moet dus met 10 (hoeveelheid groepe) gemaal word, om sodoende 'n persentasie te bepaal. Aangesien daar in 10 verskillende groepe (J1-5 & TK1-5) elke keer na die 80 konjunksiemerker gesoek is, moet die getal voornaamwoorde gemaal word die persentasie te bereken. Die getal konjunksiemerker met 'n prakties beduidende verskil is die somtotaal vanuit al die korpora, so ook met die konjunksiemerker met geen praktiese beduidende verskil nie.

word. Die konjunksiemerke wat nie prakties beduidend is nie, en dus ooreenstem tussen J1 & J3 is slegs 11.2% van die totale aantal konjunksiemerke.

- J1 & J4 beskik oor 'n 92.5% prakties beduidende verskil, wat dus beteken dat Hambidge se idiolek verskil wanneer die interne genrevergelykings uitgevoer word. Die konjunksiemerke wat nie prakties beduidend is nie, en dus ooreenstem tussen J1 & J4 is slegs 7.5% van die totale aantal konjunksiemerke.
- J1 & J5 beskik oor 'n 85% prakties beduidende verskil, wat dus beteken dat Hambidge se idiolek verskil wanneer die interne genrevergelykings uitgevoer word. Die konjunksiemerke wat nie prakties beduidend is nie, en dus ooreenstem tussen J1 & J5 is slegs 15% van die totale aantal konjunksiemerke.
- J2 & J3 beskik oor 'n 86.3% prakties beduidende verskil, wat dus beteken dat Hambidge se idiolek verskil wanneer die interne genrevergelykings uitgevoer word. Die konjunksiemerke wat nie prakties beduidend is nie, en dus ooreenstem tussen J2 & J3 is slegs 13.7% van die totale aantal konjunksiemerke.
- J2 & J4 beskik oor 'n 93.8% prakties beduidende verskil, wat dus beteken dat Hambidge se idiolek verskil wanneer die interne genrevergelykings uitgevoer word. Die konjunksiemerke wat nie prakties beduidend is nie, en dus ooreenstem tussen J2 & J4 is slegs 6.2% van die totale aantal konjunksiemerke.
- J2 & J5 beskik oor 'n 92.5% prakties beduidende verskil, wat dus beteken dat Hambidge se idiolek verskil wanneer die interne genrevergelykings uitgevoer word. Die konjunksiemerke wat nie prakties beduidend is nie, en dus ooreenstem tussen J2 & J5 is slegs 7.5% van die totale aantal konjunksiemerke.

- J3 & J4 beskik oor 'n 90% prakties beduidende verskil, wat dus beteken dat Hambidge se idiolek verskil wanneer die interne genrevergelykings uitgevoer word. Die konjunksiemerker wat nie prakties beduidend is nie, en dus ooreenstem tussen J3 & J4 is slegs 10% van die totale aantal konjunksiemerker.
- J3 & J5 beskik oor 'n 90% prakties beduidende verskil, wat dus beteken dat Hambidge se idiolek verskil wanneer die interne genrevergelykings uitgevoer word. Die konjunksiemerker wat nie prakties beduidend is nie, en dus ooreenstem tussen J3 & J5 is slegs 10% van die totale aantal konjunksiemerker.
- J4 & J5 beskik oor 'n 90% prakties beduidende verskil, wat dus beteken dat Hambidge se idiolek verskil wanneer die interne genrevergelykings uitgevoer word. Die konjunksiemerker wat nie prakties beduidend is nie, en dus ooreenstem tussen J4 & J5 is slegs 10% van die totale aantal konjunksiemerker.

Vanuit die ratiobepalings blyk dit duidelik dat die voornaamwoorde wat Hambidge oor die grense van genres gebruik nie ooreenstem nie. Daar is telkens minder as 20% van die voornaamwoorde wat ooreenstem. Voorsetsels in die afsonderlike genres van Hambidge verskil ook na aanleiding van die genres. In terme van die konjunksiemerker is ook bepaal dat Hambidge nie dieselfde konjunksiemerker in die onderskeie genres gebruik nie. Dus kan die afleiding gemaak word dat nie een van Hambidge se genres prakties beduidend ooreenstem in terme van die voorkoms van die gebruik van voornaamwoorde, voorsetsels of konjunksiemerker nie. Hieruit kan daar afgelei word dat genre wel 'n invloed op Hambidge se idiolek het.

5.5.1.2 Gepaarde t-toetse

Vervolgens gaan die analise in terme van die gepaarde t-toetse uitgevoer word.

Korpus	Grade van vryheid	Gemiddeld	P-waarde	Statisties beduidende verskil
J1 & J2	58	0.309	0.370	Nee
J1 & J3	58	0.314	0.410	Nee
J1 & J4	58	0.738	0.059	Nee
J1 & J5	58	0.0175	0.933	Nee
J2 & J3	58	0.006	0.980	Nee
J2 & J4	58	0.429	0.249	Nee
J2 & J5	58	-0.291	0.530	Nee
J3 & J4	58	0.424	0.069	Nee
J3 & J5	58	-0.297	0.493	Nee
J4 & J5	58	-0.721	0.093	Nee

Tabel 5.27 Gepaarde t-toetse: voornaamwoorde

Korpus	Grade van vryheid	Gemiddeld	P-waarde	Statisties beduidende verskil
J1 & J2	79	0.098	0.277	Nee
J1 & J3	79	-0.253	0.041	Ja
J1 & J4	79	-0.169	0.230	Nee
J1 & J5	79	-0.158	0.048	Ja
J2 & J3	79	-0.351	0.012	Ja
J2 & J4	79	-0.267	0.114	Nee
J2 & J5	79	-0.256	0.002	Ja
J3 & J4	79	0.084	0.359	Nee
J3 & J5	79	0.095	0.350	Nee
J4 & J5	79	0.010	0.938	Nee

Tabel 5.28 Gepaarde t-toetse: voorsetsels

Korpus	Grade van vryheid	Gemiddeld	P-waarde	Statisties beduidende verskil
J1 & J2	80	0.102	0.100	Nee
J1 & J3	80	-0.154	0.043	Ja
J1 & J4	80	-8.947	0.019	Ja
J1 & J5	80	-0.072	0.437	Nee
J2 & J3	80	-0.256	0.008	Ja
J2 & J4	80	-9.048	0.018	Ja
J2 & J5	80	-0.174	0.039	Ja
J3 & J4	80	-8.792	0.020	Ja
J3 & J5	80	0.081	0.265	Nee
J4 & J5	80	8.874	0.018	Ja

Tabel 5.29 Gepaarde t-toetse: konjunksiemerkers

Die bostaande tabelle bied die resultate van die gepaarde t-toets. Die grade van vryheid, gemiddeld sowel as die p-waarde word weergegee. Indien die p-waarde kleiner as 0.05 is, word die verskil tussen die items as statisties beduidend beskou.⁷⁴

Vanuit hierdie tabelle blyk dit dat:

- Geen statisties beduidende verskil kan waargeneem word in die gebruik van voornaamwoorde oor die grense van genres, wanneer Hambidge se eie tekste met mekaar vergelyk word nie.
- Daar is 'n statisties beduidende verskil in die gebruik van voorsetsels tussen J1 & J3, J1 & J5, J2 & J3 sowel as J2 & J5. Daar is dus 'n verskil in die gebruik van voorsetsels tussen die roman (*Sewe Sonjas en wat hulle gedoen het*), die PhD en die reisjoernale sowel as tussen die roman (*Palindroom*) en die PhD en die reisjoernaal. Die verskil is dus tussen die romans en die akademiese teks. Hierdie verskil is te verwagte. Die reisjoernaal is egter ook 'n informele teks, en daarom is dit vreemd dat die genres verskil. Die voorkoms van 'n verskil mag toegeskryf word aan die gehoor waarvoor die onderskeie tekste bedoel is.
- 'n Statisties beduidende verskil is waargeneem in die gebruik van konjunksiemerkers tussen J1 & J3, J1 & J4, J2 & J3, J2 & J4, J2 & J5, J3 & J4 sowel as J4 & J5. Soos by die voorsetsels is daar ook 'n statistiese beduidende verskil in die gebruik van konjunksiemerkers tussen die roman (*Sewe Sonjas en*

⁷⁴ Sien Hoofstuk 4 (4.3.4 Statistiese konsepte).

wat hulle gedoen het), PhD en die resensies, die roman (*Palindroom*), PhD en die resensies, die PhD en die resensies sowel as tussen die resensies en die reisjoernale. Aangesien daar wel 'n praktiese beduidende verskil tussen meeste van die genres voorkom, kan dit daarop dui dat Hambidge in terme van die statistiese beduidenheid wel volgens bepaalde genre konvensies skryf, wanneer daar spesifiek na die gebruik van konjunksiemerke ondersoek ingestel word.

Vanuit die bostaande data blyk dit duidelik dat voornaamwoorde nie 'n beduidende verskil toon nie. Dit kan beskou word as 'n idiolektiese kenmerk van Hambidge – die feit dat sy nie skryf soos wat die genre noodwendig spesifiseer nie. Tog is daar ook bepaal dat konjunksiemerke en voorsetsels wel 'n beduidende verskil aantoon. Dus het die genre in die geval wel 'n invloed op Hambidge se idiolek. Die afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat Hambidge doelbewuste keuses rakende die genre konvensies wat sy in haar tekste wil navolg maak.

5.5.1.3 Samevatting: Interne stilometriese vergelykings

Aangesien hierdie die intrakorpusondersoek is waar die tekste van Hambidge intern met mekaar vergelyk word, kan daar vanuit hierdie bevinding voorgehou word dat daar nie 'n verskil in die gebruik van voornaamwoorde voorkom tussen die tekste van Hambidge nie, ongeag die genre waarin sy skryf. Die voorsetsels en konjunksiemerke toon wel statisties beduidende verskille aan, wat beteken dat die genre dan wel 'n invloed op Hambidge se idiolek het.

5.6 Intrakorpusondersoek

Soos reeds genoem behels die intrakorpusondersoek analises wat intern tussen die onderskeie Hambidge-genres plaasvind. Die fokus van die analise is dus op die stilistiese analise. Alvorens die stilistiese ondersoek aanvang neem, gaan intra-stilometriese analises kortliks uitgevoer word.

5.6.1 Dataverwerking

Net soos by die stilometriese- en interkorpusondersoek moes die data eers verwerk word alvorens dit geanaliseer kan word. Aangesien Hambidge se tekste reeds by die interkorpusondersoek gebruik is, is 'n groot deel van die dataverwerking reeds gedoen.

Die korpus wat in hierdie afdeling van die studie gebruik word, bestaan uit:

- J1 - *Sewe Sonjas en wat hulle gedoen het* – (Joan Hambidge, Prosa- roman)
- J2 - *Palindroom* (Joan Hambidge, Prosa- roman)
- J3 - Gender-konstruksies in die Afrikaanse letterkunde: 'n Ondersoek in kultuurstudies, literêre teorie en kreatiewe skryfwerk (Joan Hambidge, PhD)
- J4 - Resensies (Joan Hambidge, resensies)
- J5 - Reisjoernaal (Joan Hambidge, reisjoernaal)

Soos reeds verduidelik (5.3.1 Dataverwerking) is die oorspronklike tekste omgeskakel na 'n ongeformateerde formaat sodat dit in *Wordsmith* ingevoer kon word. Alhoewel hierdie afdeling oor stilistiese analises handel, is *Wordsmith* en *Antconc* steeds nuttige programme om te gebruik. Daar word veral van die kollokasie en konkordansie-funksies gebruik gemaak.

Die onderskeie tekste van Hambidge is noukeurig deurgelees, en aantekeninge is gemaak om opvallende woorde, woordgroepe of kenmerkende eienskappe van Hambidge se tekste aan te toon. Hierdie aantekeninge het dan as raamwerk gedien vir die ontleding wat volg. Woorde wat opvallend in die onderskeie tekste voorgekom het, is in *Wordsmith* gesoek, en die frekwensies van die voorkoms van die onderskeie woorde in die bepaalde tekste is aangeteken.

5.6.2 Sleutelwaardebepalings

Die sleutelwaardebepaling is uitgevoer soos aangedui deur Kotzé (2009). Die tekste is reeds “skoongemaak” vir die stilometriese analise en as ongeformateerde lêers gestoor. Woordelyste is toe van die afsonderlike lêers geskep, dit is alfabeties gesorteer en gestoor. Vervolgens is sleutelwoordberekeninge in *Wordsmith* gedoen. Aangesien die analise nie beoog om outeurskapidentifikasie as resultaat te hê nie, maar eerder om te bepaal hoeveel Hambidge se tekste ooreenstem, is dit nie nodig om eers tekste van die outeur wat bekend is en daarna anonieme tekste te vergelyk nie. Vir die doel van hierdie analise is die tekste soos volg vergelyk:

J1 word vergelyk met J2
 J1 word vergelyk met J3
 J1 word vergelyk met J4
 J1 word vergelyk met J5
 J2 word vergelyk met J3
 J2 word vergelyk met J4
 J2 word vergelyk met J5
 J3 word vergelyk met J4
 J3 word vergelyk met J5
 J4 word vergelyk met J5

Die inhoudswoorde is telkens verwyder, en die eerste 15 woorde wat daarna op die lys oorgebly het, is gebruik vir die sleutelwaarde-indeksbepalings. Vanuit die ondersoek is daar bevind dat die gemiddelde sleutelwaarde-indeks vir die onderskeie tekste soos volg lyk:

Vergelykte tekste:	Gemiddelde sleutelwaarde
J1 & J2	12.173
J1 & J3	77.851
J1 & J4	21.926
J1 & J5	24.540
J2 & J3	40.077
J2 & J4	20.877
J2 & J5	39.342
J3 & J4	8.189
J3 & J5	86.143
J4 & J5	9.460

Table 5.30 Voorstelling van sleutelwaarde in genres

Hoe hoër die gemiddelde sleutelwaarde, hoe meer verskil die tekste, en kan die aanname dus gemaak word dat die outeur van die bepaalde tekste verskil⁷⁵. Vanuit die analise kan daar dus afgelei word dat J3 & J5 (PhD en die *reisjoernale*) die meeste verskil, gevolg deur J1 & J3 (*Sewe Sonjas en wat hulle gedoen het* en PhD), J2 & J3 (*Palindroom* en PhD), J2 & J5 (*Palindroom* en PhD), J1 & J5 (*Sewe Sonjas en wat hulle gedoen het* en die

⁷⁵ Daar is nie 'n bepaalde normwaarde vir die sleutelwaarde nie. Daarom word daar vanuit die beginsel gewerk dat hoe hoër die gemiddelde sleutelwaarde, hoe meer verskil die tekste van mekaar.

reisjoernale), J1 & J4 (*Sewe Sonjas en wat hulle gedoen het* en resensies) en ook J2 & J4 (*Palindroom* en resensies). Die tekste met die laagste sleutelwaardes wat die meeste ooenstem is dus J3 & J4 (PhD en die resensies) J4 & J5 (resensies en reisjoernale) en ook J1 & J2 (*Sewe Sonjas en wat hulle gedoen het* en *Palindroom*). Dus is daar sterk ooreenkomste tussen die verwagte genres, alhoewel daar die voorkoms van 'n groot ooreenkoms tussen die PhD en die reisjoernaal is (die verwagting is dat die PhD 'n meer akademiese teks is, terwyl die reisjoernaal 'n meer informele trant sal volg).

Die afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat Hambidge se idiolek nie noodwendig genre-spesifiek is nie, en ook dat tekste deur dieselfde outeur (Hambidge) geskryf, nie noodwendig kenmerklike eienskappe volgens die genre sal toon nie, maar dat daar wel ooreenkomste in die idiolek van Hambidge sigbaar is, ongeag die genre waarin sy skryf.

5.6.3 Lemma-ondersoek

Eerstens is daar na die onderskeie woordelyste van Hambidge in *Wordsmith* ondersoek ingestel. Die grammatikale woorde is vanuit die lyste verwyder, sodat daar net leksikale woorde (inhoudswoorde) oorbly. Die eerste 60 woorde is in *Excel-lêers* gestoor. Hierdie woorde is op grond van frekwensie gerangskik. Vanuit hierdie ondersoek het dit duidelik geblyk dat die inhoudswoorde wat die meeste in Hambidge se onderskeie genres gebruik word, verskil in terme van die bepaalde genre waarin die ondersoeksubjek skryf.

Genre	Woord	Frekwensie	%
J1 – Sewe Sonjas en wat hulle gedoen het	Staan	49	0.237
J1 – Sewe Sonjas en wat hulle gedoen het	Dag	47	0.227
J1 – Sewe Sonjas en wat hulle gedoen het	Dink	45	0.218
J1 – Sewe Sonjas en wat hulle gedoen het	Liefde	43	0.208
J1 – Sewe Sonjas en wat hulle gedoen het	Stem	43	0.208
J2 – Palindroom	Mentee	247	0.733
J2 – Palindroom	Geliefde	163	0.483
J2 – Palindroom	Palindroom	161	0.477
J2 – Palindroom	Mentor	108	0.320
J2 – Palindroom	Skryf	103	0.305
J3 – PhD	Gender	273	0.280
J3 – PhD	Vrou	236	0.242
J3 – PhD	Meer	233	0.239
J3 – PhD	Uit	208	0.213
J3 – PhD	Weet	199	0.204
J4 – Resensies	Digter	42	0.360
J4 – Resensies	Verhaal	42	0.360
J4 – Resensies	Roman	37	0.317
J4 – Resensies	Leser	33	0.283
J4 – Resensies	Bundel	32	0.274
J5 – Reisjoernale	Stad	79	0.364
J5 – Reisjoernale	Reis	75	0.346
J5 – Reisjoernale	Hotel	58	0.267
J5 – Reisjoernale	Een	53	0.244
J5 – Reisjoernale	Sien	39	0.180

Table 5.31 Mees frekwente woorde in elke genre

Vanuit die bostaande tabel blyk dit duidelik dat daar nie 'n enkele woord is wat konstant onder die vyf mees frekwente woorde in elke genre val nie, en dus as eie aan Hambidge se idiolek gesien kan word, ongeag die genre waarin sy werk nie. Hierdie

verskynsel kan ook aan die uiteenlopende aard van die onderwerpe sowel as die tekstipes toegeskryf word.

J1			J2		
Woord	Frekwensie	%	Woord	Frekwensie	%
BEGIN	31	0.150	BEGIN	36	0.107
EEN	35	0.170	EEN	63	0.187
MAN	31	0.150	MAN	41	0.122
VROU	32	0.155	VROU	31	0.092

J3			J4		
Woord	Frekwensie	%	Woord	Frekwensie	%
BEGIN	101	0.104	BEGIN	17	0.146
EEN	159	0.163	EEN	16	0.137
MAN	194	0.199	MAN	9	0.077
VROU	236	0.242	VROU	13	0.112

J5		
Woord	Frekwensie	%
BEGIN	27	0.125
EEN	53	0.245
MAN	33	0.152
VROU	17	0.079

Table 5.32 Voorstelling van ooreenstemmende woorde in al die genres


Tabel 5.32 is 'n voorstelling van die woorde wat in al vyf die genres gebruik word. Nadat die woorde in die Excel-lêers gestoor is, is ondersoek ook ingestel om te bepaal watter woorde (vanuit die 60 inhoudswoorde met die hoogste frekwensie) in al vyf die afdelings voorkom. Hierdie soektog het gewys dat daar slegs vier woorde is (*begin*, *een*, *man* en *vrou*) wat in al vyf die afdelings van die korpus voorkom. Die frekwensie waarteen die woorde egter in die onderskeie afdelings voorkom is nie hoog genoeg dat die woorde as kenmerkend beskou kan word nie. Wanneer die onderskeie afdelings van Hambidge se korpus egter saam in die woordelysfunksie van *Wordsmith* gevoeg word, kan die resultate duideliker onderskei word. Die 25 mees frekwente woorde wat in al vyf die onderskeie afdelings van Hambidge se korpus voorkom word vervolgens voorgehou:

Woord	Frekwensie	%	Hoeveelheid tekste waarin die woorde voorkom
Skryf	331	0.178	5
Vrou	329	0.177	5
Man	308	0.166	5
Sien	308	0.166	5
Gaan	305	0.164	5
Gender	277	0.149	3
Verhaal	255	0.137	5
Mentee	247	0.133	1
Mense	244	0.131	5
Lewe	224	0.121	5
Geliefde	217	0.117	5
Begin	212	0.114	5
Dink	208	0.112	5
Vader	203	0.109	5
Staan	196	0.105	5
Lees	194	0.104	5
Leser	194	0.104	4
Reis	192	0.103	5
Verhouding	180	0.097	5
Nuwe	175	0.094	5
Dood	172	0.092	5
Digter	170	0.091	5
Vertel	170	0.091	5
Gedigte	168	0.090	5
Kind	161	0.086	5


Tabel 5.303 Frekwente woorde in Hambidge se korpus

Wanneer die mees frekwente woorde vanuit Hambidge se korpus met dié van die Taalkommissie vergelyk word, blyk dit dat 20 van die woorde in Hambidge se korpus as eie aan haar idiolek gesien kan word. Die woorde *dink*, *man*, *mense*, *nuwe* en *sien* is die enigste vyf woorde wat in beide die gespesialiseerde en die verwysingskorpus voorkom. Die oorblywende 20 woorde in die Hambidge-korpus kom in meeste van die genres


voor, en kan daarom as kenmerkend van haar idiolek beskou word. Die woorde *vrou* en *skryf* is die woorde wat die meeste in al Hambidge se genres gebruik word. Dit is interessant om hier uit te lig dat *vrou* dus nie net in die afsonderlike analyses van die genres as een van die mees frekwente woorde in al die genres figureer nie, maar dat *vrou* ook in die gekombineerde Hambidge-korpus as een van die twee mees frekwente woorde (*skryf* – 331 en *vrou* – 329) voorkom. Ingesluit by die Hambidge-woordelys is die woord *mentee*. Alhoewel die woord slegs in een van die korpora voorkom (J2 – *Palindrome*) is dit kenmerkend aan Hambidge se idiolek, en kom dit glad nie in die Taalkommissiekorpus voor nie. Die woord *mentee* is dus eie aan Hambidge se idiolek. Vervolgens gaan voorstelling van die woordlengtes, puntuasiegebruik, sowel as die mees frekwente woorde voorgehou word, soos vanuit *Signature* (Millican, 2003) verkry. Hierdie grafiese voorstelling dien net as 'n hulpmiddel om voor te stel hoe baie Hambidge se tekste (volgens, woordlengte, puntuasie en frekwente woordgebruik) ooreenstem.



Figuur 12 Voorstelling van woordlengtes in Hambidge se korpus (soos bepaal deur *Signature*)



Figuur 12 Voorstelling van puntuasiegebruik in Hambidge se korpus (soos bepaal deur Signature)



Figuur 13 Voorstelling van die twee mees frekwente woorde in Hambidge se korpus (soos voorgestel deur Signature)

Na aanleiding van die bogenoemde blyk dit duidelik dat Hambidge wel oor woorde beskik wat oor die algemeen, in terme van die frekwensie, meer in haar tekste figureer as byvoorbeeld in die Taalkommissiekorpus. Aangesien die meerderheid van die woorde in al die tekste voorkom, kan die afleiding ook gemaak word dat die woorde eie aan Hambidge se idiolek is, ongeag die genre waarin sy skryf.

Vanuit hierdie gedeelte van die ondersoek is daar bevind dat Hambidge se woordkeuse, na aanleiding van die frekwensie waarby dit voorkom, as kenmerkend beskou kan word wanneer haar korpus vergelyk word met die Taalkommissiekorpus. Dus is daar tekens van 'n kenmerkende idiolek wanneer daar spesifiek na Hambidge se woordgebruik as 'n geheel ondersoek ingestel word. Wanneer Hambidge se woorde egter intern, tussen die genres vergelyk word blyk dit duidelik dat die woordgebruik tussen die genres verskil. Dus kan die aanname gemaak word dat Hambidge se taalgebruik verander volgens die genre waarin sy skryf, maar dat haar oorkoepelende idiolek as kenmerkend beskou kan word. Sleutelwaardebepalings word dan ook uitgevoer om sodoende te bepaal hoeveel Hambidge se tekste met mekaar ooreenstem.

5.7 Stilistiese ondersoek

Soos reeds genoem in hoofstuk 4, is outeurskapidentifikasie en forensiese linguistiek die hoofstrome waaruit die metodologie vir die ondersoek na idiolek ontwikkel het. In die voorafgaande afdelings is stilometriese analises uitgevoer om ondersoek in te stel na die voorkoms van idiosinkrasieë in die ondersoeksubjek se taalgebruik. Die eerste stel stilometriese analises het die interkorpusondersoek behels. In hierdie analises is vergelykend tussen die gespesialiseerde en die verwysingskorpus gewerk. *Flesch-Kincaid*-toetse is ook uitgevoer om te bepaal hoe die leesbaarheid van Hambidge se tekste met mekaar ooreenstem (al dan nie), en ook hoe dit met die TK-korpus vergelyk. Die intrakorpusondersoek het ook stilometriese analises ingesluit. In hierdie analises is ondersoek ingestel deur die gebruik van ratio's en gepaarde t-toetse. 'n Lemma-ondersoek is ook geloods om woorde wat as kenmerkend van Hambidge beskou kan word, te identifiseer. *Signature* is ook gebruik om van die bevindinge uit te beeld. Die bogenoemde analises het egter alles deur middel van stilometriese analises geskied (beide intra- en interkorpusondersoek). Vervolgens gaan stilistiese analises gebruik word om te bepaal wat as kenmerkend geïdentifiseer kan word aan Hambidge se idiolek.

5.7.1 Agtergrond

Volgens McMenamin (2002:163) kan forensiese outeurskapidentifikasie uitgevoer word deur 'n analise van die geskrewe taal van 'n individu, dit wil sê linguistiese stilistiek. Soos reeds genoem, fokus stilistiek op die twee beginsels van inherente variëteit in taal. McMenamin (2002:163) stel dit onomwonde dat geen twee skrywers in 'n taal op presies dieselfde wyse skryf nie, en ook dat die individu nie konstant presies dieselfde skryf nie. Die stilistiese analise kan volgens McMenamin (2002:163) as die wetenskaplike studie van die patrone van variasie in geskrewe taal gedefinieer word.

Daar is reeds in hoofstuk 4 breedvoerig beskryf wat stilistiese korpusanalise is, en hoe die analise uitgevoer word. Stilistiese analise is dus ook 'n wetenskaplike benadering, waar van verskillende metodes gebruik gemaak kan word om die idiolek van 'n individu te identifiseer. Die beginsels en teoretiese agtergrond dien egter slegs as 'n riglyn, aangesien die outeur reeds hier bekend is, en die fokus slegs is op die identifikasie van idiosinkratiese uitdrukkings en kenmerke wat eie aan die ondersoeksubjek gesien kan word. Die onderskeie tekste is dus gelees en aantekeninge is gemaak oor die aanvanklike opvallende kenmerke. Aangesien die tekste elektronies beskikbaar is, is spelfoute of afwykings, sowel as vreemde grammatikale verskynsels met behulp van *Afrikaanse Skryfgoed 2011* geïdentifiseer. Hierdie verskynsels word voorgehou in terme van die outomatiese reël-nummering wat in die *Microsoft Word*-dokumente aangebring is.

Vervolgens gaan die stilistiese ontledings voorgehou word, tesame met voorbeelde vanuit die teks.

5.7.2 Ontleding

Deur die ontleding is sewe kategorieë geïdentifiseer, naamlik: eponiem, kodewisseling, punktuasie, samestellings, verheffing, weglatings en wisselvorme.

5.7.2.1 Eponieme

'n Eponiem word gedefinieer as 'n persoon of voorwerp of die naam van 'n persoon of voorwerp, vanwaar 'n plek of ontdekking hul naam kry (vgl. Oxford Advanced Learner's Dictionary, 2005:492). Vir die doel van hierdie studie gaan eponiem gebruik word as

term om die voorkoms van eiename wat as soortname, werkwoorde, bywoorde en byvoeglikenaamwoorde gebruik word te beskryf. Voorbeelde sluit in:

- J3. (Reël 1025) ...gewoon die kind wat nie **geodipaliseer** het nie...
- J3. (Reël 5410) ...hy nie **geodipaliseer** het nie...
- J3. (Reël 5419) ...sy eie **ongeodipaliseerde**... (in hierdie voorbeeld is dit ook opmerklik hoe Hambidge 'n negatiewe vorm van die eponiem skep).
- J3. (Reël 9282) ...**nie-geodipaliseerde** digter wat... (in hierdie voorbeeld is dit ook opmerklik hoe Hambidge 'n negatiewe vorm van die eponiem skep).
- J5. (Reël 40) ...die kind **geodipaliseer** met sy eie identiteit...
- J3. (Reël 1834) ... die proses van **oedipalisasie**....
- J3. (Reël 6084) ... die moment van **oedipalisasie**...

Die woord *geodipaliseerde* (ongegag die vorm waarin dit gebruik word) is kenmerkend aan Hambidge se idiolek; dit kom nie een maal in die TK-korpus voor nie, en met 'n soektog deur die Media24-argief⁷⁶ was die enigste voorkoms van die woord in 'n rubriek deur Hambidge geskryf (*Op my Literêre Sofa*, 1994, soos geplaas deur Beeld, en ook ingesluit by Hambidge se korpus). Dus kan die woord as kenmerkend aan Hambidge se idiolek beskou word, wat slegs deur haar gebruik word, ongeag die genre.

- J3. (Reël 1024) ... In **Lacaniaanse** terme...
- J3. (Reël 2235) ... In **Lacaniaanse** terme...
- J3. (Reël 2337) ... meer spesifiek **Lacaniaanse** psigoanalise...
- J3. (Reël 6000) ... In **Lacaniaanse** terme...
- J3. (Reël 6603) ... nosie van die **Lacaniaanse** ek/oog...
- J3. (Reël 6701) ... sentrale konsepte in **Lacaniaanse** denke...
- J3. (Reël 6756) ... faktor in **Lacaniaanse** terapie...
- J3. (Reël 6790) ... is sentraal in **Lacaniaanse** denke...
- J3. (Reël 6853) ... illustrasie van **Lacaniaanse** self-ontdekking...
- J3. (Reël 6874) ... in **Lacaniaanse** terme...
- J3. (Reël 9216) ... ontken het in **Lacaniaanse** terme...
- J5. (Reël 2051) ... 'n **Lacaniaanse** ondersoek...
- J5. (Reël 2080) ... van die **Lacaniaanse** fallus...
- J5 (Reël 2110) ... In **Lacaniaanse** psigoanalise...

⁷⁶ Vir die studie is daar gebruik gemaak van die Beeld, Burger en Rapport op die Media24-argief.

- J5 (Reël 2118) ... van **Lacaniaanse** psigoanalise...
- J5 (Reël 2125) ... fases in **Lacaniaanse** psigoanalise...
- J5 (Reël 2142) ... van **Lacaniaanse** psigoanalise...

Hambidge gebruik ook gereeld die woord *Lacaniaanse*. Daar is 17 voorbeelde van die voorkoms van hierdie woord in haar PhD. Hierdie eponiem is egter nie kenmerkend aan Hambidge se idiolek nie, aangesien dit ook in die TK-korpus voorkom; die woord kom egter teen 'n hoër frekwensie in Hambidge se tekste voor. Die woord kom in J3 (PhD) en J5 (reisjoernale) voor, en is dus nie genre spesifiek nie.

Daar is ook wisselvorme van hierdie woord wat in Hambidge se tekste voorkom:

- J3.(Reël 2257) ...tans meer **Freudiaans/Lacaniaans** as **Jungiaans**... (in hierdie sinsnede is daar drie voorbeelde van eponieme, Freudiaans, Lacaniaans, Jangiaans).
- J3. (Reël 6916) ... temas wat **Lacaniaans** gesien...
- J5. (Reël 2161) ... 'n **Lacaniaan**, word...

Die eponiem, Lacaniaans kom slegs drie keer in die TK-Korpus voor. Dit is interessant om te sien dat die woord nie in die akademiese korpus voorkom nie, maar wel in die koerantartikels en een maal in die roman. Dus is dit duidelik dat Hambidge gebruik maak van die eponieme (veral in akademiese tekste), sowel as wisselvorme van die woorde. Ander voorbeelde van eponieme sluit in:

- J3. (Reël 450) ... In **Derrideaanse** terme...
- J3. (Reël 2234) ... In **Derrideaanse** terme...
- J3. (Reël 6329) ... die **Derrideaanse** nosie...
- J3. (Reël 9535) ... in **Derrideaanse** terme...
- J2. (Reël 2233) ... 'n **Descartiaanse** analise...

Die woord *Derrideaans* en *descartiaanse* kan eie aan Hambidge se idiolek beskou word aangesien die woord ook glad nie in TK-korpus voorkom nie. Hierdie woord kan egter as 'n vakspesifieke woord beskou word, maar steeds kenmerkend aan Hambidge.

- J2. (Reël 1320) ... 'n soort **Jungiaanse** verblinding...
- J2. (Reël 3124) ... haar **Jungiaanse** terapeut...
- J3. (Reël 224) ... die **Jungiaanse** benadering...
- J3. (Reël 752) ... **Freudiaans** en **Jungiaans** te skryf...

J3. (Reël 994) ... Die **Jungiaanse** sinkronisiteit...

J3. (Reël 2257) ... tans meer **Freudiaans/Lacaniaans** as **Jungiaans**...

J3. (Reël 2261) ... die konvensioneel-**Jungiaanse** of **Freudiaanse** benaderings...

J3. (Reël 2290) ...'n **Jungiaanse** siening...

J3. (Reël 2304) ... het 'n **Jungiaanse** onderbou...

J3. (Reël 2375) ... Estés is 'n **Jungiaanse** sielkundige...

J3. (Reël 2452) ... van die **Jungiaanse** enantiodromia...

J3. (Reël 2539) ... sterk **Jungiaans** en...

J3. (Reël 2682) ... 'n **Jungiaanse** term...

J3. (Reël 2692) ... die **Jungiaanse** dieptesielkunde...

J3. (Reël 5582) ... belangrike **Jungiaanse** begrippe...

J3. (Reël 6199) ... se **Jungiaanse** lesing...

J3. (Reël 6239) ... se **Jungiaanse** studie...

J3. (Reël 7524) ... 'n **Jungiaanse** lesing...

J3. (Reël 8152) 'n **Jungiaanse** perspektief...

J3. (Reël 9183) ... die belang van **Jungiaanse**...

J5 (Reël 2634) ... In **Jungiaanse** terme...

J1 (Reël 2289) ... ook **Freudiaanse** sofa...

J2 (Reël 20) ... die **Freudiaanse** verwysing...

J2 (Reël 948) ... 'n **Freudiaanse** 'slip of the tongue'...

J2 (Reël 983) ... die **Freudiaanse** dimensie...

J2 (Reël 1133) ... moderne **Freudiaanse** 'family romance'...

J2 (Reël 2291) ... die **Freudiaanse** Fort-Da-beginsel...

J3 (Reël 1639) ... 'n **Freudiaanse** proses..

J3 (Reël 2082) ... re-enact in **Freudiaanse** terme...

J3 (Reël 2262) ... konvensioneel-**Jungiaanse** of **Freudiaanse** benaderings...

J3 (Reël 2341) ... in **Freudiaanse** terme...

J3 (Reël 5266) ... van **Freudiaanse** denke...

J3 (Reël 5340) ... In **Freudiaanse** terme...

J3 (Reël 5421) ... basis van **Freudiaanse** denke...

J3 (Reël 5961) ... hul **Freudiaanse** "family romances"...

J3 (Reël 6082) ... , in **Freudiaanse** terme...

J3 (Reël 6513) ... 'n **Freudiaanse** analise...

J3 (Reël 6520) ... 'n **Freudiaanse** analise...

J3 (Reël 5621) ... **Freudiaanse** interpretasie...

J3 (Reël 6561) ... 'n **Freudiaanse** herhalingsdwang...

J3 (Reël 6772) ... basis van **Freudiaanse** denke...

J3 (Reël 6824) ... die **Freudiaanse** prinsipe...

J3 (Reël 6870) ... die **Freudiaanse** es die ca of jouissance...

J3 (Reël 6891) ... verstaan van **Freudiaanse** Besetzung...
 J3 (Reël 6939) ... die **Freudiaanse** beginsel...
 J3 (Reël 8109) ... in **Freudiaanse** terme...
 J3 (Reël 9281) ... in **Freudiaanse** terme...
 J3 (Reël 93378) ... in **Freudiaanse** denke...
 J3 (Reël 9375) ... die **Freudiaanse** konsep...
 J3 (Reël 9454) ... in **Freudiaanse** terme...
 J3 (Reël 9463) ... in **Freudiaanse** terme...
 J3 (Reël 9501) ... seminale **Freudiaanse** studie...
 J3 (Reël 9619) ... die **Freudiaanse** droom ...
 J4 (Reël 740) ... Sterk **Freudiaanse** ondertone...
 J4 (Reël 795) ... die **Freudiaanse** familie-romanse...
 J5 (Reël 2413) ... Die **Freudiaanse** familieromans...
 J3 (Reël 751) ... meer spesifiek **Freudiaans** en **Jungiaans** te skryf...
 J3 (Reël 2257) ... tans meer **Freudiaans/Lacaniaans** as **Jungiaans**...
 J3 (Reël 7031) ... dan ook **Freudiaans** beskou...
 J3 (Reël 9465) ... in **Freudiaans-Bloomiaanse** terme...
 J3 (Reël 2413) ... die **Freudiane** projektiewe identifikasie...
 J3 (Reël 8013) ... Joan (**Freudian** slip. JH)Vercuiel skakel...
 J1 (Reël 76) ... sewe **Gordiaanse** knope...
 J1 (Reël 2508) ... die **Faustiaanse** verlange...
 J1 (Reël 2509) ... die **Nietzcheaanse** droom...
 J3 (Reël 2325) ... die **Kopernikaanse** en **Newtoniaanse** rewolusie...
 J2 (Reël 1547) ... as 'n **Nabokofiaanse** fantasie...
 J2 (Reël 2039) ... die **Tibetaanse** Boek van Lewe en Dood...
 J3 (Reël 8709) ... die **Shakesperiaanse** tyd...

Vanuit die bogenoemde voorbeelde blyk dit duidelik dat Hambidge gereeld gebruik maak van eponieme ongeag die genre waarin sy skryf. Die woorde kom verspreid oor die verskillende genres voor, alhoewel J3 (die PhD) oor die meeste voorbeelde beskik. Wat hierdie verskynsel kenmerkend aan Hambidge maak, is die feit dat van die eponieme wat wel in die TK-korpus voorkom nie in die akademiese tekste figureer nie, maar wel in die koerantartikels, tydskrifartikels en die romans. Die frekwensies waarteen die woorde voorkom, is egter baie hoër in Hambidge se korpus, en dan ook in haar (Hambidge) PhD. Dus kan eponieme as kenmerkend van Hambidge se idiolek gesien word.

5.7.2.2 Kodewisseling

Volgens Du Plessis (1995:24) verwys kodewisseling na die wisseling wat 'n spreker toepas, in 'n gesprek, tussen variëteite van dieselfde taal, of tussen tale. Hierdie verwys dus na die invoeging van ander tale in 'n sin. Kodewisseling kan gebruik word om aan te pas by die gespreksituasie (gemaklike diskoers) of as een van die sprekers nie so vlot in 'n spesifieke taal is nie of ter wille van aanvulling. Voorbeelde sluit in:

- J1 (Reël 96) ... **Ubi, quis, quid**...prewel...
- J3 (Reël 804) ... Die "**unheimliche**" van Freud...
- J1 (reël 142) ...**Hora est**...
- J3 (Reël 9481) ... verdediging (**Abwehr**): veel...
- J5 (Reël 1136) ... **Es ist in der Luft**,
- J1 (Reël 1005) ... die **puer aeternus**...
- J1 (Reël 823) ... van **victoria reportare**...
- J2 (Reël 1220) ... Die '**puer aeternus**'...
- J2 (Reël 2020) ... die **Apocryphon** van JoPalindroom...
- J4 (Reël 145) ... dan die '**apologia pro domo**' van...
- J5 (Reël 2344) ... **Et atque mea Lesbia**, vergeef my...
- J5 (Reël 2357) ... Die "**uncanniness**" van die reis...
- J2 (Reël 347) ... "**Un autre temps**..." Soms skryf...
- J2 (Reël 348) ... "**Ma chérie, à bientôt**..."...
- J1 (Reël 228) ... **pudenda est bella**)...
- J3 (Reël 6796) ... Die **objet petit a** ('n konsep wat volgens Lacan)
- J3 (Reël 6796) ... verwys na die **Autre** (Ander)...
- J3 (Reël 6796) ... die **petit a** (klein a)...
- J3 (Reël 6800) ... die **le semblable**...
- J1 (Reël 533) ... ek **cum grano salis**...
- J3 (Reël 6892) ... van **Freudiaanse Besetzung** oftewel
investissement/cathexis...
- J2 (Reël 791) ... or maybe I'm having a **préjà vue** in...
- J2 (Reël 820) ... **Obiter dicta**...
- J2 (Reël 1345) ... **Ieri, oggi, domani** 'n **striptease** teenoor...
- J3 (Reël 2443) ... benoem dit as **bifurcation**...
- J3 (Reël 6810) ... Die **énoncé** (stelling) is...
- J2 (Reël 2723) ... '**unheimliche**'-beginsel illustreer...
- J1 (Reël 2401) ... 'n **deus ex machina**!...
- J1 (Reël 2691) ... , daardie **deus ex machina** ooit...
- J2 (Reël 3141) ... **Ex libris** die postmodernis...

- J3 (Reël1336) ... Lees hier. **Utrum stelle videantur ubi sint?**...
- J4 (Reël 302) ... kind gehad wat **gedupe** is ...
- J3 (Reël 6922) ... (**le désir de l'analyst** wat op Frans letterlik beteken...
- J3 (Reël 6839) ... vader (**nom-du-père**) verwys...
- J3 (Reël 6846) ... aktiveer die **nom-du-père** as...
- J2 (Reël 2503) ... dat ek jou nooit weer lief sal hê nie: "Gij die mij leest, vergeef mij en vergeet"
- J3 (Reël 1327) ... via 'n **monologue intérieur** aan...
- J3 (Reël 6858) ... of die **nom-du-père** as...
- J3 (Reël 81) ... die **poet laureate** van...
- J3 (Reël 861) ... Amerikaanse **poet laureate**...
- J3 (Reël 1475) ... die **poet laureate** van...
- J3 (Reël 5722) ... sogenaamde **poet laureate** van...
- J3 (Reël 5755) ... Vir Robert Pinsky, **poet laureate**...
- J3 (Reël 5790) ... Subject: **Poet laureate**...
- J3 (Reël 5862) ... die **poet laureate** van...
- J2 (Reël 944) ... Schenkt man sich Rosen...
- J2 (Reël 1064) ... van die **Queen** of...
- J2 (Reël 1066) ... en 'n **Queen** of...
- J2 (Reël 1730) ... as die **Queen** of...
- J3 (Reël 1585) ... 'n flambojante **queen**...
- J3 (Reël 1953) ... **drag queen**"...
- J3 (Reël 1954) ... **drag queen**"...
- J3 (Reël 1958) ... **drag queen**"...
- J3 (Reël 1980) ... the **drag queen** of disco"...
- J3 (Reël 6219) ... die "Hollywood **queen**"...
- J2 (Reël 2476) ... in "**Horror vacui**" – luister...
- J3 (Reël 8266) ... Die **horror vacui** van die skryfproses...

Vanuit die bogenoemde is dit duidelik dat Hambidge wel gebruik maak van kodewisseling, maar ook dat daar nie 'n spesifieke konsep of term is wat sy deurgaans in al haar tekste (ongegag die genre) gebruik nie. Baie van die woorde is akademiese terme wat moeilik vertaalbaar is, en dus binne die konteks waarin dit gebruik word as onvermydelik gesien kan word. Dit is wel sigbaar dat daar nie 'n genre is waarin Hambidge nie van dié tipe kodewisseling gebruik maak nie. Dit is egter nie moontlik om kodewisseling as 'n unieke idiosinkratiese eienskap by Hambidge te identifiseer nie. Die bogenoemde woorde wat deur die stilistiese analise in Hambidge se tekste

geïdentifiseer is, is in die TK-korpus opgesoek. Dit is gedoen om te bepaal of dié woorde uniek aan Hambidge se idiolek is. Daar is vasgestel dat die kollokasies, *ma chérie*, *deus ex machina*, *ex libris*, *nom-du-père* en *drag queen* ook in die TK-korpus voorkom. Die konteks waarin dit voorkom verskil egter van die wyse waarop dit in die Hambidge-korpus voorkom. Die aanname kan dus gemaak word dat die voorkoms van kodewisseling, soos hierbo voorgestel, 'n aanduiding kan wees van Hambidge se outeurskap, wanneer dit in hetsy resensies, akademiese artikels of romans voorkom. Aangesien hierdie woorde egter ook in die ander korpus figureer (alhoewel nie in dieselfde konkordansie nie), kan dit nie as idiosinkraties beskou word nie, maar eerder as 'n aanduiding van outeurskap. Verdere ondersoek sal dan kan bepaal of die teks wel deur Hambidge geskryf is. Vanuit die korpus is daar verskeie voorbeelde van kodewisseling met Engels:

- J1 (Reël 175) ... van 'n "**step-in**"...
- J1 (Reël 236) ... die **Out of Africa**-film aangetrek
- J1 (Reël 237) ... dink:"**I once had a farm in Africa**."...
- J1 (Reël 287) ... en die **ambiance** is teer....
- J1 (Reël 480) ... soos 'n "**home perm**", of 'n toupee...
- J1 (Reël 877) ... Begin 'n **affaire** terselfdertyd...
- J1 (Reël 1134) ... sag soos 'n **marshmallow** in 'n...
- J1 (Reël 2517) ... wel "**a man's man**"...
- J1 (Reël 2559) ... of is jy **gedippity do**?...
- J1 (Reël 2565) ... ja die **maskot** van...
- J1 (Reël 2726) ... vorm van 'n **straight jacket**....
- J2 (Reël 761) ... bekende reël '**the lineaments of gratified desire**'?"...
- J2 (Reël 20) ... **Heartbreak**? Maar haar...
- J2 (Reël 280) ... wanneer 'n **partner** ingaan...
- J2 (Reël 288) ... is by 'n **workshop**...
- J2 (Reël 381) ... skakel haar foon op **silent**...
- J2 (Reël 739) ... hierdie "**naked I**" se belydenisse...
- J2 (Reël 754) ... Of dit **delete**?...
- J2 (Reël 775)... haar verhale '**workshop**', met...
- J2 (Reël 803) ... Boek **launch** en dan uiteet...
- J2 (Reël 861) ... van die **file** waarin...
- J2 (Reël 867)... foto op die **lawn** dat...
- J2 (Reël 867) ... my **desktop** maak...
- J2 (Reël 948) ... 'n Freudiaanse '**slip of the tongue**',...
- J2 (Reël 1197) .. jou **partner** besig..

J2 (Reël 1275) ... sy vind haar "**happily ever after**..."

J2 (Reël 1435) ... Ieri, oggi, domani 'n **striptease** teenoor...

J2 (Reël 1438) ... se **partner** wat...

J2 (Reël 1469) ... haar **partner** in...

J2 (Reël 1481) ... onderskeie **partners** tot...

J2 (Reël 1581) ... Haar **partner** is vol...

J2 (Reël 2183) ... die **file** vind...

J2 (Reël 2463) ... Bestel 'n **whisky-on-the-rocks**...

J2 (Reël 2603) ... altyd die '**lonesome traveller**', die...

J2 (Reël 2729) ... Die '**double speak**'...

J2 (Reël 2776) ... haar **tantrum** voor die...

J2 (Reël 2777) ... bring 'n **pop-up** boodskap...

J2 (Reël 2960) ... Die '**slippage**' van die...

J2 (Reël 2963) ... jy moet **mushrooms** met my doen...

J3 (Reël 584) ... te wete **Comic** power in...

J3 (Reël 815) ... reis op die **subway**...

J3 (Reël 850) ... haar op die **subway**...

J3 (Reël 878) ... met die **subway** om...

J3 (Reël 930) ... Sy reis egter met mweb se "**airmail**" wat...

J3 (Reël 1100) ... alreeds 'n **risque**-boodskap oorgedra...

J3 (Reël 1208) ... alle Britte "**stiff upper lip**" is...

J3 (Reël 1218) ... die "**bullet trains**" gender-gekodeer...

J3 (Reël 1262) ... iets van 'n "**tomboy**..."

J3 (Reël 1284) ... van Jackie Kennedy se **image**...

J3 (Reël 1329) ... Jean 'n **butch** vrou is...

J3 (Reël 1344) ... hoe **butch** haar optrede...

J3 (Reël 1347) ... 'n vrou wat soos 'n **cowboy** altyd in 'n **shoot-out** sal...

J3 (Reël 1408) ... **Jet lag**, soos dit in die omgangstaal...

J3 (Reël 1224) ... die **subway** te gaan...

J3 (Reël 1505, 1526, 1539, 1571, 1630, 1697) ... sogenaamde "**cross-dresser**" of transvestiet...

J3 (Reël 1514) ... grotesk of "**over the top**"...

J3 (Reël 1530) ... nie 'n "**hunk**" is nie,...

J3 (Reël 1551) ... die **outsiderskap** en...

J3 (Reël 1803) ... verklaar tot **outsider** binne

J3 (Reël 2189) ... as 'n **clown** kan...

J3 (Reël 2408) ... die **scapegoat** hier ter sprake...

J3 (Reël 2644) ... in 'n **trance** nie,...

- J3 (Reël 2654) ... is 'n **joker** en...
- J3 (Reël 3797) ... 'n "**Spring-cleaning**"....
- J3 (Reël 3892) ... op '**pause**' sit...
- J3 (Reël 5249) ... van die "**joking chain**..."
- J3 (Reël 5253) ... die "**punchline**" van...
- J3 (Reël 5454) ... van 'n **chat-show** kan 'n gender-konstruksie...
- J3 (Reël 5918) ... 'n **cocktail**-aandrok...
- J3 (Reël 5966) ... die "**back-drop**..."
- J4 (Reël 207) ...dan die "**backdrop**" waarteen...
- J4 (Reël 238) ...die "**back-drop**" van...
- J4 (Reël 551) ... lewenswyse van **white trash**...
- J4 (Reël 608) ... goed geskryfde "**page turner**"...
- J5 (Reël 99) ... monsteragtige "**jet lag**"...
- J5 (Reël 243) ... sommer 'n '**hang-over**'...
- J5 (Reël 259) ... die **cocktail**, jy...
- J5 (Reël 270) ... **Go with the flow**...
- J5 (Reël 375) ... "**larger than life**..."
- J5 (Reël 456) ... rasegte Boksburg-**special**...
- J5 (Reël 484) ... die **ambience** van...
- J5 (Reël 560) ... dom, dik en **difficult**...
- J5 (Reël 655) ... op hierdie **trip**...
- J5 (Reël 1025) ... met 'n **pub crawl** deur Havana...
- J5 (Reël 1093) ... nou die '**merry widow**' al...
- J5 (Reël 1132) ... die '**vibes**' van...
- J5 (Reël 1182) ... **Oh hell has no fury as a traveller scorned**...
- J5 (Reël 1317) ... en **drugs** om hom...
- J5 (Reël 1768) ... om my **password** te aanvaar...
- J5 (Reël 1843) ... my skoen se **buckles** die...

Vanuit die voorbeelde is dit duidelik dat Hambidge nie skroom om kodewisseling toe te pas nie. Dit is egter ook duidelik dat daar nie 'n spesifieke woord is wat kenmerkend aan Hambidge se korpus is nie. Weereens kan die afleiding slegs gemaak word dat Hambidge wel kodewisseling toepas (met Engels) ongeag die genre. Daar is gevalle (soos met die woorde, *back-drop* en *backdrop*) waar die spelling verskil. Aangesien die teks egter ook deur 'n teksversorger geredigeer is, kan die teks nie as 'n "skoon"⁷⁷ teks beskou word nie, en kan dit dus nie as idiolekties, of problematies beskou word nie. Die

⁷⁷ Sien Hoofstuk 4 (4.2.2 Outeurskapidentifikasie)

woorde kom ook algemeen in die TK-korpus voor, wat bewys dat die stilistiese analise van Hambidge se gebruik van Engelse woorde in kodewisseling nie as idiosinkraties beskou kan word nie.

Vervolgens word daar ook na die invloed van Engels in die Hambidge-korpus ondersoek ingestel. In die lig van dié studie, verwys dit na die gebruik van anglisistiese woorde in die Hambidge-korpus. Hierdeur gaan daar ondersoek ingestel word na vreemde gebruike en/of spelvorme. Vanuit die ondersoek na kodewisseling is reeds bepaal dat Hambidge gereeld van Engelse woorde gebruik maak (ook as 'n vorm van kodewisseling), en dat daar ook verskeie woorde is wat gebruik word waar die invloed van Engels duidelik sigbaar is op haar idiolek; voorbeelde sluit in:

J1 (Reël 1048) ... as my pers**gedaaide** hare...

J1 (Reël 1595) ... **gedaaide** hare...

J1 (Reël 2266) ... se hare is **gedaai**...

J1 (Reël 2270) ... se hare is **gedaai**

J1 (Reël 2350) ... se hare is **gedaai**...

J1 (Reël 2375) ... se hare is **gedaai**...

J1 (Reël 2399) ... se hare is **gedaai**...

J1 (Reël 2474) ... se hare is **gedaai**...

J1 (Reël 2547) ... se hare is **gedaai**...

J1 (Reël 2597) ... se hare is **gedaai**...

J1 (Reël 2640) ... dat hare **gedaai** word...

J1 (Reël 2747) ... se hare is **gedaai**...

J1 (Reël 2764) ... se hare is **gedaai**...

Wanneer die woord *gedaai* in die TK-korpus opgesoek word, is dit duidelik dat Hambidge die woord meer frekwent gebruik. Die woord kom egter net in een afdeling (J1 – *Sewe Sonjas en wat hulle gedoen het*) van Hambidge se korpus voor, dus kan dit nie as idiolekties beskou word nie.

J1 (Reël 2321) ... met sy **motorbaaik** en al...

J1 (Reël 2354) ... net 'n nuwe **baaik** wil koop...

J1 (Reël 2358) ... net 'n nuwe **baaik** wil koop...

J1 (Reël 2372) ... keer al my **baaik** moes...

Die woord *baaik* is eie aan Hambidge se idiolek, aangesien dit glad nie in die TK-korpus voorkom nie. Aangesien die woord egter net in een van die genres voorkom, kan dit nie

as 'n kenmerklike eienskap van Hambidge se oorkoepelende idiolek gesien word nie. Dit kan egter as 'n hapax legomenon⁷⁸ in die roman *Sewe Sonjas en wat hulle gedoen het* beskou word, en kan daar ook gestel word dat indien die woord (met die bepaalde spelling) in 'n teks voorkom, daar 'n moontlikheid bestaan dat dit deur Hambidge geskryf is.

J4 (Reël 400) ... by 'n **komputer** in...

J3 (Reël 1010) ... lees op 'n **komputer**...

J3 (Reël 6148) ... Uit 'n **komputer-analise** is daar...

J3 (Reël 8271) ... maar 'n **komputer** moet...

Die woord *komputer* kan ook nie as kenmerkend aan Hambidge se idiolek gesien word nie, aangesien dit ook in die TK-korpus voorkom. Wat wel interessant aan die gebruik van die woord is, is dat Hambidge dit in haar PhD (J3) en die resensies (J4) gebruik, wat die meer akademiese tekste is, en nie in die romans nie. In die TK-korpus kom dit wel in die romans voor.

Daar is ook ondersoek ingestel na woorde wat in Hambidge se korpus voorkom wat, soos die bogenoemde voorbeelde, meer anglisisties (selfs ook eie aan 'n bepaalde variëteit van Afrikaans) van aard is. Hierdie woorde sluit in:

J1 (Reël 2343) ... 'n **fountjie** sodat sy...

J1 (Reël 182) ... die **pantie** op...

J1 (Reël 2261) ... Groot probleme. **Trobbels**...

J1 (Reël 2447) ... kan dit nie **aanpaas**...

J2 (Reël 1198) ... hy **props** nodig...

J3 (Reël 614) ... is altyd '**in transit**'

J3 (Reël 1188) ... Klere **signifieer** 'n bepaalde

J3 (Reël 1105) ... Klere **signifieer** 'n...

J3 (Reël 4709) ... 'n **identikit** verskyn...

J3 (Reël 3817) ... Terwyl die **treklorrie** besig...

J4 (Reël 83) ... lekker **paartie** daar...

J4 (Reël 566) ... verteller en sy **tjoms**...

Vanuit die bostaande woorde is dit slegs die woorde, *trobbels*, *signifeer* en *tjoms* wat nie in die TK-korpus voorkom nie. 'n Soektog is egter op die Media24-argief uitgevoer

⁷⁸ Hapax legomenon verwys volgens Crystal (2008:224) 'n woord wat net een maal in die teks van 'n bepaalde outeur voorkom.

om te bepaal of die woorde elders ook voorkom. Die resultate van die soektog het aangetoon dat die woorde (*trobbers*, en *tjoms*) wel in die Media24-argiewe voorkom, en dus kan dit nie as uniek aan Hambidge se idiolek beskou word nie.

Die woord *signifiek* kom egter net in Hambidge se korpus voor. Die woord kom wel een maal in die TK-korpus voor, maar dit is 'n verwysing na Hambidge (besig is om die werklikheid te help skep of **signifiek** (Hambidge, 1995:17) in TK3 (die verhandeling). Na aanleiding van die bogenoemde is dit dus moontlik om te stel dat **signifiek** as kenmerkend aan Hambidge se idiolek beskou kan word.

Vervolgens word ondersoek ingestel na etlike samestellings met Engelse woorde wat in die Hambidge-korpus waargeneem is. Voorbeelde sluit in:

- J5 (Reël 233) ... "**New Age**"-filosofieë...
- J4 (Reël 560) ... **propperse** emosieswendelaar is wat ou tannies op 'n toerbus
belieg met sy hard **luck-stories**...
- J4 (Reël 80) ... nie 'n "**struggle**"-digter...
- J3 (Reël 3833) ... glo 'n **tomboy-dogter**...
- J3 (Reël 3418) ... Sy '**no nonsense**'-manier...
- J3 (Reël 2923) ... my kom **uit-'bail'**...
- J3 (Reël 531) ... in die "**struggle**"-jare toe..
- J2 (Reël 2184) ... die **trash-boksie**...
- J2 (Reël 517) ... na die **draft-boksie**...
- J2 (Reël 512) ... duidelik 'n **server-probleem**...
- J1 (Reël 2379) ... Elke dag sal **paydag** wees!...

Hierdie voorbeelde dui daarop dat Hambidge gebruik maak van samestellings wat uit Afrikaanse en Engelse woorde bestaan. Opvallend in dié geval is die voorkoms van samestellings waar dit betrekking het op rekenaartermen. Hierdie is dan ook die enigste voorbeelde (alhoewel nie dieselfde woorde nie) wat oor die hele korpus voorkom, ongeag die genre. Met betrekking tot die rekenaartermen is dit interessant om ook aan te dui dat Hambidge gereeld beskrywend van die rekenaar en rekenaarprogrammatuur en/of die tegnologiese middele skryf. Voorbeelde hiervan sluit in:

- J2: ...Na Mentee se **BlackBerry**, die onmiddellike toegang...
- J2: ...Ek sal my selfoon by my hou en jy kan my **BlackBerry**!...
- J2: ...Sent via my **BlackBerry** from Vodacom - let your email find you!...
- J2: ...Sent via my **BlackBerry** from Vodacom - let your email find you!...

J2: ...Sent via my **BlackBerry** from Vodacom - let your email find you!...

J2: ...Sent via my **BlackBerry** from Vodacom - let your email find you!...

In die TK-korpus kom die woord *BlackBerry* net in koerantartikels (TK4) voor. Dus is Hambidge se gebruik eerstens genre-spesifiek, en tweedens gebruik sy dit kenmerkend in die sin dat sy die *BlackBerry* e-posstempel in haar romans insluit. Hierdie kan ook as 'n vorm van kodewisseling gesien word, aangesien dit gebruik word om die e-poswisseling tussen die mentor en die mentee in die roman aan te dui.

J2: ...'n **sms** van Mentee...

J2: ...vinnige **sms** van haar mentee...

J2: ...**sms** die Mentee ...

J2: ...'n **sms** later die aand bely ...

J2: ...die Mentor wis die **sms** dadelik uit...

Nog 'n aanduiding van kommunikasie (kodewisseling) in J2 (*Palindroom*) is die frekwente verwysing na *sms* (soos hierbo voorgestel). Daar is 54 voorbeelde van die gebruik van die woord *sms* in J2 (*Palindroom*). Die afkorting SMS kom egter baie meer frekvent in die TK-korpus voor, maar wat Hambidge se gebruik daarvan kenmerkend maak, is die feit dat sy dit nie met hoofletters spel nie. Volgens reël 3.11 van die AWS (2009:18) word hoofletters sonder punte gebruik by letternaamwoorde vir die name van stelsels, prosesse, produkte, apparate, prosedures, mediese begrippe, materiale, veranderlikes en konstantes, en vir sommige vaktegniese begrippe en ampsbenaminge waarvan die volvorm gewoonlik in kleinletters geskryf word. Dus is SMS die aanvaarde vorm en nie *sms*, soos deur Hambidge gebruik nie. Die genre waarin dit in die TK-korpus voorkom (TK4 – koerantartikels) verskil weereens van die genre waarin Hambidge die woord gebruik (J2 – *Palindroom*).

In aansluiting met Hambidge se gebruik van, *sms*, in plaas van *SMS*, gebruik sy ook *mweb* in plaas van *MWEB*. Die woord, *mweb*, word in J2 (*Palindroom*) gebruik, en dan ook in J3 (PhD). In J3 word dit egter slegs in e-posadresse gebruik. Dit wil egter voorkom of die genre waarin Hambidge die akroniem gebruik kenmerkend is. In die TK-korpus kom die woord, *MWEB*, slegs in TK4 (koerante) voor (34 maal, waarvan slegs 11 keer nie in 'n e-posadres is nie), en een maal in TK1 (roman). Daar is egter bepaal dat die voorkoms van die woord in die roman nie gebruik kan word nie, aangesien die gedeelte in die TK-korpus waarin die woord voorkom deur Joan Hambidge geskryf is (dit is die prosa, *Skoppensboer*, wat in 2001 uitgegee is, dieselfde jaar waarin sy haar

PhD ontvang het. Gedeeltes van die PhD en Skoppensboer stem ooreen. *Die* wyse waarop dit in TK4 gebruik word stem ooreen met Hambidge se gebruik daarvan in J3 (PhD). Hambidge se idiolek in die afsonderlike genres blyk dus te verskil van die norm soos daargestel deur die TK-korpus. Hambidge verwys dan ook na Litnet in plaas van LitNet.

Die woord *inboksie* kom ook slegs in J2 (*Palindroom*) voor. Die term verwys binne dié konteks óf na 'n nuwe SMS op 'n sellulêre telefoon óf na 'n e-pos wat ontvang is en wys in die inboks van die e-posprogram. In die TK-korpus word die woord *inboks* egter ook gebruik, maar nie die verkleiningsvorm nie. Dus kan *inboksie* as eie aan Hambidge se idiolek gesien word met betrekking op die roman *Palindroom*. Die woord *inboksie* kom een keer in die Media24-argief voor en kan dus gesien word as kenmerkend van Hambidge se idiolek.

J3: Haar **Compaq Armada** rekenaar stol toe sy

J3: Ek kyk of daar virusse in my **Compaq Armada** is, maar die Norton man verklaar

J3: Soggens net na agt skakel hy sy **Compaq rekenaar** aan.

J3: Sy **Compaq Armada** rekenaar is sy enigste bondgenoot.

J3: sy rekenaar, 'n draagbare **Compaq Armada** met 'n ingeboude modem.

J3: Soggens net na agt skakel hy sy **Compaq rekenaar** aan.

Die woord *Compaq Armada* kom ook een maal in die TK-korpus voor (TK1), maar hierdie voorkoms van die woord kan nie as bewys gebruik word dat ander individue, buiten Hambidge, ook die woord (*Compaq Armada*) gebruik as deel van hul idiolek nie, aangesien daar bepaal is dat daardie spesifieke gedeelte van die TK-korpus saamgestel is vanuit Joan Hambidge se prosa *Skoppensboer* (2001). Die afleiding kan dus hieruit gemaak word dat die gebruik van *Compaq Armada* as kenmerkend van Hambidge se idiolek gesien kan word.

Ander verwysings na rekenaars en programmatuur sluit onder andere in:

J3 (Reël 85)... en **Wordperfect for Windows** was die program...

J3 (Reël 737) ... 'n nuwe sisteem (**Microsoft Word, Office 97**)...

J3 (Reël 1008) ... haar **draagbare rekenaar**....

J5 (Reël 645) ... op my **laptop**....

Hierdie woorde is egter ook nie uniek aan Hambidge se idiolek nie, maar die genre (veral J3 – PhD) waarin dit gebruik word verskil wel van die genres waarin dit oor die

algemeen gevind word. Die verwysings hou ook dan nie noodwendig verband met die inhoud van die res van die dokument nie. Hierdie kan as aanvullend gesien word tot die voorkoms van die informele skryftrant van Hambidge se PhD. Sy onderbreek die akademiese skryfstyl om te vertel hoe sy besig is om die te skryf. Dit kan tot 'n mate as 'n stylbreek beskou word, en is ook eie aan Hambidge se idiolek.

Verdere woorde wat opvallend in die Hambidge-korpus is, sluit in: *kwinkeleer*, *gekweel*, *geobsedeer*, *konterfeitsel*, *gesubverteer*, *geskrambeerde* en *besê*. Hierdie woorde is egter in die Media24-argief nageslaan. Hierdeur is bevind dat die woorde nie eie aan Hambidge se idiolek is nie.

Vanuit die ondersoek na kodewisseling in die Hambidge-korpus is dit duidelik dat daar sekere woorde is wat as kenmerkend van Hambidge se idiolek gesien kan word. Die meeste voorbeelde is egter genre spesifiek, en dit is met uitsondering wat daar 'n woord geïdentifiseer word wat oor die grense van genres figureer. Die ondersoek na kodewisseling toon egter aan dat daar definitiewe woorde is wat, wanneer dit binne 'n bepaalde konteks gebruik word, as aanduidend van die idiolek van Hambidge beskou kan word.

5.7.2.3 Parentese

Parentese verwys na die invoeging van sinne, sinsnede en/of gedagtes deur middel van hakies, kommas of aandagstrepe in 'n sin. Veral in haar romans maak Hambidge hiervan gebruik. Die parentesies kom voor as ekstra kommentaar deur die outeur. In die geval van tekste waar die leser weet dat die outeur aan die woord is (soos die PhD, resensie of reisjoernale) gaan ondersoek ook ingestel word na die voorkoms van voorbeelde waar daar pertinent gestel word dat dit die outeur se opinie is. Voorbeelde sluit in:

J1 (Reël 72) ... ('n Lekroman. **Die outeur**.)...

J1 (Reël 101) ... (Beslis nie om die rol van die bobbejaantjie Fielies te voltooi nie. **Die outeur**.)...

J1 (Reël 178) ... (En ons sal later die digbundel Passiebomme te lese kry. **Die outeur**.)...

J1 (Reël 186) ... (En dis hier waar ons moet let op die verblinding wat die geldduiwele tot gevolg het. **Die outeur**.)...

J1 (Reël 231) ... (As daar tjekboekboere is, kan ons ook praat van tjekboekhygers. **Die**

outeur.)

- J1 (Reël 235) ... (Iemand het die lappop...**Outeur**)...
- J1 (Reël 269) ... (Ons kan net raai wie het die kameraman laat weet. **Die outeur.**)
- J1 (Reël 662) ... (Dat dit nie noodwendig 'n ongeluk was nie, weet ons reeds uit die mag van die onbewuste. **Die outeur.**)...
- J1 (Reël 701) ... (Dit is beslis nie Nico Carstens nie. **Die outeur.**)...
- J1 (Reël 711) ... (Om vanselfsprekende redes word die woord doos vermy. **Die outeur.**)...
- J1 (Reël 719) ... (vergeef hierdie klein onderbreking. **Die outeur.**),,,
- J1 (Reël 825) ... (Die titel is eweneens aan gepeuter. Sjampanje vir 'n slet. **Die outeur.**)...
- J1 (Reël 839) ... (met die vergunning van die uitgewer)...
- J1 (Reël 824) ... (wat 'n maaifoedie jare later by die publikasie na tiet verander. **Die outeur.**)...
- J1 (Reël 167) ... (En gelukkig weet Sonja Verbeek nie dat haar bynaam in die wandelgange Raka is nie! **Die outeur.**)...
- J1 (Reël 192) ... (Beer is lesbiese sleng vir 'n gay vrou. **Die Outeur**)...
- J1 (Reël 220) ... gedagtig aan die bene wat sy nie sal toekry nie. **Die outeur**)...

Die bostaande voorbeelde kom almal voor in die roman *Sewe Sonjas en wat hulle gedoen het* (J1). Aangesien die storie deur 'n verteller/fokalisator voorgehou word, is dit in dié geval belangrik dat die outeur (Hambidge) dit duidelik stel wanneer dit haar stem/insette is wat gedurende die verloop van die verhaal gelewer word. In die geval van die oorblywende tekste wat in die korpus voorkom (J2, J3, J4 en J5), sal daar gefokus word op parenteses waardeur die outeur se stem gehoor kan word. Dit wil sê die invoeging van sinne, sinsnede en/of gedagtes in 'n sin, waar dit voorkom asof die outeur haar gedagtes byvoeg. Aangesien die oorblywende deel van die Hambidge-korpus egter uit 'n roman, PhD, resensie en reisjoernaal bestaan, is dit belangrik om in gedagte te hou dat die outeur aan die woord is (met die uitsondering van die roman) en dus is dit reeds haar mening wat uitgedruk word in die onderskeie tekste. Voorbeelde sluit egter in:

- J3 (Reël 1092) ... (die model vir Estée Lauder)...
- J3 (Reël 1255) ... miljoen dollar ('n enorme bedrag vir 1975) gekry...
- J3 (Reël 1311) ... leser (tensy die "ek" gelyk gestel word aan die outeur Jeanne Goosen) stap...
- J3 (Reël 1637) ... (Camille Paglia, terloops beskryf hierdie teks as die eerste dekadente teks in die 19e eeu in)....
- J3 (Reël 1743) ... ene Camille (waarskynlik is dit 'n naam ter wille van die fiksionalisering)...

- J3 (Reël 1751) ... (waarvan die memoirs 'n bekende uitvloeisel is)...
- J3 (Reël 1867) ... filmfees(!), en...
- J3 (Reël 1885) ... (en Bill Clinton se optrede in die Wit Huis) en...
- J4 (Reël 27) ... (Miskien is die kind se waarnemings by Ackerman soms-soms net te gesofistikeerd - maar dit is 'n klein beswaar.)...
- J4 (Reël 767) ... en mees bisarre eindes – wat ek nie hier kan verklap nie!...
- J4 (Reël 43) ... Ag, liewe leser, dan wil ek u ook nie opsaal nie met staaltjies...
- J4 (Reël 849) ... , dink ek terug aan 'n ervaring in Turkye in 2008...
- J4 (Reël 944) ... Toevallig – maar ek glo lankal nie maar aan toeval nie –...
- J4 (Reël 1309) ... Ek het al die voorreg gehad om hierdie digter te hoor voorlees
- J4 (Reël 183) ... En van harte hoop ek daar's 'n lekker paartie daar in die aftree-oord!...
- J4 (Reël 485) ... Ek het lanklaas 'n non-fiksie boek só geniet...
- J4 (Reël 621) ... Maar wag, hier oortree ek my eie reël: Los die persona en geniet die boek...
- J4 (Reël 173) ... -- soos in die genoemde voorbeeld --...
- J5 (Reël 130) ... (op wie is daardie grap?)...
- J5 (Reël 166) (teenoor New York se geel cabs)...
- J5 (Reël 341) ... (die sogenaamde leë tyd van reis)...
- J5 (Reël 395) ... (ons had aparte rekeninge)...
- J5 (Reël 508) ... is (wat in elk geval dikwels verveeld is met dieselfde vertelling)...
- J5 (Reël 883) ... (het 'paar selfs uitgedink)...
- J5 (Reël 1084) ... (Ons proewerasies, uitgesluit. Ek is bang my moeder lees hierdie rubriek...

Vanuit die bostaande voorbeelde blyk dit duidelik dat Hambidge gebruik maak van parenteses, ongeag die genre waarin sy skryf. Die voorkoms van die parenteses in J2 tot J3 is egter algemeen of selfs aanvaarbaar volgens die norm wat daargestel is, vir die genre. In J1 (*Sewe Sonjas en wat hulle gedoen het*) maak Hambidge egter gebruik van parenteses waar sy duidelik stel dat dit die outeur se opinie is wat weerspieël word. Hierdie kan as 'n idiosinkratiese kenmerk van Hambidge beskou word.

5.7.2.4 Punktuasie

Punktuasie verwys na die gebruik van lees- en skryftekens. Daar is vasgestelde reëls en norme, en daarom gaan daar na afwykings van die norm ondersoek ingestel word. Voorbeelde sluit in:

- J1 (Reël 2225) ... die ouer Afrikaanse drama....
- J1 (Reël 2533) ... oftewel ontknoping....

- J1 (Reël 2557) ... torings....
- J1 (Reël 2637) ... vermomming....
- J1 (Reël 2680) ... groei...."
- J1 (Reël 2696) ... skawe...reeds gebruik...Siener in die
suburbs..Putsonderwater...Bagasie....
- J1 (Reël 2737) ... rooikop nie....ek
- J1 (Reël 708) .. "Ja!!!!"
- J3 (Reël 4076) O ek kan nie wag nie....
- J3 (Reël 7746) ... meer talentvolwas
- J3 (Reël 8529) ... Mei ...die motor het gegly en sy het....
- J3 (Reël 8681) ... in duie stort.....
- J3 (Reël 470) ... En die slotreël??
- J5 (Reël 2355) ... troostende, lieflike
- J4 (Reël 764) ... verhaal:)...
- J1 (Reël 620) ... Die **geweer = die fallus; die bok = die libido**
- J3 (Reël145) ... Gender = **meer as O of O...**

Vanuit die ondersoek na die gebruik van puntuasie is dit duidelik dat Hambidge nie afwyk van die taalreëls nie. Daar is enkele voorbeelde waar Hambidge van meer as een uitroepteken of vraagteken gebruik maak, of selfs gebruik maak van simbole of getalle in plaas van woorde in die korpus, maar dit kom nie genoegsaam voor dat dit as idiosinkraties beskou kan word nie.

Ander voorbeelde wat in die tekste voorkom, is die gebruik van koppeltekens tussen letters om die aandag op die woord te vestig (*ge-na-de, D-R-A-M-A, E-M-I-L-Y D-I-C-K-I-N-S-O-N* - J3).

Verder is daar ook die gebruik van hoofletterwoorde om dit te beklemtoon: sy sien *WELLUS*, 'n *NAAM*, *JaaaaaaaaAAAAAAAAAAAAA!*", *"Jooooooooooooooooooooooooooooo!"*, *"Jeiiiiiiiiiiiiiiiiiiiiiiiiiiiiiiiiiiii!"* –J1

Hierdie voorbeelde kom egter in die romans voor, daarom kan dit beskou word as 'n wyse waarop kommunikasie plaasvind, en die karakters se emosie uitgebeeld word. Die hoofletterwoorde en gebruik van koppeltekens kan nie as sodanig uniek of kenmerkend aan Hambidge se idiolek beskou word nie.

5.7.2.5 Samestellings

Volgens Carstens (2006:133) verwys samestellings na die verbinding van twee of meer losstaande woorde om 'n nuwe sintaktiese eenheid te vorm. Vir die doel van dié studie gaan daar ondersoek ingestel word na samestellings waar daar vreemde koppeltekens bygevoeg is. Hier sal daar ook na die gebruik van voorvoegsels ondersoek ingestel word. Daar is reeds by kodewisseling ondersoek ingestel na samestellings met Engelse woorde. Vervolgens sal daar op die gebruik van samestellings uitgebrei word. Voorbeelde sluit in:

- J2 (Reël 1329) ... **on-voor-die-hand-liggende**...
- J5 (Reël 917) ... Ek het 'n **rekening-in-die-ewigheid hier**..."
- J5 (Reël 1154)... **kroeg-cum-restaurant**...
- J4 (Reël ... **ont-wortel** jou...
- J3 (Reël 7296) .. **her-skrywing**...
- J3 (Reël 5610) ... **her-belewenis**...
- J3 (Reël 6898) ... **her-beleef**...
- J3 (Reël ... **on-sluitende**...
- J3 (Reël ... **ont-hoofding**...
- J3 (Reël 2497) ... **nie anti-man** nie...
- J3 (Reël ... **inter-persoonlike**...
- J3 (Reël 503) ... **on-vervuldheid**...
- J3 (Reël 475) ... **on-finaliteit**...
- J3 (Reël 258) ... **inter-dissiplinêr**...
- J3 (Reël 6751) ... jongste **Lasarus-sal-uit-die-dode-opstaan-intrige**
- J3 (Reël 1490) ... van **ek-begryp-nie-wat-jy-wil-sê-nie**...
- J2 (Reël 725) ... **dit-kan-nie-nou-ook-nie-ooit** nie...
- J1 (Reël 484) ... **mens-mens**... (kom 11 keer in die teks voor)
- J1 (Reël 517) ... **donkerstroom-o-dieprivier**...
- J1 (Reël 586) ... die **Sonja-van-kan-hier = die Sonja-van-kan-daar**...
- J1 (Reël 873) ... se **ek-is-nog-hy-koppigheid**...
- J1 (Reël 891) ... **stories-in-omloop**...

Vanuit die ondersoek na die gebruik/skep van samestellings kan die afleiding gemaak word dat Hambidge wel samestellings gebruik, ongeag die genre waarin sy skryf, maar ook dat daar nie 'n spesifieke samestelling is wat oor die grense van genres figureer nie.

Hambidge maak deurlopend gebruik van “vreemde” koppeltekens. Aangesien sy egter deurlopend van poëtiese taalgebruik in al haar genres gebruik maak kan dit toegeskryf word aan die tipe taalgebruik.

5.7.2.6 Verheffing

Verheffing verwys na die gebruik om soortname tot eiename te verhef. Voorbeelde sluit in:

J2 (Reël 11) ... met **die Eks** nie...

J2 (Reël 616) ... **die Eks, die Geliefde** en **die Mentee**

J2 (Reël 848) ... **Die Eks** groet...

J2 (Reël 963) ... verhouding met **die Eks**...

J2 (Reël 1041) ... van haar mentee, **die Eks** en **Geliefde** het...

J2 (Reël 1426) ... ontmoet **sy Geliefde**...

J2 (Reël 1433) ... **die Mentee**...

J2 (Reël 1434) ... op **die Mentor**...

J2 (Reël 90) ... **die Man**...

J1 (Reël 260) ... dat **die Matrone**...

Die voorbeelde wat in Hambidge se korpus voorkom, waar sy soortname tot eiename verhef, is beperk tot J1 en J2 (*Sewe Sonjas en wat hulle gedoen het* en *Palindroom*). Daar is egter nie 'n verheffing wat in beide die romans voorkom nie, en dus kan die verheffing van soortname tot eiename nie as kenmerkend van Hambidge se idiolek gesien word nie. Die verheffing wat mees frekwent voorkom is *die Eks*. Aangesien hierdie verheffing glad nie in die TK-korpus voorkom nie, kan dit gestel word dat die verheffing van 'n soortnaam tot 'n eienaam as 'n aanduiding van Hambidge se idiolek beskou kan word. Verder ook dat verdere analises moet plaasvind wanneer die woorde in 'n teks (veral 'n roman) aangetref word, aangesien dit, tesame met van die reeds bespreekte kategorieë kan aanduiding gee tot die identifikasie van Hambidge se idiolek.

5.7.2.7 Weglatings

Hier word verwys na die gebruik om sekere dele van 'n woord weg te laat. Hierdie verwys na 'n algemene verskynsel in SMS-taal. Olivier (2013:490) verwys na weglating as die uitlaat van letters (soos *hkm* vir *hoekom*), inkortings (korter woorde wat van langer woorde gevorm word, met inagneming van die oorspronklike woord se

morfologie) en knipsels (korter woorde wat na aanleiding van langer woorde sonder inagneming van die oorspronklike woord se morfologie). Voorbeelde sluit in:

- J1 (Reël62) ... deur **B-fontein** se...
- J1 (Reël 286) ... glasier **B-fontein** Chardonnay ...
- J1 (Reël) ... van die **B-fonteinse** Hospitaal
- J1 (Reël 413) ... my **B-fonteinse** skouer....
- J1 (Reël 566) ... koringlande tussen **B-fontein** en **P-Burg**...
- J1 (Reël 637) ... oor **B-fontein**, dan...
- J1 (Reël 723) ... op **B-fontein** met...
- J1 (Reël 738) ... die Universiteit van Geleerdheid en Kultuur aan **B-fontein** is...
- J1 (Reël 745) ... geluk, **B-fontein**)...
- J1 (Reël 2554) ... draairestaurant van **B-fontein** te ruk...

Voorbeelde van weglating kom slegs in J1 (*Sewe Sonjas en wat hulle gedoen het*) voor. Daar is ook nie 'n groot verskeidenheid woorde waarop Hambidge weglating toepas nie. Aangesien die bogenoemde slegs in een van die romans (dus nie oor 'n hele genre nie) voorkom, kan dit nie as 'n idiosinkratiese eienskap van Hambidge beskou word nie.

5.7.2.8 Wisselvorme

Carstens (2006:103) argumenteer dat woorde konvensioneel is, en berus op gemeenskaplike verstandhouding, gedagte en tradisie. Verder is dit belangrik dat woorde wel op 'n afwykende wyse geskryf kan word, mits die betekenis nie verlore gaan nie. Dus gaan daar na die wyse gekyk word waarop Hambidge van wisselvorme gebruik maak. Voorbeelde sluit in:

- J3 (Reël 449) ... op die **indiwidu** ...
- J3 (Reël 1089) ... waaraan die **indiwidu** onbewustelik...
- J3 (Reël 2301) ... die **indiwidu** maak...
- J3 (Reël 2689) ... een **indiwidu** met...
- J3 (Reël 4967) ... die **indiwidu** bewus...
- J3 (Reël 6286) ... studie is **indiwiduasie**, oftewel...
- J3 (Reël 1959) ... hele Stonewall-**rewolusie**
- J3 (Reël 2325) ... Newtoniaanse **rewolusie** dat...
- J5 (Reël 947) ... na die **rewolusie** is...
- J5 (Reël 953) ... op 'n **rewolusie**-gebou afgeëts...
- J1 (Reël 2305) ... my **dierb're** letterkunde...

- J1 (Reël 2604) ... vashou, **dierb're** koningin...
- J1 (Reël 2636) ... gode, o **dierb're** stad...
- J3 (Reël 2416) ... van **individueer** beklemtoon
- J3 (Reël 2422) .. te kan **individueer**...
- J3 (Reël 2438) ... proses van **individueer**...
- J3 (Reël 4966) ... proses van **individueer**...

Hambidge gebruik ook *Sjinees/Sjinese/Sjina/Sjirurg/Sjoklits* in haar tekste. Die frekwensie waarteen hierdie woorde voorkom dui weereens daarop dat dit nie as 'n definitiewe idiosinkratiese eienskap beskou kan word nie.

Vanuit die ondersoek na wisselvorme kan aangevoer word dat Hambidge wel hiervan gebruik maak, maar nie oor die grense van genres nie. Alhoewel daar voorbeelde van wisselvorme in bykans elke genre voorkom, is dit telkens ander voorbeelde – dus nie 'n wisselvorm wat kenmerkend aan Hambidge se idiolek is nie. Vanuit J3 (PhD) is daar voorbeelde van *individu* asook *indiwidu* gevind, wat daarop dui dat Hambidge van beide die spelvorme gebruik maak.

5.7.2.9 Samevatting: stilistiese ondersoek

Die stilistiese ontleding het aangetoon dat daar enkele woorde en uitdrukkings is wat as kenmerkend aan Hambidge se idiolek beskou kan word. Tog is ook bepaal dat slegs enkele van die voorbeelde wat genoem is deurlopend in Hambidge se idiolek waargeneem word, oor die grense van genres. Vanuit die kategorieë wat vir ondersoek voorgehou is, kan die volgende afleidings gemaak word:

Daar is bepaal dat die woorde *goedipaliseerde*, *Derrideaans* en *descartiaanse* (ongeach die vorm waarin dit gebruik word) kenmerkend aan Hambidge se idiolek is. Hambidge maak gereeld gebruik van eponieme ongeach die genre waarin sy skryf, en dus kan dit as eie en kenmerkend van haar idiolek beskou word.

Die woord *baaik* is egter eie aan Hambidge se idiolek, aangesien dit glad nie in die TK-korpus voorkom nie. Aangesien die woord egter net in een van die genres voorkom, kan dit nie as 'n kenmerklike eienskap van Hambidge se oorkoepelende idiolek gesien word nie. Dit kan egter as 'n hapax legomenon in die roman *Sewe Sonjas en wat hulle gedoen het* beskou word. Daar kan ook gestel word dat, indien die woord (met die

bepaalde spelling) in 'n teks voorkom, die 'n moontlikheid bestaan dat dit deur Hambidge geskryf is.

Die woord *signifeer* is eie aan Hambidge se idiolek. Dit kom eenmaal in die TK-korpus voor, maar dit is 'n verwysing na Hambidge (besig is om die werklikheid te help skep of **signifieer** (Hambidge 1995:17)) in TK3 (die verhandelings). Signifieer is dus ook 'n kenmerkend aan Hambidge se idiolek. Net so is die gebruik van die woord *Compaq Armada* kenmerkend aan Hambidge se tekste

Vanuit die ondersoek na kodewisseling in die Hambidge-korpus is dit duidelik dat daar sekere woorde is wat as kenmerkend aan Hambidge se idiolek gesien kan word. Die meeste voorbeelde is egter genre spesifiek, en dit is met uitsondering dat 'n woord geïdentifiseer word wat oor die grense van genres figureer.

Dit blyk ook duidelik dat Hambidge gebruik maak van parenteses, ongeag die genre waarin sy skryf. Die voorkoms van die parenteses in J2 tot J3 is egter algemeen of selfs aanvaarbaar volgens die norm wat daargestel is, volgens die genre. In J1 (*Sewe Sonjas en wat hulle gedoen het*) maak Hambidge egter gebruik van parenteses waar sy dit duidelik stel dat dit die outeur se opinie is wat weerspieël word. Hierdie kan as 'n idiosinkratiese kenmerk van Hambidge beskou word.

Verheffing kom glad nie in die TK-korpus voor nie en dus kan daar gestel word dat die verheffing van 'n soortnaam tot 'n eienaam as 'n aanduiding van Hambidge se idiolek beskou kan word.

Vanuit die gedeelte van die stilistiese ondersoek is dit dus duidelik dat daar enkele woorde is wat kenmerkend aan Hambidge se idiolek is, terwyl ander woorde net in 'n sekere genre figureer. Daar is ook verskeie woorde geïdentifiseer wat as 'n definitiewe aanduiding van Hambidge se outeurskap kan dien.

5.8 Idiolektiese kenmerke vanuit die letterkundige benadering

Met die aanvanklike deurlees deur die tekste is woorde, sinsnedes en gebruike geïdentifiseer wat opvallend in Hambidge se tekste was. Hierdie voorbeelde sluit in:

J2 (*Palindroom*): **Mentor/Mentee**: Die woord mentor word 114 keer in Hambidge se tekste gebruik. Die woord kom in J1, J2, J3 en J4 voor. In die TK-korpus word die woord

ook gereeld gebruik, maar slegs vier maal in 'n roman, verder is dit slegs in die koerantberigte (TK4). Die woord *mentee* is baie meer kenmerkend aan Hambidge se idiolek. Inteendeel, volgens Liebenberg (2008:10) word *mentee* in *Palindroom* gebruik as 'n nuutskepping in Afrikaans wat dui op die leerling van die mentor. Die woord (*mentee*) word dan ook 247 maal in die Hambidge-korpus aangetref (J2 – *Palindroom*). In teenstelling hiermee kom dit glad nie in die TK-korpus voor nie.

Die samestellings met die woord *gender* is ook opvallend in Hambidge se tekste, maar volgens die AWS (2009:78) reël 12.4 word koppelings waarvan die eerste deel 'n woordgroep van vreemde herkoms (veral Latyn) is, met 'n koppelteken vas aan die res van die koppeling geskryf. Aangesien die woord *gender* vanuit Engels geneem is, kan hierdie reël ook daarvoor geld. *Gender* kan nou as die aanvaarde Afrikaanse begrip beskou word, maar daar moet ook in ag geneem word wanneer die teks geskryf is. Aangesien Hambidge se PhD in 2001 gepubliseer is, kan aangeneem word dat dit toe die aanvaarde gebruik was om *gender* as 'n samestelling te gebruik. Hierdie kan op diachroniese variasie dui. Daar is egter ook voorbeelde in die teks waar die *gender*-verbinding as een woord geskryf word. Dus is die vraag of Hambidge die samestelling gebruik om klem op die konsep te plaas. Daar is egter vasgestel dat die *gender*-koppeling ook in die TK-korpus voorkom. Daarom is bepaal dat, ongeag Hambidge se rede vir die gebruik van die koppeling, die bogenoemde nie as uniek of kenmerkend aan haar idiolek gesien kan word nie.

Verdere waarnemings wat vanuit die stilistiese analise gemaak is, sluit in:

Verwysings na Hambidge se eie werke: Hambidge verwys deurlopend na haar eie tekste, hetsy romans of digbundels. Hierdie verwysings is nie noodwendig direkte verwysings nie, maar ook subtiële sinspelings op die name van vorige publikasies. In die roman, *Palindroom*, wat in 2008 uitgegee is, maak Hambidge die volgende verwysing:

“Die verhaal wat transformeer uit hierdie verbintenis sal ek waarskynlik ook nie dadelik kan publiseer nie. Ek het gewonder of dit nie deel moet word van Kladboek nie. Maar ek twyfel – ek dink ek sal die tyd afwag” (Hambidge, 2008:147).

Verder sluit Hambidge van haar ouer, reeds gepubliseerde gedigte in haar nuwer tekste in. So is daar byvoorbeeld verwysings na *Ewebeeld* (1997) en *Donker Labirint* (1989) en dan natuurlik ook *Kladboek* (2008) in *Palindroom*. Die verwysings is dus ook nie net na romans of akademiese tekste nie, maar sluit ook digbundels in. Verder is daar 'n interne gespottery met haarself. Nie net staan sy in parodie teenoor die groot skrywers in Afrikaans nie, maar ook met haarself. Deur die name te “verkleineer”, plaas sy juis klem op die belangrike rol wat hulle in die Afrikaanse letterkunde gespeel het. Neem as voorbeeld:

J1 (Reël 2240) ... Sonja: En die wonderlike resensies van **Joan Hambutch**. Ai, daardie vrou is...

J1 (Reël 2615) ... Dit wen die Varksog-prys en die Haarnaald-prys (sy ril) en **Joan Hambidge** resenseer dit...

Die bogenoemde voorbeelde kan aansluit by die postmoderne⁷⁹ aard van Hambidge se tekste. Die werking van die parodie in 'n postmoderne raamwerk, is sigbaar in hierdie voorbeelde en ondersteun ander belangrike konsepte soos metafunksionaliteit en die versmelting van literêre grense. Die bogenoemde is duidelik sigbaar in die onderskeie tekste van Hambidge. Nie net word die spot met haar eie tekste gedryf, sowel as haar naam in die literêre kringe nie; ,maar deur die parodie lê sy klem op belangrike name in Afrikaanse letterkunde. Neem as voorbeeld:

J1 (Reël 2516) ... (sarkasties) En **P.G. du Plessis** sou NOOIT so 'n rooikop geskep het nie?...

J1 (Reël 2698) ... Ek het een aand saam met **Bartho** pyp gerook in die Luxembourg tuine en met **P.G.** gekoöperasie-storie...

J1 (Reël 62) ... Wat sou oom **D.F.** hiervan sê? Of **Ou oom Jan wat versies maak?**...

J1 (Reël 68) ... met **Ou oom Jan** moet praat oor die duiwels wat so los rondloop binne die Afrikaanse letterkunde. Die sewe duiwels wat ons lieflike letterkunde bevuil met sonde...

⁷⁹ Verwys terug na Hoofstuk 2 (2.7.1 Postmodernisme)

Sy skryf metafunksioneel, postmodernisties, en herinner die leser konstant dat die teks net 'n fiksionele voorstelling van die werklikheid is. Die laasgenoemde word veral bewerkstellig deur die gebruik van bronverwysings. Neem as voorbeeld:

J2 (Reël 38) ... Sy staan voor 'n klas en gee 'n lesing oor J. Hillis Miller se teorie van die parasiet en gasheer in dekonstruksie-kritiek. "Parasiteer een teks op 'n ander of is dit 'n simbiotiese sáám bestaan waarby albei tekste baat vind? Wanneer 'n teks net parasiteer op die bronteks, as 't ware...

J2 (Reël 329) ... omdat sy nie volledig aan hom behoort nie.

Bronne:

www.fvs.uio.no/~magnushj/Piano/campion.html

www.fys.uio.no/~magnushj/Piano.summary.html

J2 (Reël 830) ... Die proses, die reis, die beweging, die ewige gesprek waarin ons daarwees na mekaar flits oor afstande heen.

Bron:

<http://www.themodernword.com/borges/>

J2 (Reël 939) ... Bron:

Die Barthes-verwysing is uit die wikipedia oor Roland Barthes:

www.wikipedia.rolandbarthes

J2 (Reël 1682) ... Bronne:

Nabokof se Lectures on Literature (Wedenfeld and Nicolson, New York. 1980). Fredson Bowers het die teks versorg en die inleiding is behartig deur John Updike.

<http://www.cnn.com/SPECIALS/books/1999/nabokov/lolita.sociological.essay/>

http://en.wikipedia.org/wiki/Vladimir_Nabokov

J2 (Reël 2424) ... Bron:

Verdraaide raaisels. Human & Rousseau, Kaapstad. 1990

Ruggespraak. Protea Boekhuis, Pretoria. 2003

J2 (Reël 2996) ... Bron:

Donker labirint. Tafelberg, Kaapstad. 1989

Vanuit die bogenoemde voorbeelde blyk dit duidelik dat Hambidge die teks sonder skroom onderbreek om erkenning aan die bronne te gee. Hierdie konsep kom in J2 (*Palindroom*) voor. Daar word in die verwysings weereens ook na haar eie werke verwys. Hambidge se tekste tree in werklikheid in gesprek met mekaar. Daarom kan dit as 'n idiosinkratiese eienskap beskou word. Dit is ook belangrik om in ag te neem hoe daar in die Hambidge-korpus vanuit die veronderstelling uitgegaan word dat die leser kennis dra van verskeie konsepte en letterkundige benaminge, sowel as letterkundige instansies. So word daar telkens na NALN en LitNet verwys.

J1 (Reël 89) ... Die **Afrikaanse letterkunde**", so hoor Sonja Verbeek haarself hardop voordra aan die **C.P. Hoogenhout-gedenklesing** by **NALN** op 29 Februarie," word bedreig deur die geldduiwel. **Skrywers** doen niks meer vir die liefde van die **taal** nie, maar alles alleen vir geld.

J1 (Reël 116) ... Ook dit kan 'n **lesing** word. Of 'n **rubriek**...

Hambidge se idiolek en wyse waarop sy skryf verwys dan ook na die dialektiese verhouding wat die postmodernisme tussen die teks en werklikheid veronderstel. Mudzanani (1990:120) argumenteer dat Hambidge die literêre teks as 'n artefak beskou, wat eers bestaansreg kry wanneer die leser deur die leesaksie dit verander tot 'n estetiese objek. Hambidge (1991:69) voer self dan ook aan dat die leser gekonfronteer word deur 'n teks waar die betekenis kan verander soos die leser se verwysingsraamwerk groei/verander. Hierdie benadering gee groter vryheid aan die leser wat 'n medeskrywer van die teks word, en basies die aanwesigheid van die skrywer ontken.

In Hambidge se kreatiewe tekste sluit sy haarself by die teks in, verwys selfs spottend na haarself, en hierdeur benadruk sy die literêre strominge waaroor sy self ook akademies skryf. Dus is sy besig met 'n konstante literêre bewusmakingsproses; sy skryf oor die teks, deur die teks. Die ars poëtika⁸⁰ is dus ook 'n belangrike faktor in haar werke.

⁸⁰ Verwys na 2.7.5 (Ars poëtika)

Nog 'n belangrike aspek om in gedagte te hou, is Hambidge se gedigte. Hambidge sluit spontaan gedigte, nie net in haar romans nie, maar ook haar akademiese tekste in. In hierdie gedigte is daar telkens voorbeelde van weglating, wisselvorme en punktuasie. Aangesien hierdie egter doelbewus vir poëtiese taalgebruik aangewend kan word, is dit nie moontlik om dit as idiolektiese merkers te identifiseer nie.

In hoofstuk 2 is ook verwys na die queer-teorie. Die definisie van queer is gestel as “Queer beteken nie om lesbies of gay te wees nie, dit is veel eerder 'n argument teen die wanopvatting dat 'n individu se seksualiteit beteken dat daar sekere vereiste drange en bepaalde, voorgeskrewe standaarde bestaan waarvolgens 'n individu moet optree. 'n Argument teen die norm wat daargestel is aan die identiteite van individue, en die wyses waarop die identiteite uitgeleef word” (Butler, 2010a). In Hambidge se tekste is daar verskeie voorbeelde waar daar na homoseksuele verhoudings verwys word, maar tog ook na heteroseksuele verhoudings. Daar is ook voorbeelde van woorde wat verwys na homoseksuele verhoudings. Voorbeelde sluit in:

J1 (Reël 192) ... (Beer is lesbiese sleng vir 'n gay vrou. **Die Outeur**)...

J1 (Reël 2240) ... Sonja: En die wonderlike resensies van **Joan Hambutch**. Ai, daardie vrou is..

J2 (Reël 2972) ... “Jy sal oor haar kom. Sy is nie werklik nie ... sy is iets wat jy geskep het ... 'n begeerte tot vervulling.” Alle kontak is na die verhouding opgehef – op die Geliefde se versoek. Tot haar eie verbasing het sy gehoor gegee aan die versoek om nie verder kontak te maak nie. Maar aan die versoek om op te hou skryf, dié kon sy nie doen nie. Die opheffing van sien, praat – die pynlike post-verhouding-kontak – lei dikwels net tot onaangenaamheid en vertraag die herstelproses, het sy op die harde manier geleer.

J3 (Reël 3909) ... Die tweede beweging met Jo se eerste ervaring van gay seks op agt met die bure se dogter.

J3 (Reël 4066) ... Gister het ek vir die eerste keer 'n Franse soen ervaar. Hoe dit is om soos in die films iemand binne-in jou mond te voel... (hierdie verwys na die karakter Jo vanuit voorbeeld J2 (Reël 3909)

J4 (Reël 648) ... In die tagtigerjare is die manlike subjek (gay, straight, weerloos, weerbaar) ...

Daar is dus verskeie voorbeelde, deurlopend deur die Hambidge-korpus (die genoemde voorbeelde is net 'n paar) wat betrekking op die queer-teorie het. Hambidge het immers self erken het dat sy die lesbiese tong in die verswêreld losgemaak het (vgl. De Lange,

2007). Daarom is dit voor die hand liggend dat Hambidge se tekste geïdentifiseer kan word in terme van die invloed, sowel as die uitbeelding van die queer-teorie.

'n Idiosinkrasie wat as kenmerkend aan Hambidge beskou kan word, is die wyse waarop sy poësie in haar tekste inkorporeer. Soos reeds in Hoofstuk 2 bespreek, maak poësie 'n groot deel van Hambidge se genre uit. In J1, J2, J3, sowel as J5 is dit nie vreemd om gedigte in die onderskeie tekste raak te lees nie. Met die stilistiese analise is telkens voorbeelde van die genoemde kategorieë gevind in die onderskeie tekste, wat dan met nadere ondersoek vanuit 'n gedig gekom het. Voorbeelde sluit samestellings, weglatings, puntuasie en kodewisseling in. Aangesien dit egter gedoen kan word vir verstegniese redes, kan dit nie as uniek aan Hambidge se idiolek beskou word nie. Om die gedigte in terme van idiolek te ondersoek, sal 'n metode soortgelyk aan die een wat in die studie gevolg is, gebruik word, maar daar sal ook van woordsoortetikettering gebruik gemaak moet word. Indien dit so gedoen word, kan die gedigte, as genre, vergelyk word met die res van Hambidge se genres. Die stylbeginsels van poësie sal egter deurlopend in gedagte gehou moet word.

Wybenga (1988:29) het gestel dat daar ook verskeie metalinguistiese middele in skriftelike taalgebruik is. Hierdie middele (soos bespreek in Hoofstuk 4) figureer dan ook in Hambidge se tekste, en is as deel van die stilistiese analise bespreek.

Vanuit hierdie ondersoek is bepaal dat daar kenmerklike eienskappe is wat geïdentifiseer kan word, wanneer Hambidge se tekste deurgelees word. Daar is verskeie voorbeelde wat kan dien as definitiewe aanduidings dat Hambidge die outeur van 'n bepaalde teks kan wees, en selfs dan as kenmerklik van haar idiolek beskou kan word.

5.9 Hoofstuksamevatting

Vanuit die hoofstuk is bepaal dat daar verskeie idiosinkrasieë in die genres van Hambidge sigbaar is. Die stilometriese analise het bepaal dat Hambidge statisties beduidend 'n kenmerkende idiolek besit wanneer haar korpus met dié van die Taalkommissie vergelyk word. Die praktiese beduidendheid van die ratio analise ondersteun hierdie bevinding. Die interne vergelyking bewys dat slegs voornaamwoorde nie statisties beduidend voorkom oor die grense van genres nie, maar dat daar ook statisties onderskeid getref kan word tussen die idiolek van Hambidge oor die grense van

genres aan die hand van voorsetsels en konjunksiemerkers. Die ratio analyses ondersteun weereens die statistiese bevindinge dat Hambidge se idiolek verskil in die genre waarin sy skryf.

Die *Flesch-Kincaid*-leesbaarheidstoetse het aangetoon dat Hambidge se tekste oor die algemeen ooreenkom is wanneer dit as 'n geheel beskou word. Elke afsonderlike genre se leesbaarheid is bereken, en die verskil tussen die hoogste en laagste leesbaarheidsvlak is bereken. Deur hierdie metode van ondersoek is daar duidelik gesien dat Hambidge se tekste as koherent beskou kan word in terme van die *Flesch-Kincaid*-leesbaarheidstoetse. Die TK-korpus verskil baie. Dit kan wees as gevolg van die feit dat die TK-korpus saamgestel is uit verskeie outeurs. Dit bevestig dus dat die gemak van leesbaarheid, *Flesch-Kincaid*-graadvlak, en veral karakters per woord, woorde per sin en die sillabes per sin gebruik kan word om vinnig te bepaal of tekste deur 'n bepaalde individu geskryf is (voorlopige bepaling, waarna verdere toetse uitgevoer moet word) aangesien daar definitief 'n verband tussen die outeur en dié aspekte bestaan, oor die grense van genres.

Vanuit die lemma-ondersoek is bepaal dat die frekwente voorkoms van die inhoudswoorde *vrou* en *skryf* as kenmerkend van Hambidge se idiolek beskou kan word, ongeag die genre waarin sy skryf. Weereens is dit belangrik om te beklemtoon dat hierdie slegs as 'n aanduiding dien, aangesien hierdie woorde inhoudswoorde is, en beïnvloed word deur die tema van die teks.

Die stilistiese analise het aangetoon dat Hambidge oor 'n wye verskeidenheid idiosinkratiese kenmerke beskik, maar dat die kenmerke genre gebonde is. Twee woorde is geïdentifiseer wat as eie aan Hambidge se idiolek beskou kan word, naamlik *geodipaliseerde* en *signifiseer*. Verder is die woord, *Compaq Armada* ook kenmerkend binne die konteks waarin Hambidge dit gebruik. Aangesien *Compaq Armada* na 'n rekenaarmodel verwys, kom dit wel in koerantartikels voor, maar die wyse waarop sy dit in haar tekste integreer, is dus kenmerkend aan Hambidge se idiolek.

Daar is verder waargeneem dat Hambidge baie van eponieme gebruik maak, veral deur wetenskaplikes (eienaam te omskep na soortnaam). Kodewisseling is ook frekwent, en hier is veral die woord *baaik* opvallend. Na verdere ondersoek (TK-korpus sowel as Media24-argief) is bepaal dat die woord as kenmerklik van Hambidge beskou kan word. Weglating was veral opvallend in haar gedigte.

Met die vergelyking van Hambidge se korpus teenoor die TK-korpus, oor die algemeen, is bepaal dat Hambidge wel oor 'n kenmerkende idiolek beskik, maar dat haar idiolek baie sterker vertoon wanneer daar genre spesifieke vergelykings gedoen word. Dus kan gestel word dat Hambidge wel oor 'n idiolek oor die grense van genres beskik. Die kenmerke wat in die afsonderlike genres geïdentifiseer is, is egter nie noodwendig uniek aan die genres nie (die romans verskil van mekaar terwyl die PhD en die reisjoernaal in sekere aspekte ooreenstem). Die afleiding kan dus gemaak word dat Hambidge nie noodwendig by genre beperkings hou nie.

Hoofstuk 6: Samevatting en gevolgtrekking

6.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk het ten doel om die belangrikste bevindings wat die studie opgelewer het, weer te gee, sowel as om na aanleiding van die studie enkele aanbevelings met die oog op verdere navorsing te maak. Ten einde die bogenoemde te bespreek, gaan die studie as geheel verwys word.

6.2 Samevatting

Daar is onderneem om in hierdie studie te bepaal of die idiolek van 'n individu (Joan Hambidge) sigbaar is oor die grense van genres. Vervolgens gaan daar oorsigtelik na die onderskeie stappe wat gevolg is om die ondersoek uit te voer, verwys word.

Hoofstuk 1 het die agtergrond geskep en die doel van die studie uiteengesit. Die navorsingsvraag, doelwit en hipotese is gestel. Daar is bepaal dat idiolek die unieke taalkenmerke van 'n individu is. Outeurskapidentifikasie verwys na enige poging om die persoonlike karaktereienskappe van die skepper van 'n teks (ongeach die genre) te identifiseer. Vanuit die bostaande is onderneem om ondersoek in te stel na kenmerklike eienskappe van Joan Hambidge se idiolek, om sodoente te bepaal of Hambidge se idiolek sigbaar is oor die grense van genres. Die hipotese is daar gestel dat daar wel 'n herkenbare idiolek sigbaar sal wees by die ondersoeksubjek, Joan Hambidge. Die idiolek sal eie aan die subjek wees, ongeach die genre waarin gewerk word.

In hoofstuk 2 is verwys na die ondersoeksubjek self, haar biografiese inligting, publikasies deur die individu, sowel as literêre benaderings wat nie net in haar eie werke sigbaar en van toepassing is nie, maar ook benaderings waaroor die individu self artikels en dies meer geskryf het. Deur hierdie agtergrond te bespreek, is die konteks geskep wat as vooruitwysing vir moontlike kenmerke van haar idiolek kan dien.

Hoofstuk 3 het as inleiding vir die korpuslinguistiese ondersoek gedien. Hier is daar eerstens na die belangrike rolspelers in die sosiolinguistiese navorsingsveld gekyk. Die belangrikste kenmerke van relevante linguistiese teorieë is ook uitgelig. Daar is na variasietaalkunde ondersoek ingestel, om eindelijk by die teoretiese agtergrond idiolek, genre en identiteit uit te kom.

Hoofstuk 4 het die agtergrond en metodologie van korpuslinguistiek uiteengesit. Daar is kortliks na die geskiedenis van die forensiese linguistiek verwys, aangesien die studieveld ook oor belangrike metodes beskik het wat as riglyn kan dien, veral in terme van die outeurskapidentifikasie wat daarin plaasvind. Daar is ook na die korpuslinguistiese beginsels, metodes en terme ondersoek ingestel. Deur reeds die verskillende metodes te ondersoek, is die agtergrond geskep waarteen die keuse vir die metodologiese benadering wat in hoofstuk 5 gebruik is, ondersoek is.

Hoofstuk 2 tot 4 het dus die agtergrond geskep waarteen die empiriese navorsing uitgevoer kon word. Die aard van die studie het bepaal dat daar nie net na taalkundige beginsels gekyk kan word nie, maar ook dat letterkundige aspekte ondersoek moet word. Deur Hambidge se oeuvre te ondersoek, is kenmerkende temas geïdentifiseer wat nie net in haar akademiese tekste nie, maar ook in die kreatiewe tekste voorkom.

Die empiriese studie het bestaan uit 'n interkorpusondersoek sowel as 'n intrakorpusondersoek. Die interkorpusondersoek het die vergelyking tussen die korpus van Hambidge en die Taalkommissiekorpus (TK-korpus) behels. Hierdie analise is stilometries uitgevoer om sodoende te bepaal of daar 'n sigbare verskil tussen die Hambidge-korpus en die TK-korpus bestaan. Hierdie analise is deur middel van programmatuur, *Wordsmith* en *Antconc*, uitgevoer.

Daar is ook gebruik gemaak van *Flesch-Kincaid*-leesbaarheidstoetse. Hierdie toetse is uitgevoer om te bepaal of die leesbaarheid van Hambidge se tekste ooreenstem. Die TK-korpus is hier ter vergelyking gebruik. Hierdie vergelyking is onderneem juis omdat die TK-korpus uit die werk van verskillende outeurs saamgestel is, om sodoende te bepaal of een outeur se tekste meer ooreenstem in terme van die *Flesch-Kincaid*-toetse.

'n Interne stilometriese vergelyking is ook onderneem om te bepaal hoe Hambidge se tekste (wanneer die onderskeie genres ondersoek word) ooreenstem, al dan nie. Vir hierdie vergelyking sluit die metodes die bepaling van die praktiese beduidendheid deur middel van ratiobepalings in, sowel as die bepaling van die statistiese beduidendheid deur middel van gepaarde t-toetse. McEnery en Wilson (2001:117) stel dat 'n volkome prentjie van 'n individu se idiolek slegs gevorm word sodra daar verskeie vergelykings tussen die styl van die individu (intrakorpusondersoek) en ook vergelykings met ander individue (interkorpusondersoek) getref word.

Na afloop van die interkorpusondersoek, *Flesch-Kincaid*-leesbaarheidstoetse en die interne stilometriese vergelyking is die intrakorpusondersoek onderneem. Hierdie ondersoek het uit twee afdelings bestaan. Eerstens is 'n lemma-ondersoek onderneem. Hierdeur is bepaal welke woorde konstant in al Hambidge se genres voorkom. Die rekenaarprogram, *Signature*, is gebruik om die bevindinge van die ondersoek na die frekwente lemmas in Hambidge se genres grafies voor te stel.

Laastens is die stilistiese ondersoek voltooi. Die stilistiese ondersoek het eerstens behels dat kategorieë geïdentifiseer moes word, waarvolgens idiosinkratiese karaktereienskappe in Hambidge se tekste uitgeken kan word. Hierdie kategorieë is saamgestel volgens die aanvanklike opvallende kenmerke (wat verkry is vanuit die aanvanklike analise van die Hambidge-tekste) sowel as die navorsing van bestaande literatuur. Die kategorieë wat geïdentifiseer is, sluit in: eponieme, kodewisseling, puntuasie, samestellings, verheffing, weglatings en wisselvorme. Gekose genres waarin Hambidge werk is ondersoek om voorbeelde van hierdie kategorieë te identifiseer.

Nadat al die bostaande afgehandel is, het die finale hoofstuk (hoofstuk 6) ten doel gehad om die bevindinge wat vanuit die verskillende analyses verkry is, saam te vat om sodoende die finale bevindinge bondig aan die leser voor te hou.

6.3 Gevolgtrekking

Soos reeds genoem, is dié navorsingsvraag gestel: Wat is kenmerkend van die idiolek van Joan Hambidge, en is dit sigbaar oor die genres waarin sy publiseer? Om dié vraag te beantwoord, is onderneem om deur middel van 'n korpusondersoek te bepaal wat die onderskeie kenmerkende eienskappe van Joan Hambidge se idiolek is en om te bepaal of dit oor die grense van die genres sigbaar is. Die navorsingshipotese is gestel dat daar wel 'n herkenbare idiolek by die navorsingssubjek (Joan Hambidge) waargeneem sal word, oor die grense van die genres. Hierdie idiolek sal eie aan die subjek wees en sal sigbaar wees, ongeag die genre waarin daar gewerk word. In die studie is daar wel bewys dat Hambidge oor eienskappe beskik wat as kenmerklik van haar idiolek gesien kan word, ongeag die genre waarin sy skryf.

In afdeling 6.1 (Samevatting) is opsommend verwys na die stappe wat gevolg is om die studie uit te voer. Hier volg die bevindinge.

Die literatuurstudie het bepaal dat daar verskeie faktore is wat 'n invloed op die idiolek van 'n bepaalde individu kan hê. In Hoofstuk 2 (Joan Hambidge as ondersoeksubjek) is bepaal dat Hambidge bekend is daarvoor dat sy 'n baie omvattende oeuvre opgebou het, en dat sy nie net oor teorieë en benaderings tot die letterkunde skryf nie (postmodernisme, psigoanalise, feminisme, queer-teorie en poëtika), maar dat die benaderings ook in haar onderskeie genres figureer. Hambidge word ook as 'n baanbreker in die gay-letterkunde gesien. Die skryfproses gebeur nie net spontaan en bewustelik nie; daar is ook onbewuste faktore wat 'n effek op die idiolek kan uitoefen. Dit blyk egter duidelik dat die teks aaneenskakel met die identiteit van die skrywer.

Die bespreking van die teoretiese agtergrond van taalkunde is uitgevoer ten einde die agtergrond te skep vir die korpuslinguistiese ondersoek in die empiriese studie (hoofstuk 5), waarin die idiolek van Joan Hambidge ondersoek is. Deur te verwys na die onderskeie akademici wat 'n rol gespeel het in die ontwikkeling van sosiolinguistiek is bepaal dat daar verskillende opinies rakende die aard van taal bestaan. Vir die doel van dié studie is vanaf die vertrekpunt uitgegaan dat taal 'n veranderlike is, wat deur die spreker, die konteks, die gehoor sowel as die bedoelde boodskap beïnvloed word.

Daar is ook bepaal dat Bloomfield een van die eerste taalkundiges was om die voorkoms van idiolek te ondersoek. Bloomfield het aangevoer dat geen twee persone, of liever geen individu, presies dieselfde praat nie. Taalvariasie is bestudeer om die verskillende vertakkings van die raamwerk te beskryf, ten einde sosiolinguistiek en idiolek te kan definieer. Daar is bepaal dat daar verskeie veranderlikes is (gender, homoseksualiteit sowel as etniese- en sosialeveranderlikes en ook ouderdom) wat 'n invloed op die individu se idiolek kan uitoefen. Sosiolinguistiek en kommunikasie, dialektologie, genre en identiteit is ook bespreek. In hierdie literatuurondersoek is bepaal welke faktore 'n invloed op die idiolek van 'n individu kan uitoefen, sowel as wat die definisies vir die onderskeie konsepte is. Daar is verder bepaal dat idiolek nie as 'n losstaande verskynsel ondersoek kan word nie, maar dat elke moontlike faktor wat 'n moontlike invloed op 'n individu se taalgebruik kan hê, ondersoek moet word.

Uit die eerste hoofstukke het die navorsing bepaal dat dit moontlik moet wees om die idiolek van die ondersoeksubjek te bepaal, ongeag die genre waarin die individu skryf. Daar is ook na verskeie metodes ondersoek ingestel wat gebruik kan word om die idiolek te bepaal. Hierdie metodes het beide stilistiese en stilometriese analyses

ingesluit. Daar is besluit om verskeie metodes te kombineer, om sodoende 'n oorkoepelende benadering te skep, wat die analise so volledig moontlik sou maak.

Vanuit die ondersoek na korpuslinguistiek, die agtergrond van forensiese linguistiek en moontlike metodes vir die identifikasie van 'n idiolek is bepaal dat daar verskeie metodes is wat moontlik tot die identifikasie van 'n idiolek kan bydra. Daar is besluit dat om 'n enkele metode te gebruik nie genoeg data sal genereer om vas te stel wat die idiolek van die ondersoeksubjek is nie. Daar is dus besluit om 'n kombinasie van metodes te gebruik. Deur die toepassing van die metodes is verskeie resultate verkry.

Die interkorpusondersoek:

- Ondersoek is ingestel na die gebruik van voornaamwoorde, konjunksiemerker en voorsetsels. Statistiese resultate het daarop gewys dat daar geen statisties beduidende verskil tussen die gespesialiseerde en verwysingskorpus waargeneem kan word nie, buiten by die voornaamwoorde van *Palindroom* van Joan Hambidge en die fiksie-afdeling van die Taalkommissiekorpus (TK2 & J2). Dus wil dit voorkom of die idiolek van Joan Hambidge nie duidelik herkenbaar is wanneer voorsetsels, voornaamwoorde en konjunksiemerker deur middel van gepaarde t-toetse ondersoek word nie
- Die eksterne ratio-analise het bewys dat daar 'n prakties beduidende verskil by die voornaamwoorde (82,7%), voorsetsels (83,5%) sowel as die konjunksiemerker (89,2%) aanwesig is. Dit dui dus op 'n kenmerkende idiolek by die ondersoeksubjek wanneer die tekste met soortgelyke tekste (genre spesifiek) uit die Taalkommissiekorpus vergelyk word.
- Die interne statistiese resultate het daarop gewys dat daar nie 'n verskil in die gebruik van voornaamwoorde voorkom tussen die tekste van Hambidge nie, ongeag die genre waarin sy skryf. Die voorsetsels en konjunksiemerker toon wel statisties beduidende verskille aan, wat beteken dat die genre dan wel 'n invloed op Hambidge se idiolek het, in terme van die voorsetsels en konjunksiemerker.

Die analyses toon dus dat Hambidge se idiolek nie so duidelik figureer wanneer die analyses tussen die onderskeie genres plaasvind nie. Daar is kenmerklike eienskappe, maar dit wil voorkom asof die verwagte genre konvensies nie geld nie, Die bevinding, wat vanuit die stilometriese analyses gemaak is, is dus dat Hambidge statisties beduidend

oor 'n kenmerkende idiolek beskik wanneer haar korpus met dié van die Taalkommissie vergelyk word. Die praktiese beduidendheid van die ratio analise ondersteun hierdie bevinding. Die interne vergelyking bewys dat slegs voornaamwoorde nie statisties beduidend oor die grense van genres voorkom nie, maar dat daar ook statisties onderskeid getref kan word tussen die idiolek van Hambidge oor die grense van genres aan die hand van voorsetsels en konjunksiemerkers. Die ratio-analises ondersteun weereens die statistiese bevindinge dat Hambidge se idiolek verskil afhangende van die genre waarin sy skryf.

Die *Flesch-Kincaid*-leesbaarheidstoetse het bewys dat Hambidge se korpus baie meer ooreenstem as wanneer dieselfde vergelyking met die TK-korpus gedoen word. Hieruit kan daar aangevoer word dat die tekste van Hambidge as ooreenstemmend beskou kan word, veral wanneer die *Flesch-Kincaid*-leesbaarheidstoetse van woorde per sin, sillabes per sin, karakters per woord, outomatiese leesbaarheidsindeks, gemiddelde graadvlak, *Flesch-Kincaid*-graadvlak sowel as die gemak van leesbaarheid ondersoek word.

Met betrekking tot die lemma-ondersoek is bepaal dat Hambidge se woordkeuse met betrekking tot die frekwensie waarteen dit voorkom as kenmerkend beskou kan word (soos sigbaar uit die vergelyking met die TK-korpus). Dus is daar tekens van 'n kenmerkende idiolek wanneer spesifiek na Hambidge se woordgebruik as 'n geheel ondersoek ingestel word. Wanneer Hambidge se woorde egter intern tussen die genres vergelyk word, blyk dit duidelik dat die woordgebruik tussen die genres verskil. Dus kan die aanname gemaak word dat Hambidge se taalgebruik wel verander afhangende van die genre waarin sy skryf, maar dat haar oorkoepelende idiolek as kenmerkend beskou kan word. Die woord *vrou* en *skryf* kom nie net frekvent in al Hambidge se genres voor nie, maar wanneer die Hambidge-korpus met die TK-korpus vergelyk word, is die frekwensie van hierdie twee woorde ook baie hoër in die Hambidge-korpus, en dus kan die twee woorde as kenmerkend aan Hambidge se idiolek beskou word. Aangesien dit egter inhoudswoorde is, sal verdere analises moet plaasvind om te bepaal of dit 'n Hambidge-tekst is wanneer 'n frekwente voorkoms van die woorde *vrou* en *reis* bepaal word.

Die sleutelwaardebepalings het aangetoon dat Hambidge se tekste oor die algemeen as ooreenstemmend beskou kan word. Dus is genre as veranderlike se rol nie so groot

nie. Daar is egter ook bevind dat die PhD en die reisjoernaal volgens die sleutelwaarde indeks die grootste ooreenkoms toon.

Die afleiding wat vanuit die sleutelwaarde-analise gemaak kan word, is dat Hambidge wel oor 'n herkenbare idiolek beskik, maar dat die idiolek nie noodwendig so sterk ooreenstem tussen ooreenstemmende genres nie. Die bogenoemde dui aan dat, alhoewel Hambidge oor 'n kenmerkende idiolek beskik as haar korpus as 'n geheel ondersoek word, is die idiolek nie noodwendig so sigbaar tussen die afsonderlike genres nie, en dat die genres wat wel ooreenstem nie noodwendig die verwagte genres is nie. Dus kan die aanname gemaak word dat Hambidge, soos deur die sleutelwaardebepalings aangedui, nie noodwendig volgens die verwagte genrebeperkings skryf nie. Dit wys slegs daarop dat die genres wat in hierdie studie gebruik is, ooreenstem volgens die sleutelwaarde bepaalings, en dat daar nie 'n verskil voorkom tussen die genoemde genres wat in die ondersoek gebruik is nie.

Die stilistiese ontleding het aangetoon dat daar enkele woorde en uitdrukkings is wat as kenmerkend aan Hambidge se idiolek beskou kan word. Tog is daar ook bepaal dat slegs enkele van die voorbeelde wat genoem is deurlopend in Hambidge se idiolek, oor die grense van genres, waargeneem word. Vanuit die kategorieë wat vir ondersoek voorgehou is, kan die volgende afleidings gemaak word:

- Daar is bepaal dat die woorde *geoedipaliseerde*, *derrideaans* en *descartiaanse* (ongeach die vorm waarin dit gebruik word) kenmerkend aan Hambidge se idiolek is. Hambidge maak gereeld gebruik maak van eponieme ongeach die genre waarin sy skryf, en dus kan dit as eie aan haar idiolek beskou word. Verder is die woord *baaik* en *signifeer* sowel as *Compaq Armada* woorde wat as kenmerkend aan Hambidge se idiolek gesien kan word.
- Vanuit die ondersoek na kodewisseling in die Hambidge-korpus is dit duidelik dat daar sekere woorde is wat as kenmerkend aan Hambidge se idiolek gesien kan word. Die meeste voorbeelde is egter genre-spesifiek, en dit is met uitsondering wat 'n woord geïdentifiseer word wat oor die grense van genres figureer.
- Parentese is nog 'n eienskap wat as kenmerkende aan Hambidge se idiolek beskou kan word.

- Verheffing kom nie in die TK-korpus voor nie en dus kan daar gestel word dat die verheffing van 'n soortnaam tot 'n eienaam as 'n aanduiding van Hambidge se idiolek beskou kan word.

Vanuit die stilistiese ondersoek is dit dus duidelik dat daar enkele woorde is wat kenmerkend aan Hambidge se idiolek is, terwyl ander woorde net in 'n sekere genre figureer. Ondersoek is ook ingestel na die teks as 'n geheel. Hierdeur is na die eienskappe van die genres gekyk. Daar is bepaal dat Hambidge nie deur die verwagte genre-konvensies voorgeskryf word nie. Dus verskil haar skryfstyl in die afsonderlike genres van dié voorgestel deur die TK-korpus. Aangesien die TK-korpus slegs as 'n vergelyking dien, sal verdere studies gedoen moet word om te bepaal of Hambidge se skryfstyl afwyk van tekste vanuit dieselfde genre.

Die aanvanklike hipotese wat gestel is, is dat daar wel 'n herkenbare idiolek by die navorsingssubjek (Joan Hambidge) waargeneem sal word, oor die grense van die genres, en dat hierdie idiolek eie aan die subjek sal wees sowel as sigbaar ongeag die genre waarin daar gewerk word. Die hipotese kan dus soos volg beantwoord word: Hambidge beskik definitief oor 'n herkenbare idiolek wanneer haar genres as 'n geheel ondersoek word. Hier is die idiolek duidelik sigbaar en kenmerkend aan die ondersoeksubjek. Wanneer na die afsonderlike genres ondersoek ingestel word, is dit duidelik dat daar sekere aspekte (kenmerklike kategorieë wat ondersoek kan word) is wat oor die grense van genres figureer. Daar is egter nie 'n enkele kenmerk wat so sterk in al die genres voorkom dat dit as onbetwisbaar uniek aan Hambidge se idiolek beskou kan word nie. Hierdeur blyk dit dat, alhoewel daar kenmerke is wat in al die genres voorkom, daar nie 'n woord of sinsnede is wat deurgans uniek in elke genre voorkom nie. Dus wil dit voorkom, alhoewel die onderlinge tekste in die korpus onbetwisbaar Hambidge-tekste is, tog baie van mekaar verskil ook. Hierdie verskille is nie net in terme van die genre nie, aangesien twee romans ontleed is, en die romans eerder verskille as ooreenkomste toon.

Deur die verskillende metodes van analise te volg (soos in die studie gedoen) en as aanvullend tot mekaar uit te voer, is dit egter duidelik dat die ondersoek na die genoemde (soos deur die studie bepaal) idiosinkratiese kenmerke aanleiding kan gee tot die identifisering van Hambidge se idiolek, ongeag die genre waarin sy skryf.

Vanuit die studie blyk dit duidelik dat spesifieke metodes ontwikkel moet word waardeur die styl, outeurstem en register geïdentifiseer kan word. Vir die doel van dié studie is gebruik gemaak van stilometriese en stilistiese metodes van ondersoek. Deur die stilometriese ondersoek is daar na die voornaamwoord, voorsetsel en konjunksiemerker gebruik in die korpus ondersoek ingestel. Die gebruik van die TK-korpus het ten doel gehad om 'n basis te skep waarteen Hambidge se korpus vergelyk kon word. Hierdie metode van ondersoek is veral geslaagd wanneer outeurskapidentifikasie plaasvind, maar om die idiolek van 'n individu te identifiseer, sou dit meer voldoende wees om nie anonieme outeurs te gebruik nie. Vir die aard van dié studie was die gekose wyse van ondersoek voldoende, maar vir verdere studie, waar die metodologie van ondersoek verfyn sal moet word, sal dit meer gepas wees om verskillende outeurs te gebruik, en sodoende vas te stel wat elkeen van die outeurs se idiolek is, en dan te vergelyk. Deur so 'n vergelyking sal dit ook moontlik wees om verskillende styl-, outeurstem- en registerkenmerke te identifiseer. Daar sal ook na meer as net die voornaamwoorde, voorsetsels en konjunksiemarkers ondersoek ingestel moet word. Woordsoortetikettering kan in dié geval 'n goeie vertrekpunt wees, aangesien daar dan na al die verskillende woordsoorte, sowel as die wyse waarop die woordsoorte gebruik word, ondersoek ingestel kan word.

Die metode wat gebruik is om die stilistiese ondersoek uit te voer, kan as voldoende aanvaar word, alhoewel daar meer kategorieë geïdentifiseer kan word om te ondersoek. Soos in die geval van die stilometriese ondersoek sal 'n uitgebreide studie, waar verskillende outeurs se idiosinkratiese stylkenmerke met mekaar vergelyk word, meer beduidende antwoorde verskaf. Alhoewel daar dus definitief gepoog moet word om die metodes van ondersoek uit te brei, is die metodes voldoende vir die aard van dié studie, en kon die navorsingsvraag beantwoord word. Daarom is dit moontlik om te postuleer dat daar deur die studie bepaal is dat Joan Hambidge oor 'n kenmerkende idiolek beskik, en dat die idiolek sigbaar is ongeag die genre waarin sy skryf.

6.4 Aanbevelings en moontlike verdere navorsing

Ten slotte kan enkele aanbevelings gemaak word met die oog op verdere navorsing. Daar is vanuit die studie bepaal dat die gedigte as 'n afsonderlike korpuslinguistiese navorsing aangepak moet word. Aangesien die genre so spesifiek en met uitsonderlike

genre-eienskappe geskryf word, is dit nie moontlik om die gedigte op dieselfde wyse as ander genres te ontleed nie. Deur die gedigte afsonderlik te analiseer, kan idiolektiese kenmerke vir 'n bepaalde digter se poësie geïdentifiseer word. Hierdie idiolektiese kenmerke kan dan met kenmerke vanuit die ander genres vergelyk word, om sodoende te bepaal of daar ooreenkomste is. Vanuit dié studie kan ook aangevoer word dat ondersoek ingestel kan word na die ooreenkomste tussen verskillende skrywers se genres (hetsy romans, gedigte, kortverhale of akademiese tekste), en of die bepaalde genres groter ooreenkomste toon as wat tussen die verskillende genres van 'n bepaalde skrywer sigbaar is.

Na aanleiding van hierdie studie kan ook voorgestel word dat dit meer omvattend sal wees as tekste wat vir die korpus gebruik word ook met behulp van woordsoortetikettering ontleed word. Deur die bostaande te doen, sal dit moontlik wees om te bepaal hoe, indien wel, 'n individu se sinskonstruksies en woordsoortgebruik daarna uitsien. Soos reeds genoem, sal die metode van ondersoek ook uitgebrei moet word, veral omdat daar in 'n idiolektiese studie nie ondersoek na die identifisering van 'n outeur ingestel word nie, maar liever na die identifisering van idiosinkratiese kenmerke.

6.5 Slot

Hierdie studie het die idiolek van Joan Hambidge oor die grense van genres ondersoek. Die hipotese is gestel dat Hambidge oor 'n kenmerkende idiolek beskik, ongeag die genre waarin sy skryf dus was die veronderstelling dat genre nie 'n invloed op Hambidge se idiolek sal uitoefen nie. Daar is bepaal dat Hambidge wel oor 'n kenmerkende idiolek beskik, en dat die idiolek sigbaar is, ongeag die genre waarin sy skryf. Dit blyk egter ook duidelik dat daar nie bepaalde uitdrukkings of woorde is wat herhaaldelik in die genres voorkom nie. Daar is egter idiolektiese kenmerke en eienskappe wat as eie aan Hambidge beskou kan word.

Daar is bepaal dat verskeie faktore bestaan wat 'n invloed op die individu se idiolek kan uitoefen, en dat die faktore wissel vanaf die bewuste keuse om beïnvloed te word deur 'n bepaalde denkrigting, tot om 'n bepaalde letterkundige benadering te volg. Tog is daar ook onbewuste faktore wat 'n invloed op die idiolek van die individu uitoefen. Dit is juis hierdie onbewuste karaktereienskappe wat herhaaldelik sal figureer, en wat as kenmerkend sal uitstaan.

Dit is dus duidelik dat dit moontlik is om 'n individu se idiolek te bepaal, en om die idiolek te identifiseer, ongeag die genre waarin daar gewerk word. So is daar dan ook in hierdie studie vasgestel dat die idiolek van die individu (in die geval van die studei Joan Hambidge) wel as 'n linguistiese vingerafdruk beskou kan word, en dat die idiolek sigbaar is, ongeag die genre waarin die individu skryf.

Bibliografie

- Abrams, M.H. & Harpham, G.G. 2009. A glossary of literary terms. Boston: Wadsworth.
- Allen, G. 2003. Roland Barthes. Londen: Routledge.
- Anon. 1995. Sarie praat met Joan Hambidge. *Sarie*, 47(3):30.
- Anon. 2008(a). Joan Hambidge. LitNet.
http://www.argief.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&news_id=46159&cause_id=1270 Datum van gebruik: 25 Feb. 2012.
- Anon. 2008(b). The "SMOG" Readability Test.
<http://prevention.sph.sc.edu/tools/SMOG.pdf> Date of access: 20 Sept. 2013.
- Anon, 2009. Flesch grade level readability formula
<http://www.readabilityformulas.com/flesch-grade-level-readability-formula.php> Date of access: 20 Sept. 2013.
- Anon. 2010. Queer Theory. <http://www.equinoxpub.com> Date of access: 02 Des. 2012.
- Anon. 2011. Mary Wollstonecraft: Biography. <http://www.biography.com/people/mary-wollstonecraft-9535967> Date of access: 01 Mar 2014
- Anon. 2012. Uitnodiging: Joan Hambidge gaan NP van Wyk Louw-gedenklesing 2012 lewer. <http://bookslive.co.za/blog/2012/09/07/uitnodiging-joan-hambidge-gaan-np-van-wyk-louw-gedenklesing-2012-lewer/> Datum van gebruik: 07 Feb. 2012.
- Anon. 2013. Corpus Linguistics.
http://www.lancs.ac.uk/fss/courses/ling/corpus/blue/I03_4.htm Date of access: 1 Jun 2013.
- AntConc. 2013. AntConc Version 3.2.4.
<http://www.antlab.sci.waseda.ac.jp/software.html>

- Armstrong, N. 2006. What feminism did to novel studies. (In Rooney, E. ed. *The Cambridge companion to feminist literary theory*. Edinburg: Cambridge University Press. p. 99-119).
- Baker, P. 2010. *Sociolinguistics and Corpus Linguistics*. Edinburg: Edinburgh University Press.
- Bateman, J.A. 2008. *Multimodality and genre: A foundation for the systematic analysis of multimodal documents*. New York: Palgrave Macmillan.
- Bawarshi, A.S. 1999. *Genre and identity: Reconsidering the role of the writer in written communication*. University of Kansas (Thesis – PhD).
- Bezuidenhout, Z. 2006. En skielik was die aand. *Tydskrif vir Letterkunde*, 3(1):186-190.
- Bialostosky, 2006. (in Jost, W. & Olmsted, W. eds. *A companion to rhetoric and rhetorical criticism*. Oxford: Blackwell Publishing. p. 393-408).
- Biber, D. 1988. *Variation across speech and writing*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Biber, D., Conrad, S. & Cortes, V. 2004. 'If you look at ...: Lexical bundles in university teaching and textbooks.' *Applied Linguistics*, 25(3):71-405.
- Biber, D., Conrad, S. & Reppen, R. 1998. *Corpus linguistics: Investigating language structure and use*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Bisschoff, A. 1992. *Outobiografie* (in Cloete, T.T. red. *Literêre temas en tendense*. Pretoria: HAUM-Literatuurstudie).
- Bloch, B. & Trager, G.L. 1942. *Outline of linguistic analysis*. Baltimore: Linguistic Society of America/Waverly Press.
- Bloomfield, L. 1933. *Language*. New York: Holt, Rinehart, and Winston.

- Boddy-Evans, A. 2012. Olive Emilie Albertina Schreiner: The first South African novelist of consequence.
<http://africanhistory.about.com/od/artistandwriters/a/OliveSchreiner.htm> Date of access: 23 Apr 2013.
- Boroditsky, L. Schmidt, L.A. & Phillips, W. 2002. Sex, syntax and semantics.
http://www.mit.edu/~lschmidt/grammatical_gender/gender-cogsci2000.pdf Date of access: 12 Oct 2013.
- Botha, T.J.R., Ponelis, F.A., Combrink, J.G.H. & Odendal, F.F. *reds.* 1989. Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde. Pretoria: Academica.
- Botha, T.J.R. 1989. Afrikaans sedert die negentiende eeu (in Botha, T.J.R., Ponelis, F.A., Combrink, J.G.H. & Odendal, F.F. *reds.* Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde. Pretoria: Academica. p. 127 – 155).
- Bredbeck, G.W. 2002. Gay, Lesbian, and Queer Theory.
http://www.glbqtq.com/literature/lit_theory,4.html Date of access: 10 Feb 2013.
- Brennam, T. *red.* 2002. Between feminism and psychoanalysis. New York: Routledge.
- Burdett, C. 2001. Olive Schreiner and the progress of feminism: Evolution, gender, empire. London: Palgrave.
- Butler, J. 2010(a). Gender trouble: Feminism and the subversion of identity. New York: Routledge.
- Butler, J. 2010(b). Judith Butler quotes <http://www.egs.edu/faculty/judith-butler/quotes/>
 Date of access: 28 Feb. 2013.
- Carstens, W.A.M. 2006. Norme vir Afrikaans: Enkele riglyne by die gebruik van Afrikaans. Pretoria: Van Schaik.

Carstens, W.A.M. & Van Der Poel, K. 2011. Teksredaksie. Stellenbosch: SUN PReSS.

Chandler, D. 1994. The Sapir-Whorf Hypothesis.

<http://www.aber.ac.uk/media/Documents/short/whorf.html> Date of access: 7 Feb 2012.

Chambers, J.K. & Trudgill, P. 2002. Dialectology. Cambridge: University Press.

Chaski, C.E. 2007. The keyboard dilemma and forensic authorship attribution. *Advances in Digital Forensics III*.

Chaski, C.E. 2010. Linguistics as a forensic science: The case of author identification (in Behrens, S.J. & Parker, J.A. eds. *Language in the real world: An introduction to linguistics*. New York: Routledge. p. 180-201).

Claassen, G.N. & Van Rensburg, M.C.J. 1983. *Taalverskeidenheid. 'n Blik op die spektrum van taalvariasie in Afrikaans*. Pretoria: Academica.

Cloete, T.T., Botha, E. & Malan, C. 1985. *Gids by die literatuurstudie*. Pretoria: HAUM-Literatuurstudie.

Cloete, T.T. 2010. Tendense in 5 nuwe digbundels. *Tydskrif vir Letterkunde* 47(1):145-155.

Cochrane, N. 2004. *Swart koring* van Joan Hambidge as parodie en pastiche op populêre kultuur. *Tydskrif vir Letterkunde*, 41(2):127-141.

Cochrane, N. 2009. Intelligente digterskap bevestig en voortgesit. *Die Burger*, 7. 8 Jun.

Chomsky, N. 1957. *Syntactic structures*. The Hague: Mouton.

Coulthard, M. & Johnson, A. 2007. *An introduction to forensic linguistics: Language in evidence*. Londen: Routledge.

Coulthard, M. & Johnson, A. reds. 2010. *The Routledge handbook of forensic linguistics*. New York: Routledge.

Coulthard, D. 2004. Author identification, idiolect, and linguistic uniqueness. *Applied Linguistics*. 25/4: 431-447. Oxford: Oxford University Press.

Coupland, N. & Jaworski, A. 1997. *Sociolinguistics: a reader and course book*. Basingstoke: MacMillan.

Coyoti-Morales, R.M., Villasenor-Pineda, L. & Montes-y-Gómez, M. & Rosso, P. 2006. Authorship attribution using word sequences. CIARP'06 Proceedings of the 11th Iberoamerican conference on Progress in Pattern Recognition, Image Analysis and Applications. <http://dl.acm.org/citation.cmf?id=2089561> Date of access: 1 May 2013.

Crous, M.L. 1990. *Feminisme en lees: Antjie Krog se Lady Anne en Joan Hambidge se Die anatomie van melancholie (MA-verhandeling)*. Universiteit van Stellenbosch.

Crystal, D. 2008. *A dictionary of linguistics and phonetics*. Oxford: Blackwell Publishing.

Culler, J. 1976. *Saussure*. Glasgow: Fontana.

Davies, A. 1999. *An introduction to applied linguistics: From practice to theory*. Edinburg: Edinburgh University Press.

Deckert, S.K. & Vickers, C.H. 2011. *An introduction to sociolinguistics: Society and identity*. Londen: Continuum.

Devitt, A.J. 2000. Integrating rhetorical and literary theories of genre. *College English*, 62(6): 696-718 <http://www.jstor.org/stable/379009> Date of access: 10 Okct. 2012.

De Beauvoir, S. 1949. *The second sex*. Uit Frans vertaal deur H.M. Parshley. Harmondsworth: Penguin

De Jong, M. 1991. Feminisme (in Cloete. T.T. red. *Literêre terme & teorieë*. Pretoria: HAUM-Literatuurstudie. p. 123-128).

De Lange, J. 2007. *ABSA ketting: Johann de Lange gesels met Joan Hambidge*. <http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd> Datum van gebruik: 4 Jul. 2013.

De Saussure F. 1966. *A course in general Linguistics*. Uit Frans vertaal deur Baskin, W. New York: McGraw Hill.

De Villiers, I.L. 2007. ABSA ketting: IL de Villiers in gesprek met Joan Hambidge. LitNet <http://www.litnet.co.za> Datum van gebruik:14 Jul. 2013.

De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2009. *Research at the grass roots: For the social sciences and human service professions*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.

De Wet, K. 1990. *Ars Poëtiese solipsisme: 'n Padkaart van Joan Hambidge se poësie*. Pretoria: UP. (MA-verhandeling).

Du Plessis, H. 1995. *Variasietaalkunde*. Pretoria: Kagiso.

Du Plooy, G.M. 2009. *Communication research, techniques, methods and applications*. Kaapstad: Juta.

Du Plooy, H. 1989. Genre, parodie en vernuwing in die werk van Etienne Leroux. *Acta Academica*. 21 (1):99-111.

Du Toit, P.A. & Smith-Müller, W. 2003. *Stylboek: Riglyne vir paslik skryf*. Pretoria: Van Schaik.

De Villiers, I.L. 2007. ABSA ketting: IL de Villiers in gesprek met Joan Hambidge.http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&cause_id=1270&news_id=8756 Datum van gebruik: 16 Mrt 2007.

Eagleton, M. ed. 2011. *Feminist literary theory: A reader*. Londen: Wiley-Blackwell.

Eisenberg, B. & Rutthsdotter, M. 1998. The national woman's history project.
<http://www.legacy98.org/move-hist.html> Datum van gebruik: 16 Jan. 2013.

Eckert, P. 2008. Variation and the indexical field. *Journal of Sociolinguistics* 12/4, 2008: 453-476. Stanford University.

Fasold, R.W. 1990. The sociolinguistics of language. Cambridge: Blackwell Publishers.

Fourie, R. 2009. Die produksiegehalte van *Palindroom* en *Kladboek* deur Joan Hambidge as gevallestudies binne die uitgewersbedryf. *LitNet Akademies*, 6 (1):59-87.

Frow, J. 2006. Genre: The new critical idiom. New York: Routledge.

Garger, J. 2012. Determine readability using the Flesch reading ease.
<http://johngarger.com/articles/writing/determine-readability-using-the-flesch-reading-ease> Date of access: 18 Sept 2013.

Gilliomee, H. 2003. The Afrikaners – biography of a people. Kaapstad: Tafelberg

Gilliomee, H. 2010. Die eerste feminisme: Nuwe geskiedenis.
<http://nuwegeskiedenis.co.za/die-eerste-feministe/> Datum van gebruik: 20 Aug 2012.

Goodman, R.T. 2003. World class women: Global literature, education, and feminism. New York: Routledge Falmer.

Gräbe, I. 1995. Freudiaanse psigoanalise en literatuur. (in Cloete. T.T. red. Literêre terme & teorieë. Pretoria: HAUM-Literatuurstudie. p. 135-139).

Greeff, R. 1995. Joan lê aan. *De Kat*, 465(95):72-75.

Griffin, G. Red. 2005. Research methods for English studies. Edeinburgh: Edinburg University Press.

Grobler, J. 2007. The war diary of Johanna Brandt.
<http://www.ais.up.ac.za/special/bookmonth/may08/> Date of access: 14 Jan 2013

Grzegaj, J. 2011. Introduction to linguistics from a global perspective: An alternative approach to language and languages. Muenchen: Lincom.

Hall, S. & Du Gay, P. 1996. Questions of cultural identity. Londen:Sage..

Hall, S. 1996. Introduction: Who needs identity (in Hall, S. & Du Gay, P. 1996. Questions of cultural identity. Londen:Sage.p.1-17).

Halliday, M.A.K. 1985. Spoken and written language. Victoria: Deakin University.

Halliday, M.A.K., Teubert, W., Yallop, C. & Cermakova, A. 2004. Lexicology and corpus linguistics: An introduction. New York: Continuum.

Hambidge, J. 1989. Psigoanalise en lees. Pietersburg: J&J-uitgewers.

Hambidge, J. 1991a. Genre. (in Cloete. T.T. red. Literêre terme & teorieë. Pretoria: HAUM-Literatuurstudie. p. 148-105).

Hambidge, J. 1991b. Dekonstruksie. (in Cloete. T.T. red. Literêre terme & teorieë. Pretoria: HAUM-Literatuurstudie. p. 67-69).

Hambidge, J. 1995. Postmodernisme. Pretoria: J.P. van der Walt.

Hambidge, J. 2003. 'n Nostalgiese reis na stories op wiele. *Rapport*: 17, 16 Mrt.

Hambidge, J. 2007. ABSA ketting: Joan Hambidge in gesprek met Daniel Hugo. <http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd> Datum van gebruik: 22 Jul. 2013.

Hambidge, J. 2008. Kladderboek. Pretoria: Pretoria Boekhuis.

Hambidge, J. 2010. Meer as net DJ Opperman se digterskap as 'n inspirasie. *Volksblad*, 21 Des.

Hambidge, J. 2012a. Oud teenoor nuut. *Die Burger*, 24 Nov. <http://m.news24.com/dieburger/By/Nuus/Oud-teenoor-nuut-20121124> Datum van gebruik: 10 Feb. 2013.

Hambidge, J. 2012(b). Lot se vrou. Pietermaritzburg: Human & Rousseau.

Hambidge, J. 2013(a). Woorde wat weeg. *Blogspot*. <http://joanhambidge.blogspot.com>
Datum van gebruik. 14 Feb. 2013.

Hambidge, J. 2013(b). Resensies.
<http://joanhambidge.blogspot.com/search/label/1998>. Datum van gebruik: 10 Mei 2013.

Hanks, P. 2007. Word meaning and corpus analysis. Barcelona: Masaryk University.

Holmes, J. & Meyerhoff, M. 2003. The handbook of language and gender. Oxford:
Blackwell Publishing Ltd.

HAT. Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal. 2009. 1ste Elektroniese uitgawe.
Kaapstad: Pearson Education.

Hubbard, E.H. 1994. Errors in court: A forensic application of error analysis. *SA Journal of Linguistics – Supplement*, 20: 3-16.

Hugo, D. red. 2009. Halala Afrikaans. Pretoria: Protea Boekhuis.

Hugo, D. 2012. Joan Hambidge. *Versindaba*. <http://versindaba.co.za/gedigte/martina-klopper/joan-hambidge/> Datum van gebruik: 02 Sept. 2012.

Hughes, R. 1996. English in speech and writing: Investigating language and literature.
New York: Routledge.

Hyon, S. 1996. Genre in three traditions: Implications for ESL. *Tesol quarterly*, 30:693-722. <http://www.jstor.org/stable/3587930> Date of access: 10 Oct. 2012.

Irizarry, E. 1992. A computer-assisted investigation of gender-related idiolect in Octavio Paz and Rosario Castellanos. *Computers and the Humanities*, 26(2): 103-117.

Jakobson, R. 1994. Language in literature. Cambridge: The Belknap Press.

Janse Van Vuuren, M. 2007. Die Internet as platform vir 'n nuwe Afrikaanse

spraakgemeenskap en 'n nuwe varieteit - 'n korpuslinguistiese ondersoek. Noord-Wes Universiteit. (Tesis – PhD).

Jenset, G.B. 2008. Basic statistics for corpus linguistics.

<http://folk.uib.no/gje037/statTutorialR.pdf> Date of access: 09 Oct. 2013.

Johnstone, B. 2011. Dialect enregisterment in performance. *Journal of Sociolinguistics* 15/5: 657-679.

Johnstone, B. 2000. The individual voice in language. *Annual. Rev. Anthropol.* 2000. 29:405-24.

Juola, P. 2008. Authorship attribution. Hanover: now Publishers Inc.

http://books.google.co.za/books?id=_B2zDLdqe60C&pg=PA6&lpg=PA6&dq=authorship+attribution+definition&source=bl&ots=BdpZKOf7vp&sig=7ZZGiHiQEz1jS6FRH2N0MxLlgFY&hl=en#v=onepage&q&f=false Date of access: 02 Sept. 2012.

Juola, P. 2006. Authorship attribution. *Foundations and trends in information retrieval.* 1(3): 233-334.

Jule, A. 2008. A beginners guide to language and gender. Toronto: Multilingual Matters Ltd.

Kannemeyer, J.C. 1983. Die geskiedenis van die Afrikaanse Literatuur II. Pretoria: Academica.

Keating, A. 2002. Feminist literary theory.

http://www.glbtc.com/literature/feminist_lit_theory,3.html Date of access: 05 Mrt. 2013.

Kraljic, T., Brennan, E.S. & Samuel, A.G. 2007. Accommodating variation: Dialects, idiolects, and speech processing. www.elsevier.com/locate/COGNIT. Date of access: 26 Maart 2012.

Kuhl, J.W. 2003. The idiolect, chaos and language custom far from equilibrium: Conversations in Morocco. (Thesis-PhD).

Kock, M. 2008. Language and gender research from a queer linguistic perspective: A critical evaluation. <http://www.equinixpub.com>. Date of access: 7 Mrt. 2013.

Koppel, M. & Schler, J. 2003. Exploiting stylistic idiosyncrasies for authorship attribution. Referaat gelewer by die International Joint Conferences on Artificial Intelligence workshop on Computational Approaches to Style Analysis. Acapulco, Meksiko. <http://citeseer.uark.edu:8080/citeseerx/viewdoc/summary;jsessionid=F8274EBE05D5F0E52BE08F1519BD458?doi=10.1.1.2.3019> Date of access: 7 Mrt. 2013.

Kotzé, E.F. 2007. Die vangnet van die woord: Forensies-linguistiese getuienis in 'n lastersaak. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies (SALALS)*, 25(3): 385-399.

Kotzé, E.F. 2010. Author identification from opposing perspectives in forensic linguistics. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies (SALALS)* 28(2): 185-197.

Labuschagne, F.J. & Eksteen, L.C. reds. 2007. Pharos. Verklarende Afrikaanse Woordeboek. Kaapstad: NB Uitgewers.

Lacan, J. 1986. The ethics of psychoanalysis. Uit Frans vertaal deur Dennis Porter. Abingdon, Oxon: Routledge .

Lancashire, I. 1999. Probing Shakespeare's idiolect in *Troilus and Cressida*. *University of Toronto Quaterly*, 68(3): 728.

Langacker, R. 2007. Ten lectures on cognitive grammar. Beijing: Foreign Language Teaching and Research Press.

Langacker, R.W. 1973. Language and its structure: Some fundamental linguistic concepts. New York: Harcourt Brave Jovanavich, Inc.

Lexical Analysis Software & Oxford University Press. 2013. WordSmith Version 5.0. <http://www.lexically.net/wordsmith/>

Liebenberg, D. 2007. Joan Hambidge se twintigste digbundel laat jou bewoë en bewus. *Volksblad*. 6, 15 Jan.

Liebenberg, D. 2008. Die droom is duskant die bewuste vermoor. *Volksblad*. 10, 22 Sept.

Littlewood, I. 2006. The literature student's survival kit: What every reader needs to know. Oxford: Blackwell Publishing.

Llamas, C., Mullany, L. & Stockwell, P. eds. 2007. The Routledge companion to sociolinguistics. New York: Routledge.

Loots, S. 2012. Hambidge kyk terug op pynlike ervarings.

<http://slipnet.co.za/view/event/joan-hambidge-lot-se-vrou/> Datum van gebruik: 09 Feb. 2013.

Lourens, A. 1997. Resensie: Ewebeeld (Joan Hambidge). *Radio Sonder Grense: Skrywers en Boeke*. 21 Aug.

Louw, S.A. 1941. Taal-geografie. Pretoria: J.L. van Schaik BPK.

Louwerse, M.M. 2004. Semantic variation in idiolect and sociolect: Corpus linguistic evidence from literary texts. *Computers and the Humanities*, 38: 207-221.

Love, H. 2002. *Attributing authorship: An introduction*. New York: Cambridge University Press.

Marais, J.L. 2005. Die Afrikaanse poësie sedert die 1980's ondenkbaar sonder Hambidge. *Literator*, 26(3):149-180.

Marais, R. 2004. 'n Knolskrywer? Aspekte van die ars poëtika van Etienne Leroux. *Stilet*, 16(1):100-116.

Maree, K. *red.* 2011. First steps in research. Pretoria: Van Schaik.

Martinovski, B. 1995. Three cognitive theories: Major differences and similarities – Talmy, Langacker, Jackendoff. <http://www.ling.gu.se/~biljana/st1-97/cogn.html> date of access. 3 Jun 2013.

Media 24 Argief. <http://www.koerantargiewe.media24.com> Datum van gebruik: 02 Okt. 2013.

McCabe, A. 2011. An introduction to linguistics and language studies. Londen: Equinox.

McCann, C.R. & Kim, S. 2010. Feminist theory reader. New York: Routledge.

McEnery, T. & Wilson, A. 2001. Corpus linguistics. Edinburgh: Edinburgh University Press.

McMenamin, G.R. 2002. Forensic linguistics: Advances in forensic stylistics. Londen: CRC Press.

Mey, J.L. *red.* 2009. Concise encyclopedia of pragmatics. Denmark: Elsevier.

Mitchell, J. 1974. Psychoanalysis and feminism. Londen: Penguin Books Ltd.

Michell, C. S. 2013. Investigating the use of forensic stylistics and stylometric techniques in the analyses of authorship on a publicly accessible social networking site (Facebook). UNISA. (Dissertation -MA).

Millican, P. 2003. Signature Stylometric System 1.0 <http://www.signature.com> Date of access: 10 Jun 2013.

Mollin, S. 2009. "I entirely understand" is a Blairism: The methodology of identifying idiolect collocates. *International Journal of Corpus Linguistics*, 14:3 (2009): 367-392.

Mudzanani, N.B. 1990. Die verhouding tussen literêre teorie en kritiek in die Afrikaanse literêre sisteem binne die sogenaamde "nuwe paradigme", aan die hand van gekose

figure: Marianne de Jong, Joan Hambidge en Gerrit Olivier. Rhodes Universiteit (Verhandeling-MA).

Müller, M. 1991. Postmodernisme (in Cloete. T.T. red. Literêre terme & teorieë) Pretoria: HAUM-Literatuurstudie.

NB Uitgewers. 2012a. Joan Hambidge: Biographical info <http://www.nb.co.za/Authors/828> Date of access: 27 Oct. 2012.

NB Uitgewers. 2012b. Joan Hambidge kyk terug sonder om versteen te staan by die bekendstelling van *Lot se vrou*. <http://nb.bookslive.co.za/blog/2012/03/02/joan-hambidge-kyk-terug-sonder-om-versteen-te-staan-by-die-bekendstelling-van-lot-se-vrou/> Datum van gebruik: 12 Feb. 2013.

Nelson, H.L. 2001. Damaged identiteits, narrative repair. Londen: Cornell University Press.

Newman, P. 2010. The Routledge handbook of forensic linguistics. *The International Journal of Speech, Language and the Law*, 18(1):161-167.

Nair, S. 2006. History of feminism: Rise of womanhood. <http://www.rise-of-womanhood.org/history-of-feminism.html> Date of access: 17 Aug 2012.

Nesselhauf, N. 2005. Corpus linguistics: A practical introduction. <http://www.as.uni-heidelberg.de/personen/Nesselhauf/files/Corpus%20Linguistics%20Practical%20Introduction.pdf> Date of access. 20 Jan. 2013.

Nienaber, P.J. & Nienaber, D.G. 1941. Geskiedenis van die Afrikaanse letterkunde (vanaf die begin tot aan die einde van die 19de eeu). Pretoria: J.L van Schaik BPK.

Oakes, M.P. 1998. Statistics for corpus linguistics. Edinburg: Edinburgh University Press.

Olivier, F. 1990. Hambidge kán verse maak! *VryeWeekblad*. 15, 09 Feb.

- Olivier, J.A.K. 2013. Die mate van konsekwentheid in SMS-Afrikaans. *LitNet Akademies*, 10(2): 479-505.
- Olsson, J. 2008. Forensic linguistics. Londen: Continuum International Publishing Group.
- Odendaal, B. 2005. Besondere blik op ontwikkeling. *Volksblad*, 6. 14 Feb.
- Opperman, D.J. 1975. Kuns is boos! *Wiggelstok*, 142:155.
- Oxford Advanced Learner's Dictionary. 2005. 7de weerg. Londen: Oxford University Press.
- Panicheva, P., Cardiff, J. & Rosso, P. 2010. Personal sense and idiolect: Combining authorship attribution and opinion analysis. Proceedings 7th International Conference on Language Resources and Evaluation, LREC-2010, May 17-23 , Malta.
http://users.dsic.upv.es/~proso/resources/PanichevaEtAl_LREC10.pdf Date of access: 31 Jul. 2013.
- Poyten, C. 1990. Language and gender: Making the difference. New York: Oxford University Press.
- Prins, J. 2011. Midagete met Joan Hambidge: Altyd met Tabasco. *Die Burger*, 3. 9 Jul.
- Prinsloo, A. 2009. Dialektologie. (in Hugo, D. Halala Afrikaans. Pretoria: Protea Boekhuis. p.137).
- Rampton, M. 2008. The three waves of feminism. *The magazine of Pacific University*.
http://www.pacificu.edu/magazine_archives/2008/fall/echoes/feminism.cfm Date of access: 01 Oct. 2013.
- Reddy, E. 1987. Campaign of defiance against unjust laws.
<http://www.anc.org.za/show.php?id=2597> Date of access: 09 Sept. 2013.
- Rose, J. 2011. Femininity and its discontent: Feminist review.(in Eagleton, M. ed. Feminist literary theory: A reader. Londen: Wiley-Blackwell. p. 335-340).

- Salih, S. ed. 2004. The Judith Butler reader. Australië: Blackwell Publishing.
- Sapir, E. 1921. Language. New York: Harcourt Brace.
- Sapir, E. 1949. Selected writings of Edward Sapir in language, culture and personality. Berkeley: University of California Press.
- Schoene, B. 2006. Queer politics, queer theory, and the future of "identity": spiralling out of culture. (in Rooney, E. ed. The Cambridge companion to feminist literary theory. p. 282-303) Cambridge: Cambridge University Press.
- Sharpe, R. 2009. Habeas corpus. The New Oxford Companion to Law. Online version
- Slabbert, S.J.C. 1993. Vrouetaal in drie Afrikaanse tydskrifte: Die Boerevrou (1919-1931), Die Huisgenoot (1940) en Sarie (Marais) (1949-1989). Universiteit van Witwatersrand. (Tesis- PhD).
- Speer, S. 2005. Speer gender talk: Feminism, discourse and conversation. New York: Routledge.
- Slipnet. 2012. Joan Hambidge. <http://slipnet.co.za/view/author/joan-hambidge/> Datum van gebruik: 1 Nov. 2012.
- Smuts, J.P. 1998. Die roman, 'n inleidende studie. Kaapstad: Human & Rosseau.
- Snyman, H. 2011. Joan Hambidge (in Van Coller, H.P. red. Perspektief en profiel Deel 1. Pretoria: Van Schaik Uitgewers. p. 503-513)
- Speer, S.A. & Stokoe, E. 2011. An introduction to conversation and gender. (In Speer, S.A. & Stoekoe, E. eds. Conversation and gender. Cambridge: Cambridge University Press. p. 1-27).
- SPSS Inc. 2011. IBM SPSS Statistics Version 21, Release 20.0.0, Copyright© IBM Corporation and its licensors. <http://www-01.ibm.com/software/analytics/spss/>

Stamatatos, E. 2009. A survey of modern authorship attribution methods. *Journal of the American Society for Information Science and Technology*, 60(3): 538-556.

Stell, G. 2007. From Kitaab-Hollandsch to Kitaab-Afrikaans: The evolution of a non-white literary variety at the Cape (1856-1940). *Stellenbosch Papers in Linguistics*, 37:89-127.

http://reference.sabinet.co.za/webx/access/electronic_journals/spil/spil_v37_a4.pdf Date of access: 11 Nov 2013.

Steyn, J.R. & Ellis, S.M. 2006. Die gebruik van effekgrootte-indekse by die bepaling van praktiese betekenisvolheid. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie*, 25(3):172-175.

Steyn, J.C. 1985. Algemene aspekte van taalomering (in Botha, R.P & Sinclair, M. (reds) *Norme vir taalgebruik*. Stellenbosch: Stellenbosch University Press.

Taalkommissie (van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns). 2009. (Tiende, verbeterde en omvattende herbewerkte uitgawe). *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* (AWS). Kaapstad: Pharos.

Taljaard, P.J & Smit, W.K. 1982. Tweektalige voorsetselwoordeboek. Roodepoort: CUM-Boeke.

Taljaard, P.J. 2002. Tweektalige voorsetselwoordeboek. Pretoria: Content Solutions Online.

Teubert, W. 2004. Language and corpus linguistics (in Halliday, M.A.K., Teubert, W., Yallop, C. & Cermakova, A. eds. *Lexicology and corpus linguistics: An introduction*. New York: Continuum. p. 73-113).

Thomas, G. 1991. *Linguistic purism*. Londen: Longman.

- Tiersma, P. 2008. The nature of legal language (in Gibbons, J. & Turell, M.T. eds. *Dimensions of forensic linguistics*. Amsterdam: John Benjamins Publishing Company. p. 8-25).
- Trudgill, P. 1983. *On dialect; social and geographical perspectives*. New York: New York University Press.
- Truter, S. 1995. Gehalte-vriende, gehalte-vyande. *Sarie*, 2Aug.
- Van Coller, H.P. 2004. Is Leroux 'n vergete skrywer? *Stilet*, 16(1):1-31.
- Van Coller, H.P. & Odendaal, B. 2003a. Kleur kom nooit alleen nie (Antjie Krog) en Die burg van hertog Bloubaard (H.J. Pieterse): 'n Poëtikale beskouing (Deel 1). *Stilet*, 15(1):16-35.
- Van Coller, H.P. & Odendaal, B. 2003b. Kleur kom nooit alleen nie (Antjie Krog) en Die burg van hertog Bloubaard (H.J. Pieterse): 'n Poëtikale beskouing (Deel 2). *Stilet*, 15(1):36-64.
- Van der Merwe, C.N. & Viljoen, H. 1998. *Alkant olifant: 'n Inleiding tot die literatuurwetenskap*. Pretoria: J.L van Schaik.
- Van Heusden, B. & Jongeneel, E. 1993. *Algemene literatuurwetenskap: Een theoretische inleiding*. Utrecht: Aula.
- Van Rooy, B. & Terblanche, L. 2006. A corpus-based analysis of involved aspects of student writing. *Language Matters*, 37(2):160-182.
- Van Schalkwyk, P. 2009. Hambidge het 'n (Victoriaanse) hart. *Literator*, 30(2):159-198.
- Van Zyl, J. 2001. Blond, beeldskoon en straight (Kê-kê-kê-kê). *Beeld*, 24 Nov.
- Viljoen, L. 1995. SAUK-resensie: Joan Hambidge – Postmodernisme. *Radio Sonder Grense: Skrywers en Boeke*. 28 Des.
- Venter, I.S. 1991(a). Strukturalisme (in Cloete. T.T. red. *Literêre terme & teorieë*. Pretoria: HAUM-Literatuurstudie. p. 510-512).

Venter, I.S. 1991(b). Poëतिक (in Cloete. T.T. *red.* Literêre terme & teorieë. Pretoria: HAUM-Literatuurstudie. p. 388-389).

Webb, V.N. 1985. Taalnorme en Afrikaans. 'n Geval van twyfel en vertwyfeling? (in Botha, R.P. & Sinclair, M. *reds.* Taalnorme en Afrikaans. p. 70-107.

Webb, V.N. 1989. Die Afrikaanse variasietaalkunde. (in Botha, T.J.R., Ponelis, F.A., Combrink, J.G.H. & Odendal, F.F. *reds.* Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde. Pretoria: Academica p.412-436).

Weil, K. 2006. French feminisim's *écriture féminine* (in Rooney. E. *Ed.* The Cambridge companion to feminist literary theory. p. 153-172) Cambridge: Cambridge University Press.

Who's Who Southern Africa. 2012. Joan Hambidge. <http://www.whoswho.co.za/joan-hambidge-2897> Date of access: 28 Oct. 2012.

Woods, A., Fletcher, P. & Hughes, A. 1989. Statistics in language studies. New York: Cambridge University Press.

Wu, C.H., Lee, C. & Liang, H. 2009. Idiolect extraction and generation for personalized speaking style modeling. *Transactions on Audio, Speech, and Language Processing*, 17(1):127-137.

Wybenga, D.M. 1988. Diskoersanalise en stilistiek. 'n Inleiding. Pretoria: SERVA-Uitgewers.

Addendum A: Voornaamwoorde

Voornaamwoorde	
al	hy
alle	iemand
alles	iets
almal	jou
baie	joune
daar	jouself
daarby	julle
daardie	julle s'n
daarmee	julself
daartoe	jy
daarvoor	mekaar
dan	my
dat	myne
die mens	myself
dit	n mens
dus	niemand
ek	niks
genoeg	ons
goed	ons s'n
haar	onself
haarself	party
hare	so
heelwat	sulke
hier	sulks
hierdie	sy
hiermee	syne
hoe	u
hoekom	wat
hom	watse
homself	watter
hulle	wie
hulle s'n	hulself

Addendum B: Konjunksiemerkers

Konjunksiemerkers		
addisioneel	in elk geval	ten spyte van
afgesien hiervan	in plaas van	tensy
al	in teenstelling met	terwyl
alternatiewelik	indien	toe
alvorens	intendeel	tog
anders	intussen	tussenin
anders gestel	laastens	vandat
andersins	later	verder
as	maar	vergeleke met
as gevolg van	meer	vervolgens
asof	met ander woorde	volgende
behalwe	met dien verstande	voordat
buitendien	mits	voorts
bygesê	'n kort rukkie tevore	waar
byvoorbeeld	'n volgende keer	wanneer
daar	naamlik	want
dan	nogtans	wat ook al
die hele tyd	om te hervat	
die volgende dag	omdat	
die vorige keer	onderwyl	
dienooreenkomstig	ook	
dieselfde	op daardie oomblik	
dit wil sê	op die ou end	
dus	op die voorwaarde dat	
eerder	plus	
eerstens	sodat	
egter	soos	
en	soos gesê	
gevolglik	tans	
hetsy	te wete	
hieropvolgend	ten laaste	
hoe dit ook al sy	ten slotte	

Addendum C: Voorsetsels

Voorsetsels		
aan	jeens	teenoorgestelde
aangaande	langs	ten spyte van
agter	langsaan	tot
anderkant	maar	totdat
as	met	tussen
behalwe	na	uit
behalwe vir	naby	van
behoudens	naby aan	vanweë
benede	namens	ver van
benewens	neer	via
betreffende	nieteenstaande	vir
binne	om	volgende
binne-in	ondanks	volgens
binnekant van	onder	voor
bo op	onderkant	voordat
bokant	ongeag	weens
bo-oor	oor	
buite	ooreenkomstig	
buiten	oorkant	
by	op	
daai	per	
daardie	plus	
danksy	rakende	
deur	rondom	
dit	sedert	
gedurende	so ver as	
hierbo	sonder	
hierdie	soos	
in	sowel as	
in plaas van	te	
in teenstelling met	teen	
ingevolge	teenoor	

Addendum D: Lemma-ontleding

Sewe Sonjas en wat hulle gedoen het

N	Word	Freq.	%	Texts	%
60	STAAN	49	0.237403095	1	100
62	DAG	47	0.227713183	1	100
64	DINK	45	0.218023255	1	100
67	LIEFDE	43	0.208333328	1	100
68	STEM	43	0.208333328	1	100
69	TEEN	42	0.203488365	1	100
70	SIEN	41	0.198643416	1	100
71	MEER	40	0.193798453	1	100
73	BEERNIS	39	0.188953489	1	100
77	EEN	35	0.16957365	1	100
78	OU	35	0.16957365	1	100
81	MATRONE	33	0.159883723	1	100
82	SKRYF	33	0.159883723	1	100
84	GROOT	32	0.155038759	1	100
85	LETTERKUNDE	32	0.155038759	1	100
86	VROU	32	0.155038759	1	100
87	BEGIN	31	0.150193796	1	100
89	MAN	31	0.150193796	1	100
90	ROOIKOP	31	0.150193796	1	100
93	ANDER	30	0.145348832	1	100
99	HOOR	28	0.13565892	1	100

Palindrome

N	Word	Freq.	%	Texts	%
17	MENTEE	247	0.733024716	1	100
32	GELIEFDE	163	0.483736932	1	100
33	PALINDROOM	161	0.477801532	1	100
45	MENTOR	108	0.320512831	1	100
48	SKRYF	103	0.305674255	1	100
56	TOE	82	0.243352324	1	100
63	VERHAAL	71	0.210707501	1	100
64	VERHOUDING	70	0.207739785	1	100
67	DROOM	65	0.192901239	1	100
69	EEN	63	0.186965808	1	100
70	LEES	63	0.186965808	1	100
76	REIS	58	0.172127262	1	100
78	SIEN	56	0.166191831	1	100
81	SMS	54	0.160256416	1	100
82	POS	52	0.154320985	1	100
83	TWEE	50	0.148385569	1	100
88	LEWE	46	0.136514723	1	100
89	VERBINTENIS	46	0.136514723	1	100
90	WEES	46	0.136514723	1	100
91	DINK	44	0.130579293	1	100
97	MAN	41	0.121676162	1	100

PhD

N	Word	Freq.	%	Texts	%
41	GENDER	273	0.280123532	1	100
46	VROU	236	0.242158085	1	100
47	MEER	233	0.239079803	1	100
51	UIT	208	0.213427454	1	100
52	WEET	199	0.204192623	1	100
53	MAAK	198	0.20316653	1	100
55	MAN	194	0.199062154	1	100
60	VADER	182	0.186749026	1	100
63	MENS	163	0.167253256	1	100
64	EEN	159	0.16314888	1	100
66	SIEN	157	0.161096692	1	100
67	SKRYF	155	0.159044504	1	100
70	VERHAAL	139	0.142627001	1	100
77	LESER	123	0.126209512	1	100
78	LEWE	123	0.126209512	1	100
79	TEN	122	0.125183418	1	100
80	MENSE	121	0.124157317	1	100
82	EGTER	116	0.119026855	1	100
84	MOEDER	114	0.116974667	1	100
85	BINNE	109	0.111844197	1	100
86	DOOD	109	0.111844197	1	100

Resensies

N	Word	Freq.	%	Texts	%
33	DIGTER	42	0.360267639	1	100
37	VERHAAL	42	0.360267639	1	100
40	ROMAN	37	0.31737861	1	100
44	LESER	33	0.283067435	1	100
45	BUNDEL	32	0.274489611	1	100
47	GEDIGTE	31	0.265911818	1	100
50	GEDIG	28	0.240178421	1	100
53	DOOD	25	0.21444501	1	100
55	KIND	25	0.21444501	1	100
63	JONG	20	0.171556011	1	100
72	ANDER	17	0.145822614	1	100
73	BEGIN	17	0.145822614	1	100
74	MAAK	17	0.145822614	1	100
75	NUWE	17	0.145822614	1	100
76	VERHALE	17	0.145822614	1	100
77	WEER	17	0.145822614	1	100
78	EEN	16	0.137244806	1	100
79	RESENSENT	16	0.137244806	1	100
81	KEER	15	0.128667012	1	100
82	LEES	15	0.128667012	1	100
83	SIEN	15	0.128667012	1	100

Reisjoernale

N	Word	Freq.	%	Texts	%
39	STAD	79	0.364811808	1	100
40	REIS	75	0.346340328	1	100
51	HOTEL	58	0.267836541	1	100
55	EEN	53	0.244747177	1	100
65	SIEN	39	0.180096969	1	100
75	OU	34	0.15700762	1	100
76	DAG	33	0.15238975	1	100
77	LAND	33	0.15238975	1	100
78	MAN	33	0.15238975	1	100
82	BESOEK	30	0.13853614	1	100
85	TWEE	30	0.13853614	1	100
90	STAAN	29	0.13391827	1	100
91	BLY	28	0.129300386	1	100
92	LEWE	28	0.129300386	1	100
94	PLEK	28	0.129300386	1	100
95	WEET	28	0.129300386	1	100
98	BEGIN	27	0.124682523	1	100
99	SKRYF	27	0.124682523	1	100
100	WAG	27	0.124682523	1	100
101	KRY	26	0.120064653	1	100
102	KYK	26	0.120064653	1	100